

**Die grondbeginsels vir die taak van die prediker:
'n Vergelykende studie tussen die Pastorale
briewe en die *De Sacerdotio* Boek 5 van Johannes
Chrysostomus**

**BJ Hefer
23111194**

Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Philosophiae in **Grieks**
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof GJC Jordaan

Mei 2017

OPSOMMING

Die studie, “Die grondbeginsels vir die taak van die prediker - 'n Vergelykende studie tussen die Pastorale briewe en die *De Sacerdotio* Boek 5 van Johannes Chrysostomus”, ondersoek die beginsels vir die taak van die prediker soos wat dit onderskeidelik in die *De Sacerdotio* Boek 5 van Johannes Chrysostomus en die Pastorale briewe van Paulus uiteengesit word. Dit is die hiptose van hierdie studie dat die beginsels vir die taak van die prediker soos in Chrysostomus se *De Sacerdotio* Boek 5 uiteengesit is, van dié wat in die Pastorale briewe verduidelik word, verskil.

Ten einde ‘n bevredigende gevolgtrekking te bereik, word daar gebruik gemaak van die histories-grammaties hermeneutiese metode wat beide die semantiese ondersoek en die historiese agtergrond in ag neem. In hierdie metode word sleutelwoorde en -temas geïdentifiseer deur middel van ‘n gedagte struktuur-analise van beide die *De Sacerdotio* Boek 5 en die Pastorale briewe. Hierdie sleutelwoorde en -temas word ondersoek met die doel om beginsels vir die taak van die prediker te formuleer soos dit vanuit die *De Sacerdotio* Boek 5 en die Pastorale briewe na vore kom. Hierdie beginsels word met mekaar vergelyk met die doel om ooreenkomste en/of verskille te identifiseer. Die historiese ontwikkeling in die magsbeskouing van die kerk vanaf die 1^{ste} tot die 4^{de}/5^{de} eeu n.C. word in ag geneem as ‘n moontlike verklaring vir fokusverskuiwings en toepassings van die beginsels vir die taak van die prediker.

Kernbevindings van hierdie studie kan soos volg uiteen gesit word:

- Daar is ‘n oorvleueling, maar ook ‘n verskil in die titels wat deur Chrysostomus en Paulus gebruik word om na die prediking-amp te verwys. Die titel wat deur beide gebruik is, is διδάσκαλος (leermeester / onderwyser). Chrysostomus maak ook gebruik van die titel ἱερεύς (priester) wat nie in deur Paulus in die Pastorale briewe gebruik word nie, terwyl Paulus weer op sy beurt gebruik maak van die titels διάκονος (diaken / dienskneg), ἐπισκοπή (toesighouer), ἐπίσκοπος (toesighouer), εὐαγγελιστής (evangelis) en πρεσβύτερος (ouderling) wat nie in Chrysostomus se *De Sacerdotio* Boek 5 voorkom nie.
- Beide Chrysostomus en Paulus wys daarop dat die prediking inspanning en harde werk van die prediker vereis.
- Beide Chrysostomus en Paulus waarsku predikers teen die begeerte na lof en die applous van mense en wys daarop dat hulle in die arbeid van prediking eerder na die eer van God moet soek.
- Daar is ook aangetoon vanuit die historiese agtergrond dat die ἐπίσκοποι in die tyd van Chrysostomus heersers oor biskopdomme was; daarteenoor het die ἐπίσκοποι in die tyd

waarin Paulus die Pastorale briewe geskryf het, die funksie van “opsigters” oftewel “toesighouers” oor die gemeente vervul.

Vanuit hierdie kernbevindings blyk dit dat die aanvanklike hipotese slegs gedeeltelik korrek was, aangesien dit blyk dat daar by die *De Sacerdotio* Boek 5 en die Pastorale briewe nie net verskille ten opsigte van die beginsels vir die taak van die prediker bestaan nie, maar verskeie belangrike ooreenkomste is. Die verskille wat aangetoon is, is weens die historiese ontwikkeling van die prediking-amp tussen die 1^{ste} eeu n.C. en die 4^{de}/5^{de} eeu n.C. Die historiese ontwikkeling getuig van ‘n toename in gesag en selfs in ‘n mate van magsug wat deel van die predik-amp geword het, wat ‘n besliste negatiewe uitwerking op die prediking gehad het. Hierdie ontwikkeling dien as ‘n tydige waarskuwing vir die hedendaagse praktyk van prediking en die predik-amp.

Sleutelwoorde:

Beginsels, Chrysostomus, *De Sacerdotio*, Pastorale briewe, Paulus, prediking, prediker, lofbetuiging, applous, Timoteus, Titus.

ABSTRACT

The study, “The core principles for the task of the preacher: A comparative study between the Pastoral epistles and the *De Sacerdotio* Book 5 of John Chrysostom”, researches the principles for the task of the preacher as put forward by both the *De Sacerdotio* Book 5 of John Chrysostom and the Pastoral epistles of Paul. It is the hypotheses of this study that the principles for the task of the preacher as put forth in Chrysostom’s *De Sacerdotio* Book 5 differ from those explained in the Pastoral epistles.

The historical-grammatical hermeneutical method, which will be used to study both the semantics and the historical background, will be employed in order to come to a satisfying conclusion. Using this method keywords and –themes will be identified by way of an analysis of the structure of both the *De Sacerdotio* Book 5 and the Pastoral epistles. These keywords and –themes are researched further with the purpose of formulation the principles of the task of the preacher as it is seen in the *De Sacerdotio* Book 5 and the Pastoral epistles. These principles are compared with each other in order to identify similarities and/or differences. The historical development in the approach to power of the church from the 4th / 5th century A.D. is considered as a possible explanation for the shift and application of the principles for the task of the preacher.

Corefindings of this study can be formulated in the following manner:

- There are similarities, but also differences in the use of titles between Chrysostom and Paul in reference to the office of preaching. The title used by both is διδάσκαλος (teacher). Chrysostom uses the title ιερέυς (priest) which are not used by Paul in the Pastoral epistles, while Paul in turn makes use of the titles διάκονος (deacon / servant), ἐπισκοπή (overseer), ἐπίσκοπος (overseer), εὐαγγελιστής (evangelist) and πρεσβύτερος (elder) which do not occur in Chrysostom’s *De Sacerdotio* Book 5.
- Both Chrysostom and Paul points out that preaching requires effort and hard work from the preacher.
- Both Chrysostom and Paul warn preachers against the desire for praise and applause of men and points out that they should rather desire the honor of God in the work in preaching.
- It is shown from the historical background that the ἐπίσκοποι became rulers over episcopates in the time of Chrysostom; on the other hand in the time that Paul wrote the Pastoral epistle the ἐπίσκοποι fulfilled the function of “steward” or “overseers” over the congregation.

It seems from these corefindings that the original hypoteses was only partly correct, seeing that there are not only differences between the *De Sacerdotio* Boek 5 and the Pastoral epistles, but also various important similarities. The differences which is pointed out, is due to the historical development of the office of preaching between the 1st century A.D. and the 4th / 5th century A.D. The historical development testifies of an increase in power and even to the degree of a lust for power in the office of preaching, which had difinitive negative effects on preaching. This development acts as a timely warning for the comtempory practice of preaching and the office of preaching.

Keywords:

Principles, Chrysostom, *De Sacerdotio*, Pastoral epistles, Paul, preaching, preacher, praise, applaud, Timothy, Titus.

INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING	I
ABSTRACT	III
TABELLE	XII
VOORSTELLINGS	XII
DANKBETUIGINGS	XIII
HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1. INLEIDING	1
2. AGTERGROND VAN NAVORSING	2
3. IDENTIFISERING VAN NAVORSINGSPROBLEEM	5
4. BELANG VAN STUDIE	6
5. HIPOTESE	7
6. NAVORSINGSVRAE	7
7. DOELWITTE	7
8. VOORGESTELDE METODE	8
8.1. Stap 1: Gedagte-opbou van die boek	8
8.2. Stap 2: Identifisering van tersaaklike passasies en temas	9
8.3. Stap 3: Woordstudie (sematiese analise)	9
8.4. Stap 4: Bespreking van tersaaklike en addisionele passasies	10
8.5. Stap 5: Historiese oorwegings	10
8.6. Stap 6: Sintese / konklusie	10
9. SAMEVATTING VAN METODE EN OORSIG	11
HOOFSTUK 2: DIE BEGINSELS VIR DIE TAAK VAN DIE PREDIKER VANUIT DIE <i>DE SAC. V</i>	13
1. INLEIDING	13
2. STAP 1: DIE GEDAGTE-OPBOU VAN DIE <i>DE SAC. V</i>	13
3. STAP 2: IDENTIFISERING VAN TERSAAKLIKE PASSASIES EN TEMAS	14
3.1. Titels in die <i>De Sac. V</i>	14
3.1.1. <i>ἀρχων</i>	15
3.1.2. <i>διδάσκαλος</i>	15
3.1.3. <i>ιερέυς</i>	15
3.1.4. <i>προϊότημι</i>	15
3.2. Woorde met betrekking tot lof en aanklagtes	15
3.2.1. <i>αἰτία</i>	15
3.2.2. <i>βάσκανος, βασκαίνω</i>	16
3.2.3. <i>δόξα</i>	16
3.2.4. <i>ἐγκαλέω</i>	16

3.2.5.	ἐγκωμιάζω.....	17
3.2.6.	ἐντρέπω.....	17
3.2.7.	ἐπαινετός, ἐπαινέω	17
3.2.8.	εὐφημία	19
3.2.9.	κακήγορος, κακηγορέω.....	19
3.2.10.	μέμψομαι, μέμψις	19
3.2.11.	ὀδύρομαι	20
3.2.12.	ὑπεροψία, ὑπεροράω	20
3.3.	Woorde met betrekking op harde werk in die voorbereiding en lewering van preke ...	20
3.3.1.	διδάσκω, διδασκαλία	20
3.3.2.	λόγος, λέγω.....	21
3.3.3.	πονέω	24
3.4.	Samevatting van voorkoms van geïdentifiseerde woorde	24
4.	STAP 3: WOORDSTUDIE (SEMANTIESE ANALISE).....	27
4.1.	αἰτία	27
4.2.	ἀρχων	28
4.3.	βάσκανος	29
4.4.	διδασκαλία	29
4.5.	διδάσκαλος.....	30
4.6.	δόξα.....	31
4.7.	ἐγκαλέω	32
4.8.	ἐγκωμιάζω.....	32
4.9.	ἐντρέπω.....	32
4.10.	ἐπαινέω	33
4.11.	εὐφημία	33
4.12.	ιερεὺς	34
4.13.	κακήγορος	34
4.14.	λέγω en λόγος.....	35
4.15.	μέμψομαι	36
4.16.	ὀδύρομαι.....	37
4.17.	πονέω	37
4.18.	προΐστημι	37
4.19.	ὑπεροψία.....	38
5.	STAP 4: BESPREKING VAN TERSAAKLIKE EN ADDISIONELE TEMAS EN PASSASIES	38
5.1.	Die hantering van lof en aanklagtes	39
5.2.	Harde werk in die voorbereiding en lewering van preke	41
5.3.	Die bevoegdhede van die prediker	43
6.	STAP 5: HISTORIESE OORWEGINGS	44
6.1.	Kerk en staat in die 4 ^{de} eeu n.C.	45
6.2.	Die amp van biskop / priester in 4 ^{de} - 5 ^{de} eeu n.C.	47
6.3.	Samevattende grondbeginsels.....	48

7. SLOT OPMERKINGS	48
--------------------------	----

HOOFSTUK 3: DIE BEGINSELS VIR DIE TAAK VAN DIE PREDIKER VANUIT DIE PASTORALE BRIEWE..... 50

1. INLEIDING	50
2. STAP 1: GEDAGTE-OPBOU VAN DIE PASTORALE BRIEWE	50
3. STAP 2: IDENTIFISERING VAN TERSAAKLIKE PASSASIES EN TEMAS	51
3.1. Titels wat gebruik word vir die een wat preek	53
3.1.1. <i>διάκονος</i>	53
3.1.2. <i>διδάσκαλος</i>	53
3.1.3. <i>ἐπισκοπή</i>	54
3.1.4. <i>ἐπίσκοπος</i>	54
3.1.5. <i>εὐαγγελιστής</i>	54
3.1.6. <i>πρεσβύτερος</i>	54
3.2. Woorde wat die aksie van prediking beskryf	55
3.2.1. <i>ἀνάγνωσις</i>	55
3.2.2. <i>διδασκτικός</i>	55
3.2.3. <i>διδάσκω</i>	55
3.2.4. <i>διδασχή</i>	56
3.2.5. <i>κηρύσσω</i>	56
3.2.6. <i>λαλέω</i>	56
3.2.7. <i>μανθάνω</i>	56
3.2.8. <i>παράκλησις</i>	57
3.3. Woorde wat die resultaat van prediking omskryf	57
3.3.1. <i>διαβεβαιόομαι</i>	57
3.3.2. <i>ἐλέγχω</i>	57
3.3.3. <i>ἐπιομιζω</i>	58
3.3.4. <i>ἐπιτιμάω</i>	58
3.3.5. <i>νουθεσία</i>	58
3.3.6. <i>παραγγέλλω</i>	58
3.3.7. <i>παραγγελία</i>	59
3.3.8. <i>παρακαλέω</i>	59
3.3.9. <i>ὑπομιμνήσκω</i>	60
3.4. Woorde wat die leer beskryf	60
3.4.1. <i>ἀλήθεια</i>	60
3.4.2. <i>διδασκαλία</i>	62
3.4.3. <i>εὐαγγέλιον</i>	63
3.4.4. <i>εὐσέβεια</i>	64
3.4.5. <i>λόγος</i>	65
3.4.6. <i>πίστις</i>	67
3.5. Woorde wat die dwaalleer beskryf	69

3.5.1.	έτεροδιδασκαλέω.....	69
3.5.2.	μῦθος	69
3.6.	Woorde wat die dwaalleraars beskryf.....	70
3.6.1.	ἄπιστος	70
3.6.2.	μιαίνω.....	70
3.6.3.	νομοδιδάσκαλος.....	70
3.6.4.	ψευδολόγος	70
3.7.	Samevatting van voorkoms van geïdentifiseerde woorde in die Pastorale briewe	70
4.	STAP 3: WOORDSTUDIE (SEMANTIESE ANALISE).....	74
4.1.	Woordstudie van titels wat gebruik word vir die een wat preek	75
4.1.1.	διάκονος	75
4.1.2.	διδάσκαλος.....	76
4.1.3.	ἐπισκοπή en ἐπίσκοπος.....	76
4.1.4.	εὐαγγελιστής	79
4.1.5.	προσβύτερος.....	79
4.2.	Woorde wat die aksie van prediking beskryf.....	80
4.2.1.	ἀνάγνωσις.....	80
4.2.2.	διδάσκω	81
4.2.3.	διδασκῆναι.....	82
4.2.4.	κηρύσσω	82
4.2.5.	λαλέω	83
4.2.6.	μανθάνω	83
4.2.7.	παράκλησις.....	84
4.3.	Woorde wat die resultaat van prediking omskryf.....	85
4.3.1.	διαβεβαιόομαι	85
4.3.2.	ἐλέγχω.....	86
4.3.3.	ἐπιστομίζω.....	87
4.3.4.	ἐπιτιμάω	87
4.3.5.	νουθεσία	88
4.3.6.	παραγγέλλω.....	88
4.3.7.	παραγγελία	89
4.3.8.	παρακαλέω	89
4.3.9.	ὑπομιμνήσκω.....	90
4.4.	Woorde wat die leer beskryf	91
4.4.1.	ἀλήθεια	91
4.4.2.	διδασκαλία	92
4.4.3.	εὐαγγέλιον.....	93
4.4.4.	εὐσέβεια	93
4.4.5.	λόγος.....	94
4.4.6.	πίστις	95
4.5.	Woorde wat die dwaalleer beskryf	97

4.5.1.	έτεροδιδασκαλέω.....	97
4.5.2.	μῦθος	97
4.6.	Woorde wat die dwaalleraars beskryf.....	98
4.6.1.	ἄπιστος	98
4.6.2.	μιαίνω.....	98
4.6.3.	νομοδιδάσκαλος.....	99
4.6.4.	ψευδολόγος	99
4.7.	Samevatting van woordstudie	99
4.8.	Hersiening van temas na aanleiding van die woordstudie	101
5.	STAP 4: BESPREKING VAN TERSAAKLIKE EN ADDISIONELE TEMAS EN PASSASIES ...	101
5.1.	Die amp van ἐπίσκοπος / πρεσβύτερος in die Pastorale briewe	101
5.2.	Die stryd teen die dwaalleer deur middel van die ware leer	105
5.2.1.	Die inhoud van die ware leer soos dit in die Pastorale briewe na vore kom.....	105
5.2.2.	Dwaalleer wat bestry moet word	111
5.2.2.1.	Die verdigsels, geslagsregisters en sinlose praatjies.....	112
5.2.2.2.	Asketiese opvattinge.....	113
5.2.2.3.	Verkeerde verstaan van die opstanding	113
5.2.2.4.	Dwaalleer saamgevat.....	114
5.3.	Die hantering van lofbetuigings en die applous van mense in die Pastorale briewe	114
6.	STAP 5: HISTORIESE OORWEGINGS	115
6.1.	Sosio-historiese agtergrond	115
6.1.1.	Die stad Efese – bedieningsveld van Timoteus	116
6.1.2.	Die eiland Kreta – bedieningsveld van Titus.....	117
6.1.3.	Die verhouding tussen kerk en staat in die 1 ^{ste} eeu n.C.	117
6.2.	Samevattende grondbeginsels.....	119
7.	SLOT OPMERKINGS	120

HOOFSTUK 4: VERGELYKING VAN DIE BEGINSELS VIR DIE TAAK VAN DIE PREDIKER BINNE DIE VERANDERENDE MILIEU VAN DIE KERK VANAF DIE 1^{STE} TOT DIE 5^{DE} EEU N.C..... 121

1.	INLEIDING	121
2.	VERGELYKING VAN GRONDBEGINSELS.....	121
2.1.	Ooreenkomste tussen die De Sac. V en die Pastorale briewe	122
2.1.1.	Die titel διδάσκαλος	122
2.1.2.	Die tema van harde werk	123
2.1.3.	Eer van God vs. die lof van mense.....	123
2.1.4.	Samevatting van ooreenkomste.....	124
2.2.	Verskille tussen die De Sac. V en die Pastorale briewe.....	124
2.2.1.	Verskuiwing in die taak van die ἐπίσκοπος en ἐπισκοπή	124
3.	SLOT OPMERKINGS	127

HOOFSTUK 5: FINALE GEVOLGTREKKINGS..... 128

1. INLEIDING	128
2. OORSIG VAN STUDIE EN BESPREKING.....	128
3. FINALE GEVOLGTREKKINGS	130
BYLAE A: VERTALING VAN <i>DE SACERDOTIO</i> BOEK 5.....	131
1. INLEIDING	131
2. VERTALING VAN <i>DE SACERDOTIO</i> BOEK 5.....	132
BYLAE B: GEDAGTE-OPBOU VAN DIE <i>DE SAC. V</i>.....	147
1. INLEIDING	147
2. VLAK 1 VAN ANALISE: OPSOMMING VAN PARAGRAWE.....	147
3. VLAK 2 VAN ANALISE: AANTOON VAN GEDAGTE-EENHEDE	159
4. VLAK 3 VAN ANALISE: GEDAGTE-OPBOU STRUKTUUR.....	163
5. VLAK 4 VAN ANALISE: SAMEVATTENDE GEDAGTE-OPBOU STRUKTUUR VAN DIE <i>DE SAC. V</i>	165
6. IDENTIFISERING VAN WOORDE EN TEMAS	166
BYLAE C: GEDAGTE-OPBOU VAN DIE PASTORALE BRIEWE	167
1. INLEIDING	167
2. GEDAGTE-OPBOU VAN 1 TIMOTEUS	167
2.1. Vlak 1 van analise: opsomming van paragrawe	167
2.2. Vlak 2 van analise: aantoon van gedagte eenhede	177
2.3. Vlak 3 van analise: gedagte-opbou struktuur	179
2.4. Vlak 4: samevattende gedagte-opbou struktuur van 1 Timoteus	181
2.5. Identifisering van woorde en temas in 1 Timoteus	181
3. GEDAGTE-OPBOU VAN 2 TIMOTHEUS.....	182
3.1. Vlak 1 van analise: opsomming van paragrawe	182
3.2. Vlak 2 van analise: aantoon van gedagte eenhede	189
3.3. Vlak 3 van analise: gedagte-opbou struktuur	191
3.4. Vlak 4: samevattende gedagte-opbou struktuur van 2 Timoteus	191
3.5. Identifisering van woorde en temas in 2 Timoteus	192
4. GEDAGTE-OPBOU VAN TITUS	192
4.1. Vlak 1 van analise: opsomming van paragrawe	192
4.2. Vlak 2 van analise: aantoon van gedagte eenhede	196
4.3. Vlak 3 van analise: gedagte-opbou struktuur	198
4.4. Vlak 4: samevattende gedagte-opbou struktuur van Titus.....	198
4.5. Identifisering van woorde en temas in Titus	198
5. VERGELYKING VAN TEMAS EN WOORDE VAN 1 EN 2 TIMOTEUS EN TITUS	199
5.1. Geïdentifiseerde woord vir die tema “die stryd teen die dwaalleer”	200
5.2. Geïdentifiseerde woorde vir die tema “die ouderling as leraar”	201
5.3. Geïdentifiseerde woorde vir die tema “die bedienaar as leraar”	201
5.4. Saamgestelde lys van woorde vir woordstudie ondersoek.....	202

BRONNELYS	206
------------------------	------------

TABELLE

Tabel 1: Oorsigtabel van konsentrasie en gebruike van geïdentifiseerde woorde in die <i>De Sac. V</i>	25
Tabel 2: Oorsigtabel van konsentrasie en gebruike van geïdentifiseerde woorde in die Pastorale briewe	71
Tabel 3: Dwalleer waarna die Pastorale briewe verwys	112
Tabel 4: Vergelyking van grondbeginsels tussen die <i>De Sac. V</i> en die Pastorale briewe	121
Tabel 5: Ooreenkomste en verskille tussen die <i>De Sac. V</i> en die Pastorale briewe	127
Tabel 6: Voorkoms van temas in die Pastorale briewe	199

VOORSTELLINGS

Voorstelling 1: Opsomming van metode	12
Voorstelling 2: Chiastiese struktuur van 1 Timoteus 3:16 (Hendriksen, 1972)	107

DANKBETUIGINGS

Dit was vir my 'n voorreg om die tyd en die geleentheid te kon benut om hierdie studie aan te pak en uiteindelik te voltooi. Daarom wil ek my dank uitspreek teenoor die volgende persone / instansies:

- In die eerste plek dank ek my Hemelse Vader wat aan my uit sy vrye genade die gawes, gesondheid en geleentheid gegee het om hierdie studie te kon voltooi.
- My dank aan die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroom, wat my die geleentheid gebied het om hierdie studie te kon doen, asook die finansiële hulp in die vorm van beurse.
- My dank aan my promotor, prof. G.J.C. Jordaan, vir sy raad, hulp en ondersteuning.
- As predikant van die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan, wil ek ook my dank teenoor die gemeente en kerkraad uitspreek vir die geleentheid wat hulle my gebied het om verder te studeer, asook hulle geduld en hul ondersteuning in hierdie tyd.
- Aan my vrou, Estelle, wat my ondersteun het toe ek soveel kere moedeloos geword het.
- Laastens, 'n spesiale woord van dank teenoor my pa, Hendrik Hefer (1953/04/30 – 2013/05/03), wat my nie net aangemoedig het om te studeer nie, maar wat ook 'n sprekende voorbeeld van 'n bedienaar van die Woord was.

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1. INLEIDING

Johannes Chrysostomus, is gebore in die middel van die 4^{de} eeu n.C.¹ te Antiochië in Sirië (Fedele, 2003:37). Sy pa was Secoundus (Blackburn, 2012:25) en sy ma Anthusa, 'n Christen (Litfin, 2008:192). “Chrysostomus” was egter nie sy doopnaam nie en hy was nooit so tydens sy bediening genoem nie (Blackburn, 2012:10). Die naam “Chrysostomus” (wat “Goue mond” beteken) is eers in die 6^{de} eeu n.C. aan hom gegee as 'n eerbetoning vir sy uitstekende prediking (Lane, 2006:44).

Oor die eerste agtien jaar van Johannes Chrysostomus se lewe is daar min bekend. Wat wel seker is, is dat hy in Antiochië in Sirië sy skoling en opleiding ontvang het, waarvan sy skoling in die retoriek onder die leiding van Libianus (314-393 n.C.) plaasgevind het (Blackburn, 2012:26). In 368 n.C. is hy deur Meletius, 'n pro-Niceense biskop, gedoop en het hy sy rug op die sekulêre lewe gedraai (Allen & Mayer, 200:5). Hierna het hy dikwels 'n streng asketiese lewe gelei, wat selfs sy gesondheid benadeel het².

Hy is in verskeie “ampte” bevestig gedurende sy lewe. In 381 n.C. is hy as diaken aangestel, en in 386 as presbiter (Jurgens, 1979:84). Gedurende sy twaalf jaar as presbiter, het hy meer as 900 preke gelewer (Litfin, 2007:197). In 397 n.C. is hy egter as biskop van Konstantinopel³ voorgestel en verkies, sonder sy medewete (Allen & Mayer, 2000:7-8). Hierdie aanstelling het baie teenstand ontlok, sodat Chrysostomus keer op keer aangekla is en selfs verban is. Sy laaste verbanning was 404-407 n.C. Vir die grootste deel van hierdie tyd was Chrysostomus na Armenië verban, maar weens die toestroming van besoekers, is die opdrag gegee dat hy na die oostelike oewers van die Swart See geneem moes word (Blackburn, 2012:95-96). Tydens hierdie reis is hy in 407 n.C. oorlede (Allen & Mayer, 2000:11).

Gedurende sy veelbewoë lewe het Chrysostomus baie geskrifte die lig laat sien. 'n Groot aantal van sy homilieë het deur die eeue bewaar gebly, en is deur verskeie moderne navorsers in die

¹ Die presiese datum van Johannes se geboorte word gedebatteer. Sommige meen dat dit so vroeg soos 344 n.C. kan wees, terwyl ander weer van mening is dat dit rondom 349 n.C. moet wees (Blackburn, 2012:25).

² Gedurende die jare 370's n.C. het Chrysostomus homself onttrek van die samelewing en onder die leiding van 'n asketiese Siriër geleer om sy emosies te beheer (Allen & Mayer, 2000:6). Dit het vier jaar geduur, waarna hy vir 'n verdere twee jaar homself teruggetrek het en in 'n grot gelewe het. Tydens hierdie twee jaar het hy meestal bly staan, selde geslaap en die Ou en Nuwe Testament uit sy hoof geleer (Allen & Mayer, 2000:6). Die gevolg van hierdie lewenstyl is dat sy maag en niere permanente skade opgedoen het (Allen & Mayer, 2000:6) en vir die res van sy lewe sou sy gesondheid baie teer wees.

³ Die biskopdom van Konstantinopel het aansien beklee na die tweede ekumeniese konsilie van Konstantinopel in 381 n.C. waartydens die biskopdom van Konstantinopel verhef is tot tweede in rang na Rome (Allen & Mayer, 2000:4). Die gevolg was dat Aleksandrië, wat tot op daardie stadium tweede in rang was, vir Konstantinopel moes plek maak (Lane, 2006:44).

afgelope dekades bestudeer. In die onderhawige proefskrif word as objek van studie een van Chrysostomos se meer uitgebreide werke geneem, 'n geskrif wat oor die amp van prediking en die prediker handel en onder die titel *De Sacerdotio* bekend staan.

Die *De Sacerdotio* van Johannes Chrysostomus vorm deel van sy morele en asketiese geskrifte en bestaan uit 'n reeks van ses boeke. Die inhoud van hierdie boeke kan soos volg saamgevat word:

- Boek 1 handel oor die verloop van sake wat tot die inseëning van Basil gelei het, Basil se besoek aan Chrysostomus en die aanvang van Chrysostomus se verdediging (Nairn, 1906:xv).
- Boek 2 handel oor die swaar verantwoordelikhede van die priesterlike amp, asook die verklaring waarom Basil waardig is vir hierdie amp, en die redes waarom Chrysostomus homself onwaardig ag (Nairn, 1906:xv).
- Boek 3 handel oor die waardigheid van die priesterlike amp en die foute in Chrysostomus se eie karakter (Nairn, 1906:xv).
- Boek 4 verduidelik dat die priester 'n verdediger van die waarheid teen dwaling moet wees (Nairn, 1906:xv).
- Boek 5 beklemtoon die noodsaak vir sorgvuldige voorbereiding voordat die prediker sy preek lewer (Nairn, 1906:xv).
- Boek 6 verduidelik en kontrasteer die pligte van 'n priester met die van 'n monik (Nairn, 1906:xvi).

2. AGTERGROND VAN NAVORSING

Die studie van die Patristiek, veral die studie van die geskrifte van die Griekse kerkvader Johannes Chrysostomus, het aan die begin van die 20^{ste} eeu momentum gekry. Artikels oor Johannes Chrysostomus en sy werke sluit onder andere Mynard (1904) en Hubbell (1924) in:

- In Mynard (1904) se artikel *John of Antioch, Saint Chrysostom*, gee hy 'n kort oorsig oor die lewe van Johannes Chrysostomus.
- In die artikel, *Chrysostom and Rhetoric*, argumenteer Hubbell (1924) dat die vorm van prediking tydens die era van die vroeg-Christelike kerk deur die retoriek van die Griekse samelewing sterk beïnvloed is. Hubbell argumenteer verder dat Johannes Chrysostomus self die Griekse retoriek tydens sy prediking gebruik het, veral die metode van vergelyking (1924:269) en die diatribe (1924:276).

In die 1930's skryf Coleman-Norton drie artikels wat oor Johannes Chrysostomus handel:

- In die eerste artikel, *St. Chrysostom and the Greek philosophers*, bespreek Coleman-Norton (1930) Chrysostomus se negatiewe houding teenoor die Griekse filosowe.

Coleman-Norton (1930:305) argumenteer dat Chrysostomus nie hoë agting vir die Griekse filosowe gehad het nie.

- In die tweede artikel, *St. Chrysostom's use of Josephus*, bespreek Coleman-Norton (1931) verskillende aanhalings uit Josefus se werke (*Bellum Iudaicum* en *Antiquitates Iudaicae*) soos deur Chrysostomus in sy werke gebruik is.
- In die derde artikel, *St. Chrysostom's use of the Greek poets*, wys Coleman-Norton (1932:213) na Chrysostomus se gebruik van die Griekse digters. Coleman-Norton (1932:213) toon dat Chrysostomus nie dikwels uit die gedigte van die Griekse digters aanhaal nie. Waar hy egter wel aanhaal, is dit met minagting van hulle werke. Coleman-Norton (1932:213) argumenteer verder dat alhoewel Chrysostomus min uit die Griekse digkuns aanhaal, sy aanhalings wel waardevol is, aangesien dit as bewyse van outeurskap en kontrole vir korrekte weergawes van die digterlike tekste dien.

Vanaf die laat 1940's tot aan die einde van die 1970's het die studie van Chrysostomus en sy werke 'n bloeityd beleef.

- In die artikel, *The Matthean text of Chrysostom in his homilies on Matthew*, stel Dicks (1948) ondersoek in na die tekstipe wat deur Chrysostomus gebruik is om aanhalings uit die Evangelie volgens Matteus in sy homilieë te maak. In sy ondersoek maak hy gebruik van die "Multi-metode" van teksvergelykings (Dicks, 1948:366). Dicks (1948:368) verdeel die aanhalings in Chrysostomus se homilieë in drie groepe: Groep 1 (Kappa-tipe) bestaan uit die lesings van Chrysostomus waar dit met een van 'n verskeidenheid variante op die Evangelie volgens Matteus ooreenstem; Groep 2 (Eta-tipe) bestaan uit aanhalings waar die lesings eie aan Chrysostomus is; Groep 3 (Iota-tipe) bestaan uit die lesings van Chrysostomus se aanhalings wat met meer as een van die variante lesings van ander manuskripte ooreenstem. As gevolgtrekking stel Dicks (1948:376) voor dat Chrysostomus moontlik die beginpunt van die Kappa tipe teksfamilie is, eerder as Lucianus.
- In sy artikel, *Saint John Chrysostom's rhetorical use of the Socratic distinction between kinship and tyranny*, argumenteer Carter (1958:371) dat Chrysostomus die retoriese "wapens" van die Christendom se teëstanders teen hulle gebruik. Een van hierdie wapens is die onderskeid wat Sokrates tussen *verwantskap* en *tirannie* getref het.
- Carter (1962) maak ook 'n kort opsomming van die vroeë lewe van Chrysostomus in sy artikel, *The chronology of saint John Chrysostom's early life*. As vaste datum vir die vasstelling van 'n chronologie, gebruik Carter (1962:361) Chrysostomus se ordinasie as priester in 386 n.C. Van hierdie punt af werk Carter terug om die geboortedatum van Chrysostomus in 349 n.C. vas te stel (1962:364).

- In haar artikel, *John Chrysostom and the "Subintroductae"*, ondersoek Clark (1977) Chrysostomus se standpunt in verband met die *Virgines Subintroductae*.⁴ Clark kom tot die gevolgtrekking dat alhoewel Chrysostomus hierdie praktyk as skokkend beleef het (1977:171), sy pastorale hart mense wat aan hierdie praktyk deelgeneem het, wou help om hulle dwaasheid raak te sien, eerder as om hulle summier te verdoem (1977:176).

Vanaf die middel van die 1990's tot vandag blyk dit dat daar opnuut belangstelling in die geskrifte van Johannes Chrysostomus is. Hierdie belangstelling is veral in die homilieë van Chrysostomus.

- Mitchell (1995) beoordeel in haar artikel, *John Chrysostom on Philemon: a second look*, Callahan (1993) se argument dat die verklaring dat Onesimus 'n slaaf van Filemon was wat weg gehardloop het, nie outentiek is nie. Callahan (1993:368) berus sy verklaring op Chrysostomus se uitspraak "οὕτω μοι δοκεῖ" ("so lyk dit vir my"). Mitchell (1995:137) argumenteer egter dat Callahan nie eerlik met Chrysostomus se verklaring om gaan nie. Sy kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat die tradisionele verklaring dat Onesimus 'n slaaf van Filemon was, lank voor Chrysostomus se leeftyd die verklaring van eksegete was (Mitchell, 1995:145-147).
- De Wet en Stander (2007) ondersoek die eksegeese van Johannes Chrysostomus aan die hand van Chrysostomus se homilie van Johannes 12:1-8 in hulle artikel, *John Chrysostom's exegesis of the anointing at Bethany (Joh. 12:1-8)*. De Wet en Stander (2007:146) kom tot die gevolgtrekking dat Chrysostomus se eksegeese 'n tweeledige klem lê: in die eerste plek lê dit klem op die historiese en sosiale waarde van die teks, terwyl dit tweedens die huidige lesers onderrig deur sy gebruik van etiese en deliberatiewe retoriek.
- De Wet (2010) beoordeel in sy artikel, *John Chrysostom and hermeneutics of resuscitation: a critical glimpse into the reading and preaching of Pauline texts in the fourth century A.D. and its implications for Biblical studies today*, die "hermeneutiek van herlewing" (De Wet, 2010:394) wat deur Chrysostomus aangewend is tydens sy prediking van die briewe van Paulus. Hierdie "hermeneutiek van herlewing" het hoofsaaklik twee komponente: aan die eenkant is dit "uitbeeldende retoriek" (De Wet, 2010:396) waar woorde en uitdrukkings so gekies word dat die hoorder as't ware 'n prentjie in sy/haar gedagtes kan vorm, terwyl dit aan die ander kant 'n sterk emosionele aanslag het (De Wet, 2010:398). De Wet (2010:405-406) kom tot die gevolgtrekking dat die hermeneutiek van herlewing in die huidige samelewing waardevol benut kan word aangesien die hedendaagse samelewing waarde aan narratiewe prediking en verhaalvertellings heg.

⁴ Die *Virgines Subintroductae* was vroulike Christen askete wat saam met mans gewoon het, soms in dieselfde huis of selfde kamer. Beide die vrou en die man het 'n eed afgelê waarin hulle verklaar dat hulle nie seksuele omgang met mekaar sal hê nie (Clark, 1977:171).

Na aanleiding van bogenoemde navorsing in die Patristiek en veral in die studie van Johannes Chrysostomus en sy geskrifte, blyk dit dat daar in die verlede 'n verskeidenheid van navorsingsareas gedek is. Hierdie navorsingsareas behels onder andere die velde van:

- kerkgeskiedenis (Mynard, 1904; Carter, 1962),
- apologetiek (Coleman-Norton, 1930),
- etiek (Clark, 1977),
- eksegeese en hermeneutiek (De Wet en Stander, 2007; De Wet, 2010) en
- tekskritiek (Dicks, 1948).

Tog is daar 'n groot deel van die geskrifte van Johannes Chrysostomus wat of nog weinig aandag geniet het of nog nooit bestudeer is nie. Behalwe etlike homilieë wat deur Johannes Chrysostomus gelewer is, en verskeie briewe en ander korrespondensie, is Johannes Chrysostomus se bekende *De Sacerdotio* (hierna *De Sac.*) in die verlede tot 'n groot mate op die kantlyn gelaat. Soektogte het aan die lig gebring dat daar wel deur navorsers na die *De Sac.* verwys word en dit selfs onder studie geneem het, maar geen studie is gevind waarin indringende navorsing oor die *De Sac.* gedoen is nie.

3. IDENTIFISERING VAN NAVORSINGSPROBLEEM

Wanneer navorsing wat wel op die *De Sac.* gedoen is, nagegaan word, blyk dit dat die grondbeginsels vir die taak van die prediker wat in hierdie geskrif gestel word, asook die evaluering en toepassing daarvan in die praktyk, nog geensins bestudeer is nie. Verder ontbreek navorsing ook met betrekking tot hoe die verstaan en toepassing van die grondbeginsels⁵ wat in die Pastorale briewe neerslag vind, van die verstaan en toepassing daarvan deur die kerk van die 4^{de} – 5^{de} eeu n.C. (soos in die *De Sac.* weerspieël word) verskil of daarmee ooreenstem.

Daarom is die probleem wat in hierdie studie nagevors word, die vraag: Hoe vergelyk die grondbeginsels vir die taak van die prediker soos in Chrysostomus se *De Sac.* Boek 5 (hierna

⁵ Dit is opmerklik om te sien in hoe 'n mate die grondbeginsels vir die taak van die prediker vanuit die Skrif – maar veral vanuit die Pastorale briewe – agterweë gelaat is. Boeke wat oor prediking handel en verduidelik hoe preke geformuleer en gelewer moet word kan soos volg verdeel word:

- Boeke wat alleen let op die voorbereiding, strukturering en lewering van 'n preek (Davis, 1975; Murray, 2011).
- Boeke wat ook motiveer waarom “expository” of “biblical preaching” wenslik is (Greidanus, 1988; Robinson, 2008).
- Boeke wat ook na die aard van prediking vra (Olyott, 2007).
- Boeke wat ook na die historiese ontwikkeling van prediking kyk (De Klerk, 1977; Stott, 1982).
- Naas bogenoemde boeke, is daar ook inleidende werke wat onder andere ook na die “teologie van prediking” kyk (Johnson, 2007).

Alhoewel daar van hierdie boeke is wat melding maak van beginsels vir die voorbereiding en lewering van 'n preek, maak niemand eksplisiet melding van die grondbeginsels vir die taak van die prediker soos dit in die Pastorale briewe na vore kom nie.

De Sac. V) uiteengesit, met dié wat in die Pastorale briewe neerslag vind en wat kan daaruit afgelei word?

4. BELANG VAN STUDIE

Na aanleiding van die navorsingsprobleem dat die *De Sac.* in die verlede afgeskeep is, kan die belang van hierdie studie onder die volgende hoofpunte saamgevat word:

4.1. Kerklike belang

Die voorgestelde studie is van belang wat die kerklike milieu betref, veral op die gebied van die herder-leraar as prediker. In verskeie vakwetenskappe word 'n studie gemaak van die metodiek van en beginsels vir prediking wat deur predikers gevolg behoort te word. In hierdie studie word beoog om terug te gaan na een van die grootste predikers van die vroeg-Christelike kerk, naamlik Johannes Chrysostomus om die metodiek en beginsels vir die prediking wat in sy bekende *De Sac.* neerslag gevind het, te ondersoek. Sy metodiek en beginsels word dan in perspektief geplaas deur dit in die lig van die Pastorale briewe te beoordeel en te weeg. Gevolgtrekkings wat uit hierdie vergelykende studie na vore kom, kan weer van belang wees vir die evaluering van prediking in die praktyk van vandag.

Nie net sal hierdie gevolgtrekkings baat om die prediking te evalueer nie; dit sal ook die predikant as persoon baat. Elke predikant behoort baat daarby te vind om na die uitdagings wat Chrysostomus en Paulus self beleef het en die raad wat hulle vir die bediening gee, te luister. Dit gebeur dat predikante hulle ywer in die prediking en gevolglik hul ywer in die bediening verloor en dan die bediening verlaat. In hierdie opsig is dit instruktief om uit die geskiedenis te gaan leer en te luister na die slaggate vir die amp van die prediker waarteen die kerkvader Chrysostomus waarsku, veral wanneer dit beskou word in die lig van beginselmattige vertrekpunte wat die apostel Paulus⁶ in die Pastorale briewe stel.

4.2. Historiese belang ten opsigte van die toeganklikheid van die teks

Die voorgestelde studie is ook ten opsigte van die toeganklikheid van die teks van belang. Alhoewel die *De Sac.* in die verlede al vertaal is, is dit hoofsaaklik in Engels gedoen. Die laaste Engelse vertaling dateer uit 1889, alhoewel daar sporadiese taalkundige verbeteringe in die herdruk van hierdie vertaling in 2004 aangebring is.⁷ Daar is egter nog geen Afrikaanse vertaling van die *De Sac.* vanuit die Grieks gemaak nie. So 'n vertaling is 'n noodsaaklike

⁶ Die debat oor die outeurskap van die Pastorale briewe is nie van sentrale belang vir die navorsing vir hierdie proefskrif nie. Van die debat oor die aangeleentheid word slegs kennis geneem, terwyl aangesluit word by die standpunt dat die apostel Paulus die outeur van die Pastorale briewe was (vgl. Hendriksen, 1972:4-33; DeSilva, 2004:736-748; Carson & Moo, 2005:554-568).

⁷ Cf. Chrysostom, J. 2004. *On the Priesthood*. Vertaal deur W.R.W. Stephens. Massachusetts: Hendrickson Publishers. (Nicene and Post-Nicene Fathers, vol. 9)

komponent van 'n eksegetiese studie van die geskrif, en kan ook 'n handige hulpmiddel wees vir verdere navorsing wat Afrikaanse navorsers oor die *De Sac.* mag onderneem.

5. HIPOTESE

Dit is die hipotese van hierdie studie dat die beginsels vir die taak van die prediker soos in Chrysostomus se *De Sac. V* uiteengesit, van dié wat in die Pastorale briewe verduidelik word, verskil.

6. NAVORSINGSVRAE

Die vraag wat deur hierdie studie ondersoek word, is: Hoe vergelyk die beginsels vir die taak van die prediker en toepassing daarvan soos in die *De Sac. V* beskryf met dié in die Pastorale briewe en wat kan daaruit afgelei word met betrekking tot die beginsels en die praktyk van die amp van prediking en die prediker?

Ten einde 'n antwoord op hierdie vraag te bereik, is dit belangrik dat die volgende ondersteunende vrae ondersoek word:

- Watter beginsels word in die *De Sac. V* vir die taak van die prediker gegee?
- Watter beginsels word in die Pastorale briewe vir die taak van die prediker gegee?
- Watter ooreenkomste of verskille is daar wanneer die beginsels vanuit die *De Sac. V* met dié vanuit die Pastorale briewe vergelyk word?
- Watter getuienis bied hierdie vergelyking oor moontlike verskuiwings in die verstaan en toepassing van die beginsels vir die prediking in die kerk tydens die 4^{de} tot 5^{de} eeu n.C.?

7. DOELWITTE

Die hoofdoel van die studie is om die beginsels vir die taak van die prediker wat in die *De Sac. V* beskryf word met dié in die Pastorale briewe te vergelyk en die belang daarvan vir die prediking uit te wys.

Die doelwitte wat hieruit voortvloei kan soos volg gestel word:

- Om ondersoek in te stel na die moontlike verskille met betrekking tot die toepassing van die beginsels vir die taak van die prediker wat in die *De Sac. V* beskryf word met dié in die Pastorale briewe.
- Om die beginsels vir die taak van die prediker soos in die *De Sac. V* gegee, te identifiseer.
- Om die beginsels vir die taak van die prediker soos in die Pastorale briewe gegee, te identifiseer.

- Om ondersoek in te stel na die moontlike ooreenkomste of verskille met betrekking tot die beginsels vir die taak van die prediker wanneer die beginsels vanuit die *De Sac. V* met dié van die Pastorale briewe vergelyk word.
- Om gevolgtrekkings te maak in verband met moontlike verskuiwings in die verstaan en toepassing van die beginsels vir die taak van die prediker in die kerk tydens die 4^{de} tot 5^{de} eeu n.C.

Sodanige moontlike veranderings of klemverskuiwings wat daar in die vroeë kerk ten opsigte van die beginsels van die prediking en die prediker-amp plaasgevind het, is nie net van historiese belang nie. Dit is ook aktueel vir die hedendaagse beskouings en vertrekpunte met betrekking tot die amp van prediking en die prediker vandag. Aangesien hierdie studie primêr bibliologies van aard is, word die hedendaagse toepaslikheid van die resultate nie as afsonderlike doelwit gestel nie, maar word slegs enkele rigtingwysers aan die einde gestel.

8. VOORGESTELDE METODE

Die voorgestelde metode vir hierdie studie is die grammaties-historiese metode⁸ (Jordaan, Janse van Rensbrug en Breed, 2011:234-240). Die ondersoek word gedoen aan die hand van die volgende ses stappe:

- Stap 1: Gedagte-opbou van die boek
- Stap 2: Identifisering van tersaaklike passasies en temas
- Stap 3: Woordstudie (semantiese analise)
- Stap 4: Identifisering van addisionele passasies
- Stap 5: Historiese oorwegings
- Stap 6: Sintese / Konklusie

Hierdie stappe word eers in afsonderlike hoofstukke op beide die *De Sac. V* en die Pastorale briewe toegepas. Dit word soos volg geïmplimenteer:

8.1. Stap 1: Gedagte-opbou van die boek

Die gedagte-opbou van die boek berus grootlik op die frekwensie en konsentrasie van woorde / begrippe wat 'n bepaalde tema kan aandui. Alhoewel die *De Sac.* uit ses boeke bestaan, word daar slegs op die vyfde boek gekonsentreer vir hierdie studie. Wat die Pastorale briewe betref sal 1 Timoteus, 2 Timoteus en Titus se gedagte-opbou afsonderlik ondersoek word in hierdie

⁸ Kaiser en Silva (2007) verwys na "*Calvinistic Hermeneutics*"; terwyl Gorman (2001) van die "*Synchronic Approach*" praat. In wese verwys al hierdie benaminge na dieselfde metode waar die vertrekpunt dit is wat geskryf staan (grammaties) en dan dit wat geskryf is, binne die historiese verband, in besonder die plek wat dit in openbaringsgeskiedenis inneem, verklaar word (histories).

stap. As resultaat van hierdie stap sal daar op grond van die gedagte-opbou spesifieke woorde en temas geïdentifiseer word.

8.2. Stap 2: Identifisering van tersaaklike passasies en temas

In die tweede stap sal daar spesifieke passasies geïdentifiseer word op grond van die frekwensie en konsentrasie van woorde / begrippe wat voorkom. Aangesien die studie gemik is op die grondslag vir die taak van die prediker en die toepassing daarvan, sal die plekke geïdentifiseer word waar woorde / begrippe en temas aanwysbaar verband hou met die uitoefening van kerklike ampte, in die besonder dié van die prediking.

Na die plekke waar tersaaklike woorde / begrippe en temas voorkom, geïdentifiseer is, sal daar 'n oorsigtabel opgestel word. Die doel van hierdie oorsigtabel is om na die plek(ke) waar daar 'n toegespitste bespreking van die bogenoemde onderwerpe is, te help identifiseer. Hierdie plekke van toegespitste bespreking sal as vertrekpunt vir stap 4 van hierdie studie dien, wanneer die temas bespreek word.

8.3. Stap 3: Woordstudie (semantiese analise)

Hierdie stap begin deur die gedeeltes van die *De Sac. V* en die Pastorale briewe waar daar toegespitste bespreking voorkom, te analiseer. Hierdie analise behels 'n oorsigtelike analise van al die onderskeie gedeeltes wat in stap 1 geïdentifiseer is. Hierdie analise is kursories in dié opsig dat dit nie al die fynere besonderhede van die gedeeltes hanteer nie, maar slegs op die relevante woorde wat in die gedeeltes voorkom, konsentreer. Dit word gedoen binne die grammaties-historiese metode (vgl. Jordaan, Janse van Rensbrug en Breed, 2011; Kaiser en Silva, 2007; Gorman, 2001). 'n Belangrike element van hierdie kursoriese eksegese binne die grammaties-historiese metode is semantiese ontleding, oftewel woordstudies. Die primêre bron vir die woordstudie is Bauer, Arndt, Gingrich en Danker (2000) (hierna BDAG) as leksikon wat konsentreer op die vertalingsmoontlikhede van woorde binne die vroeg-Christelike literatuur. Verdere bronne is Louw en Nida (1988) as semantiese woordeboek en Kittel (1966-1969, 1971) as teologiese woordeboek. Addisionele woordeboeke vir vertalingsmoontlikhede is Liddell en Scott (1958) en waar nodig Lampe (1961).

Benewens grammatikale, semantiese en historiese elemente van die woordstudie, word veral op die gebruik van die woorde gelet deur byvoorbeeld vrae te vra soos:

- Wat is die betekenis van hierdie woord met betrekking tot die breëre tema van die studie?
- Hoe word hierdie woord gebruik: figuurlik of letterlik?
- Hoe word die woord binne sy onmiddellike verband gebruik, asook die raamwerk van die betrokke betekenisveld?

Verder sal daar ook aan die hand van die eksegetiese gevolgtrekkings en die sistematisering daarvan aangedui word watter inligting vir die onderhawige studie primêre aandag behoort te geniet.

8.4. Stap 4: Bespreking van tersaaklike en addisionele passasies

Na die afloop van die eksegetiese hantering van die geïdentifiseerde passasies word daar aan die hand van inhoudelike oorwegings van die teks addisionele passasies waar temas voorkom met betrekking tot die amp van prediking en die prediker geïdentifiseer, wat weens die afwesigheid van “prediking-amp”-woorde nog nie in die vorige afdelings geïdentifiseer was nie. Hierdie nuwe passasies word vervolgens ook kursories geëksegetiseer. Na die identifisering van addisionele passasies, volg daar ‘n bespreking van die temas wat vanuit die relevante passasies na vore gekom het.

Met die afloop van hierdie stap sluit die grammatiese deel van die ondersoek af. Vervolgens word daar op die historiese ondersoek gefokus (stap 5), waarna die sintese / konklusie volg.

8.5. Stap 5: Historiese oorwegings

In hierdie stap word gepoog om die vraag te beantwoord waarom die oorspronklike outeurs (die kerkvader Johannes Chrysostomus en die apostel Paulus⁹) die inligting gerangskik het soos dit in hul geskrifte voorkom, asook wat die logiese samehang van hierdie inligting beklemtoon?

Hierdie verklaring moet egter teen die agtergrond van die tyd waarin die geskrifte beslag gekry het, bestudeer en verklaar word. Sosio-historiese inligting oor die twee betrokke tydperke (die 1^{ste} eeu as tydperk van die Pastorale briewe en die 4^{de} – 5^{de} eeu as tydperk vir die *De Sac.*) word vanuit tersaaklike literatuur bestudeer.

Na afloop van hierdie stap, sal grondbeginsels vir die taak van die prediker soos gesien vanuit die *De Sac.* en die Pastorale briewe finaal geformuleer word. Hierdie grondbeginsels sal as vertrekpunt dien vir die derde fase, naamlik die vergelykende fase (sintese).

8.6. Stap 6: Sintese / konklusie

Die hoofdoel van hierdie stap is om die beginsels van die *De Sac.* V met dié van die Pastorale briewe te vergelyk. Sodoende sal ooreenkomste en/of verskille uitgewys en bespreek word.

⁹ Vgl. voetnota 6, p. 6.

Die moontlike verskuiwings in die verstaan en toepassing van die beginsels vir die taak van die prediker, word geformuleer. Dit geskied deur die verskille in 'n tydraamwerk te plaas en dit op te weeg teen die beginsels en praktyke waarvan daar blyke is dat dit onveranderd gebly het.

Finale gevolgtrekkings wat in hierdie hoofstuk gevind word, sal dan weer op hul beurt kan dien as basis vir 'n beoordeling van die praktiese toepassing van die beginsels van prediking vandag.

9. SAMEVATTING VAN METODE EN OORSIG


Die ses stappe van hierdie metode kan saam gevat word onder vier afdelings:

- *Ontleding van gedagte-opbou*: Die eerste afdeling het die doel om 'n ontleding te maak van die gedagte-opbou van die *De Sac. V* en die Pastorale briewe, sodat daaruit woorde / begrippe en temas met betrekking tot die amp van prediking en die prediker geïdentifiseer kan word. Dit word in stap 1 gedoen.
- *Grammatiese ondersoek*: Die tweede afdeling het die doel om 'n grammatiese ondersoek te doen waarin die woorde / begrippe en temas wat in die eerste stap geïdentifiseer is, te ondersoek. Hierdie ondersoek vind plaas tydens stappe 2-4.
- *Historiese ondersoek*: Die derde afdeling het die doel om die resultate van die vorige stappe te interpreteer teen die agtergrond van die geskiedenis waarin dit ontstaan het, veral met betrekking tot die plek in die ontwikkeling van die openbaringsgeskiedenis. Hierdie ondersoek vind in stap 5 plaas.
- *Sintese / konklusie*: Die laaste afdeling het die doel om gevolgtrekkings te maak (stap 6), eers met betrekking tot die *De Sac. V* (hoofstuk 2) en dan met betrekking tot die Pastorale briewe (hoofstuk 3), sodat die sintese van hierdie ondersoeke met mekaar vergelyk kan word (hoofstuk 4) met die doel om finale gevolgtrekkings te maak (hoofstuk 5).

Ten einde hierdie metode uit te voer, word die studie soos volg ingedeel:

- Hoofstuk 2: Beginsels vir die taak van die prediker vanuit die *De Sac. V*
- Hoofstuk 3: Beginsels vir die taak van die prediker vanuit die Pastorale briewe
- Hoofstuk 4: Vergelyking van die beginsels vir die taak van die prediker binne die veranderende milieu van die kerk vanaf die 1^{ste} tot die 5^{de} eeu n.C.
- Hoofstuk 5: Finale gevolgtrekkings

Voorstelling 1: Opsomming van metode



HOOFSTUK 2: DIE BEGINSELS VIR DIE TAAK VAN DIE PREDIKER VANUIT DIE *DE SAC. V*

1. INLEIDING

Dit is die hiptose van hierdie studie dat die beginsels vir die taak van die prediker soos in Chrysostomus se *De Sac. V* uiteengesit is, in belangrike opsigte verskil van dié wat in die Pastorale briewe verduidelik word.

In hierdie hoofstuk word daar ondersoek ingestel na die beginsels vir die taak van die prediker soos dit in Chrysostomus se *De Sac. V* uiteengesit is. Dit is die doel van hierdie hoofstuk om hierdie beginsels te identifiseer en weer te gee.

Eerstens word daar na die gedagte-opbou van die *De Sac. V* gekyk (stap 1). Daarna word die grammatiese (stap 2-4) en historiese ondersoek gedoen (stap 5). Laastens sal die sintese / konklusie gemaak word (stap 6).

2. STAP 1: DIE GEDAGTE-OPBOU VAN DIE *DE SAC. V*

Die *De Sac. V* se gedagte-opbou bestaan uit sewe hoofdele:

- Deel 1: Inleiding (par. 449-454).
- Deel 2: Handel oor die gevare, gevolge en hantering van lofbetuigings en aanklagtes (par. 455-467).
- Deel 3: Handel oor die noodsaaklikheid van harde werk in die voorbereiding van preke (par. 468-473).
- Deel 4: Hervat die tema van lofbetuigings en aanklagtes deur die stryd met betrekking tot hierdie sake te bespreek, asook 'n bespreking van onkunde waarmee die prediker te make kry. (par. 474-481).
- Deel 5: Hervat die tema van harde werk in die voorbereiding van preke deur die motief vir die harde werk te bespreek (par. 482-483).
- Deel 6: 'n Samevatting en gevolgtrekking word gemaak na aanleiding van voorafgaande besprekings (par. 484-494).
- Deel 7: Slot wat bespreking afsluit (par. 495).

Ter wille van die vloei van die ondersoek, word die volledige analise van die gedagte-opbou nie hier weer gegee nie, maar wel in Bylae B¹⁰. Hier word slegs die finale oorkoepelende struktuur van die *De Sac. V* gegee. Dit kan na aanleiding van die sewe deling soos volg geïllustreer word:

¹⁰ Sien p. 147.

Deel 1: Inleiding	_____
Deel 2: Gevare, gevolge en hantering van lof en aanklagtes	_____
Deel 3: Noodsaak van harde werk in voorbereiding van preke	_____
Deel 4: Stryd teen lof, aanklagtes en onkunde	_____
Deel 5: Noodsaak van harde werk in prediking	_____
Deel 6: Samevatting en gevolgtrekking	_____
Deel 7: Slot	

3. STAP 2: IDENTIFISERING VAN TERSAAKLIKE PASSASIES EN TEMAS

Vanuit die gedagte-opbou analise van die *De Sac. V* is daar 'n aantal woorde en temas wat op grond van die frekwensie en konsentrasie daarvan geïdentifiseer kan word. Hierdie woorde sal in hoofstuk 2 verdere ondersoek geniet deur middel van 'n woordstudie waar daar die verskillende vertalingsmoontlikhede asook semantiese velde ondersoek word.

Na aanleiding van die gedagte-opbou struktuur van die *De Sac. V* handel deel 2 en 4 hoofsaaklik oor die hantering van lof en aanklagtes. Deel 3 en 5 handel hoofsaaklik oor harde werk in die voorbereiding en lewering van preke. Dus kan daar temas vanuit hierdie gedagte-opbou geïdentifiseer word, nl.:

- Die hantering van lof en aanklagtes
- Die harde werk in die voorbereiding en lewering van preke.

Vanuit hierdie tema is daar 'n aantal kernwoorde wat gebruik word wat verdere ondersoek noodsaak. Hierdie woorde kan geïdentifiseer word deur na die woorde te kyk na titels wat vir die prediker gebruik word, woorde wat verband hou met die tema van lof en aanklagtes, asook die tema van harde werk in die voorbereiding en lewering van preke.

Die kernwoorde is in Bylae B geïdentifiseer.¹¹ Alle vertalings van die *De Sac. V* is deur die skrywer van hierdie studie self gedoen.

3.1. Titels in die *De Sac. V*

Daar is vier titels wat in die *De Sac. V* gebruik word om na die prediker te verwys^{12, 13}:

¹¹ Sien Bylae B, p. 166.

¹² Die bespreking van die titels verloop volgens alfabetiese volgorde en nie die volgorde waarin dit in die *De Sac. V* voorkom nie.

¹³ Gedeeltes word na verwys deur gebruik te maak van hoofstuk en paragraaf nommers soos in Nairn (1906) voorkom. Die addisionele verwysing a en b is slegs ter wille van chronologiese aanhaling van die gedeeltes of waar daar in dieselfde aanhaling na twee of meer verskillende woorde verwys word.

3.1.1. ἄρχων

3:457: “ Ἀμφοτέρωθεν οὖν ἰσχυρὸν εἶναι τὸν ἄρχοντα δεῖ...” (“Dit is noodsaaklik dat 'n uitnemende **leier** in beide die sake moet vas staan,...”)

4:462^a: “Διὰ ταῦτα οὐ δεῖ τῶν πολλῶν καταφρονεῖν, ἀλλὰ ἀρχομένους εὐθέως περικόπτειν τὰς ὑποψίας τὰς πονηράς...” (“Daarom is dit noodsaaklik om die menigte gering te ag, maar die goeie **leier** moet ook die slegte verdenkinge afsny ...”)

3.1.2. διδάσκαλος

1:449^a: “Ὅσης μὲν ἐμπειρίας τῷ διδασκάλῳ δεῖ πρὸς τοὺς ὑπὲρ τῆς ἀληθείας ἀγῶνας, ἱκανῶς ἡμῖν ἀποδέδεικται ...” (“Die noodsaak van hoe groot die vaardigheid van die beoefening van die waarheid vir die **leraar** moet wees, het ons reeds genoegsaam behandel...”)

1:450^a: “Πρῶτον μὲν γὰρ τὸ πλεον τῶν ἀρχομένων οὐκ ἐθέλουσιν ὡς πρὸς διδασκάλους διακεῖσθαι τοὺς λέγοντας, ...” (“In die eerste plek is die meeste nie bereid om hulle wat preek as **leermeesters** te ag nie, ...”)

3.1.3. ἱερεύς

4:463^a: “Οὕτως οὖν χρὴ τὸν ἱερέα διακεῖσθαι πρὸς τοὺς ἀρχομένους, ὥσπερ ἂν εἰ πατὴρ παῖδας ἄγαν νηπίους διακέοιτο· ...” (“Daarom dan is dit nodig vir die **priester** om soos 'n vader teenoor jong kinders vriendelik op te tree, teenoor die oor wie hy regeer ...”)

3.1.4. προΐστημι

4:460: “Τὰς δὲ ἀκαίρους κακηγορίας [καὶ γὰρ ἀνάγκη τὸν προεστῶτα μέμψεις ὑπομένειν ἀλόγους]...” (“Die onvanpaste aanklagtes, want die **voorganger** verduur onredelike sensuur...”)

3.2. Woorde met betrekking tot lof en aanklagtes

Behalwe die titels wat vir die prediker gebruik word, is daar ook woorde wat deel vorm van die tema van lof en aanklagtes:

3.2.1. αἰτία

5:472: “... τούτων οὐδὲν, ὅπερ ἔφην, ἐννοῆσαι βούλονται· ἀλλ' ὥσπερ ἀγγέλω δικάζοντες ἐπάγουσι τὰς αἰτίας.” (“... Niks hiervan, soos ek gesê het, is hulle bereid om in ag te neem nie; maar hulle bring **aanklagtes** in asof hulle 'n engel veroordeel.”)

3.2.2. βάσκανος, βασκαίνω

8:489: "... ὥστε μὴ ἄλῶναι **βασκανία** ..." ("... sodat hy nie deur **jaloesie** gevange geneem word nie ...).

3.2.3. δόξα

2:455^b: "... ἄν τε τοῦτο καλῶς καταπθώσας τὸ μέρος τῆς ἀπὸ τῶν κρότων **δόξης** ἥττων ὢν τύχη ..." ("... aan die ander kant, as hy suksesvol is en dit gebeur dat die ongeluk van **lofbetuigings** deur applous hom oorwin ...")

5:471^a: "Οὐ γὰρ τοῖς λεγομένοις, ὡς ταῖς τῶν λεγόντων **δόξαις**, κάθηνται δικάζοντες οἱ ἀκροαταί ..." ("Die luisteraars kom as beoordeelaars, nie vir wat gepreek word nie, maar eerder vir die **reputasie** van die predikers ...")

5:473: "... καὶ τὸ μικρὸν τοῦτο καὶ εὐτελὲς τὴν τῶν πολλῶν καὶ μεγάλων ἡλάττωσε **δόξαν** πολλάκις." ("... hierdie klein en onbelangrike dinge verminder dikwels die **eer** van baie en groot dinge.")

6:477^b: "... ἵνα τὴν **δόξαν** τούτου καθέλωσιν, οὐχ ἵνα δείξωσι θαυπαστὸν τὸν οὐκ ὄντα τοιοῦτον." ("... sodat hulle die **aansien** van hierdie een kan veroordeel, nie sodat hulle kan bewys hoe wonderlik hy is nie, terwyl hy dit nie is nie.")

8:486^a: "Καὶ γὰρ πολλὰ ἁμαρτάνειν ἀναγκασθήσεται, τῆς τῶν πολλῶν **δόξης** ἥττων γενόμενος· ... ἀλλὰ πάντα τολμήσει, κἂν τὴν ψυχὴν ἀπολέσθαι δέη, ὑπὲρ τοῦ τὴν ἐκείνων **δόξαν** εἰς τὴν τῆς ἰδίας εὐτελείας καταγαγεῖν ταπεινότητα." ("Want hy sal geforseer word om baie verkeerde dinge te doen, nadat hy hom onder die minderwaardige **lofbetuigings** van die skare gestel het ... maar hy sal in alles onderneem om hulle **eer** neer te bring tot die lae vlak van sy eie onwaardigheid, al is dit nodig dat sy eie siel te gronde gaan.")

8:493: "... αἰ μήτε φθόνῳ, μήτε **δόξης ἔρωτι**, μήτε ἑτέρῳ τινὶ τοιούτῳ θηρῶνται νοσήματι." ("... wat nóg deur jaloesie, nóg deur **eersug**, nóg deur enige ander gelyke siekte gejag word nie.")

3.2.4. ἐγκαλέω

4:462^b: "... πείθοντα τοὺς **ἐγκαλοῦντας**, κἂν ἀλογώτατοι πάντων εἶεν ..." ("... terwyl hy die **aanklaers** oortuig al sou hulle almal onredelik wees ...")

5:470^a: “Κακείνοις μὲν οὐδ’ ἂν ἐγκαλέσειέ τις, μηδὲν ἄξιον λόγου παρέχουσιν ...” (“Vir die laasgenoemdes sal niemand **blameer** as hulle nie ‘n waardige preek na vore bring nie ...”)

3.2.5. ἐγκωμιάζω

4:466^a: “... οὕτω καὶ οἱ τῶν ἐγκωμίων ἐρῶντες ...” (“... so is diegene ook wat **lofbetuigings** begeer ...”)

5:470^b: “... τὰ δὲ τούτων, ἂν μὴ λίαν ἤ θαυμαστὰ καὶ ἔκπληκτα, οὐ μόνον ἐγκωμίων ἐστέπεται, ἀλλὰ καὶ τοὺς μεμφομένους ἔχει πολλούς.” (... terwyl die eersgenoemde se **lof** nie net weg geneem word nie, maar ook baie kry wat fout vind as sy preke nie wonderlik en verstommend is nie.)

7:482^a: “... εἰ μὲν ἐπαινοῖτο καὶ παρὰ τῶν ἀνθρώπων, μὴ διακρούεσθω τὰ ἐγκώμια ...” (“... as hy wel deur mense geprys word, moet hy nie die **lofbetuigings** vermy nie ...”)

8:487: “... τὸ γὰρ πολλὰ μοχθοῦντα ἐλάττονα καρποῦσθαι ἐγκώμια ἱκανὸν καταβαλεῖν καὶ τρέψαι πρὸς ὕπνον βαθὺν τὸν οὐ δυνάμενον ἐγκωμίων καταφρονεῖν ...” (“... want harde werk sonder die vrug van **lofbetuigings** is genoegsaam om die een wat nie in staat is om lofbetuigings te verwerp nie, neer te werp en ‘n diepe slaap oor hom te bring ...”)

3.2.6. ἐντρέπω

4:466^b: “... ἀλλὰ καὶ ὅταν μὴ ἐπαινῶνται συνεχῶς, καθάπερ λιμῶ τινι διαφθείρονται τὴν ψυχὴν, καὶ μάλιστα ὅταν αὐτοῖς ἐντραφέντες τύχωσιν, ἢ καὶ ἑτέρους ἐπαινουμένους ἀκούωσι.” (“... maar ook wanneer hulle nie voortdurend geprys word nie. Hul siel verswak soos deur ‘n hongersnood, veral wanneer hulle gewoond was om **geprys te word** of wanneer hulle hoor dat ‘n ander een geprys word.”)

3.2.7. ἐπαινετός, ἐπαινέω

1:454^a: “Τούτου δὲ οὐδαμῶς ἐστὶν ἐπιτυχεῖν, ἀλλ’ ἢ διὰ τούτιν τοῖν δυοῖν, τῆς τε τῶν ἐπαίνων ὑπεροψίας ...” (“Dit kan op geen wyse bereik word, as deur middel van hierdie twee nie: deur die minagting van **lofbetuigings** ...”)

2:455^a: “... ἂν τε γὰρ ἐπαίνων ὑπερορῶν μὴ προσφέρῃ διδασκαλίαν τὴν ἐν χάριτι καὶ ἁλατι ἡρτυμένην, ... πρὸς χάριν τῶν ἀκουόντων μᾶλλον ἢ πρὸς ὠφέλειαν λέγειν μελετῶντι, διὰ τὴν τῶν ἐπαίνων ἐπιθυμίαν.” (“... Want as die een wat **lofbetuigings** minag nie die leer wat ‘bekoorlik

is, (asof) met die sout besprinkel,' ... Ter wille van die begeerte na **lofbetuigings**, sal hy sy woorde versigtig kies ter wille van die guns van hulle wat luister, eerder as dit wat nuttig is.”)

3:459^a: “Τὴν δὲ μεγαλοψυχίαν οὐ μέχρι τῆς τῶν **ἐπαίνων** ὑπεροψίας ἐπιδείκνυσθαι μόνον ...” (“Dit is noodsaaklik dat hierdie verhewenheid van denke nie alleen sigbaar word in die veragting van **lofbetuigings** nie ...”)

4:463^b: “... οὕτω καὶ τούτων μήτε τοῖς **ἐπαίνοις** ἐξογκοῦσθαι ...” (“... so moet ons nie deur **lofbetuigings** hoogmoedig word nie ...”)

4:465: “Τὸ γὰρ μὴ χαίρειν **ἐπαινούμενον**, οὐκ οἶδα εἴ τιτι ἀνθρώπων ποτὲ κατῴρθωται ...” (“Want ek weet nie van enige man wat suksesvol was om nie bly te wees om **geprys te word** nie ...”)

4:466^c: “... ἀλλὰ καὶ ὅταν μὴ **ἐπαινῶνται** συνεχῶς, καθάπερ λιμῶ τιτι διαφθείρονται τὴν ψυχὴν, καὶ μάλιστα ὅταν αὐτοῖς ἐντραφέντες τύχωσιν, ἢ καὶ ἑτέρους **ἐπαινουμένους** ἀκούωσι.” (“... maar ook wanneer hulle nie voortdurend **geprys word** nie. Hul siel verswak soos deur 'n hongersnood, veral wanneer hulle gewoond was om geprys te word of wanneer hulle hoor dat 'n ander een **geprys word**.”)

5:470^b: “πρὸς δὲ τούτοις ἐκείνοι μὲν καὶ ἐπὶ πικροῖς μεγάλων ἂν τύχοιεν **ἐπαίνων** ...” (Daarby sal hierdie laasgenoemde groter **lof** ontvang ...)

6:477^a: “καὶ πολλάκις τινὰ τῶν οὐδὲν δυναμένων εἰπεῖν ἐκλεξάμενοι, τοῖς **ἐπαίνοις** **ἐπαίρουσι** ...” (“Dikwels, nadat hulle iemand gekies het wat nie in staat is om te preek nie, verhoog hulle hom deur **lofbetuigings** en **prys** hulle hom ...”)

6:478^a: “... τὸν ἄμεινον εἰπόντα ἐλάττονας ἀπενεγκασθαι κρότους, ἔστι δὲ ὅτε μηδὲ **ἐπαινεθέντα** ἀπελθεῖν.” (“... dit noodwendig volg dat hy wat beter preek met minder applous weggaan, en soms sonder **lof** weggaan.”)

7:482^b: “... εἰ μὲν **ἐπαινοῖτο** καὶ παρὰ τῶν ἀνθρώπων, μὴ διακρουέσθω τὰ ἐγκώμια ...” (“... as hy wel deur mense **geprys word**, moet hy nie die lofbetuigings vermy nie ...”)

8:484^a: “Καὶ γὰρ ἂν φθάσῃ τῇ τῶν ἀλόγων **ἐπαίνων** ἐπιθυμίᾳ ἁλῶναι, οὐδὲν αὐτῷ τῶν πολλῶν πόνων ὄφελος, οὐδὲ τῆς ἐν τῷ λέγειν δυνάμεως ... διὰ τοῦτο χρὴ μάλιστα πάντων πεπαιδεῦσθαι **ἐπαίνων** ὑπερορᾶν ...” (“Want as hy by voorbaat deur die begeerte van onlogiese **lofbetuigings** oorweldig word, sal hy geen voordeel op sy harde werk trek nie, en ook nie van

die krag in sy prediking nie ... As gevolg hiervan is dit veral noodsaaklik om geoefen te wees om gee ag te slaan op alle **lofbetuigings** ...")

8:485: "Εἰ δέ τις ἀκριβῶς ἐξετάζειν ἐθέλοι καὶ τὸν ἐν ἐνδείᾳ καθεστῶτα ταύτης τῆς ἀρετῆς, εὕρήσει δεόμενον τοῦ τῶν **ἐπαίνων** καταφρονεῖν οὐχ ἦττον ἢ τοῦτον." ("As iemand bereid is om noukeurig te ondersoek en dit gebeur dat hy in hierdie deug te kort skiet, sal hy vind om **lofbetuigings** gering te skat nie minder noodsaaklik is as die ander een nie.")

3.2.8. *εὐφημία*

2:456^a: "Καὶ καθάπερ ὁ μήτε πάσχων τι πρὸς τὰς **εὐφημίας** ..." ("... Soos die wat nie deur **lofbetuigings** beïnvloed word nie ...")

7:482^c: "Μὴ τοίνυν μήτε ὁ τῆς διδασκαλίας ἀναδεξάμενος τὸν ἀγῶνα ταῖς τῶν ἔξωθεν **εὐφημίαις** προσεχέτω ... οὗτος γὰρ αὐτῷ κανὼν καὶ ὅρος ἔστω μόνος τῆς ἀρίστοις δημιουργίας ἐκείνων, μὴ κρότοι, μηδὲ **εὐφημίαι** ..." ("Dus, laat die een wat die stryd van prediking opneem nie aandag gee aan die **lofbetuigings** van buitestaanders nie ... want laat hierdie vir hom alleen die maatstaf en standaard wees van daardie beste kunswerke, nie vir die applous nie, en ook nie vir **lofbetuigings** nie ...")

3.2.9. *κακήγορος, κακηγορέω*

4:460: "Τὰς δὲ ἀκαίρους **κακηγορίας** [καὶ γὰρ ἀνάγκη τὸν προεστῶτα μέμψεις ὑπομένειν ἀλόγους] ..." (Die onvanpaste **aanklagtes**, want die voorganger verduur onredelike sensuur, ...)

3.2.10. *μέμφομαι, μέμψις*

4:462^c: "... Εἰ δὲ, πάντα ποιούντων ἡμῶν, μὴ θέλωσιν οἱ **μεμφόμενοι** πείθεσθαι, τὸ τηνικαῦτα καταφρονεῖν ..." ("... Maar as ons alles gedoen het, en die **aanklaers** hulle nie wil laat oorreed nie, moet ons hulle nie ag slaan nie ...")

5:470^d: "... τὰ δὲ τούτων, ἂν μὴ λίαν ἦ θαυμαστὰ καὶ ἔκπληκτα, οὐ μόνον ἐγκωμίων ἐστέπεται, ἀλλὰ καὶ τοὺς **μεμφομένους** ἔχει πολλούς." ("... terwyl die eersgenoemdes se lof nie net weg geneem word nie, maar ook baie kry wat **fout vind** as sy preke nie wonderlik en verstommend is nie.")

5:471^b: "... ἀλλ' ἂν μὴ δι' ὅλου συμφωνῇ τῷ μεγέθει τῆς ὑπολήψεως αὐτοῦ τὰ λεγόμενα, σκώμματα μυρία καὶ **μέμψεις** λαβὼν παρὰ τῶν πολλῶν ἄπεισι." ("... Maar as hy nie deurgaans [preke] na vore bring in ooreenstemming met die grootheid wat hulle van hom verwag nie, sal

daardie een weggaan om baie vernedering en **aanklagtes** wat hy van die menigte ontvang, te verduur”)

8:48^b: “... καὶ μέμφεσθαι μάτην, καὶ πολλὰ τοιαῦτα ἀσχημεῖν οὐ παραιτήσεται ...” (“... om hulle sonder rede te **blameer** en baie soortgelyke skandes ...”)

3.2.11. *ὀδύρομαι*

4:46³: “... καὶ καθάπερ ἐκείνων οὔτε ὑβρίζοντων, οὔτε πληττόντων, οὔτε ὀδυρομένων ἐπιστρεφόμεθα ...” (“... soos ons ons nie laat omkeer nie, nóg deur hul beledigings, nóg deur hul houe, nóg deur hul **klagtes** nie ...”)

3.2.12. *ὑπεροψία, ὑπεροράω*

1:45⁴: “... τῆς τε τῶν ἐπαίνων ὑπεροψίας, καὶ τῆς ἐν τῷ λέγειν δυνάμεως.” (“... deur die **minagting** van lofbetuigings en deur die krag van die prediking.”)

2:45⁵: “... ἄν τε γὰρ ἐπαίνων ὑπερορῶν μὴ προσφέρῃ διδασκαλίαν τὴν ἐν χάριτι καὶ ἄλατι ἡρτυμένην, εὐκαταφρόνητος ὑπὸ τῶν πολλῶν γίνεται, οὐδὲν ἀπὸ τῆς μεγαλοψυχίας κερδάνας ...” (“... want as die een wat lofbetuigings **minag** nie die leer wat ‘bekoorlik is, [asof] met die sout besprinkel,’ na vore bring nie, sal hy onder die skare verag word sodat sy verhewe denke vir hom van geen nut is nie ...”)

3:45⁶: “Τὴν δὲ μεγαλοψυχίαν οὐ μέχρι τῆς τῶν ἐπαίνων ὑπεροψίας ἐπιδείκνυσθαι μόνον ...” (“Dit is noodsaaklik dat hierdie verhewenheid van denke nie alleen sigbaar word in die **veragting** van lofbetuigings nie ...”)

4:46²: “Διὰ ταῦτα οὐ δεῖ τῶν πολλῶν καταφρονεῖν, ἀλλὰ ἀρχομένης εὐθέως περικόπτειν τὰς ὑποψίας τὰς πονηρὰς ...” (“Daarom is dit noodsaaklik om die menigte gering te ag, maar die goeie biskop moet ook die slegte verdenkinge **afsny** ...”)

3.3. **Woorde met betrekking op harde werk in die voorbereiding en lewering van preke**

Behalwe die titels en woorde met betrekking tot lofbetuigings en aanklagtes, is daar ook woorde met betrekking tot harde werk in die voorbereiding en lewering van preke:

3.3.1. *διδάσκω, διδασκαλία*

2:45⁵: “Κὰν γὰρ τὸ ἕτερον ἀπῇ, τὸ λειπόμενον ἄχρηστον γίνεται τῇ διαζεύξει θατέρου. Ἄν τε γὰρ ἐπαίνων ὑπερορῶν μὴ προσφέρῃ **διδασκαλίαν** τὴν ἐν χάριτι καὶ ἄλατι ἡρτυμένην, ...” (“As

een nie teenwoordig is nie, sal die een wat agter bly weens die skeiding van die ander onbruikbaar wees. Want as die een wat lofbetuigings minag nie **die leer** wat met die sout van genade besprinkel is na vore bring nie, ...”)

7:482^d: “Μὴ τοίνυν μήτε ὁ **τῆς διδασκαλίας** ἀναδεξάμενος τὸν ἀγῶνα ταῖς τῶν ἔξωθεν εὐφημίαις προσεχέτω, μηδὲ ἀπὸ τούτων τὴν ἑαυτοῦ καταβαλλέτω ψυχὴν· ...” (“Dus, laat die een wat die stryd **van prediking** opneem nie aandag gee aan die lofbetuigings van die buitestaanders nie, en ook nie as gevolg van hierdie mense sy siel neerwerp nie; ...”)

3.3.2. *λόγος, λέγω*

1:450^b: “Πρῶτον μὲν γὰρ τὸ πλεον τῶν ἀρχομένων οὐκ ἐθέλουσιν ὡς πρὸς διδασκάλους διακεῖσθαι **τοὺς λέγοντας**, ...” (“In die eerste plek is die meeste nie bereid om hulle **wat preek** as leermeesters te ag nie, ...”)

1:450^c: “...οὕτω δὲ καὶ ἐνταῦθα διαιρεθέντες, οἱ μὲν μετὰ τούτου, οἱ δὲ μετὰ ἐκείνου γίνονται, πρὸς χάριν καὶ πρὸς ἀπέχθειαν ἀκούοντες **τῶν λεγομένων**.” (“... so ook gebeur dit dat hulle verskil: sommige luister na een en ander na ‘n ander **wat preek** – soms gunstig en soms met weersin.”)

1:451^a: “Καὶ οὐ τοῦτο μόνον ἐστὶ τὸ χαλεπὸν, ἀλλὰ καὶ ἕτερον οὐδὲν ἔλαττον τούτου. Ἦν γάρ τινα συμβῇ **τῶν λεγόντων** μέρος τι τῶν ἑτέροις πονηθέντων ἐνυφῆναι **τοῖς λόγοις** αὐτοῦ, πλείονα τῶν τὰ χρήματα κλεπτόντων ὑφίσταται ὀνειδῆ· ...” (“Nie alleen is dit moeitevol nie, maar daar is ook ‘n ander saak wat nie gering is nie. As dit sou gebeur dat hy in sy **preke** ‘n deel van wat deur ander **gepreek** is nadat hulle hard gewerk het, invoeg, ervaar hy groter spot as van hulle wat geld gesteel het; ...”)

1:451^b: “... καὶ τί **λέγω** τῶν ἑτέροις πεπονημένων; αὐτὸν τοῖς εὐρέμασι τοῖς ἑαυτοῦ συνεχῶς χρήσασθαι οὐκ ἔνι.” (“... Waarom **praat** ek van ander se harde werk, want is dit wat ontdek is, nie daar om volgens sy eie oordeel gebruik te word nie?”)

1:452: “...καὶ ἡ **λόγου** δύναμις, ἥ ἐξεβάλομεν νῦν, οὕτως ἐνταῦθα γίνεται ποθεινὴ, ὡς οὐδὲ τοῖς σοφισταῖς, ὅταν πρὸς ἀλλήλους ἀγωνίζεσθαι ἀναγκάζωνται.” (“...Hulle sit soos beoordelaars van tragedies of musikale opvoerings sodat die krag **van die prediking** [wat ons so pas verduidelik het] blyk om nie so begeerlik te wees soos wanneer redenaars verplig is om met mekaar te kompeteer nie.”)

1:454^c: “...τῆς τε τῶν ἐπαίνων ὑπεροψίας, καὶ τῆς ἐν τῷ **λέγειν** δυνάμεως.” (“...deur die minagting van lofbetuigings en deur die krag van **die prediking**.”)

2:455^e: “...πρὸς χάριν τῶν ἀκουόντων μάλλον ἢ πρὸς ὠφέλειαν **λέγειν** μελετῶντι, διὰ τὴν τῶν ἐπαίνων επιθυμίαν.” (“...sal hy sy **woorde** versigtig kies ter wille van die guns van hulle wat luister, eerder as dit wat nuttig is.”)

2:456^b: “Καὶ καθάπερ ὁ μήτε πάσχων τι πρὸς τὰς εὐθημίας, μήτε **λέγειν** εἰδὼς, ...” (“Soos die wat nie deur lofbetuigings beïnvloed word, of welsprekend **in prediking** is nie, ...”)

3:457^a: “... ὅταν γὰρ ἀναστὰς ἐν τῷ μέσῳ **λέγῃ** τὰ τοὺς ῥαθύμως ζῶντας ἐπιστῦψαι δυνάμενα, εἶτα προσπαίῃ καὶ διακόπτεται, καὶ ὑπὸ τῆς ἐνδείας ἐρυθριᾷ ἀναγκάζεται, διερρῦν τὸ κέρδος τῶν λεχθέντων εὐθέως ...” (“... Wanneer hy tussen hulle staan en woorde **spreek** wat in staat is om hul ligsinnige lewe te bestraf, dan oor sy woorde struikel en stotter en weens die mislukking geforseer word om te bloos, word die nut van sy woorde onmiddelik vermors ...”)

5:468^a: “Καὶ γὰρ ὅταν πολλὴν ἐν τῷ **λέγειν** δύναμιν ἔχῃ [τοῦτο δὲ ἐν ὀλίγοις εὖροι τις ἄν]· οὐδὲ οὕτω τοῦ πονεῖθαι διήνεκῶς ἀπήλλακται. ἐπειδὴ γὰρ οὐ φύσεως ἀλλὰ μαθήσεως **τὸ λέγειν**, ...” (“Want alhoewel hy groot krag **in prediking** mag hê [en hierdie vermoë sal jy by min vind], sal hy nie vrygestel word om homself voortdurend in te span nie, aangesien **prediking** nie natuurlik is nie, maar deur studie ...”)

5:470^e: “Κἀκείνοις μὲν οὐδ’ ἂν ἐγκαλέσειέ τις, μηδὲν ἄξιον **λόγου** παρέχουσιν ...” (“Vir die laasgenoemdes sal niemand blameer as hulle nie ‘n waardige **preek** na vore bring nie ...”)

5:471^c: “Οὐ γὰρ **τοῖς λεγομένοις**, ὡς ταῖς τῶν λεγόντων δόξαις, κάθηνται δικάζοντες οἱ ἀκροαταί. Ὡστε ὅταν κρατῇ τις ἀπάντων ἐν τῷ **λέγειν**, τότε μάλιστα πάντων αὐτῷ δεῖ πεπονημένης σπουδῆς ...” (“Die luisteraars kom as beoordeelaars, nie **vir wat gepreek word** nie, maar eerder vir die reputasie van die predikers; sodat wanneer ook al hy mag uitstyg bo ander **in die prediking**, dit die mees noodsaaklikste is om harder te werk ...”)

5:471^d: “... ἀλλ’ ἂν μὴ δι’ ὅλου συμφωνῇ τῷ μεγέθει τῆς ὑπολήψεως αὐτοῦ **τὰ λεγόμενα**, σκώμματα μυρία καὶ μέμψεις λαβὼν παρὰ τῶν πολλῶν ἅπεισι.” (“... Maar as hy nie deurgaans **preke** na vore bring in ooreenstemming met die grootheid wat hulle van hom verwag nie, sal daardie een weggaan om baie vernedering en blaam wat hy van die menigte ontvang, te verduur.”)

6:474: “οὐδὲν γὰρ γενναῖον, ὅτι μάλιστα τῷ λέγειν δυναμένῳ πλείονος δεῖ τῆς σπουδῆς· ...” (“Jy sien, o eerbare vriend, die groter noodsaak van studie vir die een wat groot krag in **prediking** besit;...”)

6:478^b: “...τῶν δὲ λόγους κρίναι δυναμένων λείπεσθαι πολλῷ πλεον ἢ ὅσον ἐκείνων οἱ λοιποὶ πάντες ...” (“... en wat in staat is om **preke** te onderskei, meer as die res van daardie wat oorbly ...”)

7:482^e: “... ἀλλ’ ἐργαζόμενος τοὺς λόγους, ὡς ἂν ἀρέσειε τῷ θεῷ ...” (“... maar die een wat aan sy **preke** werk, asof hy God daardeur verheerlik ...”)

8:484^b: “Καὶ γὰρ ἂν φθάσῃ τῇ τῶν ἀλόγων ἐπαίνων ἐπιθυμίᾳ ἀλῶναι, οὐδὲν αὐτῷ τῶν πολλῶν πόνων ὄφελος, οὐδὲ τῆς ἐν τῷ λέγειν δυνάμεως” (“Want as hy by voorbaat deur die begeerte van onlogiese lofbetuigings oorweldig word, sal hom geen voordeel op sy harde werk trek nie, en ook nie van die krag in sy **prediking** nie ...”)

8:484^c: “... διὰ τοῦτο χρὴ μάλιστα πάντων πεπαιδευθῆναι ἐπαίνων ὑπεροπᾶν· οὐ γὰρ ἀρκεῖ τὸ λέγειν εἰδέναι πρὸς τὴν ταύτης δυνάμεως φυλακὴν, ἂν μὴ καὶ τοῦτο προσῇ.” (“... As gevolg hiervan is dit veral noodsaaklik om geoefen te wees om gee ag te slaan op alle lofbetuigings; want om te weet hoe **om te preek** is nie genoeg tot die bewaring van hierdie krag nie, as dit nie bygevoeg word nie.”)

8:486^c: “... ἀτονῶν γὰρ ἐξισωθῆναι τοῖς εὐδοκιμοῦσι κατὰ τὴν τοῦ λέγειν ἀρετὴν, ...” (“...want as hul goeie reputasie na mate van die kwaliteit van hul **prediking** ontoerykend is, ...”)

8:488: “Εἰ γὰρ οἱ μετὰ πολλῆς τῆς ἐξουσίας δυνάμενοι λέγειν τοσαύτης δέονται τῆς γυμνασίας πρὸς τὴν τῆς κρήσεως φυλακὴν...” (“Want as dit vir die wat in staat is om met groot krag **te preek** nodig is om te oefen tot die bewaring van hulle talent; ...”)

8:490: “... Μεγίστην δὲ ἐν ᾧ τούτοις ἀσφάλειαν τὴν ἐν τῷ λέγειν κέκτηται παρρησίαν, καὶ τὴν τοῦ πλήθους περὶ αὐτὸν σπουδὴν, καὶ τὸ φιλεῖσθαι παρὰ τῶν ἀρχομένων ἀπάντων.” (“...Maar hy verkry groot sekuriteit in al hierdie dinge, hy wat vrymoedig in die **prediking** is, en die ywer van die menigte aangaande hom en die liefde van almal oor wie hy gestel is, besit.”)

8:492^a: “Πῶς οὖν ἂν τις ἐνέγκῃ τοσαύτην αἰσχύνην, ὅταν αὐτοῦ μὲν φθεγγομένου πάντες σιγῶσι, καὶ διοχλῆσθαι νομίζωσι, καὶ τοῦ λόγου τὸ τέλος, ὥσπερ τινα πόνων ἀνάπασιν, περιμένωσι· ...” (“Hoe dan sal hy so ‘n groot skande dra, wanneer almal stilbly terwyl hy praat en glo dat hulle geïrriteerd is en hulle die einde **van die preek** verwag soos rus na werk; ...”)

8:492^b: "... θατέρου δὲ καὶ μακρὰ **λέγοντος** μετὰ προθυμίας ἀκούωσιν, καὶ παύσεσθαι μέλλοντος δυσχεραίνωσι, καὶ σιγᾶν βουλομένου παροξύνονται;" ("...maar wanneer die ander een lank **preek** hulle gewillig luister, en hulle ontevrede is wanneer hy op die punt is om op te hou, en wanneer hy begeer om te stil te bly, geïrriteerd raak?"")

3.3.3. *πονέω*

1:449^b: "... ὁ πολὺς **πόνος** ὁ περὶ τὰς διαλέξεις τὰς κοινῇ πρὸς τὸν λαὸν γινομένης ἀναλίσκόμενος." ("... Dit is die harde **werk** wat hyself spandeer ten opsigte van die preke wat voor die mense in die algemeen gelewer word.")

1:451^c: "... ἢν γὰρ τινα συμβῇ τῶν λεγόντων μέρος τι τῶν ἑτέροις **πονηθέντων** ἐνυφῆναι τοῖς λόγοις αὐτοῦ, πλείονα τῶν τὰ χρήματα κλεπτόντων ὑφίσταται ὀνειδῆ ... καὶ τί λέγω τῶν ἑτέροις **πεπονημένων**; ..." ("... as dit sou gebeur dat hy in sy preke 'n deel van wat deur ander gepreek is, nadat hulle **hard gewerk** het, invoeg, ervaar hy groter spot as van hulle wat geld gesteel het ... Waarom praat ek van ander se **harde werk**?...")

5:468^b: "... οὐδὲ οὕτω τοῦ **πονεῖθαι** διήνεκῶς ἀπήλλακται ..." ("... sal hy nie vrygestel word om homself voortdurend **in te span** nie ...")

5:469: "... Ὡστε τοῖς σοφωτέροις μᾶλλον, ἢ τοῖς ἀμαθεστέροις, μείζων ὁ **πόνος** ..." ("Sodat die **werk** harder is is geleerdes as vir ongeleerdes ...")

7:483: "ἱκανὴ γὰρ αὐτῷ παραμυθία τῶν **πόνων** ..." ("want daar is genoegsame bemoediging ten opsigte van sy **werke** ...")

7:484^d: "... οὐδὲν αὐτῷ τῶν πολλῶν **πόνων** ὄφελος ..." ("... sal hy geen voordeel op sy harde **werk** trek nie ...")

8:492^c: "... καὶ τοῦ λόγου τὸ τέλος, ὥσπερ τινα **πόνων** ἀνάπασιν, περιμένωσι ..." ("... en hulle die einde van sy preek verwag soos rus na **werk** ...")

3.4. Samevatting van voorkoms van geïdentifiseerde woorde

Voor die aanhalings verder bestudeer word, moet daar eers 'n beginpunt vir die bespreking gevind word. Dit word gedoen na aanleiding van 'n oorsigtabel. Die oorsigtabel sal die konsentrasie van woorde per hoofstuk identifiseer. Die hoofstuk waar daar die meeste verwysings na geïdentifiseerde woorde is, sal dan as vertrekpunt vir bespreking gebruik word:

Tabel 1: Oorsigtabel van konsentrasie en gebruike van geïdentifiseerde woorde in die De Sac. V

Hoofstuk	Konsentrasie van woorde	Aantal gebruike
1	1:449 ^a : “τῷ διδασκάλῳ” (vir die leraar); 1:449 ^b : “ὁ πόνος” (die werk) 1:450 ^a : “διδασκάλους” (leermeesters), 1:450 ^b : “τοὺς λέγοντας” (wat preek); 1:450 ^c : “τῶν λεγομένων” (wat preek); 1:451 ^a : “τῶν λεγόντων” (sy preke), “τοῖς λόγοις” (gepreek); 1:451 ^b : “λέγω” (praat); 1:451 ^c : “πονηθέντων” (harde werk), “πεπονημένων” (harde werk) 1:452: “λόγου” (van die prediking); 1:454 ^a : “τῶν ἐπαίνων” (van lofbetuigings) 1:454 ^b : “ὑπεροψίας” (minagting) 1:454 ^c : “τῷ λέγειν” (die prediking)	14
2	2:455 ^a : “ἐπαίνων” (van lofbetuigings), “τῶν ἐπαίνων” (van lofbetuigings) 2:455 ^b : “δόξης” (lofbetuigings) 2:455 ^c : “ὑπερορῶ” (minag) 2:455 ^d : “διδασκαλίαν” (die leer); 2:455 ^e : “λέγειν” (sy woorde); 2:456 ^a : “τὰς εὐφημίας” (lofbetuigings) 2:456 ^b : “λέγειν” (in prediking)	8
3	3:457: “λέγει” (spreek) 3:459 ^a : “τῶν ἐπαίνων” (van lofbetuigings) 3:459 ^b : “τῆς ὑπεροψίας” (veragting)	3
4	4:460: “κακηγορίας” (aanklagtes) 4:462 ^b : “τοὺς ἐγκαλοῦντας” (die aanklaers); 4:462 ^c : “οἱ μεμφόμενοι” (die aanklaers) 4:462 ^d : “τὰς ὑποψίας” (verdenkinge) 4:463 ^a : “τὸν ἱερέα” (die priester); 4:463 ^b : “τοῖς ἐπαίνοις” (deur lofbetuigings) 4:463 ^c : “ὀδυρομένων” (klagtes) 4:465: “ἐπαινούμενον” (geprys word) 4:466 ^a : “τῶν ἐγκωμίων” (van lofbetuigings) 4:466 ^b : “ἐντραφέντες” (geprys word) 4:466 ^c : “ἐπαινῶνται” (geprys word), “ἐπαινουμένους” (geprys word)	12
5	5:468 ^a : “τῷ λέγειν” (in prediking), “τὸ λέγειν” (prediking); 5:468 ^b : “τοῦ πονεῖθαι” (om in te span) 5:469: “ὁ πόνος” (die werk) 5:470 ^a : “ἐγκαλέσειε” (blameer);	15

	5:470^b: “ἐγκωμίων” (van lof) 5:470^c: “ἐπαίνων” (van lof) 5:470^d: “τοὺς μεμφομένους” (wat fout vind) 5:470^e: “λόγου” (preek) 5:471^a: “ταῖς δόξαις” (die reputasie) 5:471^b: “μέμψεις” (aanklagtes) 5:471^c: “τοῖς λεγομένοις” (vir wat gepreek word), “τῷ λέγειν” (in die prediking); 5:471^d: “τὰ λεγόμενα” (preke); 5:472: “τὰς αἰτίας” (die aanklagtes) 5:473: “δόξαν” (eer)	
6	6:474: “τῷ λέγειν” (in prediking); 6:477^a: “τοῖς ἐπαίνοις” (lofbetuigings), “ἐπαίρουσι” (hulle prys) 6:477^b: “δόξαν” (aansien) 6:478^a: “ἐπαινεθέντα” (lof) 6:478^b: “λόγους” (preke)	6
7	7:482^a: “τὰ ἐγκώμια” (die lofbetuigings) 7:482^b: “ἐπαινοῖτο” (geprys word) 7:482^c: “εὐφημίαις” (lofbetuigings), “εὐφημίαι” (vir lofbetuigings) 7:482^d: “τῆς διδασκαλίας” (van prediking); 7:482^e: “τοὺς λόγους” (preke) 7:483: “τῶν πόνων” (van werk)	7
8	8:484^a: “ἐπαίνων” (van lof), “ἐπαίνων” (van lof) 8:484^b: “τῷ λέγειν” (in prediking); 8:484^c: “τὸ λέγειν” (om te preek); 8:484^d: “τῶν πόνων” (van werk) 8:485: “ἐπαίνων” (van lof) 8:486^a: “δόξης” (lofbetuigings), “δόξαν” (eer) 8:486^b: “μέμφεσθαι” (om te blameer) 8:486^c: “τοῦ λέγειν” (van prediking); 8:487: “ἐγκώμια” (lofbetuigings) 8:488: “λέγειν” (om te preek); 8:489: “βασκανία” (jaloesie); 8:490: “τῷ λέγειν” (in die prediking); 8:492^a: “τοῦ λόγου” (van die preek); 8:492^b: “λέγοντος” (preek) 8:492^c: “πόνων” (werk) 8:493: “δόξης ἔρωτι” (eersug)	18

Na aanleiding van die bogemelde oorsigtabel (tabel 1), is daar vier hoofstukke waarin daar 'n konsentrasie van woordeskat met betrekking tot die ondersoek na vore kom: hoofstuk 8 het die hoogste konsentrasie met 18 gebruike, hoofstuk 5 die tweede hoogste met 15 gebruike, hoofstuk 1 die derde hoogste konsentrasie met 14 gebruike en hoofstuk 4 met 12 gebruike. Hoofstukke waarin daar 'n laer konsentrasie van woorde voorkom, is hoofstuk 2 met 8 gebruike, hoofstuk 7 met 7 gebruike, hoofstuk 6 met 6 gebruike en hoofstuk 3 slegs 3 gebruike.

Vanuit die gedagte-opbou van die *De Sac. V* is daar ook twee temas geïdentifiseer:

- Die hantering van lof en aanklagtes; en
- Die harde werk in die voorbereiding en lewering van preke.

Wanneer die oorsigtabel (tabel 1) met die temas vergelyk word, blyk dit dat hoofstuk 1 hoofsaaklik handel oor die tema van harde werk in die voorbereiding en lewering van preke; terwyl hoofstukke 4, 5 en 8 hoofsaaklik handel oor die tema van die hantering van lof en aanklagtes. Die res van die hoofstukke handel ook hoofsaaklik oor die hantering van lof en aanklagtes, met enkele verwysings na die tema van harde werk in die voorbereiding en lewering van preke.

Op grond hiervan is die vertrekpunt vir die bespreking van die temas soos volg:

- Vir die bespreking van die tema wat handel oor die hantering van lof en aanklagtes, is hoofstuk 8 die vertrekpunt.
- Vir die bespreking van die tema wat handel oor harde werk in die voorbereiding en lewering van preke, is hoofstuk 1 die vertrekpunt.

4. STAP 3: WOORDSTUDIE (SEMANTIESE ANALISE)

Hierdie stap het die semantiese ontleding van woorde wat in vorige stappe geïdentifiseer is as hoofdoel. Vervolgens word die geïdentifiseerde woorde in alfabetiese volgorde behandel.

Die primêre bron vir die woordstudie is BDAG (2000) as leksikon wat konsentreer op die vertalingsmoontlikhede van woorde binne die vroeg-Christelike literatuur. Verdere bronne is Louw en Nida (1988) as semantiese woordeboek en Kittel (1966-1969, 1971) as teologiese woordeboek. Addisionele woordeboeke vir vertalingsmoontlikhede is Liddell en Scott (1958) en waar nodig Lampe (1961).

4.1. αἰτία

Die woord αἰτία kan in drie betekenismoontlikhede gebruik word volgens BDAG (2000:31):

- Eerstens, om na iets te verwys wat verantwoordelik is vir 'n oorsaak, en daarom vertaal kan word as “oorsaak” of “rede” (Liddell & Scott, 1958:44).
- Tweedens, om na die stand van sake te verwys, met die vertalingsmoontlikheid van “saak”, “omstandighede” of “verhouding” (Liddell & Scott, 1958:44).
- Derdens, om na die gronde vir 'n wetlik saak te verwys, met die vertalingsmoontlikheid van “aanklag” of “gronde vir beswaar” (Liddell & Scott, 1958:44).

Louw en Nida (1988:776) stel ook 'n vierde betekenismoontlikheid voor, nl. skuld as gronde vir veroordeling met die vertalingsmoontlikhede van “skuld”, “kwaaddoen” of “rede vir veroordeling”.

Die woord αἰτία kom slegs in *De Sac. V* 5:472 voor: “... τούτων οὐδὲν, ὅπερ ἔφην, ἐννοῆσαι βούλονται· ἀλλ’ ὥσπερ ἀγγέλω δικάζοντες ἐπάγουσι τὰς αἰτίας.” (“... Niks hiervan, soos ek gesê het, is hulle bereid om in ag te neem nie; maar hulle bring **aanklagtes** in asof hulle 'n engel veroordeel.”)

Die verband van hierdie paragraaf dui op die beeld van 'n hofsaak wat plaasvind, waarin die prediker aangekla word. Van die vier bogenoemde moontlikhede pas die derde punt hier die beste, aangesien die verband die van 'n wetlike saak is. Daar word aanklagtes ingebring, maar uit die res van die paragraaf blyk dit dat daar geen geldige rede vir aanklag of veroordeling is.

4.2. ἄρχων

Die woord ἄρχων is een van die titels wat in die *De Sac. V* gebruik word om na die prediker te verwys. As titel kom dit op twee plekke voor:

- 3:457: “ Ἀμφοτέρωθεν οὖν ἰσχυρὸν εἶναι τὸν ἄρχοντα δεῖ, ...” (“Dit is noodsaaklik dat 'n uitnemende **leier** in beide die sake moet vas staan,...”)
- 4:462: “Διὰ ταῦτα οὐ δεῖ τῶν πολλῶν καταφρονεῖν, ἀλλὰ ἀρχομένους εὐθέως περικόπτειν τὰς ὑποψίας τὰς πονηρὰς, ...” (“Daarom is dit noodsaaklik om die menigte gering te ag, maar die goeie **leier** moet ook die slegte verdenkinge afsny ...”)

Volgens BDAG (2000:140) verwys die woord óf na iemand met die bevoegdheid om te regeer (d.w.s. 'n heerser of prins) óf na iemand wat administratiewe gesag mag uitoefen (d.w.s. 'n leier of beampte) (vergelyk ook Liddell & Scott, 1958:254). Louw en Nida (1988:556) voeg daarby dat dit ook kan verwys na 'n persoon wat namens die staat die bevoegdheid ontvang het om regspraak te lewer. Delling (1968a:488-489) wys verder daarop dat die gebruik van die woord in die LXX en die Nuwe Testament gebruik is om ook na engele en demone te verwys: “Die ἄρχων van Israel het die naam Michael” (Delling, 1968a:488) en: “In die Sinoptiese Evangelies probeer

die Fariseërs die indruk wat Christus se genesings gelaat het uitkanseleer deur te argumenteer dat dit gedoen is in die naam van die ἄρχων van die demone” (Kittel, 1968:489)

Wanneer die twee verwysings na ἄρχων in die *De Sac. V*, naamlik in 3:457 en 4:462, binne die verband van die paragrawe waarin hulle voorkom en die *De Sac. V* as boek gekyk word, blyk dit dat dit nie hier oor net ‘n administratiewe pos of oor bo-natuurlike wesens gaan nie, maar oor iemand wat die gesag het om te regeer of leiding te neem.

In *De Sac. V* 3:457 word gesê dat die ἄρχων in staat moet wees om mense “bestraf”. Hier word twee Griekse woorde gebruik, nl. ἐπιτιμάω (“om ‘n vonnis op te lê” / “om te bestraf”) en ἐπιστύφω (“om om te laat draai” / “bestraf”)¹⁴. Daarby moet die ook in staat wees om mense te kan “oortuig”. Hier word die Griekse woord πθέω (“oorreed” / “oortuig” / “oor te haal” / “rustig te stem”) gebruik.

Dus, Chrysostomus gebruik die titel ἄρχων in die *De Sac. V* om na twee eienskappe van die prediker te verwys: aan die een kant sy gesag om te bestraf en tereg te wys en aan die ander kant sy bevoegdheid om met mense te redeneer en hulle te oortuig. Die prediker moet dus as regter en leier kan optree.

4.3. βάσκανος

Volgens BDAG (2000:171) dui die woord βάσκανος op iemand wat jaloers is. Liddell en Scott (1958:310) vertaal dit as “towersnaar” of “lasteraar”. Delling (1968b:594) wys daarop dat βάσκανος die naamwoord is waaruit die werkwoord βασκαίνω afgelei is.¹⁵ Die woorde word gebruik om na iemand te verwys wat laster, of iemand van sy eer wil ontnem en is selfs gebruik om na towery te verwys “wat beoefen is deur kwaadaardige kyke of woorde” (Delling, 1968b:594).

Wanneer die woord in *De Sac. V* 8:489 gebruik word, word dit in die betekenis gebruik van iemand wat afgunstig is op iemand anders se eer en daardie eer nie vir die persoon gun nie.

4.4. διδασκαλία

Die woord διδασκαλία kan óf verwys na die aksie van onderrig, óf na die inhoud van wat geleer word (BDAG, 2000:240; Liddell & Scott, 1958:421; Rengstorff, 1966:160). Waar daar na die

¹⁴ Die gedagte van die woord ἐπιστύφω is om iemand se gedagte, of optrede te verander sodat die persoon geestelik of moreel wegdraai van een ding na ‘n ander (BDAG, 2000:382). In hierdie sin kan dit dan ook met “bestraf” vertaal word.

¹⁵ βασκαίνω is ‘n denominatiewe konstruksie van βάσκανος.

aksie van onderrig verwys is, kon dit die vorm van formele onderrig of informele onderrig aanneem (Louw & Nida, 1988:413). Chrysostomus gebruik die woord in beide die betekenis van aksie en inhoud, soos volg:

In *De Sac. V* 7:482 word die woord διδασκαλία gebruik om na **die aksie van onderrig** te verwys: “Μὴ τοίνυν μήτε ὁ τῆς διδασκαλίας ἀναδεξάμενος τὸν ἀγῶνα ταῖς τῶν ἔξωθεν εὐφημίαις προσεχέτω, μηδὲ ἀπὸ τούτων τὴν ἑαυτοῦ καταβαλλέτω ψυχὴν· ...” (“Dus, laat die een wat die stryd van prediking opneem nie aandag gee aan die lofbetuigings van die buitestaanders nie, en ook nie as gevolg van hierdie mense sy siel neerwerp nie; ...”) Hier word τῆς διδασκαλίας met “van die prediking” vertaal, aangesien dit binne die onmiddellike konteks na onderrig deur middel van ‘n preek verwys. Die gedagte wat Chrysostomus daarmee oordra, sou soos volg geparafraseer kon word: “Dus, laat die een wat die stryd opneem om ander deur sy preke te onderrig, nie aandag gee aan die lofbetuigings van die buitestaanders nie, ...”

In *De Sac. V* 2:455 gebruik Chrysostomus die woord διδασκαλία om na **die inhoud van wat geleer word**, te verwys: “Κἂν γὰρ τὸ ἕτερον ἀπῇ, τὸ λειπόμενον ἄχρηστον γίνεται τῇ διαζεύξει θατέρου. Ἄν τε γὰρ ἐπαίνων ὑπεροπῶν μὴ προσφέρῃ διδασκαλίαν τὴν ἐν χάριτι καὶ ἅλατι ἡρτυμένην, ...” (“As een nie teenwoordig is nie, sal die een wat agterbly weens die skeiding van die ander onbruikbaar wees. Want as die een wat lofbetuigings minag nie die leer wat aangenaam is, [asof] met die sout besprinkel, na vore bring nie, ...”). Hier haal Chrysostomus Kolossense 4:6 aan. In Kolossense skryf die apostel Paulus dat die gelowiges se woorde “πάντοτε ἐν χάριτι, ἅλατι ἡρτυμένους” moet wees, dit wil sê “altyd bekoorlik, [soos] met sout besprinkel”. Dus, wanneer Chrysostomus hier na die leer verwys, verwys hy na die inhoud van die prediking wat bekoorlik moet wees. Binne die verband van die kerk en na gelang van die aanhalings uit die Nuwe Testament, is dit ‘n logiese afleiding dat die “leer” hier na die inhoud van die Evangelie verwys.

4.5. διδάσκαλος

Διδάσκαλος word gebruik in verwysing na “‘n onderwyser” / “leermeester” (BDAG, 2000:241; Liddell & Scott, 1958:421; Louw & Nida, 1988:416).

Wanneer Chrysostomus hierdie woord in sy *De Sac. V* gebruik, is dit om te verwys na die leraar van die gemeente, wat deur sy prediking dié wat na hom luister onderrig. Dit blyk byvoorbeeld uit *De Sac. V* 1:450: “Πρῶτον μὲν γὰρ τὸ πλεον τῶν ἀρχομένων οὐκ ἐθέλουσιν ὡς πρὸς διδασκάλους διακείσθαι τοὺς λέγοντας, ...” (“In die eerste plek is die meeste nie bereid om hulle wat preek as leermeesters te ag nie, ...”)

4.6. δόξα

Die woord δόξα het verskeie betekenismoontlikhede na gelang van die verband waarin dit voorkom. Kittel en von Rad (1966:233) wys daarop dat die gebruik van die woord oorspronklik gedui het op wat iemand van 'n persoon dink, met ander woorde sy “mening” of “opinie” oor 'n persoon (vgl. ook Liddell & Scott, 1958:444).

BDAG (2000:257-258) lys vier betekenismoontlikhede wanneer die by die gebruik van die woord in die Nuwe Testament en vroeg-Christelike literatuur kom:

- Die toestand van iets wat blink of helder skyn, met moontlike vertalings van “omstraal”, “helder skyn” of “heerlikheid”.
- 'n Toestand van grootheid, met die moontlike vertalings van “grootsheid” of “heerlikheid”.
- Eer as bevordering of die erkenning van status, met die moontlike vertalings van “eer”, “erkenning” of “aansien”.¹⁶
- 'n Bo-natuurlike wese wat eer toekom, met die moontlike vertaling van “majestieuse wese”.¹⁷

Hierby voeg Louw en Nida (1988) ook die volgende gebruike by:

- Magsvertoon wat met heerlijkheid gepaard gaan (Louw & Nida, 1988:682).¹⁸
- Om van iets of iemand te praat wat lof of eer verdien (Louw & Nida, 1988:430).
- 'n Plek van heerlijkheid soos die hemel (Louw & Nida, 1988:5).
- 'n Rede tot trotsheid (Louw & Nida, 1988:311).

Die woord δόξα word op verskeie plekke in *De Sac. V* gebruik.¹⁹ Wanneer hierdie gebruike nagegaan word, ontbreek die volgende gebruike: 'n toestand van iets wat blink of helder skyn, 'n toestand van grootheid, verwysing na 'n bo-natuurlike wese, verwysing na magsvertoon, verwysing na 'n plek van heerlijkheid en die trotsheid. Dit laat twee moontlikhede oor, nl. eer as bevordering of erkenning van status, en om van iets of iemand te praat wat lof of eer verdien. Hierdie twee betekenismoontlikhede kan saamgevat word in die woord “lofbetuiging” aangesien eer toegeken word óf op grond van status, óf op grond van optrede. Dit is ook in hierdie betekenis wat die woord δόξα in die *De Sac. V* gebruik word, onder andere in *De Sac. V* 8:486: “Καὶ γὰρ πολλὰ ἁμαρτάνειν ἀναγκασθήσεται, τῆς τῶν πολλῶν δόξης ἥτινων γεγόμενος· ... ἀλλὰ πάντα τολμήσει, κἂν τὴν ψυχὴν ἀπολέσαι δέη, ὑπὲρ τοῦ τὴν ἐκείνων δόξαν εἰς τὴν τῆς ἰδίας εὐτελείας καταγαγεῖν ταπεινότητα.” (“Want hy sal geforseer word om baie verkeerde dinge te

¹⁶ Vgl. ook Kittel en von Rad (1966:243)

¹⁷ Vgl. ook Kittel en von Rad (1966:237)

¹⁸ Vgl. ook Kittel en von Rad (1966:247)

¹⁹ *De Sac. V* 2:455; 5:471, 473; 6:477; 8:486, 493.

doen, nadat hy hom onder die minderwaardige **lofbetuigings** van die skare gestel het ... maar hy sal in alles onderneem om hulle **eer** neer te bring tot die lae vlak van sy eie onwaardigheid, al is dit nodig dat sy eie siel te gronde gaan.”

4.7. ἐγκαλέω

Die woord ἐγκαλέω verwys na ‘n beskuldiging of aanklag wat teen ‘n persoon in gebring word (BDAG, 2000:273; Louw & Nida, 1988:437; Liddell & Scott, 1958:469). Die woord ἐγκαλέω word binne die verband van ‘n moontlike hofspraak gebruik (Louw & Nida, 1988:437). Hierdie gebruik word onder andere gesien in *De Sac. V* 4:462: “... πείθοντα τοὺς ἐγκαλοῦντας, καὶ ἀλογώτατοι πάντων εἶεν ...” (“... terwyl hy die **aanklaers** oortuig al sou hulle almal onredelik wees ...”). Binne die verband van *De Sac. V* 4:462 is die gedagte van ‘n hofspraak teenwoordig in die sin dat daar aanklagtes of valse gerugte versprei is wat beantwoord met word deur die teendeel te bewys op ‘n logiese manier.

4.8. ἐγκωμιάζω

Volgens Liddell en Scott (1958:474) kan ἐγκωμιάζω soos volg vertaal word: “om te prys”, “om te loof”, “om te verheerlik” of “om groot te maak”.²⁰ Hierdie gebruik van die woord word onder andere gesien in *De Sac. V* 5:470: “... τὰ δὲ τούτων, ἂν μὴ λίαν ἡ θαυμαστά καὶ ἑκπληκτα, οὐ μόνον ἐγκωμίων ἐστέπεται, ἀλλὰ καὶ τοὺς μεμφομένους ἔχει πολλούς.” (... terwyl die eersgenoemde se **lof** nie net weg geneem word nie, maar ook baie kry wat fout vind as sy preke nie wonderlik en verstommend is nie.)

4.9. ἐντρέπω

Die woord ἐντρέπω kan na gelang van die verband waarin dit voorkom óf ‘n positiewe óf ‘n negatiewe betekenis dra: positief dra dit die betekenis van eerbied en respek teenoor ‘n persoon op grond van daardie persoon se status (moontlike vertalings is dan “eerbied”, “eerbiedig” of “respek”) (BDAG, 2000: 341; Liddell & Scott, 1958:577); negatief dra dit die betekenis om weg te draai in skande (met die vertalings dan as “skade” of “in die skande steek”) (BDAG, 2000:341; Liddell & Scott, 1958:577; Louw & Nida, 1988:310).

Die woord kom net een keer in die *De Sac. V* voor in 4:466: “... ἀλλὰ καὶ ὅταν μὴ ἐπαινῶνται συνεχῶς, καθάπερ λιμῶ τινι διαφθείρονται τὴν ψυχὴν, καὶ μάλιστα ὅταν αὐτοῖς ἐντραφέντες τύχωσιν, ἢ καὶ ἑτέρους ἐπαινουμένους ἀκούωσι.” (“... maar ook wanneer hulle nie voortdurend

²⁰ Wanneer BDAG (2000), Louw en Nida (1988), Kittel (1966) en Lampe (1961) nagegaan word, word daar geen vertaling vir die woord ἐγκωμιάζω gevind nie.

geprys word nie. Hul siel verswak soos deur 'n hongersnood, veral wanneer hulle gewoon was om **geprys te word** of wanneer hulle hoor dat 'n ander een geprys word.”)

Hier word die woord in die positiewe sin gebruik, naamlik om eer te ontvang op grond van status.

4.10. ἐπαινέω

Die woord ἐπαινέω dui die uitdrukking van bewondering vir of die goedkeuring van 'n persoon, met die moontlike vertaling van “prys”, “lofbetuig” of “goedkeur” (BDAG, 2000:357; Louw & Nida, 1988:429; Liddell & Scott, 1958:603). Volgens Preisker (1966:587) is die woord gebruik om óf op die goedkeuring van die gemeenskap, óf op die goedkeuring van God te dui.

Wanneer die woord in die *De Sac. V* gebruik word, is dit altyd met verwysing na die goedkeuring van lof wat vanuit die gemeenskap kom. Een so 'n voorbeeld is in *De Sac. V* 2:455: “... πρὸς χάριν τῶν ἀκουόντων μᾶλλον ἢ πρὸς ὠφέλειαν λέγειν μελετῶντι, διὰ τὴν τῶν ἐπαίνων ἐπιθυμίαν.” (“... Ter wille van die begeerte na **lofbetuigings**, sal hy sy woorde versigtig kies ter wille van die guns van hulle wat luister, eerder as dit wat nuttig is.”)

Daar word egter in *De Sac. V* 7:482 'n teenstelling gemaak tussen die lof wat die prediker van mense ontvang as motief vir sy werk en die verheerliking van God as motief vir sy werk, maar ook hierin word die woord ἐπαινέω gebruik om na die lof uit die geleedere van mense te verwys:

“Μὴ τοίνυν μήτε ὁ τῆς διδασκαλίας ἀναδεξάμενος τὸν ἀγῶνα ταῖς τῶν ἔξωθεν εὐφημίαις προσεχέτω, μηδὲ ἀπὸ τούτων τὴν ἑαυτοῦ καταβαλλέτω ψυχὴν· ἀλλ’ ἐργαζόμενος τοὺς λόγους, ὡς ἂν ἀρέσειε τῷ θεῷ [οὗτος γὰρ αὐτῷ κανὼν καὶ ὅρος ἔστω μόνος τῆς ἀρίστου δημιουργίας ἐκείνων, μὴ κρότοι, μηδὲ εὐφημίαι], εἰ μὲν ἐπαινοῖτο καὶ παρὰ τῶν ἀνθρώπων, μὴ διακροῦέσθω τὰ ἐγκώμια· μὴ παρεχόντων δὲ αὐτὰ τῶν ἀκροατῶν, μηδὲ ζητεῖτω, μηδὲ ἀλγείτω.” (Dus, laat die een wat die stryd van prediking opneem nie aandag gee aan die lofbetuigings van die buitestaanders nie, en ook nie as gevolg van hierdie mense sy siel neerwerp nie; maar die een wat aan sy preke werk, asof hy God daardeur verheerlik [want laat hierdie vir hom alleen die maatstaf en standaard wees van daardie beste kunswerke, nie vir applous nie, en ook nie vir lofbetuigings nie], as hy wel deur mense **geprys mag word**, moet hy nie die lofbetuigings vermy nie, en as die hoorders dit nie gee nie, moet hy nie dit soek nie, en moet hy ook nie gegrief wees nie.)

4.11. εὐφημία

Εὐφημία dui op “'n gunstige uitspreking oor iets” wat vertaal kan word as “'n goeie berig” of “'n goeie reputasie” (BDAG, 2000:414; Liddell & Scott, 1958:736). Louw en Nida (1988:429) stel ook die moontlike vertalings van “lofprijsing” of “om iets goeds te sê” voor.

Die woord kom drie keer in *De Sac. V* voor: een keer in 2:465 en twee keer in 7:482. In 7:482 wil dit voorkom of dit as 'n wisselterm gebruik word vir beide ἐγκωμιάζω en ἐπαινέω.

4.12. ἱερεὺς

In *De Sac. V* 4:463 maak Chrysostomus gebruik van die titel τὸν ἱερέα om na die prediker te verwys: “Οὕτως οὖν χρὴ τὸν ἱερέα διακείσθαι πρὸς τοὺς ἀρχομένους, ὥσπερ ἂν εἰ πατὴρ παῖδας ἄγαν νηπίους διακείτο· ...” (“Daarom dan is dit nodig vir **die priester** om soos 'n vader teenoor jong kinders vriendelik op te tree, teenoor die oor wie hy regeer ...”)

ἱερεὺς is 'n persoon wat 'n kultiese funksie het, naamlik 'n priester (BDAG, 2000:469; Liddell & Scott, 1958:821). Schrenk (1967:257-258) verwys na vier gevalle waar daar na priesters verwys word in die antieke Griekse wêreld:

- Dit het 'n persoon beskryf wat bekragtig is om as middelaar tot die gode op te tree,
- 'n Veralgemening van almal wat gebed en offers gebring het,
- Amptelike priesters van gode by tempels, en
- Die priesterlike amp wat deur oorerwing oorgedra kon word.

Wanneer Chrysostomus die woord ἱερεὺς gebruik, is daar wel 'n kultiese koppeling waar die ἱερεὺς (priester) 'n bemiddelende rol speel, maar hierdie rol is meer op die gebied van die figuurlike, aangesien hy nie self die offer bring nie. Nêrens in die *De Sac. V* is daar enige verwysing na 'n offer wat deur die prediker gebring moet word nie. In hierdie sin is die prediker nie ἱερεὺς in die tegniese sin van die woord in die antieke Griekse wêreld nie. Die ἱερεὺς moet as soos 'n vader optree teenoor kinders. Die teenstelling van vader en kind veronderstel die gedagte dat die prediker soos die priesters die mense moet onderrig in die Woord van God, of die leer. Die titel dui dus daarop dat die prediker in die prediking van die Woord van God soos 'n priester 'n bemiddelende rol vervul in die sin dat hy tussen God en die mens kom staan en mense onderrig.

4.13. κακήγορος

Liddell en Scott (1958:860) wys daarop dat κακήγορος afgelei is van die werkwoord ἀγορεύω. Volgens Liddell en Scott (1958:860) kan ἀγορεύω vertaal word met “om kwaad te praat”, “beledig” of “laster” en volgens Smyth (2010:73) kan κακήγορος met “beledigend” of “belasterend” vertaal word.²¹ Die werkwoord ἀγορεύω beklemtoon die gedagte om iemand om kant te vang (BDAG, 2000:15). Wanneer *De Sac. V* 4:460 na “Τὰς ἀκαίρους κακηγορίας” (“die

²¹ Die woord κακήγορος word nie gevind in een van die volgende woordeboeke nie: BDAG (2000), Louw en Nida (1988), Kittel (1967) of Lampe (1961) nie.

onvanpaste aanklagtes”) verwys, is die gedagte dié van aanklagtes wat teen die prediker ingebring word nie net onvanpas nie, maar heel moontlik ook ontydig.

4.14. λέγω en λόγος

Die woord λέγω het verskillende vertalingsmoontlikhede en daarom ook verskillende betekenis en gebruik na gelang van die verband waarin die woord voorkom (BDAG, 2000:588-590):

- Eerstens, om iets te sê, hetsy mondelings of in skriftelike vorm, dit wil sê “sê” / “praat” / “vertel” (Liddell & Scott, 1958:1034).
- Tweedens, om aan iets op ‘n spesifieke manier uitdrukking te gee, dit wil sê “sê” / “vra” / “antwoord” / “beveel” / “verseker” / “aankondig” (Liddell & Scott, 1958:1034).
- Derdens, om inligting te gee aangaande iets of iemand, dit wil sê “praat” / “verslag gee” (Liddell & Scott, 1958:1034).
- Vierdens, om iemand op ‘n spesifieke manier te identifiseer deur die persoon “te roep” (Liddell & Scott, 1958:1034).

Wanneer Chrysostomus die woord λέγω gebruik, gebruik hy dit in die eerste en derde betekenis, nl. “praat”. Maar λέγω verwys hy egter nie net na praat oor algemene sake nie, maar spesifiek na ‘n praat-aktiwiteit waarmee inligting deurgegee word, met ander woorde in die derde betekenismoontlikheid van λέγω wat hierbo aangedui is. Dus, wanneer Chrysostomus λέγω in sy verskillende verbuigingsvorme gebruik, verwys hy daarmee na ‘n preek of die aksie van prediking.

Chrysostomus gebruik egter nie net die werkwoord λέγω om na preke / prediking te verwys nie, maar ook die naamwoord λόγος. BDAG (2000:598) identifiseer λόγος as die werkwoordelike naamwoord van λέγω.

Die woord λόγος kan ook gebruik word om te verwys na (BDAG, 2000:599-601):

- Letterlike woorde in mondelinge of geskrewe formaat: “wat gesê word,” “stelling,” “verklaring,” “toespraak,” “instruksie” of “‘n spesifieke saak” (Liddell & Scott, 1958:1057-1058; Louw & Nida, 1988:400, 779; Debrunner *et al.*, 1967:77).
- Berekenings of afrekenings (Liddell & Scott, 1958:1057; Louw & Nida, 1988:583; Debrunner *et al.*, 1967:78).
- Na God as “die Woord” (Liddell & Scott, 1958:1059; Louw & Nida, 1988:400; Debrunner *et al.*, 1967:125).

By bogenoemde gebruike, kan ook nog gevoeg word:

- Die verwysing na die evangelie (Louw & Nida, 1988:260)

- 'n Rede wat gegee word (Liddell & Scott, 1958:1057-1058)

By Chrysostomus is die gebruik van λόγος hoofsaaklik 'n wisselterm vir λέγω om na “preek” / “preke” te verwys. Dit is sigbaar wanneer *De Sac. V 1:452* met *De Sac. V 1:454* vergelyk word:

1:452: “...καὶ ἡ λόγου δύναμις, ἣ ἐξεβάλομεν νῦν, οὕτως ἐνταῦθα γίνεται ποθεινὴ, ὥς οὐδὲ τοῖς σοφισταῖς, ὅταν πρὸς ἀλλήλους ἀγωνίζεσθαι ἀναγκάζονται.” (“...Hulle sit soos beoordelaars van tragedies of musikale opvoerings sodat die krag **van die prediking** (wat ons so pas verduidelik het) blyk om nie so begeerlik te wees soos wanneer redenaars verplig is om met mekaar te kompeteer nie.”)

1:454: “...τῆς τε τῶν ἐπαίνων ὑπεροψίας, καὶ τῆς ἐν τῷ λέγειν δυνάμεως.” (“...deur die minagting van lofbetuigings en deur die krag van **die prediking**.”)

In beide hierdie aanhalings kom die uitdrukking wat as “die krag van die prediking” vertaal word, voor. In *De Sac. V 1:452* word daar egter gebruik gemaak van die genitief enkelvoud van die naamwoord λόγος, terwyl daar in *De Sac. V 1:454* gebruik gemaak word van die praesens infinitief aktief van die werkwoord λέγω.

4.15. μέμφομαι

Die woord word gebruik om na iemand te verwys wat met ander “fout vind” of “blameer” (BDAG, 2000:629; Grundmann, 1967:571; Liddell & Scott, 1958:1101). Volgens Louw en Nida (1988:438) is die aanklagtes wat ingebring word dan op grond van die feit dat die persoon duidelik skuldig is.

In al vier die gevalle waar die woord egter in die *De Sac. V* voorkom²² is dit duidelik dat die aanklagtes wat ingebring word deur die wat fout soek of die prediker blameer, geen grondige rede het nie. Hulle blameer die prediker op grond van hulle persepsie van sy preke en nie op grond van 'n regverdigte beoordeling nie. In 4:462 word gesê dat dié wat die prediker aankla of fout by hom soek se aanklagtes onredelik is en hulle hul nie wil laat oortuig nie. In 5:470 en 5:471 word gestel dat as 'n prediker vir een of ander rede nie 'n preek lewer soos wat die aanklaers aan gewoond is nie, hierdie prediker baie mense sal kry wat daarmee fout sal vind, al is dit so dat die prediker harde werk in sy preek ingesit het. In 8:486 word daar na die prediker self verwys wat lof begeer en hoe hy dan sonder rede ander predikers sal blameer en by hulle preke sal wil fout vind om sodoende sy preke in 'n beter lig te plaas.

²² *De Sac. V* 4:462; 5:470, 471; 8:486.

Daar kan dus nie onteenseglik gesê word dat waar daar aanklagtes ingebring word dit op grond van die feit is dat 'n persoon duidelik skuldig is nie, soos Louw en Nida (1988:438) dit stel nie. Aanklagtes kan ook op grond van persepsie en nie noodwendig op grond van feite nie, ingebring word en daarom ongeldige aanklagtes kan wees.

4.16. ὀδύρομαι

Volgens BDAG (2000:692) verwys ὀδύρομαι na iemand wat “kla” of “treur” en Liddell en Scott (1958:1199) voeg by dat dit ook gebruik kan word om nie iemand te verwys wat 'n “klaaglied sing”. Hauck (1967b:116) wys daarop dat dit gebruik is om na “'n uiterlike uitdrukking van hartseer, dikwels met tranen” te verwys.

Die woord kom net een keer voor in *De Sac. V* 4:463: “... καὶ καθάπερ ἐκείνων οὔτε ὑβρίζοντων, οὔτε πλεητόντων, οὔτε ὀδυρομένων ἐπιστρεφόμεθα ...” (“... soos ons ons nie laat omkeer nie, nóg deur hul beledigings, nóg deur hul houe, nóg deur hul **klagtes** nie ...”). Die gedagte hier is dat die aanklagtes wat die prediker moet aanhoor soos klaagliedere van mense is wat by 'n graf treur.

4.17. πονέω

Πονέω word gebruik om na “die doen van enige vorm van harde werk” te verwys (BDAG, 2000:850; Liddell & Scott, 1958:1447). Die woord kan daarom vertaal word met óf “werk”, “harde werk” óf “moeite”.

Die woord word in die *De Sac. V* dikwels alleen gebruik soos onder andere in 7:483: “ἵκανῇ γὰρ αὐτῷ παραμυθία τῶν πόνων...” (“want daar is genoegsame bemoediging ten opsigte van sy **werke** ...”). Maar daar is ook gevalle waar dit met 'n adjektief gebruik word soos in die geval van 1:449: “... ὁ πολὺς πόνος ὁ περὶ τὰς διαλέξεις τὰς κοινῇ πρὸς τὸν λαὸν γινομένης ἀναλίσκόμενος.” (“... Dit is **die harde werk** wat hyself spandeer ten opsigte van die preke wat voor die mense in die algemeen gelewer word.”)

Die gedagte wat hier na vore kom (met of sonder die adjektief) is dat prediking harde werk en inspanning kos vir die prediker.

4.18. προΐστημι

Volgens BDAG (2000:870) het προΐστημι twee betekenismoontlikhede: dit kan óf na 'n posisie van leierskap verwys en gevolglik met “regeer”, “lei” of “om voor te gaan” vertaal word (vergelyk ook Reicke, 1969:700; Liddell & Scott, 1958:1482); óf om te dui op belangstelling in iets of

iemand met die moontlike vertalings van “om te help”, “om besorgheid te toon” of “om om te gee vir”).)

Die woord kom net een keer in die *De Sac. V* voor as ‘n titel vir die prediker in 4:460 en binne die betekenis van leierskap: “... γὰρ ἀνάγκη τὸν προεστῶτα μέμψεις ὑπομένειν ἀλόγους ...” (“... want die **voorganger** verduur onredelike sensuur...”).²³

4.19. ὑπεροψία

Volgens Lampe (1961:1441) beteken die woord om iets te “minag” of “om gee ag te slaan” op iets nie (vergelyk ook Liddell & Scott, 1958:1867).²⁴

Die woord kom vier keer voor in die *De Sac. V*.²⁵ In drie van die gevalle, nl. *De Sac. V* 1:454; 2:455 en 3:459 word dit gebruik om daarop te wys dat die prediker nie gehoor moet gee of ag moet slaan op die lof van mense nie. Dit is slegs in *De Sac. V* 4:462 waar dit gebruik word om te sê dat slegte gerugte nie net nie aan gestuur moet word nie, maar dat dit afgesny moet word.

5. STAP 4: BESPREEKING VAN TERSAAKLIKE EN ADDISIONELE TEMAS EN PASSASIES

Die doel van hierdie stap is om die temas wat reeds aangetoon is, te bespreek; asook om addisionele passasies waar temas met betrekking tot die amp van prediking en die prediker voorkom, te identifiseer en te bespreek.

In stap 2 is daar reeds uitgewys dat daar twee hoof temas is wat in die *De Sac. V* voorkom, nl. die hantering van lof en aanklagtes en harde werk in die voorbereiding en lewering van preke.

Vanuit stap 3 se woordstudies kan daar ook ‘n derde addisionele tema geformuleer word onder die opskrif “die bevoegdheid van die prediker”. Onder hierdie tema word gekyk veral na die titels en wat die titels wat in die *De Sac. V* gebruik word, en wat dit te kenne gee oor wat die bevoegdheid van die prediker behoort te wees volgens Chrysostomus.

Volgens die oorsigtabel (tabel 1) op p. 25-26 is die grootste konsentrasie van passasies waarin Chrysostomus die hantering van lof en aanklagtes behandel hoofstuk 8, terwyl die grootste konsentrasie van passasies waarin hy die tema van harde werk in die voorbereiding en lewering van preke behandel hoofstuk 1. Hierdie hoofstukke dien as vertrekpunte vir die bespreking van

²³ Hier word die praesens partisipium aktief akkusatief manlik enkelvoud van προΐσθαι (om voor te gaan) selfstandig gebruik.

²⁴ Die woord ὑπεροψία kom nie voor in BDAG (2000), Louw en Nida (1988) of Kittel (1966-1969, 1971) nie.

²⁵ *De Sac. V* 1:454; 2:455; 3:459; 4:462.

die onderskeie temas. Wat die addisionele tema van die bevoegdheid van die prediker betref, sal die passasies waarin die titels wat vir die prediker gebruik word die vertrekpunt vir die bespreking wees.

5.1. Die hantering van lof en aanklagtes

Die eerste geïdentifiseerde tema wat in die *De Sac. V* na vore kom is hoe die prediker lof en aanklagtes hanteer.

In *De Sac. V* 1:454 maak Chrysostomus die eerste keer melding van lofbetuigings: “Τούτου δὲ οὐδαμῶς ἐστὶν ἐπιτυχεῖν, ἀλλ’ ἢ διὰ τούτοις τοῖν δυοῖν, τῆς τε τῶν ἐπαίνων ὑπεροψίας, καὶ τῆς ἐν τῷ λέγειν δυνάμεως.” (Dit kan op geen wyse as deur middel van hierdie twee bereik word nie: deur die minagting van lofbetuigings en deur die krag van die prediking.) Chrysostomus gaan voort en wys ‘n paar gevare van die begeerte na lofbetuigings uit:

- Die prediker wat lofbetuigings begeer, doen skade aan homself en sy gehoor, omdat hy sy woorde kies “πρὸς χάριν τῶν ἀκουόντων μᾶλλον ἢ πρὸς ὠφέλειαν” (ter wille van die guns van hulle wat luister, eerder as dit wat nuttig is) (*De Sac. V* 2:455).
- Die prediker wat lofbetuigings begeer skaf vir homself “τοὺς ἐν τοῖς κρότοις θορύβους” (die oproerigheid van applous) aan (*De Sac. V* 2:456).
- Lofbetuigings hou die gevaar in “ἐξογκοῦσθαι” (om hoogmoedig te word) (*De Sac. V* 4:463).
- Die begeerte na lofbetuigings verskaf ook groot verdriet: “Ὡς περ γὰρ οἱ γανύμενοι τῷ πλουτεῖν, ἡνίκα ἂν καταπέσωσιν εἰς πενίαν, ἄχθονται, καὶ οἱ τρυφᾶν εἰωθότες οὐκ ἂν ἀνάσχοιντο ζῆν εὐτελῶς· οὕτω καὶ οἱ τῶν ἐγκωμίων ἐρῶντες, οὐχ ὅταν ψέγωνται μόνον εἰκῇ, ἀλλὰ καὶ ὅταν μὴ ἐπαινῶνται συνεχῶς, καθάπερ λιμῷ τινι διαφθείρονται τὴν ψυχὴν, καὶ μάλιστα ὅταν αὐτοῖς ἐντραφέντες τύχωσιν, ἢ καὶ ἑτέρους ἐπαινουμένους ἀκούωσι.” (Want soos diegene wat bly is om ryk te wees, hartseer word wanneer hulle in armoede vervall en hulle wat gewoond was om weelderig te lewe, nie kan voortgaan om eenvoudig te lewe nie, so is diegene ook wat lofbetuigings begeer, nie net wanneer hulle sonder rede blameer word nie maar ook wanneer hulle nie voortdurend geprys word nie. Hul siel verswak soos deur 'n hongersnood, veral wanneer hulle gewoond was om geprys te word of wanneer hulle hoor dat 'n ander een geprys word.) (*De Sac. V* 4:466)
- Lofbetuigings word ook gebruik deur die vyande van die prediker, om daardie prediker tot 'n val te bring: “καὶ πολλάκις τινὰ τῶν οὐδὲν δυναμένων εἰπεῖν ἐκλεξάμενοι, τοῖς ἐπαίνοις ἐπαίρουσι, καὶ θαυμάζουσιν ὑπὲρ τὴν ἀξίαν· οἱ μὲν ἀμαθία, οἱ δὲ καὶ ἀμαθία καὶ φθόνη τοῦτο ποιοῦντες, ἵνα τὴν δόξαν τούτου καθέλωσιν, οὐχ ἵνα δείξωσι θαυπαστὸν τὸν οὐκ ὄντα τοιοῦτον.” (Dikwels, nadat hulle iemand gekies het wat nie in staat is om te praat nie, verhoog hulle deur lofbetuigings en prys hulle hom so sy waardigheid. Sommige doen dit alleen uit onkunde, terwyl ander dit uit onkunde én jaloesie doen, sodat hulle die aansien

van hierdie een kan veroordeel, nie sodat hulle kan bewys hoe wonderlik hy is terwyl hy dit nie is nie.) (*De Sac. V 6:477*)

- 'n Prediker wat lofbetuigings begeer sal jaloers word op predikers van hoër aansien en uiteindelik alles in sy vermoë doen “ὕπὲρ τοῦ τὴν ἐκείνων δόξαν εἰς τὴν τῆς ἰδίας εὐτελείας καταγαγεῖν ταπεινότητα” (om hulle eer neer te bring tot die lae vlak van sy eie onwaardigheid) (*De Sac. V 8:486*)
- Die prediker se ywer in sy werk sal ook daaronder ly “τὸ γὰρ πολλὰ μοχθοῦντα ἐλάττονα καρποῦσθαι ἐγκώμια ἱκανὸν καταβαλεῖν καὶ τρέψαι πρὸς ὕπνον βαθὺν τὸν οὐ δυνάμενον ἐγκωμίων καταφρονεῖν” (want harde werk sonder die vrug van lofbetuiging is genoegsaam om die een wat nie in staat is om lofbetuigings te verwerp nie, neer te werp en 'n diepe slaap oor hom te bring.) (*De Sac. V 8:487*)

Hoe moet die prediker dan hierdie lofbetuigings oor sy prediking – of dit nou goed of sleg bedoel word deur die skare – hanteer? Hierop gee Chrysostomus ook 'n antwoord in *De Sac. V 7:482*: “Μὴ τοίνυν μήτε ὁ τῆς διδασκαλίας ἀναδεξάμενος τὸν ἀγῶνα ταῖς τῶν ἔξωθεν εὐφημίαις προσεχέτω, μηδὲ ἀπὸ τούτων τὴν ἑαυτοῦ καταβαλλέτω ψυχὴν· ἀλλ’ ἐργαζόμενος τοὺς λόγους, ὡς ἂν ἀρέσειε τῷ θεῷ [οὗτος γὰρ αὐτῷ κανὼν καὶ ὅρος ἔστω μόνος τῆς ἀρίστοις δημιουργίας ἐκείνων, μὴ κρότοι, μηδὲ εὐφημίαι], εἰ μὲν ἐπαινοῖτο καὶ παρὰ τῶν ἀνθρώπων, μὴ διακρουέσθω τὰ ἐγκώμια· μὴ παρεχόντων δὲ αὐτὰ τῶν ἀκροατῶν, μηδὲ ζητεῖτω, μηδὲ ἀλγείτω.” (Dus, laat die een wat die stryd van prediking opneem nie aandag gee aan die lofbetuigings van die buitestaanders nie, en ook nie as gevolg van hierdie mense sy siel neerwerp nie; maar die een wat aan sy preke werk, asof hy God daardeur verheerlik [want laat hierdie vir hom alleen die maatstaf en standaard wees van daardie beste kunswerke, nie vir applous nie, en ook nie vir lofbetuigings nie], as hy wel deur mense geprys mag word, moet hy nie die lofbetuigings vermy nie, en as die hoorders dit nie gee nie, moet hy nie dit soek nie, en moet hy ook nie gegrief wees nie.)

Uit Chrysostomus se antwoord staan daar drie sake uit:

- In die eerste plek, lofbetuigings is 'n werklikheid. Daarom moet die prediker nie probeer om dit te vermy nie, maar hy moet ook nie doelbewus daarvoor soek nie.
- In die tweede plek, waar daar wel lofbetuigings kom, moet die prediker ook nie veel ag daarop slaan, sodat as dit opdroog hy nie as gevolg daarvan depressief of gegrief word nie.
- In die derde plek, lofbetuigings mag nooit die maatstaf wees vir sy ywer in sy werk nie. Al sy werk moet gemotiveer word deur een maatstaf en standaard: die eer van God.

Samevattend kan die volgende oor die tema van “lofbetuigings” gesê word:

- Lofbetuigings hou 'n groot gevaar in. Dit kan nie net die prediker se ywer in sy werk laat skade ly nie, maar dit kan ook groot gevare inhou vir die wat na hom luister en aan wie hy moet leiding gee.
- Omdat lofbetuigings so 'n groot gevaar inhou, moet hy daarop let dat dit nie die motief vir sy werk word nie, maar sorg dat die eer van God altyd sy maatstaf bly.

5.2. Harde werk in die voorbereiding en lewering van preke

Die tweede geïdentifiseerde tema van die *De Sac. V*, is die tema van harde werk in die voorbereiding en lewering van preke. Chrysostomus skryf in *De Sac. V* 1:449: "... τί οὖν τοῦτο ἐστίν; ὁ πολὺς πόνος ὁ περὶ τὰς διαλέξεις τὰς κοινῇ πρὸς τὸν λαὸν γινομένης ἀναλίσκόμενος." (... Wat is dit dan? Dit is die baie harde werk wat hyself [d.i. die prediker: BJH] spandeer ten opsigte van die preke wat voor die mense in die algemeen gelewer word.)

Hier kom die uitdrukking ὁ πολὺς πόνος ("die baie harde werk") voor. Ὁ πόνος ("die harde werk") alleen gesien beklemtoon klaar die gedagte van inspanning om die werk te doen en dit kan selfs beteken om pyn en angs te ervaar terwyl werk gedoen word (BDAG, 2000:52). Maar Chrysostomus maak dit 'n intensief deur adjektief πολλὸς ("baie") by te voeg.

Die tema van harde werk herhaal hom in *De Sac. V* 1:451: "... ἥν γάρ τινα συμβῆ τῶν λεγόντων μέρος τι τῶν ἑτέροις πονηθέντων ἐνυφῆναι τοῖς λόγοις αὐτοῦ, πλείονα τῶν τὰ χρήματα κλεπτόντων ὑφίσταται ὀνειδίη. ... καὶ τί λέγω τῶν ἑτέροις πεπονημένων; αὐτὸν τοῖς εὐρέμασι τοῖς ἑαυτοῦ συνεχῶς χρήσασθαι οὐκ ἔνι." (...As dit sou gebeur dat hy in sy preke 'n deel van wat deur ander gepreek is nadat hulle hard gewerk het, invoeg, ervaar hy groter spot as hulle wat geld gesteel het; ... Waarom praat ek van ander se harde werk, want is dit wat ontdek is, nie daar om volgens sy eie oordeel gebruik te word nie?)

In *De Sac. V* 1:451 word verbuigings van die werkwoord πονέω gebruik. Die werkwoord word gebruik om te verwys na enige vorm van inspanning of harde werk wat gedoen word (BDAG, 2000:850).

Die tema van harde werk hervat later in die *De Sac. V* hoofstuk 5 weer, waar daar melding gemaak word van inspanning. Chrysostomus skryf in *De Sac. V* 5:468-469: "Καὶ γὰρ ὅταν πολλὴν ἐν τῷ λέγειν δύναμιν ἔχη [τοῦτο δὲ ἐν ὀλίγοις εὖροι τις ἄν]· οὐδὲ οὕτω τοῦ πονεῖθαι διήνεκῶς ἀπήλλακται. ἐπειδὴ γὰρ οὐ φύσεως ἀλλὰ μαθήσεως τὸ λέγειν, κἂν εἰς ἄκρον αὐτοῦ τις ἀφίκηται, τότε αὐτὸν ἀφήσιν ἔρημον, ἂν μὴ συνεχεῖ σπουδῇ καὶ γυμνασίᾳ ταύτην θεραπεύῃ τὴν δύναμιν. Ὡστε τοῖς σοφωτέροις μᾶλλον, ἢ τοῖς ἀμαθεστέροις, μείζων ὁ πόνος ..." (Want alhoewel hy groot krag in prediking mag hê [en hierdie vermoë sal jy by min vind] sal hy nie

daarvan vrygestel word om homself voortdurend in te span nie, aangesien prediking nie natuurlik kom nie, maar deur studie. Selfs al sou hy 'n sekere hoogte peil, sal hy dit verloor as hy nie hierdie krag behou deur dit ywerig en deur oefening versterk nie. Gevolglik is die werk harder is vir geleerdes as vir onkundiges.)

Hier word die infinitief *πονεῖθαι* saam met *διήνεκῶς* ("voortdurend") gebruik. Chrysostomus se betoog hier is dit: die feit dat die prediker begaafd mag wees wanneer dit by sy vermoë om te preek kom, sal hy nie vrygestel word om aan te hou met harde werk wanneer dit by sy preke kom nie. As hy sy vermoë wil behou sal dit net kan gebeur deur "*σπουδῇ καὶ γυμνασίᾳ*" (ywer en oefening).

In *De Sac. V 7:482* word daar weer verwys na "werk" wat vir die prediking vereis word: "... ἀλλ' ἐργαζόμενος τοὺς λόγους, ὡς ἂν ἀρέσειε τῷ θεῷ [*οὗτος γὰρ αὐτῷ κανὼν καὶ ὅρος ἔστω μόνος τῆς ἀρίστοις δημιουργίας ἐκείνων, μὴ κρότοι, μηδὲ εὐφημίας*], ..." (... maar die een wat aan sy preke werk, asof hy God daardeur verheerlik [want laat hierdie vir hom alleen die maatstaf en standaard wees van daardie beste kunswerke, nie vir applous nie, en ook nie vir lofbetuigings nie],...)

In hierdie geval word die werkwoord *ἐργάζομαι* gebruik. Die woord verwys na werk waarby daar ook inspanning betrokke is (BDAG, 2000: 389). Wat egter opmerklik is, is dat uitbreiding van "*ἐργαζόμενος τοὺς λόγους*" (die een wat aan sy preke werk), nl. "*ὡς ἂν ἀρέσειε τῷ θεῷ*" (asof hy God daardeur verheerlik). Met hierdie stelling ontbloom Chrysostomus die motief agter die inspanning en werk, nl. om God deur harde werk te dien. Die *κρότοι* ("applous") en *εὐφημίας* (lofbetuigings) moet nie vir die prediker die oorwegende faktor vir sy inspanning wees nie. Chrysostomus beklemtoon hierdie beginsel in *De Sac. V 7:483*: "*ἱκανὴ γὰρ αὐτῷ παραμυθία τῶν πόνων, καὶ πάντων μείζων, ὅταν ἑαυτῷ συνειδέναι δύνηται, πρὸς ἀρέσκειαν τοῦ θεοῦ συντιθεὶς καὶ ῥυθμίζων τὴν διδασκαλίαν.*" (Want daar is genoegsame bemoediging ten opsigte van sy werke en die grootste is wanneer hy in staat is om te weet hoe om wat hy versamel het te orden tot welbehae van God.)

Waar Chrysostomus in *De Sac. V 1, 5, en 7* die klem lê op die noodsaak van harde werk, gaan hy in *De Sac. V 8* voort om uit te wys dat die smagting na lofbetuigings die brandende ywer van harde werk kan blus. In *De Sac. V 8:484* skryf hy: "*Καὶ γὰρ ἂν φθάσῃ τῇ τῶν ἀλόγων ἐπαίνων ἐπιθυμία ἀλῶναι, οὐδὲν αὐτῷ τῶν πολλῶν πόνων ὄφελος, οὐδὲ τῆς ἐν τῷ λέγειν δυνάμεως. τὰς γὰρ ἀνοήτους τῶν πολλῶν καταγνώσεις μὴ δυναμένη φέρειν ψυχὴ ἐκλύεται καὶ τὴν περὶ τὸ λέγειν ῥίπτει σπουδὴν. διὰ τοῦτο χρὴ μάλιστα πάντων πεπαιδεῦσθαι ἐπαίνων ὑπερορᾶν· οὐ γὰρ ἀρκεῖ τὸ λέγειν εἰδέναι πρὸς τὴν ταύτης δυνάμεως φυλακὴν, ἂν μὴ καὶ τοῦτο προσῇ.*" (Want as hy by voorbaat deur die begeerte van onlogiese lofbetuigings oorweldig word, sal hy geen

voordeel uit sy harde werk trek nie, en ook nie van die krag in sy prediking nie; want die siel wat nie in staat is om die ongunstige opinie van die onintelligente skare te dra nie, gee in en gooi sy ywer aangaande die prediking een kant toe. As gevolg hiervan is dit veral noodsaaklik om geoefen te wees om gee ag te slaan op alle lofbetuigings; want om te weet hoe om te preek is nie genoeg tot die bewaring van hierdie krag nie, as dit nie bygevoeg word nie.)

Dieselfde gedagte kom weer in *De Sac. V* 8:487 na vore: “Πρὸς δὲ τούτοις καὶ τῶν ἰδρώτων ἀποστρήσεται τῶν περὶ τὸ πονεῖν, νάρκης ὥσπερ τινὸς κατασκεδασθείσης αὐτοῦ τῆς ψυχῆς. τὸ γὰρ πολλὰ μοχθοῦντα ἐλάττονα καρποῦσθαι ἐγκώμια ἱκανὸν καταβαλεῖν καὶ τρέψαι πρὸς ὕπνον βαθὺν τὸν οὐ δυνάμενον ἐγκωμίων καταφρονεῖν· ἐπεὶ καὶ γεωργὸς, ὅταν εἰς λεπτόγεων κάμνη χωρίον καὶ πέτρας ἀναγκάζεται γεωργεῖν, ταχέως ἀφίσταται τοῦ πονεῖν, ἢν μὴ πολλὴν περὶ τὸ πρᾶγμα κεκρημένος ᾖ τὴν προθυμίαν, ἢ λιμοῦ δέος ἐπικείμενον ἔχῃ.” (En bykomend hierby sal hy die moeite om te werk nalaat, ‘n soort verdowing wat sy siel oorstroom. Want harde werk sonder die vrug van lofbetuiging is genoegsaam om die een wat nie in staat is om lofbetuigings te verwerp nie, neer te werp en ‘n diepe slaap oor hom te bring. Selfs ‘n boer sal vinnig van die werk afsien, as hy werk aan ‘n armsalige stuk grond en geforseer word om rotse om te werk, behalwe as hy óf oor baie ywer vir die saak beskik, óf as hy vrees dat hongersnood naby is.)

Samevattend kan rondom die tema van harde werk in die *De Sac. V* soos volg saamgevat word:

- Prediking beteken voortdurende inspanning en harde werk. Waar die prediker in sy ywer en oefening van sy vermoëns verslap, word dit duidelik in sy prediking. Hierdie saak geld in besonder vir hulle wat begaafd is en groot krag in die prediking beskik.
- Die motief agter voortdurende harde werk in die prediking mag nie die applous of lofbetuigings van mense wees nie. Die motief moet wees om God daardeur te verheerlik.
- Waar ‘n prediker smag na die applous en lofbetuigings van mense, stel hy homself en sy werk in gevaar, want sodra hy nie die applous en lofbetuigings waarna hy smag ontvang nie, begin hy in sy ywer te verslap en gaan sy prediking agteruit.

5.3. Die bevoegdhede van die prediker

In *De Sac. V* word daar vier titels gebruik om na die prediker te verwys: ἄρχων, διδάσκαλος, ἱερεὺς en προΐστημι.²⁶ Vanuit die woordstudie (punt 4 hierbo) het dit geblyk dat daar sekere eienskappe of bevoegdhede is wat deur hierdie titels veronderstel word.

²⁶ Alhoewel προΐστημι nie ‘n naamwoord is nie, funksioneer dit as ‘n naamwoord deur die selfstandige gebruik van die partisipium in *De Sac. V* 4:460.

Vanuit punt 4.2. hierbo gemeld, is aangetoon dat die gebruik van ἄρχων nie in die *De Sac. V* gebruik word om na 'n administratiewe pos te wys nie, maar na iemand wat die gesag het om te regeer of leiding te neem. As leier moet hy die onderskeidingsvermoë het om te kan tereg wys en te bestraf waar nodig, maar ook daartoe in staat wees om mense van die waarheid te kan oortuig.

Die vermoë om mense van die waarheid te kan oortuig gee dan ook die aanknopingspunt vir die volgende titel, nl. διδάσκαλος. Die tema van onderrig deur middel van 'n leermeester / leraar en prediking as medium speel 'n belangrike rol in *De Sac. V*. As διδάσκαλος moet hy kennis hê van die διδασκαλία (die leer) wat in *De Sac. V* sinoniem is vir die inhoud van die Evangelie. Dit is deur middel van die leer dat die prediker bestraf en oortuig van die waarheid.

As διδάσκαλος van die Evangelie, funksioneer die prediker ook as ἱερέυς. Sy funksie hier gaan egter nie oor die bring van offers nie, maar eerder om 'n bemiddelende rol van priester te vervul in die sin dat hy die διδασκαλία aan mense oordra (sien punt 4.12. hierbo).

Die laaste titel wat vir die prediker gebruik word, is προΐστημι. In punt 4.18. hierbo is getoon dat die woord veral dui op leierskap en om leiding te neem. In hierdie opsig sluit dit nou aan by die titel ἄρχων wat ook leierskap beklemtoon.

Met bogenoemde vier titels in gedagte wys Chrysostomus in *De Sac. V* daarop dat die prediker iemand moet wees wat bevoeg moet wees om leiding te neem in die gemeente. As leier moet hy die onderskeidingsvermoë het om mense tereg te wys en bestraf as hulle verkeerd optree. Dit moet hy doen deur hulle van die waarheid te oortuig deur die verkondiging van die Evangelie.

6. STAP 5: HISTORIESE OORWEGINGS

Die doel van hierdie fase is om die inligting wat tot dusver in die ondersoek na vore gekom het, te verklaar teen die agtergrond van die tydperk waarin dit geskryf is. Aan die einde van hierdie stap sal daar grondbeginsels vir die taak van die prediker soos vanuit die *De Sac. V* blyk, geformuleer word. Hierdie grondbeginsels sal dan met die grondbeginsels wat in die Pastorale briewe na vore kom (sien hoofstuk 3) vergelyk word in hoofstuk 4 van hierdie studie om ooreenkomste en verskille aan te toon.

Daar word eerste gekyk na die sosio-historiese agtergrond van die tyd waarin Chrysostomus geleef het.

Soos in die hoofstuk 1 reeds gemeld was Chrysostomus in die middel van die 4^{de} eeu n.C.²⁷ te Antiochië in Sirië (Fedele, 2003:37) gebore en in 407 n.C. oorlede (Allen & Mayer, 2000:11). Dit plaas die tydperk van Chrysostomus se lewe in die 4^{de} tot vroeg 5^{de} eeu n.C. Die *De Sac.* is geskryf tussen die jare 381 en 386 n.C. (sien Bylae A). Dit plaas die geskrif in die laat 4^{de} eeu.

Die vraag wat in hierdie afdeling beantwoord moet word is: Hoe het die kerk in die tyd van laat 4^{de}, vroeg 5^{de} eeu n.C. gelyk? En meer spesifiek: Hoe het die amp van die prediker in hierdie tydperk daar uitgesien?

Om die vraag te beantwoord “hoe het die kerk in die tyd van die laat 4^{de}, vroeg 5^{de} eeu n.C. gelyk?” is dit nodig om kortliks aandag te skenk die politieke ontwikkeling van die 4^{de} eeu n.C., aangesien die kerk en staat in hierdie tyd in ‘n noue verhouding gestaan het.

6.1. Kerk en staat in die 4^{de} eeu n.C.

Diokletianus (244 – 311 n.C.) het in 284 n.C. keiser van die Romeinse Ryk geword (Blackburn, 2012:14). In 286 n.C. het hy die Ryk in twee gedeel, waarvan hyself keiser van die Oostelike Ryk gebly het en ‘n mede-keiser aangestel het vir die Westelike Ryk (Blackburn, 2012:14). In 292 n.C. het hy die twee Ryke weer verdeel om vier Ryke daar te stel, elk met ‘n onder-keiser wat aan die twee mede-keisers van die Ryk moes terug rapporteer (Blackburn, 2012:14).

Vir die eerste twintig jaar van Diokletianus se regering, het hy die edik van Gallienus²⁸ gerespekteer, aangesien sy vrou en dogter Christene was, alhoewel hy self nooit ‘n Christen was nie (Schaff, 2006b:65-66). Onder die druk van sy mede-regeerder Galerius het hy egter in 303 n.C. vervolging van die Christendom weer ingestel (Schaff, 2006b:66). Hierdie vervolging sou voortduur totdat Konstantyn die Grote (regeer 312-337 n.C.) aan bewind sou kom en in 313 n.C. weer aan die Christene vryheid sou skenk (Blackburn, 2012:16).

Eusebius (260-340 n.C.) skryf in *De Vita Constantini* 1:28:74 hoe Konstantyn ‘n teken van ‘n kruis met die inskripsie “τοῦτο τῷ νίκᾳ” (oorwin hierdeur) gesien het. Na aanleiding hiervan het hy die teken van die kruis op sy weermag se skilde aangebring (*De Vita Constantini* 1:31) en uiteindelik het hy God aanbid (*De Vita Constantini* 1:32), alhoewel daar sommige is wat van mening is dat sy bekering nie eg²⁹ was nie (Blackburn, 2012:15). Konstantyn se bekering – selfs

²⁷ Die presiese datum van Johannes se geboorte word gedebateer. Sommige meen dat dit so vroeg soos 344 n.C. kan wees, terwyl ander weer van mening is dat dit rondom 349 n.C. moet wees (Blackburn, 2012:25).

²⁸ Gallienus (regeer 260 – 268 n.C.) het gesorg dat die kerk in vrede gelaat word en selfs toestemming gegee dat die Christelike geloof as “*religio licita*” (wettige godsdienst) erken word (Schaff, 2006b:63).

²⁹ Blackburn (2012:15) verwys daarna dat Konstantyn weifelagtig was oor sekere leringe en dat hy eers kort voor sy dood deur ‘n Ariaanse biskop gedoop is. Blackburn (2012:15) gaan egter nie in op presies watter leringe Konstantyn

al sou dit net uiterlik van aard wees – het ‘n impak op die Romeinse Ryk gehad, veral nadat hy in 313 n.C. vryheid van godsdiens³⁰ aan almal gegee het en die gekonfiskeerde eiendomme van kerke terug gegee het (Blackburn, 2012:16). Die feit dat die keiser openlik verklaar het dat hy ‘n Christen is, het daartoe gelei dat baie burgers oorgegaan het na die Christelike geloof – nie omdat hulle tot bekering gekom het nie, maar eerder omdat dit die “populêre” en “polities korrekte”³¹ ding was om te doen (vgl. Blackburn, 2012:16). Die gevolg was dat eredienste dikwels bygewoon is deur baie mense wat nooit werklik tot bekering gekom het nie en derhalwe ook nie enige erns gehad het met die verkondiging van die Woord nie.

Konstantyn was deur sy seuns opgevolg. Konstantius, wat as alleenheerser oor die Ryk vanaf 353-361 n.C. regeer het, was ‘n fanatiese Ariaan (Schaff, 2006c:38). Sy regering was gekenmerk deur die gewelddadige onderdrukking van die heidense religieë, asook ‘n onverdraagsaamheid teenoor die ortodokse Christendom (Schaff, 2006c:38).

Konstantius se opvolger, Julianus (regeer 361-363 n.C.) was nie veel beter nie. Julianus was ‘n Neo-Platonis³² wat gepoog het om die heidense religieuse praktyke weer te hervestig en die Christelike geloof uit te wis (Schaff, 2006c:47, vgl. ook Blackburn, 2012:17). Die vervolging van die Christendom onder Julianus was nie ‘n “bloedige” vervolging nie, maar eerder ‘n “sagte” vervolging (Schaff, 2006c:50). Een manier waarop hy dit gedoen het, was om toe te laat dat alle biskoppe wat verban was, hetsy ortodoks of ketters, mag terugkeer na die plekke waar hulle eens op ‘n tyd biskoppe was (Schaff, 2006c:51, Blackburn, 2012:17). Julianus het in 363 n.C. in Antiochië gesterf, nadat hy in ‘n oorlog teen die Perse gewond is (Blackburn, 2012:18).

Die keisers wat Julianus opgevolg het, was Christene wat soos Konstantyn die Grote die Christelike geloof goedgunstig was (Schaff, 2006c:60). Die gevolg hiervan was dat ten minste

oor getwyfel het nie. Schaff (2006c:14-15) wys verder ook daarop dat hy op ‘n gereelde basis so laat as 321 n.C. waarsêers geraadpleeg het, dat hy die nuwe hoofstad Byzantium onder die beskerming van die “God van die Martelare en die heidense godin Fortuna” geplaas het en tot aan die einde van die lewe die titel van *Pontifex Maximus* (Grootste Pontiff), wat ‘n titel van die hoëpriester was, behou het.

³⁰ Blackburn (2012:16) wys daarop dat die godsdienstige vryheid van 313 n.C. (die bekende “edik van Milan”) nie die Christelike geloof staatsgodsdiens gemaak het nie. Eusebius (260-340 n.C.) verhaal in *Ecc. Hist.* 10:5:4 die inhoud van die edik van Milan waarin hy skryf dat aan beide “τοῖς Χριστιανοῖς καὶ πᾶσιν ἐλευθέραν αἴρεσιν τοῦ ἀκολουθεῖν τῇ θρησκείᾳ ἣ δ’ ἂν βουλευθῶσιν” (die Christene en almal vrye keuse het om [die vorm van] aanbidding wat hulle verkies, te volg). Hieruit is dit duidelik dat die edik van Milan nie die Christelike geloof as staatsgodsdiens verklaar het nie, maar slegs aan die Christelike geloof godsdienstige vryheid gegee het.

³¹ Met die term “polities korrek” word bedoel dat aangesien die staat gunstig teenoor die Christelike geloof was, die burgers dit as voordelig sou beskou om deel van die kerk te wees.

³² Volgens Latourette (2007:26) was Neo-Platonisme ‘n kombinasie van Griekse filosofieë met ‘n geestelike element wat deur middel van asketisme die liggaam wou tem, die menslike siel wou reinig en deur oorpeinsing eenheid met God wou verkry. Dit was dus ‘n sinkretistiese filosofie wat die Griekse filosofieë met die Christelike geloof wou trou.

vanaf 363 n.C. tot aan die einde van die 5^{de} eeu n.C. die kerk weer “populêr” en “polities korrek” was. Soos in die tyd van Konstantyn die Grote, sou dit beteken dat daar in kerk baie mense was wat uiterlik deel van die kerk was, maar nooit werklik tot bekering gekom het nie.

Dit is in hierdie tweede tydperk van godsdienstige vryheid wat Chrysostomus sy *De Sacerdotio* op skrif gestel het en derhalwe moet die geskrif verstaan word teen die agtergrond van hierdie tydsgleuf.

6.2. Die amp van biskop / priester in 4^{de} - 5^{de} eeu n.C.

Vanaf die tyd dat keiser Konstantyn aan bewind gekom het, het daar ‘n nuwe verhouding tussen kerk en staat, en gevolglik ook tussen keisers en biskoppe, ontstaan. Schaff (2006c:131) stel dit soos volg:

“Aan die een kant het die politiese heersers, as hoogste lede en beskermers van die kerk die reg toe gee om te deel in haar regering, en ingemeng op verskeie wyses in haar eksterne en interne sake, hetsy tot haar voordeel of tot nadeel. Aan die ander kant het die biskoppe en patriargs, as die hoogste bekleders en amptenare van die staatsgodsdienst, in allerhande sekulêre sake en knoeierye van die Byzantynse hof betrokke geraak.” (Vertaling: BJH)

Hierdie wedersydse inmening het daartoe gelei dat daar ‘n onderskeid gemaak is tussen twee “ryke”: aan die een kant die sekulêre of keiserlike ryk en aan die ander kant ‘n geestelike of priesterlike ryk (Schaff, 2006c:134). Gevolglik het die biskopraad insae gehad in die wette van die land en die gevolmagtigdes van die keisers insae in teologiese sake (Schaff, 2006c:135). Dit het daartoe gelei dat die suiwer leer of dwaling dikwels geseëvier het na gelang van die standpunt van die keiser, en so ook die aanstelling en ontheffing van biskoppe (Schaff, 2006c:136). Dit is in hierdie tyd dat Chrysostomus self as biskop aangestel en onthef is en uiteindelik kort voor sy dood verban is.

Die stryd tussen kerk en staat het egter ook gelei tot ‘n innerlike magstryd in die kerk. Daar het al hoe meer ‘n onderskeid tussen “presbiter” en “biskop” gekom (Schaff, 2006c:257). Hierdie onderskeid was nie ‘n Godgegewe onderskeid nie, maar ‘n kerklike onderskeid (Schaff, 2006c:257-258). Dit blyk uit Chrysostomus se eie woorde in sy Homilie 1 vanuit Filippense 1. As verklaring van die titels “συν ἐπισκόποις καὶ διακόνοις.” (Medebiskoppe en diakens) in Filippense 1:1 skryf hy: “Τί τοῦτο; μίᾳ πόλει πολλοὶ ἐπισκοποὶ ἦσαν; Οὐδαμῶς ἀλλὰ τοὺς πρεσβυτέρους οὕτως ἐκάλεσε...” “Wie is hierdie? Was daar baie biskoppe vir een stad? Glad nie, maar hy noem die presbiteres³³ so.” (Hom. 1 Phil. 1:194-195). Chrysostomus wys na hierdie gebruik van “ἐπίσκοπος” en “διάκονος” aan die hand van verskillende gedeeltes en kom dan tot

³³ Hedendaagse vertaling van “presbiters” sal “ouderlinge” / “oudstes” wees.

die gevolgtrekking in Hom. 1 Phil. 1:195: “Ὅπερ οὖν ἔφην, καὶ οἱ πρεσβύτεροι τὸ παλαιὸν ἐκαλοῦντο ἐπίσκοποι καὶ διάκονοι τοῦ Χριστοῦ, καὶ οἱ ἐπίσκοποι πρεσβύτεροι· ...” (“Presies soos ek dan gesê het, die presbiters van ouds is biskoppe en diakens van Christus genoem, en die biskoppe [is] presbiters [genoem] ...”). Vanuit hierdie aanhalings is dit duidelik dat Chrysostomus self die foutiewe onderskeid wat daar in sy eie dag gemaak is tussen biskoppe en presbiters, raakgesien en erken het.

By Chrysostomus word daar gevind dat hy in *De Sac. V* die titel ἱερεύς (priester) gebruik, in plaas van ἐπίσκοπος of πρεσβύτερος, alhoewel hy verduidelik waarom hyself nie as ἐπίσκοπος (biskop) kan dien nie.

6.3. Samevattende grondbeginsels

Die *De Sac. V* is geskryf teen die agtergrond van ‘n magstryd: enersyds ‘n magstryd tussen kerk en staat; andersyds ‘n innerlike magstryd in die kerk self. Tog moet die predikers te midde van hierdie magstryd steeds hul taak voortsit, soos dit ook blyk uit *De Sac. V*.

In *De Sac. V* gebruik Chrysostomus hoofsaaklik die titels ἱερεύς (priester) en διδάσκαλος (leermeester / onderwyser) om na die prediker te verwys. Hierbo in punt 5 is aangetoon dat Chrysostomus in *De Sac. V* drie sake ten opsigte van die prediker sentraal stel: die eerste is die tema van die hantering van lof en aanklagtes, die tweede is die tema van harde werk in die voorbereiding en lewering van preke en die derde is die bevoegdheid van die prediker. Indien die historiese verband waarbinne Chrysostomus hierdie temas hanteer in ag geneem word, blyk dit dat hy daarmee die volgende grondbeginsels stel:

- Die prediker moet voortdurend aan sy vermoë om te preek, werk – ongeag of hy begaafd is of nie.
- Sy motief moet altyd die eer van God wees, nooit die applous of lofbetuigings van mense nie.
- Omdat die gevare van applous en lofbetuigings so groot is, moet hy dit verag eerder as daarna smag.

7. SLOT OPMERKINGS

Hierdie hoofstuk het as ondersoek Chrysostomus se *De Sac. V* as fokus van ondersoek gehad, met die doel om daaruit beginsels te identifiseer wat Chrysostomus met betrekking tot die taak van die prediker stel. In punt 6.3. hierbo het die ondersoek daartoe gelei dat sodanige beginsels wel geformuleer en weergegee is.

Ten einde hierdie beginsels wat Chrysostomus in *De Sac. V* stel na behore te evalueer, word dit vervolgens vergelyk met beginsels met betrekking tot die prediker en sy prediking soos dit in die Nuwe-Testamentiese geskrifte gestel word. As primêre Nuwe-Testamentiese bron van inligting hiervoor word die Pastorale briewe van die apostel Paulus ondersoek, dit wil sê sy twee briewe aan Timoteus en sy brief aan Titus. Aan die hand van die ondersoek van hierdie briewe word in hoofstuk 3 die beginsels vir die taak van die prediker deur die Nuwe Testament voorgehou word, geformuleer.

HOOFSTUK 3: DIE BEGINSELS VIR DIE TAAK VAN DIE PREDIKER VANUIT DIE PASTORALE BRIEWE

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar ondersoek ingestel na die beginsel vir die taak van die prediker soos dit in die Pastorale briewe (1 Timoteus, 2 Timoteus en Titus) na vore kom. Die doel van hierdie hoofstuk is om hierdie beginsels te identifiseer en weer te gee, sodat dit met die beginsels wat in hoofstuk 2 reeds geïdentifiseer is, vergelyk kan word.

Vir die ondersoek van die Pastorale briewe word dieselfde metode gebruik gemaak as wat in Hoofstuk 2 gevolg is:

- Stap 1: Gedagte-opbou van die boeke
- Stap 2: Identifisering van tersaaklike passasies en temas
- Stap 3: Woordstudie (semantiese analise)
- Stap 4: Bespreking van tersaaklike en addisionele passasies
- Stap 5: Historiese oorwegings.

2. STAP 1: GEDAGTE-OPBOU VAN DIE PASTORALE BRIEWE

Die gedagte-opbou struktuur van die Pastorale briewe kan soos volg saamgevat word.³⁴

Gedagte-opbou struktuur van 1 Timoteus:


1 Timoteus 1:1-2: Aanhef van brief (Inleiding)

1 Timoteus 1:3-20: Paulus en Timoteus se fokus as bedienaars van die Woord.

1 Timoteus 2:1-3:16: Die inrigting van die gemeente se eredienste en leiers.

1 Timoteus 4:1-6:19: Timoteus se optrede as bedienaar van die Woord teenoor verskillende mense.

1 Timoteus 6:20-21: Samevattende opmerkings (Slot)



³⁴ Vir 'n analise van die Pastorale briewe, sien Bylae C op p. 167 ev.

Gedagte-opbou struktuur van 2 Timoteus:

2 Timoteus 1:1-2: Aanhef (Inleiding)

2 Timoteus 1:3-18: Paulus se dankbaarheid oor Timoteus en Paulus se lyding ter wille van die evangelie.

2 Timoteus 2:1-4:5: Paulus het aan Timoteus die evangelie oorgedra, nou volg opdragte ten opsigte van Timoteus se bediening as bedienaar van die Woord.

2 Timoteus 4:6-21: Paulus se lyding as apostel, sy laaste opdragte en waarskuwings.

2 Timoteus 4:22: Seën (Slot)

Gedagte-opbou struktuur van Titus:

Titus 1:1-4: Aanhef (Inleiding)

Titus 1:5-9: Nood en vereistes van ouderlinge.

Titus 1:10-3:11: Titus se apologetiese en pastorale roeping.

Titus 3:12-14: Algemene opdragte aan Titus.

Titus 3:15: Groete en seën (Slot)

3. STAP 2: IDENTIFISERING VAN TERSAAKLIKE PASSASIES EN TEMAS

Vanuit die gedagte-opbou analise van die Pastorale briewe in Bylae C³⁵ is daar 'n aantal woorde en temas wat op grond van die frekwensie en konsentrasie daarvan geïdentifiseer is. Geïdentifiseerde woorde en indeling van woorde³⁶ wat in stap 3 verdere ondersoek word deur middel van 'n woordstudie is:

- As titels gebruik word vir die een wat preek
 - διάκονος (dienaar),
 - διδάσκαλος (leermeester),
 - ἐπισκοπή (ouderling),
 - ἐπίσκοπος (ouderling),
 - εὐαγγελιστής (evangelis),
 - πρεσβύτερος (ouderling).

³⁵ Sien p. 167 ev.

³⁶ Sien p. 199 ev.

- Die aksie van prediking beskryf
 - ἀνάγνωσις (voorlees),
 - διδαχή (onderrig),
 - διδάσκω (om te onderrig),
 - κηρύσσω (verkondig),
 - λαλέω (spreek),
 - μανθάνω (om te leer),
 - παράκλησις (onderrig).

- Die resultaat van prediking omskryf
 - διαβεβαιόομαι (om te oortuig),
 - ἐλέγχω (weerlê),
 - ἐπιστομίζω (om stil te maak),
 - ἐπιτιμάω (bestraf),
 - παραγγέλλω (om te beveel),
 - νουθεσία (vermaan),
 - παραγγελία (beveel),
 - παρακαλέω (om aan te spoor),
 - ὑπομνήσκω (herinner).

- Die inhoud van die prediking, dit wil sê die leer, beskryf
 - ἀλήθεια (waarheid),
 - διδασκαλία (leer),
 - εὐαγγέλιον (goeie nuus / evangelie),
 - εὐσέβεια (godsdienst),
 - λόγος (woord),
 - πίστις (geloof).

- Dit wat in stryd is met die inhoud van die prediking, met ander woorde die dwaalleer, beskryf
 - ἑτεροδιδασκαλέω (valse leer),
 - μῦθος (mite),

- Die dwaalleraars beskryf
 - ἄπιστος (ongelowig),
 - μαίνω (om besoesdeld te wees),
 - νομοδιδάσκαλος (leraar van die wet),

- ψευδολόγος (leuenaar).

Na aanleiding van bogenoemde woorde is daar in Bylae C reeds verskeie tersaaklike passasies en temas aangewys. Tersaaklike passasies en temas wat reeds aangewys is, is:

- 1 Timoteus 1:2-20, 4:1-5; 2 Timoteus 3:1-9, 4:1-5; Titus 1:10-16 en 3:9-11 vir die tema “die stryd teen die dwaalleer”.³⁷
- 1 Timoteus 3:1-13, 5:17-19 en Titus 1:5-9 vir die tema “die ouderling as leraar”.³⁸
- 1 Timoteus 4:6-16, 6:3-14, 20-21; 2 Timoteus 2:1-7 en Titus 2:1-3:8 vir die tema “die bedienaar as leraar”.³⁹

Voordat daar ‘n woordstudie gedoen word, word die voorkoms van die woorde van geïdentifiseer is in Bylae C eers gemeld, waarna ‘n oorsigtabel opgestel sal word om te sien of daar enige verdere passasies is wat aandag moet geniet.⁴⁰

3.1. Titels wat gebruik word vir die een wat preek

3.1.1. διάκονος

1 Timoteus 3:8: “Διακόνους ὡσαύτως σεμνούς,...” (“Net so moet die **diakens** [manne wees] wat respek waardig is, ...”)

1 Timoteus 3:12: “διάκονοι ἔστωσαν μιᾷς γυναικὸς ἄνδρες,...” (‘n **Diaken** moet aan sy eie vrou getrou wees, ...)

1 Timoteus 4:6: “Ταῦτα ὑποτιθέμενος τοῖς ἀδελφοῖς καλὸς ἔση διάκονος Χριστοῦ Ἰησοῦ,...” (“As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy ‘n goeie **dienaar** van Christus Jesus wees, ...”)

3.1.2. διδάσκαλος

1 Timoteus 2:7: “εἰς ὃ ἐτέθην ἐγὼ κήρυξ καὶ ἀπόστολος, ἀλήθειαν λέγω οὐ ψεύδομαι, διδάσκαλος ἐθνῶν ἐν πίστει καὶ ἀληθείᾳ.” (“waarvoor ek aangestel is as prediker, apostel en **leermeester** in die geloof en waarheid vir die heidennasies, ek praat die waarheid, ek lieg nie.”)

³⁷ Sien p. 200.

³⁸ Sien p. 201.

³⁹ Sien p. 201.

⁴⁰ Alle aanhalings van die Griekse teks is uit die Greek New Testament, 4^{de} hersiene uitgawe (Aland *et al.*, 2006). Alle vertalings van die Grieks word deur die skrywer self gedoen, behalwe waar anders aangedui.

2 Timoteus 1:11: “εἰς ὃ ἐτέθην ἐγὼ κήρυξ καὶ ἀπόστολος καὶ **διδάσκαλος**” (“vir wat ek aangestel is as verkondiger, apostel en **leermeester**”)

2 Timoteus 4:3: “ἔσται γὰρ καιρὸς ὅτε τῆς ὑγιαίνουσας διδασκαλίας οὐκ ἀνέξονται ἀλλὰ κατὰ τὰς ἰδίας ἐπιθυμίας ἑαυτοῖς ἐπισωρεύσουσιν **διδασκάλους** κνηθόμενοι τὴν ἀκοήν” (“Want daar sal ‘n tyd wees wanneer mense die gesonde leer nie sal aanvaar nie, maar hulle sal vir hulle **leermeesters** bymekaar maak volgens hulle eie begeertes wat hulle in die oor sal kielie”)

3.1.3. ἐπισκοπή

1 Timoteus 3:1: “πιστὸς ὁ λόγος. Εἴ τις **ἐπισκοπῆς** ὀρέγεται, καλοῦ ἔργου ἐπιθυμεῖ.” (“Die woord is betroubaar. As iemand daarna streef om **ouderling** te wees, streef hy na ‘n goeie werk.”)

3.1.4. ἐπίσκοπος

1 Timoteus 3:2: “δεῖ οὖν τὸν **ἐπίσκοπον** ἀνεπίλημπτον εἶναι, μᾶς γυναικὸς ἄνδρα, νηφάλιον σώφρονα κόσμιον φιλόξενον διδακτικόν” (“Dit is noodsaaklik vir ‘n **ouderling** om onberispelik te wees, die man van een vrou, selfbeheersd, verstandig, beskeie, gasvry, in staat om onderrig te gee”)

Titus 1:7: “δεῖ γὰρ τὸν **ἐπίσκοπον** ἀνέγκλητον εἶναι ὡς θεοῦ οἰκονόμον, μὴ αὐθάδη, μὴ ὀργίλον, μὴ πάροινον, μὴ πλήκτην, μὴ αἰσχροκερδῆ” (“want dit is noodsaaklik vir ‘n **ouderling** om beskeie te wees, as huisbestuurder van God, nie eiesinnig, opvlieënd, verslaaf aan wyn, rusiemaker of ‘n gierigaard is nie”)

3.1.5. εὐαγγελιστής

2 Timoteus 4:5: “...ἔργον ποιήσον **εὐαγγελιστοῦ**,...” (“... doen die werk van ‘n **evangelis**, ...”)

3.1.6. πρεσβύτερος

1 Timoteus 5:17: “Οἱ καλῶς προεστῶτες **πρεσβύτεροι** διπλῆς τιμῆς ἀξιούσθωσαν, μάλιστα οἱ κοπιῶντες ἐν λόγῳ καὶ διδασκαλίᾳ.” (“Die **ouderlinge** wat goed leiding gee, moet waardig beskou word om dubbele belonging te ontvang, veral die wat hard werk in prediking en onderrig.”)

1 Timoteus 5:19: “κατὰ **πρεσβυτέρου** κατηγορίαν μὴ παραδέχου, ἐκτὸς εἰ μὴ ἐπὶ δύο ἢ τριῶν μαρτύρων.” (“Moenie ‘n beskuldiging teen ‘n **ouderling** aanvaar nie, behalwe op die getuienis van twee of drie.”)

Titus 1:5: “Τούτου χάριν ἀπέλιπόν σε ἐν Κρήτῃ, ἵνα τὰ λείποντα ἐπιδιορθώσῃ καὶ καταστήσῃς κατὰ πόλιν **πρεσβυτέρους**, ὥς ἐγώ σοι διαταξάμην” (“Ter wille hiervan het ek jou op Kreta agtergelaat, sodat jy die dinge wat gedoen moet word, kan reël en in elke dorp **ouderlinge** aanstel, soos ek jou beveel het”)

3.2. Woorde wat die aksie van prediking beskryf

3.2.1. ἀνάγνωσις

1 Timoteus 4:13: “ἕως ἔρχομαι πρόσεχε τῇ **ἀναγνώσει**,...” (“Totdat ek kom moet jy aandag gee aan **voorlesing**, ...”)

3.2.2. διδακτικός

1 Timoteus 3:2: “δεῖ οὖν τὸν ἐπίσκοπον ἀνεπίλημπτον εἶναι, μᾶς γυναικὸς ἄνδρα, νηφάλιον σώφρονα κόσμιον φιλόξενον **διδακτικόν**” (Dit is noodsaaklik vir ‘n ouderling om onberispelik te wees, die man van een vrou, selfbeheersd, verstandig, beskeie, gasvry, in staat om **onderrig** te gee)

2 Timoteus 2:24: “δοῦλον δὲ κυρίου οὐ δεῖ μάχεσθαι ἀλλὰ ἥπιον εἶναι πρὸς πάντας, **διδακτικόν**, ἀνεξίκακον” (“‘n dienaar van die Here moenie rusie maak nie, maar teenoor almal goedgesind wees, in staat om **onderrig** te gee, geduldig”)

3.2.3. διδάσκω

1 Timoteus 2:12: “**διδάσκειν** δὲ γυναικὶ οὐκ ἐπιτρέπω οὐδὲ αὐθεντεῖν ἄνδρός, ἀλλ’ εἶναι ἐν ἡσυχίᾳ.” (“ek laat nie ‘n vrou toe om **onderrig** te gee of om oor die man gesag uit te oefen nie, maar om stil te wees.”)

1 Timoteus 4:11: “Παράγγελλε ταῦτα καὶ **δίδασκε**.” (Hierdie dinge moet jy beveel en [vir mense] **leer**.)

1 Timoteus 6:2: “... Ταῦτα **δίδασκε** καὶ παρακάλει ...” (“... **Leer** [mense] hierdie dinge en spoor hulle aan...”)

2 Timoteus 2:2: “καὶ ἃ ἤκουσας παρ’ ἐμοῦ διὰ πολλῶν μαρτύρων, ταῦτα παράθου πιστοῖς ἀνθρώποις, οἵτινες ἱκανοὶ ἔσονται καὶ ἑτέρους **διδάξαι**.” (“en wat jy voor baie getuies van my gehoor het, vertrou hierdie dinge aan betroue mans toe, wat bekwaam sal wees om ook ander te **onderrig**.”)

Titus 1:11: “οὐς δεῖ ἐπιστομίζειν, οἵτινες ὅλους οἴκους ἀνατρέπουσιν **διδάσκοντες** ἅ μὴ δεῖ αἰσχροῦ κέρδους χάριν.” (“Dit is nodig dat die wat ganse huishoudings ruïneer deur te **leer** wat hulle nie behoort nie ter wille van skaamtelose wins, se monde stil gemaak moet word.”)

3.2.4. διδασχὴ

2 Timoteus 4:2: “κήρυξον τὸν λόγον, ἐπίστηθι εὐκαίρως ἀκαίρως, ἔλεγξον, ἐπιτίμησον, παρακάλεσον, ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ καὶ **διδασχῇ**.” (“verkondig die Woord, hou daarmee aan tydig en ontydig, weerlê, bestraf, bemoedig met alle geduld en **onderrig**.”)

Titus 1:9: “ἀντεχόμενον τοῦ κατὰ τὴν **διδασχὴν** πιστοῦ λόγου, ἵνα δυνατὸς ᾦ καὶ παρακαλεῖν ἐν τῇ διδασκαλίᾳ τῇ ὑγιαινούσῃ καὶ τοὺς ἀντιλέγοντας ἐλέγχειν.” (“hy moet vashou aan die **leer** van die betroubare woord, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer aan te moedig sowel as om die teenstanders te weerlê.”)

3.2.5. κηρύσσω

2 Timoteus 4:2: “**κήρυξον** τὸν λόγον, ἐπίστηθι εὐκαίρως ἀκαίρως...” (“**Verkondig** die Woord, hou daarmee aan tydig en ontydig, ...”)

3.2.6. λαλέω

1 Timoteus 5:13: “ἅμα δὲ καὶ ἀργαὶ μανθάνουσιν περιερχόμεναι τὰς οἰκίας, οὐ μόνον δὲ ἀργαὶ ἀλλὰ καὶ φλύαροι καὶ περιεργοί, **λαλοῦσαι** τὰ μὴ δέοντα.” (“terselfdertyd leer hulle om ledig te wees terwyl hulle van huis tot huis rondgaan, en nie alleen is hulle ledig nie, maar hulle praat ook onsin en is bemoeisiek, deur dinge te **sê** wat onnodig is.”)

Titus 2:1: “Σὺ δὲ **λάλει** ἃ πρέπει τῇ ὑγιαινούσῃ διδασκαλίᾳ.” (“Maar **sê** jy wat by die gesonde leer pas.”)

Titus 2:15: “Ταῦτα **λάλει** καὶ παρακάλει καὶ ἔλεγχε μετὰ πάσης ἐπιταγῆς· μηδεὶς σου περιφρονεῖτω.” (“**Praat** oor hierdie dinge, bemoedig en wys tereg met volle gesag; laat niemand op jou neerkyk nie.”)

3.2.7. μανθάνω

2 Timoteus 3:7: “πάντοτε **μανθάνοντα** καὶ μηδέποτε εἰς ἐπίγνωσιν ἀληθείας ἐλθεῖν δυνάμενα.” (“wat altyd iets wil **leer** maar nooit in staat is om tot die kennis van die waarheid te kom nie.”)

3.2.8. *παράκλησις*

1 Timoteus 4:13: “ἕως ἔρχομαι πρόσεχε τῇ ἀναγνώσει, τῇ **παράκλησει**, τῇ διδασκαλίᾳ.” (“totdat ek kom, hou aan met die voorlesing, **bemoediging**, onderrig”)

3.3. Woorde wat die resultaat van prediking omskryf

3.3.1. *διαβεβαιόομαι*

1 Timoteus 1:7: “θέλοντες εἶναι νομοδιδάσκαλοι, μὴ νοοῦντες μήτε ἃ λέγουσιν μήτε περὶ τίνων **διαβεβαιοῦνται**.” (“hulle wil leermeesters van die wet wees, maar hulle verstaan nie wat hulle sê óf waarop hulle **aandring** nie.”)

Titus 3:8: “Πιστὸς ὁ λόγος· καὶ περὶ τούτων βούλομαί σε **διαβεβαιοῦσθαι**, ἵνα φροντίζωσιν καλῶν ἔργων προϊστασθαι οἱ πεπιστευκότες θεῷ· ταῦτά ἐστιν καλὰ καὶ ὠφέλιμα τοῖς ἀνθρώποις.” (“Dit is ‘n betroubare woord: ek wil hê dat jy op hierdie dinge **aandring**, sodat dié wat in God glo hulle daarop kan toelê om hulle deur goeie dade toe te wy; dit is wat goed en nuttig is vir mense.”)

3.3.2. *ἐλέγχω*

1 Timoteus 5:20: “τοὺς ἀμαρτάνοντας ἐνώπιον πάντων **ἐλέγχε**, ἵνα καὶ οἱ λοιποὶ φόβον ἔχωσιν.” (“Dié wat sondig moet jy voor almal **teregwys**, sodat die ander afgeskrik kan word.”)

2 Timoteus 4:2: “κήρυξον τὸν λόγον, ἐπίστηθι εὐκαίρως ἀκαίρως, **ἐλέγξον**, ἐπιτίμησον, παρακάλεσον, ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ καὶ διδαχῇ.” (“verkondig die Woord, hou daarmee aan tydig en ontydig, **weerlê**, bestraf, bemoedig met alle geduld en onderrig.”)

Titus 1:9: “ἀντεχόμενον τοῦ κατὰ τὴν διδαχὴν πιστοῦ λόγου, ἵνα δυνατὸς ᾖ καὶ παρακαλεῖν ἐν τῇ διδασκαλίᾳ τῇ ὑγιαινούσῃ καὶ τοὺς ἀντιλέγοντας **ἐλέγχειν**.” (“hy moet vashou aan die leer van die betroubare Woord, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer aan te moedig sowel as om die teenstanders te **weerlê**.”)

Titus 1:13: “ἡ μαρτυρία αὕτη ἐστὶν ἀληθής· δι’ ἣν αἰτίαν **ἐλέγχε** αὐτοὺς ἀποτόμως, ἵνα ὑγιαίνωσιν ἐν τῇ πίστει” (“Hierdie getuienis is waar. Daarom moet jy hulle skerp **teregwys**, sodat hulle gesond kan wees in die geloof”)

Titus 2:15: “Ταῦτα λάλει καὶ παρακάλει καὶ **ἐλέγχε** μετὰ πάσης ἐπιταγῆς· μηδεὶς σου περιφρονεῖτω.” (“Praat oor hierdie dinge, bemoedig en **wys tereg** met volle gesag; laat niemand op jou neerkyk nie.”)

3.3.3. ἐπιστομίζω

Titus 1:11: “οὐς δεῖ ἐπιστομίζειν, οἵτινες ὅλους οἴκους ἀνατρέπουσιν διδάσκοντες ἅ μὴ δεῖ αἰσχροῦ κέρδους χάριν.” (“Dit is nodig dat die wat ganse huishoudings ruïneer deur te leer wat hulle nie behoort nie ter wille van skaamtelose wins, **se monde stil gemaak moet word.**”)

3.3.4. ἐπιτιμάω

2 Timoteus 4:2: “κήρυξον τὸν λόγον, ἐπίστηθι εὐκαίρως ἀκαίρως, ἔλεγχον, ἐπιτίμησον, παρακάλεσον,...” (“Verkondig die Woord, hou daarmee aantydig en ontydig, weerlê, **bestraf**, bemoedig, ...”)

3.3.5. νουθεσία

Titus 3:10: “αἰρετικὸν ἄνθρωπον μετὰ μίαν καὶ δευτέραν νουθεσίαν παραιτοῦ” (“Jy moet na een of twee **teregwysings** webly van ‘n man wat skeuring bring”)

3.3.6. παραγγέλλω

1 Timoteus 1:3: “Καθὼς παρεκάλεσά σε προσμεῖναι ἐν Ἐφέσῳ πορευόμενος εἰς Μακεδονίαν, ἵνα παραγγείλῃς τισὶν μὴ ἐτεροδιδασκαλεῖν” (“Soos by my vertrek na Masedonië dring ek by jou aan om in Efese te bly, sodat jy sekere mense kan **beveel** om nie dwaalleer te versprei nie”)

1 Timoteus 4:11: “Παραγγέλλε ταῦτα καὶ δίδασκε.” (Hierdie dinge moet jy **beveel** en [vir mense] leer.)

1 Timoteus 5:7: “καὶ ταῦτα παραγγέλλε, ἵνα ἀνεπίλημπτοι ᾦσιν.” (“Hierdie dinge moet jy **beveel**, sodat almal bo verdenking kan wees.”)

1 Timoteus 6:13: “**παραγγέλλω** [σοι] ἐνώπιον τοῦ θεοῦ τοῦ ζῳογονοῦντος τὰ πάντα καὶ Χριστοῦ Ἰησοῦ τοῦ μαρτυρήσαντος ἐπὶ Ποντίου Πιλάτου τὴν καλὴν ὁμολογίαν” (“Ek **beveel** [jou] in die teenwoordigheid van God wat aan alles lewe gee en Christus Jesus wat getuienis afgelê het van die goeie belydenis voor Pontius Pilatus”)

1 Timoteus 6:17: “Τοῖς πλουσίοις ἐν τῷ νῦν αἰῶνι **παραγγέλλε** μὴ ὑψηλοφρονεῖν μηδὲ ἠλπικέναι ἐπὶ πλούτου ἀδηλόγητι ἄλλ’ ἐπὶ θεῷ τῷ παρέχοντι ἡμῖν πάντα πλουσίως εἰς ἀπόλαυσιν” (“**Beveel** die rykes in hierdie wêreld om nie hoogmoedig te wees nie, en nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom te stel nie, maar op God wat aan almal ryklik voorsien om te geniet”)

3.3.7. παραγγελία

1 Timoteus 1:5: “τὸ δὲ τέλος τῆς **παραγγελίας** ἐστὶν ἀγάπη ἐκ καθαρᾶς καρδίας καὶ συνειδήσεως ἀγαθῆς καὶ πίστεως ἀνυποκρίτου” (“Die doel van die **opdrag** is liefde uit ‘n rein hart, ‘n skoon gewete en ‘n opregte geloof”)

1 Timoteus 1:18: “Ταύτην τὴν **παραγγελίαν** παρατίθεμαί σοι, τέκνον Τιμόθεε, κατὰ τὰς προαγούσας ἐπὶ σέ προφητείας, ἵνα στρατεύῃ ἐν αὐταῖς τὴν καλὴν στρατείαν” (“Hierdie **opdrag** vertrou ek aan jou toe, my kind, Timoteus, volgens die profesie wat vroeër oor jou uitgespreek is, sodat jy met met hulle die goeie stryd kan stry”)

3.3.8. παρακαλέω

1 Timoteus 1:3: “Καθὼς **παρεκάλει** σε προσμεῖναι ἐν Ἐφέσῳ πορευόμενος εἰς Μακεδονίαν, ἵνα παραγγείλῃς τισὶν μὴ ἑτεροδιδασκαλεῖν” (“Soos by my vertrek na Masedonië **dring** ek by jou **aan** om in Efese te bly, sodat jy sekere mense kan beveel om nie ‘n ander leer te versprei nie”)

1 Timoteus 2:1: “**Παρακαλῶ** οὖν πρῶτον πάντων ποιεῖσθαι δεήσεις προσευχὰς ἐντεύξεις εὐχαριστίας ὑπὲρ πάντων ἀνθρώπων” (“Ek **dring** dan daarop **aan** in die eerste plek dat smeking, gebede, voorbidding en dankseggings vir alle mense gedoen moet word”)

1 Timoteus 5:1: “Πρεσβυτέρῳ μὴ ἐπιπλήξῃς ἀλλὰ **παρακάλει** ὡς πατέρα, νεωτέρους ὡς ἀδελφούς” (“n Ouer man moet jy nie skerp tereg wys nie, maar **wys** hom **tereg** soos ‘n vader, jonger mans soos broers”)

1 Timoteus 6:2: “οἱ δὲ πιστοὺς ἔχοντες δεσπότης μὴ καταφρονεῖτωσαν, ὅτι ἀδελφοί εἰσιν, ἀλλὰ μάλλον δουλευέτωσαν, ὅτι πιστοὶ εἰσιν καὶ ἀγαπητοὶ οἱ τῆς εὐεργεσίας ἀντιλαμβανόμενοι. Ταῦτα δίδασκε καὶ **παρεκάλει**.” (“Die wat gelowige eienaars het, moet hulle nie oneerbiedig wees omdat hulle medegelowiges is nie, maar des te meer hulle dien, omdat hulle wat voordeel daaruit trek gelowiges en geliefdes. Leer [mense] hierdie dinge en **spoor** hulle **aan**.”)

2 Timoteus 4:2: “κήρυξον τὸν λόγον, ἐπίστηθι εὐκαίρως ἀκαίρως, ἔλεγξον, ἐπιτίμησον, **παρεκάλει**σον, ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ καὶ διδαχῇ.” (“verkondig die Woord, hou daarmee aan tydig en ontydig, weerlê, bestraf, **bemoedig** met alle geduld en onderrig.”)

Titus 1:9: “ἀντεχόμενον τοῦ κατὰ τὴν διδαχὴν πιστοῦ λόγου, ἵνα δυνατὸς ᾖ καὶ **παρακαλεῖν** ἐν τῇ διδασκαλίᾳ τῇ ὑγιαινούσῃ καὶ τοὺς ἀντιλέγοντας ἐλέγχειν.” (“hy moet vashou aan die leer van die betroubare Woord, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer **aan te moedig** sowel as om die teëstanders te weerlê.”)

Titus 2:6: “τοὺς νεωτέρους ὡσαύτως **παρακάλει** σωφρονεῖν” (“Net so moet jy die jonger vroue **aanmoedig** om selfbeheersd te lewe”)

Titus 2:15: “Ταῦτα λάλει καὶ **παρακάλει** καὶ ἔλεγχε μετὰ πάσης ἐπιταγῆς· μηδεὶς σου περιφρονεῖτω.” (“Praat oor hierdie dinge, **bemoedig** en wys tereg met volle gesag; laat niemand op jou neerkyk nie.”)

3.3.9. ὑπομιμνήσκω

2 Timoteus 1:5: “ὑπόμνησιν λαβὼν τῆς ἐν σοὶ ἀνυποκρίτου πίστεως,...” (Ek **dink na** oor jou opregte geloof wat jy ontvang het, ...)

2 Timoteus 1:6: “δι’ ἣν αἰτίαν **ἀναμιμνήσκω** σε ἀναζωπυρεῖν τὸ χάρισμα τοῦ θεοῦ, ὃ ἐστὶν ἐν σοὶ διὰ τῆς ἐπιθέσεως τῶν χειρῶν μου.” (“Om hierdie rede **herinner** ek jou daaraan om die genadegawe van God, wat aan jou gegee is deur die oplegging van my hande, weer aan te blaas.”)

2 Timoteus 2:14: “Ταῦτα **ὑπομίμνησκε** διαμαρτυρούμενος ἐνώπιον τοῦ θεοῦ μὴ λογομαχεῖν, ...” (Hierdie dinge moet jy [hulle] aan **herinner** [en] voor God tereg wys om nie oor woorde te stry nie, ...)

Titus 3:1: “Ὑπομίμνησκε αὐτοὺς ἀρχαῖς ἐξουσίαις ὑποτάσσεσθαι, πειθαρχεῖν, πρὸς πᾶν ἔργον ἀγαθὸν ἐτοιμοὺς εἶναι” (“**Herinner** hulle om hulle te onderwerp aan die heersers, om gehoorsaam te wees, en gereed te wees om alles wat goed is te doen”)

3.4. Woorde wat die leer beskryf

3.4.1. ἀλήθεια

1 Timoteus 2:4: “ὃς πάντας ἀνθρώπους θέλει σωθῆναι καὶ εἰς ἐπίγνωσιν **ἀληθείας** ἐλθεῖν.” (“Want ek wil dat alle mense gered word en tot kennis van die **waarheid** kom.”)

1 Timoteus 2:7: “εἰς ὃ ἐτέθην ἐγὼ κήρυξ καὶ ἀπόστολος, **ἀλήθειαν** λέγω οὐ ψεύδομαι, διδάσκαλος ἐθνῶν ἐν πίστει καὶ **ἀληθείᾳ**.” (“waarvoor ek aangestel is as prediker, apostel en leermeester in die geloof en **waarheid** vir die heidennasies, ek praat die **waarheid**, ek lieg nie.”)

1 Timoteus 3:15: “ἐὰν δὲ βραδύνω, ἵνα εἰδῆς πῶς δεῖ ἐν οἴκῳ θεοῦ ἀναστρέφεσθαι, ἥτις ἐστὶν ἐκκλησία θεοῦ ζώντος, στῦλος καὶ ἐδραῖωμα τῆς **ἀληθείας**.” (“As [my koms] vertraag word, sal jy weet hoe om die huisgesin van God se lewe in rig, wat die gemeente van die lewende God is, die pilaar en fondament van die **waarheid**.”)

1 Timoteus 4:3: “ὁ ὁ θεὸς ἔκτισεν εἰς μετάλημψιν μετὰ εὐχαριστίας τοῖς πιστοῖς καὶ ἐπεγνωκόσι τὴν **ἀλήθειαν**.” (“... maar God het dit vir die gelowige en vir die wat tot die kennis van die **waarheid** gekom het gemaak [om] met danksegging te gebruik.”)

1 Timoteus 6:5: “διαπαραιτῶν διεφθαρμένων ἀνθρώπων τὸν νοῦν καὶ ἀπεστερημένων τῆς **ἀληθείας**...” (“aanhoudende redenering van mense wie se verstand versteurd en van die **waarheid** beroof is, ...”)

2 Timoteus 2:15: “...ὀρθοτομοῦντα τὸν λόγον τῆς **ἀληθείας**” (“... Wat die Woord van die **waarheid** reg sny”)

2 Timoteus 2:18: “οἵτινες περὶ τὴν **ἀλήθειαν** ἡστόχησαν, λέγοντες [τὴν] ἀνάστασιν ἤδη γεγονέναι...” (“Wat van die **waarheid** af weg gedwaal het, hulle wat sê dat die opstanding reeds plaasgevind het, ...”)

2 Timoteus 2:25: “...μήποτε δώῃ αὐτοῖς ὁ θεὸς μετάνοιαν εἰς ἐπίγνωσιν **ἀληθείας**” (“... dalk skenk God vir hulle bekering tot die kennis van die **waarheid**”)

2 Timoteus 3:7: “πάντοτε μανθάνοντα καὶ μηδέποτε εἰς ἐπίγνωσιν **ἀληθείας** ἐλθεῖν δυνάμενα.” (“wat altyd iets wil leer maar nooit in staat is om tot die kennis van die **waarheid** te kom nie.”)

2 Timoteus 3:8: “ὃν τρόπον δὲ Ἰάννης καὶ Ἰαμβρῆς ἀντέστησαν Μωϋσεῖ, οὕτως καὶ οὗτοι ἀνθίστανται τῇ **ἀληθείᾳ**...” (“Wat net soos Jannes en Jambres teen Moses in opgestand gekom het, so ook kom hulle in opstand teen die **waarheid**, ...”)

2 Timoteus 4:4: “καὶ ἀπὸ μὲν τῆς **ἀληθείας** τὴν ἀκοὴν ἀποστρέψουσιν, ἐπὶ δὲ τοὺς μύθους ἐκτραπήσονται.” (“Maar hulle sal hul van die aanhoor van die **waarheid** wegdraai en hulle wend tot mites.”)

Titus 1:1: “Παῦλος δούλος θεοῦ, ἀπόστολος δὲ Ἰησοῦ Χριστοῦ κατὰ πίστιν ἐκλεκτῶν θεοῦ καὶ ἐπίγνωσιν **ἀληθείας** τῆς κατ’ εὐσέβειαν” (“Paulus, ‘n dienaar van God, en apostel van Jesus Christus ter wille van die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die **waarheid** wat lei tot die diens van God”)

Titus 1:14: “μὴ προσέχοντες Ἰουδαϊκοῖς μύθοις καὶ ἐντολαῖς ἀνθρώπων ἀποστρεφόμενων τὴν **ἀλήθειαν**.” (“Hulle moenie aandag gee aan Joodse mites en gebooie van mense wat van die **waarheid** weggedraai het nie.”)

3.4.2. διδασκαλία

1 Timoteus 1:10: “πόρνοις ἀρσενοκοίταις ἀνδραποδισταῖς ψεύταις ἐπιόρκοις, καὶ εἴ τι ἕτερον τῇ ὑγιαίνουσῃ **διδασκαλίᾳ** ἀντίκειται” (“vir seksueel immoreles, homoseksueles, slawehandelaars, leuenaaars, vir die wat meined pleeg, of as iets anders [gedoen word] wat in stryd met die gesonde **leer** is”)

1 Timoteus 4:1: “Τὸ δὲ πνεῦμα ῥητῶς λέγει ὅτι ἐν ὑστέροις καιροῖς ἀποστήσονται τινες τῆς πίστεως προσέχοντες πνεύμασιν πλάνοις καὶ **διδασκαλίαις** δαιμονίων” (“Maar die Gees sê uitdruklik dat daar in die laaste dae sommige sal wees wat weg sal draai van die geloof: hulle sal misleidende geeste en **leerstellings** van demone navolg”)

1 Timoteus 4:6: “Ταῦτα ὑποτιθέμενος τοῖς ἀδελφοῖς καλὸς ἔση διάκονος Χριστοῦ Ἰησοῦ, ἐντρέφόμενος τοῖς λόγοις τῆς πίστεως καὶ τῆς καλῆς **διδασκαλίας** ἣ παρηκολούθηκας.” (“As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy ‘n goeie dienaar van Christus Jesus wees wat gevoed word deur die woord van die geloof en die goeie **leer** waarvan jy ‘n navolger geword het.”)

1 Timoteus 4:13: “ἕως ἔρχομαι πρόσεχε τῇ ἀναγνώσει, τῇ παρακλήσει, τῇ **διδασκαλίᾳ**” (“totdat ek kom, hou aan met die voorlesing, bemoediging, **onderrig**”)

1 Timoteus 4:16: “ἔπεχε σεαυτῷ καὶ τῇ **διδασκαλίᾳ**, ἐπίμενε αὐτοῖς· τοῦτο γὰρ ποιῶν καὶ σεαυτὸν σώσεις καὶ τοὺς ἀκούοντάς σου.” (“let op jouself en die **leer**, volhard daarmee; want deur dit te doen, sal jy jouself sowel as dié wat na jou luister, red.”)

1 Timoteus 5:17: “Οἱ καλῶς προεστῶτες πρεσβύτεροι διπλῆς τιμῆς ἀξιούσθωσαν, μάλιστα οἱ κοπιῶντες ἐν λόγῳ καὶ **διδασκαλίᾳ**.” (“Die ouderlinge wat goed leiding gee, moet waardig beskou word om dubbele beloning te ontvang, veral die wat hard werk in prediking en **onderrig**.”)

1 Timoteus 6:1: “Ὅσοι εἰσὶν ὑπὸ ζυγὸν δούλοι, τοὺς ἰδίους δεσπότας πάσης τιμῆς ἀξίους ἡγείσθωσαν, ἵνα μὴ τὸ ὄνομα τοῦ θεοῦ καὶ ἡ **διδασκαλία** βλασφημῇται...” (“Almal wat onder ‘n slawe juk is, moet hulle eienaars volle respek waardig ag, sodat die Naam van God en die **leer** nie belaster word nie ...”)

1 Timoteus 6:3: “εἴ τις ἑτεροδιδασκαλεῖ καὶ μὴ προσέρχεται ὑγιαίνουσιν λόγοις τοῖς τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ τῇ κατ’ εὐσέβειαν **διδασκαλίᾳ**” (“As iemand ‘n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die **leer** van ons godsdiens nie”)

2 Timoteus 3:10: “Σὺ δὲ παρηκολούθησάς μου τῇ **διδασκαλίᾳ**, τῇ ἀγωγῇ, τῇ προθέσει, τῇ πίστει, τῇ μακροθυμίᾳ, τῇ ἀγάπῃ, τῇ ὑπομονῇ” (“maar jy het my nagevolg in **leer**, lewenswandel, doel, geloof, geduld, liefde en volharding”)

2 Timoteus 3:16: “πᾶσα γραφὴ θεόπνευστος καὶ ὠφέλιμος πρὸς **διδασκαλίαν**, πρὸς ἐλεγμόν, πρὸς ἐπανάρθωσιν, πρὸς παιδείαν τὴν ἐν δικαιοσύνῃ” (die hele Skrif is deur God geïnspireer en nuttig vir **onderrig**, vir teregwyding, vir regstelling van dit wat verkeerd is, vir opvoeding in die regte lewe)

2 Timoteus 4:3: “ἔσται γὰρ καιρὸς ὅτε τῆς ὑγιαίνουσας **διδασκαλίας** οὐκ ἀνέξονται ἀλλὰ κατὰ τὰς ἰδίας ἐπιθυμίας ἑαυτοῖς ἐπισωρεύουσιν διδασκάλους κνηθόμενοι τὴν ἀκοήν” (“Want daar sal ‘n tyd wees wanneer mense die gesonde **leer** nie sal aanvaar nie, maar hulle sal vir hulle leermeesters bymekaar maak volgens hulle eie begeertes wat hulle in die oor sal kielie”)

Titus 1:9: “ἀντεχόμενον τοῦ κατὰ τὴν διδαχὴν πιστοῦ λόγου, ἵνα δυνατὸς ᾖ καὶ παρακαλεῖν ἐν τῇ **διδασκαλίᾳ** τῇ ὑγιαίνουσῃ καὶ τοὺς ἀντιλέγοντας ἐλέγχειν.” (“hy moet vashou aan die leer van die betroubare Woord, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde **leer** aan te moedig sowel as om die teenstanders te weerlê.”)

Titus 2:1: “Σὺ δὲ λάλει ὃ πρέπει τῇ ὑγιαίνουσῃ **διδασκαλίᾳ**.” (“Maar verkondig jy wat by die gesonde **leer** pas.”)

Titus 2:7: “περὶ πάντα, σεαυτὸν παρεχόμενος τύπον καλῶν ἔργων, ἐν τῇ **διδασκαλίᾳ** ἀφθορίαν, σεμνότητα” (“in alles, moet jyself ‘n voorbeeld wees van goeie werke in die **leer**, integriteit en eerbaarheid”)

Titus 2:10: “μὴ νοσφιζομένους, ἀλλὰ πᾶσαν πίστιν ἐνδεικνυμένους ἀγαθὴν, ἵνα τὴν **διδασκαλίαν** τὴν τοῦ σωτῆρος ἡμῶν θεοῦ κοσμῶσιν ἐν πᾶσιν.” (“nie hulself verryk nie, maar in alles goeie trou bewys, sodat die **leer** van ons Verlosser en God in alles geëer is.”)

3.4.3. εὐαγγέλιον

1 Timoteus 1:11: “κατὰ τὸ **εὐαγγέλιον** τῆς δόξης τοῦ μακαρίου θεοῦ, ὃ ἐπιστεύθην ἐγώ.” (“volgens die **evangelie** van die heerlikheid van die geseënde God, wat aan my toevertrou is.”)

2 Timoteus 1:8: “...ἀλλὰ συγκακοπάθησον τῷ **εὐαγγελίῳ** κατὰ δύναμιν θεοῦ” (“... maar dra jou lyding vir die **evangelie** deur die krag van God.”)

2 Timoteus 1:10: “...καταργήσαντος μὲν τὸν θάνατον φωτίσαντος δὲ ζωὴν καὶ ἀφθαρσίαν διὰ τοῦ **εὐαγγελίου**” (“... wat ‘n einde gemaak het aan die dood en die onverganklikheid aan die lig gebring het deur die **evangelie**”)

2 Timoteus 2:8: “Μνημόνευε Ἰησοῦν Χριστὸν ἐγγεγερμένον ἐκ νεκρῶν, ἐκ σπέρματος Δαυίδ, κατὰ τὸ **εὐαγγέλιόν** μου.” (“Onthou, Jesus Christus uit die geslag van Dawid is uit die dood opgewek, volgens my **evangelie**.”)

3.4.4. εὐσέβεια

1 Timoteus 3:16: “καὶ ὁμολογουμένως μέγα ἐστὶν τὸ τῆς **εὐσεβείας** μυστήριον.” (“Dit staan bo enige twyfel vas dat die misterie van ons **godsdien**s groot is.”)

1 Timoteus 4:7: “τοὺς δὲ βεβήλους καὶ γραῶδεις μύθους παραιτοῦ. γύμναζε δὲ σεαυτὸν πρὸς **εὐσέβειαν**.” (“Bly weg van nuttelose, ou-vrou stories. Maar oefen jou in die **godsdien**s.”)

1 Timoteus 4:8: “ἡ γὰρ σωματικὴ γυμνασία πρὸς ὀλίγον ἐστὶν ὠφέλιμος, ἡ δὲ **εὐσέβεια** πρὸς πάντα ὠφέλιμός...” (“Want om jou in die liggaamlike te oefen is van weinig waarde, maar om in die **godsdien**s [te oefen] in alle opsigte waardevol ...”)

1 Timoteus 6:3: “εἴ τις ἐτεροδιδασκαλεῖ καὶ μὴ προσέρχεται ὑγιαίνουσιν λόγοις τοῖς τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ τῇ κατ’ **εὐσέβειαν** διδασκαλίᾳ” (“As iemand ‘n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons **godsdien**s nie”)

1 Timoteus 6:5: “διαπαραιτῖβαί διεφθαρμένων ἀνθρώπων τὸν νοῦν καὶ ἀπεστερημένων τῆς ἀληθείας, νομιζόντων πορισμὸν εἶναι τὴν **εὐσέβειαν**.” (“aanhoudende redenering van mense wie se verstand versteurd en van die waarheid beroof is, hulle dink dat die **godsdien**s iets is om uit ryk te word.”)

1 Timoteus 6:6: “ἔστιν δὲ πορισμὸς μέγας ἡ **εὐσέβεια** μετὰ αὐταρκείας.” (“Die **godsdien**s is tot groot wins as jy vergenoegd is.”)

1 Timoteus 6:11: “Σὺ δέ, ὦ ἄνθρωπε θεοῦ, ταῦτα φεύγε· δίωκε δὲ δικαιοσύνην **εὐσέβειαν** πίστιν, ἀγάπην ὑπομονὴν πραῦπαθίαν.” (“Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge; en jaag na geregtigheid, **dien van God**, geloof, na liefde, volharding en sagmoedigheid.”)

2 Timoteus 3:5: “ἔχοντες μόρφωσιν **εὐσεβείας** τὴν δὲ δύναμιν αὐτῆς ἡρνημένοι· καὶ τούτους ἀποτρέπου.” (“Hulle sal nog die uiterlike vorm van **godsdiens** hê, maar die krag daarvan verloën. Bly weg van hulle.”)

Titus 1:1: “Παῦλος δοῦλος θεοῦ, ἀπόστολος δὲ Ἰησοῦ Χριστοῦ κατὰ πίστιν ἐκλεκτῶν θεοῦ καὶ ἐπίγνωσιν ἀληθείας τῆς κατ’ **εὐσέβειαν**” (“Paulus, ‘n dienaar van God, en apostel van Jesus Christus ter wille van die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die waarheid wat lei tot die **diens van God**”)

3.4.5. λόγος

1 Timoteus 1:15: “πιστὸς ὁ **λόγος** καὶ πάσης ἀποδοχῆς ἄξιος, ὅτι Χριστὸς Ἰησοῦς ἦλθεν εἰς τὸν κόσμον ἁμαρτωλοὺς σῶσαι, ὧν πρῶτός εἰμι ἐγώ.” (“die **woord** is betroubaar en kan ten volle aanvaar word, dat Christus Jesus na die wêreld gekom het om sondaars te verlos, van wie ek die grootste is.”)

1 Timoteus 3:1: “πιστὸς ὁ **λόγος**. Εἴ τις ἐπισκοπῆς ὀρέγεται, καλοῦ ἔργου ἐπιθυμεῖ.” (“Die **woord** is betroubaar. As iemand daarna streef om ouderling te wees, streef hy na ‘n goeie werk.”)

1 Timoteus 4:5: “ἀγιάζεται γὰρ διὰ **λόγου** θεοῦ καὶ ἐντεύξεως.” (“want dit word geheilig deur die **woord** van God en deur gebed.”)

1 Timoteus 4:6: “Ταῦτα ὑποτιθέμενος τοῖς ἀδελφοῖς καλὸς ἔση διάκονος Χριστοῦ Ἰησοῦ, ἐντρέφόμενος τοῖς **λόγοις** τῆς πίστεως καὶ τῆς καλῆς διδασκαλίας ἣ παρηκολούθηκας.” (“As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy ‘n goeie dienaar van Christus Jesus wees wat gevoed word deur die **woorde** van die geloof en die goeie leer waarvan jy ‘n navorger geword het.”)

1 Timoteus 4:9: “πιστὸς ὁ **λόγος** καὶ πάσης ἀποδοχῆς ἄξιος.” (“Dit is ‘n betroubare **woord** en kan te volle aanvaar word.”)

1 Timoteus 4:12: “μηδεὶς σου τῆς νεότητος καταφρονεῖτω, ἀλλὰ τύπος γίνου τῶν πιστῶν ἐν **λόγῳ**, ἐν ἀναστροφῇ, ἐν ἀγάπῃ, ἐν πίστει, ἐν ἀγνείᾳ.” (“laat niemand op jou jeug neersien nie, maar wees vir die gelowiges ‘n voorbeeld in **woord**, in optrede, in liefde, in geloof en in reinheid.”)

1 Timoteus 5:17: “Οἱ καλῶς προεστῶτες πρεσβύτεροι διπλῆς τιμῆς ἀξιούσθωσαν, μάλιστα οἱ κοπιῶντες ἐν **λόγῳ** καὶ διδασκαλίᾳ.” (“Die ouderlinge wat goed leiding gee, moet waardig

beskou word om dubbele belonging te ontvang, veral die wat hard werk in **prediking** en onderrig.”)

1 Timoteus 6:3: “εἴ τις ἑτεροδιδασκαλεῖ καὶ μὴ προσέρχεται ὑγιαίνουσιν **λόγοις** τοῖς τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ τῇ κατ’ εὐσέβειαν διδασκαλίᾳ” (“As iemand ‘n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde **woorde** van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons godsdiens nie”)

2 Timoteus 1:13: “ὑποτύπωσιν ἔχε ὑγιαίνόντων **λόγων** ὧν παρ’ ἐμοῦ ἤκουσας ἐν πίστει καὶ ἀγάπῃ τῇ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ.” (“Hou vas die gesonde **woorde** wat jy van my gehoor het as voorbeeld en bly in die geloof en die liefde van Christus Jesus;”)

2 Timoteus 2:9: “ἐν ᾧ κακοπαθῶ μέχρι δεσμῶν ὡς κακοῦργος, ἀλλὰ ὁ **λόγος** τοῦ θεοῦ οὐ δέδεται.” (“waaroor ek verdrukking ly selfs deur boeie soos ‘n misdadiger, maar die **Woord** van God is nie geboei nie;”)

2 Timoteus 2:11: “πιστὸς ὁ **λόγος**· εἰ γὰρ συναπεθάνομεν, καὶ συζήσομεν.” (“Dit is ‘n betroubare **woord**; want as ons saam gesterf het, sal ons saam lewe;”)

2 Timoteus 2:15: “σπούδασον σεαυτὸν δόκιμον παραστήσαι τῷ θεῷ, ἐργάτην ἀνεπαίσχυντον, ὀρθοτομοῦντα τὸν **λόγον** τῆς ἀληθείας” (“doen jou bes om jouself as goedgekeurde voor God te stel, ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die **woord** van die waarheid reg verkondig”)

2 Timoteus 2:17: “καὶ ὁ **λόγος** αὐτῶν ὡς γάγγραινα νομὴν ἔξει. ὧν ἐστὶν Ὑμέναιος καὶ Φίλητος, ...” (“en hulle **leer** sal versprei soos kanker. Onder hulle is Himeneus en Filetus, ...”)

2 Timoteus 4:2: “κήρυξον τὸν **λόγον**, ἐπίστηθι εὐκαίρως ἀκαίρως, ἔλεγξον, ἐπιτίμησον, παρακάλεσον, ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ καὶ διδαχῇ.” (“verkondig die **Woord**, hou daarmee aan tydig en ontydig, weerlê, bestraf, bemoedig met alle geduld en onderrig.”)

Titus 1:3: “ἐφάνερωσεν δὲ καιροῖς ἰδίῳ τὸν **λόγον** αὐτοῦ ἐν κηρύγματι, ὃ ἐπιστεύθην ἐγὼ κατ’ ἐπιταγὴν τοῦ σωτῆρος ἡμῶν θεοῦ” (“Hy het op die wat Hy bepaal het sy **woord** bekend gemaak deur die prediking, wat aan my toevertrou is volgens die opdrag van God, ons Verlosser”)

Titus 1:9: “ἀντεχόμενον τοῦ κατὰ τὴν διδαχὴν πιστοῦ **λόγου**, ἵνα δυνατὸς ᾖ καὶ παρακαλεῖν ἐν τῇ διδασκαλίᾳ τῇ ὑγιαίνουσῃ καὶ τοὺς ἀντιλέγοντας ἐλέγχειν.” (“hy moet vashou aan die leer van die betroubare **Woord**, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer aan te moedig sowel as om die teenstanders te weerlê.”)

Titus 2:5: “σώφρονας ἀγνὰς οἰκουργοὺς ἀγαθὰς, ὑποτασσομένας τοῖς ἰδίῳις ἀνδράσιν, ἵνα μὴ ὁ **λόγος** τοῦ θεοῦ βλασφημῇται. ” (“verstandig, rein, goeie huisvroue, wat die gesag van hul eie mans erken, sodat die **Woord** van God nie belaster sal word nie.”)

Titus 2:8: “**λόγον** ὑγιή ἀκατάγνωστον, ἵνα ὁ ἐξ ἐναντίας ἐντραπὴ μηδὲν ἔχων **λέγειν** περὶ ἡμῶν φαῦλον. ” (“gee die regte **boodskap** wat nie gekritiseer sal word nie, sodat die vyand skaam sal word omdat hy niks sleg het om van ons te **sê** nie.”)

Titus 3:8: “Πιστὸς ὁ **λόγος**· καὶ περὶ τούτων βούλομαί σε διαβεβαιουῖσθαι, ἵνα φροντίζωσιν καλῶν ἔργων προϊῆσθαι οἱ πεπιστευκότες θεῷ· ταῦτά ἐστιν καλὰ καὶ ὠφέλιμα τοῖς ἀνθρώποις.” (“Dit is ‘n betroubare **woord**: ek wil hê dat jy op hierdie dinge aandring, sodat dié wat in God glo hulle daarop kan toelê om hulle deur goeie dade toe te wy; wat goed en nuttig is vir mense.”)

3.4.6. *πίστις*

1 Timoteus 1:2: “Τιμοθέε γνησίῳ τέκνῳ ἐν **πίστει**, χάρις ἔλεος εἰρήνη ἀπὸ θεοῦ πατρὸς καὶ Χριστοῦ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου ἡμῶν.” (“Aan Timoteus, my ware kind in die **geloof**, genade, barmhartigheid en vrede vir jou van God die Vader en Christus Jesus, ons Here.”)

1 Timoteus 1:4: “μηδὲ προσέχειν μύθοις καὶ γενεαλογίαις ἀπεράντοις, αἵτινες ἐκζητήσεις παρέχουσιν μᾶλλον ἢ οἰκονομίαν θεοῦ τὴν ἐν **πίστει**.” (“[Hulle] moet nie aandag gee aan mites en eindelose geslagsregisters, wat nuttelose redenasies tot gevolg het nie, maar eerder wat tot stigting is wat God deur die **geloof** gee.”)

1 Timoteus 1:19: “ἔχων **πίστιν** καὶ ἀγαθὴν συνείδησιν, ἣν τινες ἀπώσάμενοι περὶ τὴν **πίστιν** ἐναυάγησαν” (“Hou vas aan die **geloof** en ‘n goeie gewete, wat sommige verwerp het en aan die **geloof** skipbreuk gely het.”)

1 Timoteus 2:7: “εἰς ὃ ἐτέθην ἐγὼ κήρυξ καὶ ἀπόστολος, ἀλήθειαν λέγω οὐ ψεύδομαι, διδάσκαλος ἐθνῶν ἐν **πίστει** καὶ ἀληθείᾳ.” (“waarvoor ek aangestel is as prediker, apostel en leermeester in die **geloof** en waarheid vir die heidennasies, ek praat die waarheid, ek lieg nie.”)

1 Timoteus 3:9: “ἔχοντας τὸ μυστήριον τῆς **πίστεως** ἐν καθαρᾷ συνειδήσει.” (“Hulle moet vashou aan die misterie van die **geloof** in ‘n goeie gewete.”)

1 Timoteus 4:1: “Τὸ δὲ πνεῦμα ῥητῶς λέγει ὅτι ἐν ὑστέροις καιροῖς ἀποστήσονται τινες τῆς **πίστεως** προσέχοντες πνεύμασιν πλάνοις καὶ διδασκαλίαις δαιμονίων” (“Maar die Gees **sê**

uitdruklik dat daar in die laaste dae sommige sal wees wat weg sal draai van die **geloof**: hulle sal misleidende geeste en leerstellings van demone navolg”)

1 Timoteus 4:6: “Ταῦτα ὑποτιθέμενος τοῖς ἀδελφοῖς καλὸς ἔσῃ διάκονος Χριστοῦ Ἰησοῦ, ἐντρεφόμενος τοῖς λόγοις τῆς **πίστεως** καὶ τῆς καλῆς διδασκαλίας ἣ παρηκολούθηκας.” (“As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy ‘n goeie dienaar van Christus Jesus wees wat gevoed word deur die woorde van die **geloof** en die goeie leer waarvan jy ‘n navolger geword het.”)

1 Timoteus 5:8: “εἰ δέ τις τῶν ιδίων καὶ μάλιστα οἰκείων οὐ προνοεῖ, τὴν **πίστιν** ἥρνηται καὶ ἔστιν ἀπίστου χειρῶν.” (“As iemand nie vir sy eie mense, en veral nie vir sy huismense, sorg nie, het hy die **geloof** verloën en is hy slegter as ‘n ongelowige.”)

1 Timoteus 6:10: “ῥίζα γὰρ πάντων τῶν κακῶν ἐστὶν ἡ φιλαργυρία, ἧς τινες ὀρεγόμενοι ἀπεπλανήθησαν ἀπὸ τῆς **πίστεως** καὶ ἑαυτοὺς περιέπειραν ὀδύναις πολλαῖς.” (“Want geldgierigheid is die wortel van alle kwaad, sommige het dit begeer en van die **geloof** weggedraai en hulleself met baie pyn deurboor.”)

1 Timoteus 6:11: “Σὺ δέ, ὦ ἄνθρωπε θεοῦ, ταῦτα φεῦγε· δίωκε δὲ δικαιοσύνην εὐσέβειαν **πίστιν**, ἀγάπην ὑπομονὴν πραῦτητα.” (“Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge; en jaag na geregtigheid, diens van God, **geloof**, na liefde, volharding en sagmoedigheid.”)

1 Timoteus 6:21: “ἦν τινες ἐπαγγελλόμενοι περὶ τὴν **πίστιν** ἡστόχησαν. Ἡ χάρις μεθ’ ὑμῶν.” (“Sommige bely wel, maar het die **geloof** verlaat. Die genade is met julle.”)

2 Timoteus 3:8: “ὃν τρόπον δὲ Ἰάnnης καὶ Ἰαμβρῆς ἀντέστησαν Μωϋσεῖ, οὕτως καὶ οὗτοι ἀνθίστανται τῇ ἀληθείᾳ, ἄνθρωποι κατεφθαρμένοι τὸν νοῦν, ἀδόκιμοι περὶ τὴν **πίστιν**.” (“Wat net soos Jannes en Jambres teen Moses in opgestand gekom het, so ook kom hulle in opstand teen die waarheid, mense wie se verstand korrupt is, onbevoeg vir die **geloof**.”)

2 Timoteus 4:7: “τὸν καλὸν ἀγῶνα ἠγωνίσμαι, τὸν δρόμον τετέλεκα, τὴν **πίστιν** τετήρηκα.” (“Ek het die goeie stryd gestry, die wedloop voltooi, die **geloof** behou.”)

Titus 1:4: “Τίτω γνησίῳ τέκνῳ κατὰ κοινὴν **πίστιν**, χάρις καὶ εἰρήνη ἀπὸ θεοῦ πατρὸς καὶ Χριστοῦ Ἰησοῦ τοῦ σωτῆρος ἡμῶν.” (“Aan Titus, my ware kind volgens die gemeenskaplike **geloof**, genade en vrede van God die Vader en Christus Jesus, ons Verlosser.”)

Titus 1:13: “ἡ μαρτυρία αὕτη ἐστὶν ἀληθής. δι’ ἣν αἰτίαν ἔλεγγε αὐτοὺς ἀποτόμως, ἵνα ὑγιαίνωσιν ἐν τῇ **πίστει**” (“Hierdie getuienis is waar. Daarom moet jy hulle skerp tereg wys, sodat hulle gesond kan wees in die **geloof**”)

Titus 2:2: “πρεσβύτας νηφαλίους εἶναι, σεμνοὺς, σώφρονας, ὑγιαίνοντας τῇ **πίστει**, τῇ ἀγάπῃ, τῇ ὑπομονῇ.” (“Die ouer manne moet nugter wees, eerbied waardig, selfbeheers, gesond in die **geloof**, liefde en volharding.”)

Titus 3:15: “Ἀσπάζονται σε οἱ μετ’ ἐμοῦ πάντες. Ἀσπασαί τοὺς φιλοῦντας ἡμᾶς ἐν **πίστει**. ἡ χάρις μετὰ πάντων ὑμῶν.” (“Almal hier by my groet jou. Groet ons geliefdes in die **geloof**. Die genade is met julle almal.”)

3.5. Woorde wat die dwaalleer beskryf

3.5.1. ἑτεροδιδασκαλέω

1 Timoteus 1:3: “Καθὼς παρεκάλεσά σε προσμεῖναι ἐν Ἐφέσῳ πορευόμενος εἰς Μακεδονίαν, ἵνα παραγγείλῃς τισὶν μὴ **ἑτεροδιδασκαλεῖν**” (“Soos by my vertrek na Masedonië dring ek by jou aan om in Efese te bly, sodat jy sekere mense kan beveel om nie ‘**n ander leer** te versprei nie”)

1 Timoteus 6:3: “εἴ τις **ἑτεροδιδασκαλεῖ** καὶ μὴ προσέρχεται ὑγιαίνουσιν λόγοις τοῖς τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ τῇ κατ’ εὐσέβειαν διδασκαλίᾳ” (“As iemand ‘**n ander leer** verkondig en nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons godsdiens nie”)

3.5.2. μῦθος

1 Timoteus 1:4: “μηδὲ προσέχειν **μύθοις** καὶ γενεαλογίαις ἀπεράντοις, αἵτινες ἐκζητήσεις παρέχουσιν μᾶλλον ἢ οἰκονομίαν θεοῦ τὴν ἐν πίστει.” (“[Hulle] moet nie aandag gee aan **mites** en eindelose geslagsregisters, wat nuttelose redenasies tot gevolg het nie, maar eerder wat tot stigting is wat God deur die geloof gee.”)

1 Timoteus 4:7: “τοὺς δὲ βεβήλους καὶ γραώδεις **μύθους** παραιτοῦ. γύμναζε δὲ σεαυτὸν πρὸς εὐσέβειαν.” (“Bly weg van nuttelose, ou-vrou **stories**. Maar oefen jou in die godsdiens.”)

2 Timoteus 4:4: “καὶ ἀπὸ μὲν τῆς ἀληθείας τὴν ἀκοὴν ἀποστρέψουσιν, ἐπὶ δὲ τοὺς **μύθους** ἐκτραπήσονται.” (“Maar hulle sal hul van die aanhoor van die waarheid wegdraai en hulle wend tot **mites**.”)

Titus 1:14: “μὴ προσέχοντες Ἰουδαϊκοῖς **μύθοις** καὶ ἐντολαῖς ἀνθρώπων ἀποστρεφόμενων τὴν ἀλήθειαν.” (“Hulle moenie aandag gee aan Joodse **mites** en gebooie van mense wat van die waarheid weggedraai het nie.”)

3.6. Woorde wat die dwaalleraars beskryf

3.6.1. ἄπιστος

1 Timoteus 5:8: “εἰ δέ τις τῶν ἰδίων καὶ μάλιστα οἰκείων οὐ προνοεῖ, τὴν πίστιν ἥρνηται καὶ ἔστιν **ἄπιστος** χεῖρων.” (“As iemand nie vir sy eie mense, en veral nie vir sy huismense, sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as ‘n **ongelowige**.”)

Titus 1:15: “πάντα καθαρὰ τοῖς καθαροῖς· τοῖς δὲ μεμαμμένοις καὶ **ἀπίστοις** οὐδὲν καθαρὸν, ἀλλὰ μεμιάνται αὐτῶν καὶ ὁ νοῦς καὶ ἡ συνείδησις.” (“Vir die wat rein is, is alles rein, maar vir hulle wat onrein en **ongelowig** is, is niks rein nie, maar hulle verstand en gewete is onrein.”)

3.6.2. μιάνω

Titus 1:15: “πάντα καθαρὰ τοῖς καθαροῖς· τοῖς δὲ **μεμαμμένοις** καὶ ἀπίστοις οὐδὲν καθαρὸν, ἀλλὰ **μεμιάνται** αὐτῶν καὶ ὁ νοῦς καὶ ἡ συνείδησις.” (“Vir die wat rein is, is alles rein, maar vir hulle wat **onrein** en ongelowig is, is niks rein nie, maar hulle verstand en gewete is **onrein**.”)

3.6.3. νομοδιδάσκαλος

1 Timoteus 1:7: “θέλοντες εἶναι **νομοδιδάσκαλοι**, μὴ νοοῦντες μήτε ἃ λέγουσιν μήτε περὶ τίνων διαβεβαιοῦνται.” (“hulle wil **leermeesters van die wet** wees, maar hulle verstaan nie wat hulle sê of waarop hulle aandring nie.”)

3.6.4. ψευδολόγος

1 Timoteus 4:2: “ἐν ὑποκρίσει **ψευδολόγων**, κεκαυστηριασμένων τὴν ἰδίαν συνείδησιν” (“[Mense] wat skynheilige **leuenaars** is, wie se gewete toegeskroei is.”)

3.7. Samevatting van voorkoms van geïdentifiseerde woorde in die Pastorale briewe

Met hierdie gegewens kan daar nou ‘n oorsigtabel opgestel word om te kyk waar die konsentrasie van woorde lê. Aangesien drie boeke die veld van ondersoek is, sal die oorsigtabel aan die hand van die boeke opgestel word, eerder as hoofstukke. Die boek waarin die konsentrasie van woorde voorkom, sal dan as vertrekpunt vir die bespreking dien.

Tabel 2: Oorsigtabel van konsentrasie en gebruike van geïdentifiseerde woorde in Pastorale briewe

Boek	Hoofstuk	Konsentrasie van woorde	Aantal gebruike
1 Timoteus	1	v. 2: “πίστει” (geloof) v. 3: “παρραγγείλῃς” (beveel), “παρεκάλεισά” (dring aan), “ἐτεροδιδασκαλεῖν” (‘n ander leer) v. 4: “πίστει” (geloof), “μύθοις” (mites) v. 5: “παρραγγελίας” (opdrag), v. 7: “διαβεβαιούνται” (aandring), “νομοδιδάσκαλοι” (leermeesters van die wet) v. 10: “διδασκαλίᾳ” (leer), v. 11: “εὐαγγέλιον” (evangelie), v. 15: “λόγος” (woord) v. 18: “παρραγγελίαν” (opdrag) v. 19: “πίστιν” (geloof), “πίστιν” (geloof)	15
	2	v. 1: “Παρακαλῶ” (dring aan), v. 4: “ἀληθείας” (waarheid), v. 7: “διδάσκαλος” (leermeester), “ἀλήθειαν” (waarheid), “ἀληθείᾳ” (waarheid), “πίστει” (geloof) v. 12: “διδάσκειν” (onderrig)	7
	3	v. 1: “ἐπισκοπῆς” (ouderling), “λόγος” (woord) v. 2: “ἐπίσκοπον” (ouderling), “διδασκτικόν” (onderrig), v. 8: “Διακόνους” (diakens), v. 9: “πίστεως” (geloof), v. 12: “διάκονοι” (diaken), v. 15: “ἀληθείας” (waarheid), v. 16: “εὐσεβείας” (godsdien)	9
	4	v. 1: “διδασκαλίαις” (leerstellings), “πίστεως” (geloof) v. 2: “ψευδολόγων” (leuenaars) v. 3: “ἀλήθειαν” (waarheid), “λόγου” (woord) v. 6: “διάκονος” (dienaar), “διδασκαλίας” (leer), “λόγοις” (woorde), “πίστεως” (geloof) v. 7: “εὐσέβειαν” (godsdien), “μύθους” (stories) v. 8: “εὐσέβεια” (godsdien), v. 9: “λόγος” (woord), v. 11: “δίδασκε” (leer), “Παράγγελλε” (beveel) v. 12: “λόγῳ” (woord) v. 13: “ἀναγνώσει” (voorlesing), “παρακλήσει” (bemoediging), “διδασκαλίᾳ” (onderrig), v. 16: “διδασκαλίᾳ” (leer)	20
	5	v. 1: “παρακάλει” (wys tereg)	10

		v. 7: "παράγγελλε" (beveel) v. 8: "πίστιν" (geloof), "ἀπίστου" (ongelowige) v. 13: "λαλοῦσαι" (sê), v. 17: "πρεσβύτεροι" (ouderlinge), "διδασκαλία" (onderrig), "λόγῳ" (prediking) v. 19: "πρεσβυτέρου" (ouderling), v. 20: "ἐλεγχε" (teregwys)	
	6	v. 1: "διδασκαλία" (leer), v. 2: "διδάσκειν" (onderrig), "παράκαλει" (spoor aan) v. 3: "διδασκαλία" (leer), "εὐσέβειαν" (godsdiens), "λόγοις" (woorde), "ἐτεροδιδασκαλεῖ" ('n ander leer) v. 5: "ἀληθείας" (waarheid), "εὐσέβειαν" (godsdiens) v. 6: "εὐσέβεια" (godsdiens), v. 10: "πίστεως" (geloof) v. 11: "εὐσέβειαν" (diens van God), "πίστιν" (geloof) v. 13: "παραγγέλλω" (beveel), v. 17: "παράγγελλε" (beveel) v. 21: "πίστιν" (geloof)	16
2 Timoteus	1	v. 1: "εὐσέβειαν" (diens van God) v. 5: "ὑπόμνησιν" (dink na), v. 6: "ἀναμνήσκω" (herinner), v. 7: "διδάσκαλος" (leermeester), v. 8: "εὐαγγέλιον" (evangelie), v. 10: "εὐαγγελίου" (evangelie), v. 13: "λόγων" (woorde), v. 15: "ἀπίστοις" (ongelowig)	8
	2	v. 2: "διδάξει" (onderrig), v. 8: "εὐαγγέλιον" (evangelie), v. 9: "λόγος" (woord), v. 11: "λόγος" (woord), v. 14: "ὑπομνήσκει" (herinner), v. 15: "ἀληθείας" (waarheid), "λόγον" (woord), v. 17: "λόγος" (leer) v. 18: "ἀλήθειαν" (waarheid) v. 24: "διδασκτικόν" (onderrig), v. 25: "ἀληθείας" (waarheid),	11
	3	v. 5: "εὐσεβείας" (godsdiens), v. 7: "μανθάνοντα" (leer), "ἀληθείας" (waarheid), v. 8: "ἀληθεία" (waarheid), "πίστιν" (geloof) v. 10: "διδασκαλία" (leer),	7

		v. 16: “διδασκαλίαν” (onderrig),	
	4	v. 2: “διδαχή” (onderrig), “κήρυξον” (verkondig), “ἐλεγξον” (weerlê), “ἐπιτίμησον” (bestraf), “παραινάσας” (bemoedig), “λόγον” (woord), v. 3: “διδασκάλους” (leermeesters), “διδασκαλίας” (leer) v. 4: “ἀληθείας” (waarheid), “μύθους” (mites) v. 5: “εὐαγγελιστοῦ” (evangelis), v. 7: “πίστιν” (geloof)	12
Titus	1	v. 1: “ἀληθείας” (waarheid), v. 3: “λόγον” (woord), v. 4: “πίστιν” (geloof) v. 5: “πρεσβυτέρους” (ouderlinge), v. 7: “ἐπίσκοπον” (ouderling), v. 9: “διδαχήν” (leer), “ἐλέγχειν” (weerlê), “παραινάειν” (aan te moedig), “διδασκαλίαν” (leer), “λόγου” (woord) v. 11: “διδάσκοντες” (leer), “ἐπιστομίζειν” (stil gemaak) v. 13: “ἐλεγχε” (teregwys), “πίστει” (geloof) v. 14: “ἀλήθειαν” (waarheid), “μύθοις” (mites) v. 15: “ἀπίστοις” (ongelowig), “μεμαμμένους” (onrein), “μεμείνται” (onrein)	19
	2	v.1: “λάλει” (sê), “διδασκαλίαν” (leer) v. 2: “πίστει” (geloof) v. 5: “λόγος” (woord) v. 6: “παραινάει” (aanmoedig) v. 7: “διδασκαλίαν” (leer) v. 8: “λόγον” (boodskap), v. 10: “διδασκαλίαν” (leer) v.15: “λάλει” (praat), “ἐλεγχε” (wys tereg), “παραινάει” (bemoedig)	11
	3	v. 1: “ὑπομνήσκει” (herinner), v. 8: “διαβεβαιώσθαι” (aandring), “λόγος” (woord) v. 10: “νουθεσίαν” (teregwysings), v. 15: “πίστει” (geloof)	5

Na aanleiding van bo staande tabel 2 moet daar die volgende opmerkings gemaak word:

- Die grootste konsentrasie van geïdentifiseerde woorde kom in 1 Timoteus voor. Die grootste konsentrasie van geïdentifiseerde woorde in 1 Timoteus kom voor in hoofstuk 4 (20 gebruike), gevolg deur hoofstuk 6 (16 gebruike).

- Naas 1 Timoteus het Titus die tweede grootste konsentrasie van geïdentifiseerde woorde. Die grootste konsentrasie van geïdentifiseerde woorde kom in Titus 1 voor (19 gebruike), gevolg deur Titus 2 (11 gebruike).
- 2 Timoteus het die kleinste konsentrasie van geïdentifiseerde woorde. In 2 Timoteus het hoofstuk 4 die grootste konsentrasie van geïdentifiseerde woorde (12 gebruike), gevolg deur hoofstuk 2 (11 gebruike).

Waar konsentrasie van woorde en voorkoms van temas met mekaar vergelyk word, moet die volgende opgemerkings gemaak word:

- 1 Timoteus 4 (die hoofstuk waarin die grootste konsentrasie van geïdentifiseerde woorde voorkom) behandel twee van die geïdentifiseerde temas, naamlik tema van die stryd teen die dwaalleer en die tema van die bedienaar as leraar.
- Titus 1 (die hoofstuk met die tweede grootste konsentrasie van geïdentifiseerde woorde) behandel ook twee temas, naamlik die tema van die stryd teen die dwaalleer en tema van die ouderling as leraar.
- 1 Timoteus 6 (die hoofstuk met die derde grootste konsentrasie van geïdentifiseerde woorde) behandel uitsluitlik die tema van die bedienaar as leraar.

Met hierdie vergelyking in ag geneem word die temas soos volg in stap 4 (bespreking van tersaaklike en addisionele passasies) bespreek:

- Die tema van stryd teen die dwaalleer word eerste bespreek met 1 Timoteus 4 en Titus 1 as vertrekpunt.
- Die tema van die bedienaar as leraar word tweedens bespreek met 1 Timoteus 4 en 6 as vertrekpunt.
- Die tema van die ouderling as leraar word laaste bespreek met Titus 1 as vertrekpunt.

4. STAP 3: WOORDSTUDIE (SEMANTIESE ANALISE)

In stap 2 hierbo is die voorkomste van geïdentifiseerde woorde reeds ondersoek. Woorde is ook gegroepeer in verskillende kategorieë, naamlik: titels wat gebruik word vir die een wat preek, woorde wat die aksie van prediking beskryf, woorde wat die resultaat van prediking omskryf, woorde wat die leer beskryf, woorde wat die dwaalleer beskryf en woorde wat die dwaalleraars beskryf.

Geïdentifiseerde woorde word verder ondersoek deur middel van woordstudies binne hierdie bogenoemde kategorieë in alfabetiese volgorde. Die bevindings van die woordstudie word verder bespreek in stap 4 wanneer die bespreking van die geïdentifiseerde temas aan die beurt kom.

Die primêre bron vir die woordstudie is BDAG (2000) as leksikon wat konsentreer op die vertalingsmoontlikhede van woorde binne die vroeg-Christelike literatuur. Verdere bronne is Louw en Nida (1988) as semantiese woordeboek en Kittel (1966-1969, 1971) as teologiese woordeboek. Addisionele woordeboeke vir vertalingsmoontlikhede is Liddell en Scott (1958) en waar nodig Lampe (1961).

4.1. Woordstudie van titels wat gebruik word vir die een wat preek

4.1.1. διάκονος

Daar word in die Pastorale briewe drie keer na die titel διάκονος verwys. Al drie hierdie gebruike kom in 1 Timoteus voor.

Volgens BDAG (2000:230) kan die woord διάκονος gebruik word om óf na 'n tussenganger te verwys (met vertalingsmoontlikhede van “agent,” “tussenganger,” of “boodskapper”), óf na 'n persoon wat die opdragte van 'n iemand wat 'n hoër posisie as hyself beklee uitvoer (in die geval met die vertalingsmoontlikheid van “assistent”). Louw en Nida (1988:460) sluit aan by die laasgenoemde deur daarop te wys dat dit na iemand kan verwys wat 'n diens lewer, met ander woorde 'n “dienskneg” of “bediende”. Maar die woord διάκονος kan ook in 'n meer tegniese sin gebruik word om na die amp van die diaken te verwys (Louw & Nida, 1988:540; Beyer, 1966a:89-90; Liddell & Scott, 1958:398).

Wanneer die gebruike van die διάκονος in die Pastorale briewe nagegaan word, blyk dit dat Paulus dit in veral twee betekenisgebruik:

- In 1 Timoteus 3:8 en 12 word διάκονος as 'n tegniese term gebruik om na die amp van die diaken te verwys. In 1 Timoteus 3:8-13 is die apostel Paulus besig om die vereiste van persone te noem wat in die amp van diaken moet dien.
- In 1 Timoteus 4:6 gebruik hy die titel om na Timoteus te verwys. Timoteus staan in diens van Jesus Christus. Daar is sekere dinge wat van Timoteus verwag word. As hy doen wat van hom verwag word, dan sal hy “καλὸς ... διάκονος Χριστοῦ Ἰησοῦ” (“'n goeie dienskneg van Christus”) wees.

Deur hierdie titel te gebruik en op Timoteus wat die leraar van die gemeente in Efese is toe te pas, plaas Paulus Timoteus se gesag in verhouding met dié van Christus. Christus is die Een wat meedere gesag besit, terwyl Timoteus slegs 'n dienskneg is wat op grond van Christus se gesag sekere opdragte in die gemeente moet uitvoer. 'n Διάκονος het nie gesag in homself nie, maar tree namens 'n meester op. In die geval van Timoteus is Christus die Meester.

4.1.2. διδάσκαλος

Die titel διδάσκαλος word drie keer in die Pastorale briewe gebruik: twee keer met verwysing na die apostel Paulus self⁴¹, en een keer met verwysing na valse leraars⁴².

Διδάσκαλος word gebruik in verwysing na “’n onderwyser” / “leermeester” (BDAG, 2000:241; Liddell en Scott, 1958:421). Rengstorf (1966:149) verduidelik die aard van die woord soos volg:

“Die διδάσκαλος is nie net ‘n onderwyser in die algemeen nie, maar ‘n man wat spesifieke vaardigheid aan ander leer ... Die klem is dat sistematies onderwys gegee word ...” (Vertaling: BJH)

In 1 Timoteus 2:7 is daar egter ‘n uitbreiding wat aandag moet kry. Die apostel Paulus skryf in 1 Timoteus 2:7 dat hy aangestel is as “κῆρυξ καὶ ἀπόστολος, ... , διδάσκαλος ἐθνῶν” (“prediker, apostel ... leermeester van die heidennasies”). Die vraag is: na wat verwys die genetief ἐθνῶν (“van die heidennasies”? Verwys dit na κῆρυξ (“prediker”) of ἀπόστολος (“apostel”) of διδάσκαλος (“leermeester”? Al drie die naamwoorde, κῆρυξ (“prediker”), ἀπόστολος (“apostel”) en διδάσκαλος (“leermeester”), staan in die nominatief. Hier is dus sprake van ‘n saamgestelde subjek wat uitgebrei word deur die genetief ἐθνῶν (“van die heidennasies”). Maar Rengstorf (1966:158) gaan verder en wys daarop dat die naamwoorde κῆρυξ (“prediker”) en διδάσκαλος (“leermeester”) die naamwoord ἀπόστολος (“apostel”) uitbrei. Rengstorf (1966:158) skryf: “κῆρυξ neem die plek van εὐαγγελιστής in en saam met διδάσκαλος die tweevoudige funksie van die ἀπόστολος.” (Vertaling: BJH). Hierdie tweevoudige funksie is aan die een kant die verkondiging van die Evangelie as κῆρυξ (“prediker”) en aan die ander kant die onderrig in die Evangelie as διδάσκαλος (“leermeester”).

Alhoewel die apostel Paulus nooit Timoteus of Titus by met die titel διδάσκαλος (“leermeester”) aanspreek nie, word die titel wel geïmpliseer deur die feit dat beide opgeroep word om ander διδάσκειν (“te onderrig”).

4.1.3. ἐπισκοπή en ἐπίσκοπος

Beide die woorde ἐπισκοπή en ἐπίσκοπος word in die Pastorale briewe gebruik om na die ouderlinge te verwys. Beyer (1966b:617) skryf: “In 1 Tim. 3:1 is ἐπισκοπή ‘n afsonderlike amp wat iemand na mag streef” (Vertaling: BJH) en: “Die term ἐπισκοπή in 1 Tim. 3:1 is nie afgelei van Hand. 1:20 of sy OT oorsprong nie. Dit is nuut uitgedink op grond van die titel ἐπίσκοπος wat in die tussentyd gebruiklik was in die vroeë Kerk.” (Beyer, 1966b:608).

⁴¹ 1 Timoteus 2:7; 2 Timoteus 1:11

⁴² 2 Timoteus 4:3

Wanneer die apostel Paulus dus die woorde ἐπισκοπή en ἐπίσκοπος in die Pastorale briewe gebruik, gebruik hy dit as sinonieme, byvoorbeeld in 1 Timoteus 3:1-2: “πιστὸς ὁ λόγος. Εἴ τις ἐπισκοπῆς ὀρέγεται, καλοῦ ἔργου ἐπιθυμεῖ. δεῖ οὖν τὸν ἐπίσκοπον ἀνεπίλημπτον εἶναι, ...” (“Die woord is betroubaar. As iemand daarna streef om ouderling te wees, streef hy na ‘n goeie werk. Dit is noodsaaklik vir ‘n ouderling om onberispelik te wees, ...”).

Alhoewel hierdie woorde as sinonieme gebruik word, is dit tog noodsaaklik om na hul eie beklemtoninge te kyk.

Volgens BDAG (2000:379) word ἐπισκοπή gebruik om na die handeling van toesig, óf die posisie van verantwoordelikheid, óf die betrokkenheid by toesig te verwys; terwyl ἐπίσκοπος gebruik word om na ‘n opsigter te verwys. Beide die woorde het egter die gedagte dat toesig gehou word deur ‘n persoon wat aangestel is vir die taak (vgl. ook Liddell & Scott, 1958:657).

Die woord ἐπίσκοπος (“ouderling”) kom twee keer in die Pastorale briewe voor: die eerste keer is in 1 Timoteus 3:2 en die laaste in Titus 1:7. In beide 1 Timoteus 3:2 en Titus 1:7 handel dit oor die bevoegdhede van ‘n “ἐπίσκοπος” (“ouderling”):

- 1 Timoteus 3:2 lees: “δεῖ οὖν τὸν ἐπίσκοπον ... εἶναι” (“dit is dus noodsaaklik vir ‘n ouderling ... om te wees”).
- Titus 1:7 lees: “δεῖ γὰρ τὸν ἐπίσκοπον ... εἶναι” (“want dit is noodsaaklik vir ‘n ouderling ... om te wees”).

Beide gedeeltes het dieselfde frase: “δεῖ ... τὸν ἐπίσκοπον ... εἶναι” (“dit is noodsaaklik ... vir ‘n ouderling ... om te wees”).

Volgens Rogers en Rogers (1998:491-492) verwys ἐπίσκοπος in die Septuagint (LXX) na iemand wat toegesig gehou het oor iets of iemand en later by die vroeë Kerkvaders gebruik was om na funksie eerder as status van iemand wat toesig hou, te verwys. Beyer (1966b:614) gaan verder en wys daarop dat in die LXX se gebruik van ἐπίσκοπος, wanneer dit gebruik is om na ‘n mens te verwys, daar nie sprake is van ‘n gedefinieerde amp nie, maar dat die term vrylik gebruik is in die sin van iemand wat toesig hou.

Wanneer dit kom by die Nuwe-Testamentiese gebruik van die woord, stel Beyer (1966b:615) twee vrae:

- Eerstens: Wie is die ἐπίσκοπος?
- Tweedens: Wanneer het die woord ἐπίσκοπος ‘n titel geword met ‘n spesifieke amp in gedagte?

As antwoord op die eerste vraag wys Beyer (1966b:615-616) daarop dat dit slegs gebruik is in die verband van 'n gevestigde gemeente waar daar spesifieke take op 'n gereelde basis uitgevoer is.

As antwoord op die tweede vraag stel Beyer (1966b:616) voor die woord ἐπίσκοπος van die begin af in die Nuwe Testament gebruik is om na 'n spesifieke groep mense wat 'n spesifieke amp beklee, te verwys.

Wanneer daar nou na 1 Timoteus 3:1-2 en Titus 1:7 gekyk word, dan is dit net logies dat hierdie gedeeltes na 'n amp verwys – 'n amp wat spesifieke kwalifikasies vereis het – en dat hierdie amp nie los van die gemeente gefunksioneer het nie.

Die vraag wat egter gevra moet word, is: is daar 'n verskil tussen die ἐπίσκοπος en die πρεσβύτερος? Vanuit die Pastorale briewe blyk dit dat dit na dieselfde amp verwys, om die volgende redes:

- In die eerste plek, in Titus 1:5-9 gebruik die apostel Paulus in Titus 1:5 πρεσβυτέρους (“ouderlinge”) wanneer hy vir Titus die opdrag gee om “ouderlinge” in al die dorpe op Kreta aan te stel. Hy gaan dan verder en wys op die kwalifikasies wat ouderlinge moet hê, maar hy gebruik die woord ἐπίσκοπος in plaas van πρεσβυτέρους. Vanuit Titus 1:5-9 blyk dit dat hy dus die twee woorde as wissel terme gebruik en nie na twee ampte verwys nie.
- In die tweede plek, as die lys van kwalifikasies van die ἐπίσκοπος in Titus 1:5-9 met dié in 1 Timoteus 3:1-7 vergelyk word blyk daar ook ooreenkomste te wees. Die ἐπίσκοπος moet onder andere bekwaam wees om onderrig te gee (Titus 1:9 en 1 Timoteus 3:2) en goeie bestuurders van die huisgesin van God wees (Titus 1:7 en 1 Timoteus 3:4-5).
- In die derde plek, as 1 Timoteus 3:1-8 met 1 Timoteus 5:17-19 vergelyk word kom dieselfde twee eienskappe van die vorige punt na vore met verwysing na die πρεσβύτερος, naamlik dat “οἱ καλῶς προεστῶτες πρεσβύτεροι” (“die ouderlinge wat goed regeer”) dubbele erkenning behoort te kry, veral dié wat hard werk met betrekking tot die “λόγῳ καὶ διδασκαλίᾳ” (“prediking en onderrig”).

Saamgevat kan daar dus gesê word dat wanneer die apostel Paulus die woorde ἐπίσκοπος en die πρεσβύτερος in die Pastorale briewe gebruik, hy dit as wissel terme gebruik met verwysing na dieselfde amp, naamlik dié van die ouderling, wie se roeping dit onder andere is om toesig te hou oor die gemeente en die gelowiges te onderrig deur die prediking.

Alhoewel Timoteus en Titus in die Pastorale briewe nooit met die titel van ἐπίσκοπος of πρεσβύτερος direk aangespreek word nie, blyk dit dat hulle verantwoordelikheid ook met die van die ouderlinge ooreenstem en as mede-ouderlinge gereken moet word.

4.1.4. εὐαγγελιστής

‘n Εὐαγγελιστής is iemand wat die evangelie, die goeie nuus, verkondig (BDAG, 2000:403; Friedrich, 1966:737; Liddell & Scott, 1958:705; Louw & Nida, 1988:542). Friedrich (1966:737) skryf: “εὐαγγελιστής wys oorspronklik op ‘n funksie eerder as ‘n amp, aangesien al die apostels evangeliste, mense wat die evangelie verkondig het, was. Aan die ander kant, nie al die evangeliste was apostels nie ...” (Vertaling: BJH). Die evangeliste as groep was die opvolgers van die apostel wie se taak nie net sending was nie (dit wil sê ‘n bediening buite die gemeentes nie), maar ook om leiding in die gemeentes te gee, soos in die geval van Timoteus wat in 1 Timoteus 4:5 ‘n εὐαγγελιστής genoem word (Friedrich, 1966:737).

4.1.5. πρεσβύτερος

Πρεσβύτερος kom in totaal drie keer in die Pastorale briewe voor⁴³. Die woord kan gebruik word om na iemand wat in jare gevorder is te verwys, naamlik “‘n ou man” (Liddell & Scott, 1958:1462; Louw & Nida, 1988:108) of na ‘n “oudste” of “ouderling” wat as n leier in die gemeenskap opgetree (BDAG, 2000:862; Louw & Nida, 1988:542)

Die woord πρεσβύτερος word in Judaïsme en die Christendom gebruik (Bornkamm, 1968:654), maar die betekenis is nie altyd duidelik nie, weens die tweeledige betekenis van die woord: dit kan verwys na ouderdom (wat dan met “oudste” / “ouer man” / “ouer vrou” vertaal sou kon word, of dit kan gebruik word as titel van ‘n amp (in Judaïsme sal die titel wees “oudstes”, terwyl in die Christendom dit met “ouderling” vertaal kon word).

Die woord word die eerste keer gebruik as titel in die vroeg-Christelike kerk in Handeling. In Handeling 11:30 staan daar: “ὁ καὶ ἐποίησαν ἀποστείλαντες πρὸς τοὺς πρεσβυτέρους διὰ χειρὸς Βαρναβᾶ καὶ Σαύλου.” (“Hulle het dit gedoen deur dit deur die hand van Barnabas en Saulus aan die ouderlinge te stuur.”) Vanuit Handeling 11:29 blyk dit dat hierdie ouderlinge ouderlinge in Judea was, en dan in besonder verbonde aan die gemeente in Jerusalem (vgl. Handeling 11:27-30). Voor Handeling 11:30 verwys die titel πρεσβύτερος na die leiers van die Jode, naamlik die “oudstes”.

In beide Handeling en in die Pastorale briewe blyk dit dat daar nie net een ouderling per stad / gemeente was nie, maar dat elke gemeente ‘n paar ouderlinge gehad het:

⁴³ 1 Timoteus 5:17, 19; Titus 1:5. In 1 Timoteus 4:14 is daar wel ‘n verwysing na die “ἐπιθέσεως τῶν χειρῶν τοῦ πρεσβυτερίου” (“die oplegging van die hande van die ouderlinge”). Die woord wat hier met “ouderlinge” vertaal word, is πρεσβύτεριον en kan ook met “die raad van ouderlinge” of “ouderlinge raad” vertaal word (Liddell & Scott, 1958:1462)

- In Handeling 15:2 word daar na “τοὺς ἀποστόλους καὶ πρεσβυτέρους εἰς Ἱερουσαλὴμ” (“die apostels en ouderlinge in Jerusalem”) verwys (vgl. ook Handeling 15:4, 6, 22; 16:4).
- In Handeling 20:17 word daar melding van die “τοὺς πρεσβυτέρους τῆς ἐκκλησίας” (“die ouderlinge van die gemeente”) in Efese gemaak.
- In Handeling 21:18 word daar na die “οἱ πρεσβύτεροι” (“die ouderlinge”) wat in Jerusalem teenwoordig was, verwys.
- In 1 Timoteus 4:14 praat Paulus van “ἐπιθέσεως τῶν χειρῶν τοῦ πρεσβυτερίου” (“die oplegging van die hande van die ouderlinge”). Hierdie is die ouderlinge van die gemeente in Efese waar Paulus Timoteus agter gelaat het om te werk (vgl. 1 Timoteus 1:3).
- In 1 Timoteus 5:17 word daar ook van “Οἱ ... πρεσβύτεροι” (“die ouderlinge”) wat goeie leiding gee, gepraat.
- In Titus 1:5 kry Titus die opdrag van om “κατὰ πόλιν πρεσβυτέρους” (“in elke dorp ouderlinge”) aan te stel.

Dat die πρεσβύτεροι (“ouderlinge”) ‘n leidendgewende rol gespeel het, blyk uit ‘n gedeelte soos 1 Timoteus 5:17. Maar uit 1 Timoteus 5:17 blyk dit dat daar binne die ouderlinge-groep vinnig twee soorte ouderlinge ontwikkel het: aan die een kant die ouderlinge wat leiding gee, en aan die anderkant ook sekere ouderlinge wat veral in die “λόγῳ καὶ διδασκαλίᾳ” (“prediking en onderrig”) hard gewerk het.

Die titel πρεσβύτερος (“ouderling”) word daarom in die Pastorale briewe as ‘n tegniese term vir die leiers in die gemeente wat leiding moet gee en die gelowiges moet onderrig, gebruik.

4.2. Woorde wat die aksie van prediking beskryf

4.2.1. ἀνάγνωσις

Die woord ἀνάγνωσις verwys die proses of die inhoud van wat gelees word, en kan daarom vertaal word as “lees” of “voorlees” (BDAG, 2000:61; Liddell & Scott, 1958:101; Louw & Nida, 1988:397). Ander betekenismoontlikhede is om iets te “erken” (Bultmann, 1968:344; Liddell & Scott, 1958:101) of iemand te “oorreed” (Liddell & Scott, 1958:101).

Die woord kom net in 1 Timoteus 4:13 voor: “ἕως ἔρχομαι πρόσεχε τῇ ἀναγνώσει, τῇ παρακλήσει, τῇ διδασκαλίᾳ.” (“totdat ek kom, hou aan met die voorlesing, bemoediging, onderrig.”)

Vertaling soos “oorreding” en “erkening” maak nie in hierdie verband logies sin nie. Paulus is besig om spesifieke opdragte te gee oor die gemeentelike lewe en dit wat in die samekomste

moet gebeur. Die verband van 1 Timoteus 4:13 is nie die stryd teen dwaalleer, waar 'n vertaling soos “oorreding” sou kon sin maak. Die beste vertaling van die woord is “voorlesing”.

Voorlesing van die Skrifte was 'n gebruik in die Joodse sinagoges wat deur die Christene van die vroeg-Christelike kerk oorgeneem is (Hendriksen, 1972:158; Ryken, 2007:185). In die Joodse sinagoges wat die voorlesing uit die Ou Testament gewees (Bultmann, 1968:344), maar in die tyd wat Paulus die brief aan Timoteus skryf, was daar reeds dele van die Nuwe Testament in sirkulasie en ook in die gemeentes voorgelees (Hendriksen, 1972:158; vgl. ook Kolossense 4:16 en 1 Tessalonisense 5:27).

Wanneer Paulus vir Timoteus die opdrag gee op voort te gaan met die ἀνάγνωσις, gee hy vir hom die opdrag om aan te hou om onderrig vanuit die Skrifte (wat op daardie stadium die Ou Testament en dele van die Nuwe Testament was) te gee. Hierdeur is die bron van prediking in die vroeg-Christelike kerk geïdentifiseer.

4.2.2. διδάσκω

Die werkwoord διδάσκω kom vyf keer in die Pastorale briewe voor: drie keer in 1 Timoteus⁴⁴, een keer in 2 Timoteus⁴⁵ en een keer in Titus⁴⁶. Die woord kan met “vertel” / “leer” / “onderrig” of “verduidelik” vertaal word (BDAG, 2000:241; Liddelle & Scott, 1958:421-422; Rengstorf, 1966:135). Volgens Louw en Nida (1988:413-414) kan διδάσκω, διδαχή en διδασκαλία op die formaat van onderrig dui wat óf informeel óf formeel van aard is. Hierby voeg Rengstorf (1966:135) dat die gedagte van die woord op die oordrag van inligting in sy breedste sin dui, of op die oordrag van kennis of die verkryging van vaardighede.

Wanneer die apostel Paulus die infinitief van διδάσκω, naamlik διδάσκειν in 1 Timoteus 2:12 gebruik, gebruik hy dit in die sin van formele onderrig soos blyk uit die verband tussen διδάσκειν (“om te leer”) en αὐθεντεῖν (“om gesag uit te oefen”). Oor die formaat van hierdie onderrig, skryf Lea en Griffin (1992:99): “Onderrig het amptelike dogmatiese onderwys in die Skrifte behels (1 Tim. 5:17) en was as taak na die herder-leraar gedeligeer (Ef. 4:11)” (Vertaling: BJH). Köstenberger (2006:516) stem hiermee ooreen.

In 2 Timoteus 2:2 word die aoristos infinitief aktief van διδάσκω, naamlik διδάξαι ook in die betekenis van formele onderrig gebruik. Timoteus moet die leer wat aan hom toevertrou is,

⁴⁴ 1 Timoteus 2:12, 4:11, 6:2.

⁴⁵ 2 Timoteus 2:2

⁴⁶ Titus 1:11

weer op sy beurt aan manne toevertrou “οἵτινες ἱκανοὶ ἔσονται καὶ ἑτέροισι διδάξαι” (“wat bekwaam sal wees om ook ander te onderrig”).

In 1 Timoteus 4:11 en 6:2 word die praesens imperatief aktief van διδάσκω, naamlik δίδασκε gebruik. Hier kan δίδασκε (“jy moet leer”) verstaan word om formeel of informeel te wees: formeel in die sin van prediking en informeel in die sin van gesprekke of lewenswyse. Die inhoud van hierdie onderrig, is die briewe wat die apostel Paulus aan Timoteus skryf, asook die Evangelie soos blyk uit gedeeltes soos 1 Timoteus 4:6 en Titus 2:1.

4.2.3. διδαχή

Διδαχή kom twee keer in die Pastorale briewe voor: die eerste keer in 2 Timoteus 4:2 en die tweede keer in Titus 1:9.

Διδαχή kan vertaal word met “onderrig” of “onderwysing” (Liddell & Scott, 1958:422; Louw & Nida, 1988:413-414; Rengstorff, 1966:163) en kan óf na die handeling van onderrig, óf na die inhoud van onderrig verwys (BDAG, 2000:241). Beide hierdie gebruike kom voor in die Pastorale briewe:

- In 2 Timoteus 4:2 word Timoteus opgeroep om die Evangelie te verkondig “ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ καὶ διδαχῇ” (“met alle geduld en onderrig”). Hier is dit duidelik dat die apostel Paulus na die handeling van onderrig verwys.
- In Titus 1:9 word daar na die inhoud van onderrig verwys wanneer die apostel Paulus aan Titus skryf om vas te hou aan “τὴν διδαχὴν πιστοῦ λόγου” (“die leer van die betroubare Woord”).

As predikers kry Timoteus en Titus die opdrag om mense in die “leer”, dit wil sê die Skrifte (soos in punt 4.2.1. hierbo gesien), te “onderrig”.

4.2.4. κηρύσσω

Die woord κηρύσσω kom net een keer in die Pastorale briewe voor, in 2 Timoteus 4:2: “κήρυξον τὸν λόγον, ἐπίστηθι εὐκαίρως ἀκαίρως...” (“Verkondig die Woord, hou daarmee aan tydig en ontydig, ...”).

Volgens Liddell en Scott (1958:949) kan κηρύσσω verskeie vertalingsmoontlikhede hê, naamlik “om ‘n herout te wees”, “om ‘n aankondiging as herout te maak”, “om ‘n verklaring voor te hou” of “om iets in die openbaar te beveel” (vgl. ook BDAG, 2000:543; Louw & Nida, 1988:412). Volgens Louw en Nida (1988:417) is κηρύσσω verder ook gebruik “om [op] die verkondiging van godsdienstige waarhede en beginsels [te dui], terwyl die aanvaarding en die nakoming daarvan

aangemoedig is” (Invoeging: BJH; Vertaling: BJH). Κηρύσσω kan daarom ook met “preek” of “prediking” vertaal word.

Friedrich (1967:703) wys op die gebruik van die praesens infinitief aktief van κηρύσσω, naamlik κηρύσσειν in die Nuwe Testament:

“κηρύσσειν beteken nie die lewering van ‘n geleerde en opbouende of vermanende lesing met goed uitgesoekte woordeskat en ‘n aangename stem nie. Dit is die bekendmaking van ‘n gebeurtenis ... ‘om aan te kondig’.” (Vertaling: BJH)

Die beklemtoning wat Friedrich (1967) hierbo lê, wys daarop dat die opdrag van Paulus aan Timoteus “κήρυξον τὸν λόγον” (“verkondig die Woord”) nie oor die aanbiedings van lesings gaan nie, maar ook die aankondiging van die waarhede van die Woord wat hulle grondslag in fisiese en werklike gebeurtenisse vind. Timoteus (en Titus by implikasie) is aankondigers van die waarhede van die Woord.

4.2.5. λαλέω

Die apostel Paulus gebruik drie keer die werkwoord λαλέω in die Pastorale briewe: een keer in 1 Timoteus 5:13, een keer in Titus 2:1 en een keer in Titus 2:15.

Λαλέω beteken “om geluid te maak” of “om te praat” (BDAG, 2000: 582-583; Liddell & Scott, 1958:1025-1026). Dit word ook dikwels in ‘n negatiewe sin gebruik, naamlik “om te brabbel” en waar dit van volwassenes gesê word, is dui dit op hul onvolwassenheid of op veragting (Debrunner, 1967:76-77).

Wanneer Paulus in 1 Timoteus 5:13 na diegene verwys wat praatsiek en bemoeisiek is en dinge sê wat hulle eerder oor moet stilbly, gebruik hy dit in die negatiewe sin van die woord. Wanneer hy in Titus 2:1 en 15 vir Titus beveel om deur sy woorde mense moet onderrig, bemoedig en tereg wys gebruik hy dit in die positiewe sin van die woord.

4.2.6. μανθάνω

Μανθάνω kom net een keer in die Pastorale briewe voor in 2 Timoteus 3:7: “πάντοτε μανθάνοντα καὶ μηδέποτε εἰς ἐπίγνωσιν ἀληθείας ἐλθεῖν δυνάμενα.” (“wat altyd iets wil leer maar nooit in staat is om tot die kennis van die waarheid te kom nie.”)

Die woord μανθάνω kan volgens BDAG (2000:615) vier betekenismoonlikhede hê:

- Eerstens kan dit dui op kennis versameling of die aanleer van ‘n vaardigheid met die vertalingsmoonlikheid van “leer” (Liddell & Scott, 1958:1079). In hierdie geval word die

kennis of vaardigheid bekom deur 'n instrukteur of leermeester wat formele of informele onderrig gee (Louw & Nida, 1988:327).

- Tweedens kan dit die betekenis hê om bekend te raak met iets deur dit in te oefen (Liddell & Scott, 1958:1079). Hier gaan dit nie soseer oor 'n leermeester-leerling verhouding waar die leermeester die leerling onderrig nie, maar eerder om van iets te leer deur middel van ondervinding en nadenke (Louw & Nida, 1988:327; Rengstorf, 1967:391). In hierdie geval bly die vertaling steeds “leer”.
- Die derde betekenismoontlikheid sluit aan by die vorige deurdat iemand iets leer nie deur instruksie nie, maar deur ervaring of inoefening (Rengstorf, 1967:391). Die vertaling bly steeds “leer”.
- Die vierde betekenismoontlikheid is “om te hoor”.

Naas bogenoemde vier gebruike voeg Liddell en Scott (1958:1079) en Louw en Nida (1988:381) nog 'n vyfde moontlikheid by, naamlik “om te verstaan”. Hier is die gedagte om iets te verstaan as die resultaat van 'n proses van onderrig (Louw & Nida, 1988:381). Liddell en Scott (1958:1079) wys laastens op nog 'n addisionele gebruik van *μανθάνω*, naamlik “om iets raak te sien” of “op te let”.

In 2 Timoteus 3:1-9 is Paulus besig om Timoteus te waarsku oor die stryd teen die dwaalleer in die laaste dae. Binne hierdie verband verwys hy dan na mense wat vroue teiken wat wil leer. Hier is die eerste betekenismoontlikheid waarop BDAG (2000:615) soos hierbo verduidelik in gebruik, naamlik die verhouding van 'n leermeester-leerling. Rengstorf (1967:410) skryf:

“Onderrig blyk om hier 'n bedreiging vir die geloof van die gemeenskap in te hou. Indringerigheid en intellektuele vroomheid was algemeen, veral onder die vroue (2 Tim. 3:6 ev.; 1 Tim. 5:13), wat vals leraars die geleentheid bied om die gemeente binne te dring. Die vroomheid wat deur hulle oorgedra is, is wettisisties.” (Vertaling: BJH)

4.2.7. παράκλησις

Die woord *παράκλησις* kom net een keer voor in 1 Timoteus 4:13. Volgens BDAG (2000:766) kan die woord in drie betekenisvelde gebruik word:

- Dit kan verwys na 'n handeling wat ander tot aksie bring. Hierdie “tot aksie bring” kan positief of negatief wees: in die positiewe sin beteken dit dat die persoon besig is met 'n aksie en dus aangemoedig word om met daardie aksie aan te hou; in die negatiewe sin beteken dit dat 'n persoon met 'n aksie moet ophou en met 'n ander aksie moet begin. Die vertaling wanneer dit in 'n positiewe sin gebruik word, sou dus kon wees “aanmoedig” / “aanspoor”; terwyl die vertaling in negatiewe sin sou wees “waarsku” / “teregwys”.

- Die woord kan ook gebruik word om te dui op 'n sterk versoek wat gemaak word en sou dus vertaal kon word “ernstige beroep” (Liddell & Scott, 1958:1313; Louw & Nida, 1988:408; Schmitz & Stählin, 1967:773).
- Die laaste is om iemand te troos en sou dus vertaal kon word as “ vertroos” / “bemoedig” (Liddell & Scott, 1958:1313; Louw & Nida, 1988:306; Schmitz & Stählin, 1967:773).

In 1 Timoteus 4:13 word die woord in 'n dubbele sin, naamlik positief en negatief, as die resultaat van voorlesing en prediking gebruik. In 1 Timoteus 4:13 kry Timoteus die opdrag om aan te hou met “τῇ ἀναγνώσει, τῇ παρακλήσει, τῇ διδασκαλίᾳ” (“voorlesing, bemoedig en waarsku, onderrig”). Τῇ παρακλήσει (“met bemoediging en waarskuing”) is die resultaat van τῇ ἀναγνώσει (“met voorlesing”) aangesien die voorlesing die beginpunt is waaruit of bemoedig of gewaarsku word. Τῇ παρακλήσει (“met bemoediging en waarskuing”) is ook die resultaat van τῇ διδασκαλίᾳ (“met onderrig”) omdat dit wat gelees word in die onderrig uitgelê en toegepas word.

Wanneer Paulus Timoteus oproep om aan te hou met τῇ παρακλήσει dan lê hy klem op beide bemoediging en waarskuwing as deel van die taak van 'n prediker.

4.3. Woorde wat die resultaat van prediking omskryf

4.3.1. διαβεβαιόομαι

Die werkwoord διαβεβαιόομαι (“aandring”) word twee keer in die Pastorale briewe met betrekking tot die werksaamhede van die prediker gebruik: die eerste keer in 1 Timoteus 1:7 en die tweede keer in Titus 3:8. In 1 Timoteus 1:7 word dit gebruik binne die verband van die dwaalleraars, terwyl dit in Titus 3:8 gebruik word in die verband van die apostel Paulus se opdrag aan Titus.

Volgens BDAG (2000:226), Liddell en Scott (1958:390) en Louw en Nida (1988:425) kan die woord vertaal word as “om met vrymoedigheid te praat” / “om daarop aan te dring”. Volgens Louw en Nida (1988:425) is die gedagte van die woord om 'n saak met vrymoedigheid en sekerheid te stel.

In 1 Timoteus 1:7 gebruik die apostel Paulus die woord in 'n negatiewe verband. Hy verwys na mense wat νομοδιδάσκαλοι (“leermeesters van die wet”) wil wees, maar “μὴ νοοῦντες ... περὶ τίνων διαβεβαιοῦνται” (“hulle verstaan nie ... waarop hulle aandring nie”). Hulle is dus mense wat dink dat hulle weet waarvan hulle praat en so daarvan oortuig is dat hulle dit met sekerheid voorhou as leerstellings van die wet, maar in wese is hulle verkeerd.

Teenoor die negatiewe gebruik, gebruik die apostel Paulus die woord in Titus 3:8 in 'n positiewe lig. In Titus 3:8 sê die apostel Paulus aan Titus dat hy “περὶ τούτων ... διαβεβαιούσθαι” (“op hierdie dinge ... aandring”). Wat is die dinge waarna verwys word? In die verband van Titus 3 is “hierdie dinge” dit wat voorafgaan in die hoofstuk: respek vir gesag (Titus 3:1), dat gelowiges nie kwaadsprekers of rusiemakers moet wees nie, maar altyd bedagsaam (Titus 3:2), dat God hulle verlos deur die verlossingswerk van Christus en die wedergeboorte wat die Heilige Gees geskenk het (Titus 3:3-6) en dat hierdie verlossing nie uit verdienste is nie, maar uit genade (Titus 3:5, 7).

Maar daar is ook 'n breë verband waarna “hierdie dinge” verwys. In Titus 3 is die apostel Paulus besig om die brief af te sluit. Wanneer hy na “περὶ τούτων ... διαβεβαιούσθαι” (“op hierdie dinge ... aandring”) verwys, verwys hy ook terug na alles wat hy in die brief tot op hierdie punt geskryf het. Dus, dit wat die apostel Paulus geskryf het, moet aan die gemeente voorgehou word met volle vrymoedigheid en sekerheid. Hierdie “aandring” by die gemeente is egter nie 'n eenmalige handeling nie. Rogers en Rogers (1998:511) wys daarop dat die praesens-vorm van die werkwoord op 'n voortdurende aksie dui. Dus, Titus moet voortdurend op hierdie sake wat die apostel Paulus aan hom opgedra het, aandring.

4.3.2. ἐλέγχω

Die woord ἐλέγχω kom vyf keer in die Pastorale briewe voor.⁴⁷ Die woord kan in verskillende betekenismoonlikhede gebruik word:

- Dit kan dui op die handeling om iets te ondersoek en die gevolg daarvan bloot te stel (BDAG, 2000:315; Liddell & Scott, 1958:531). Die vertaling van die woord sou dan kon wees “bloot te lê” of “ontmasker”.
- Dit kan ook beteken om iemand tot die punt te bring waar hy / sy besef dat hulle verkeerd is (BDAG, 2000:315; Liddell & Scott, 1958:531). Die vertaling sou dan kon wees “om te oortuig”.
- Dit kan ook gebruik word om 'n sterk afkeer van iemand se optrede aan te dui (BDAG, 2000:315; ; Liddell & Scott, 1958:531). Dit sou dan vertaal kon word met “teregwys” / “weerlê” / “reg stel”.
- Dit kan ook op 'n straf vir 'n fout wat begaan is, verwys (BDAG, 2000:315; Liddell & Scott, 1958:531; Louw & Nida, 1988:436). In hierdie geval sou die vertaling “bestraf” / “dissiplineer” kon wees.

Büchsel (1966:473) wys daarop dat alhoewel die gebruik van ἐλέγχω in die Nuwe Testament eenvoudig is, die gebruik daarvan buite die Nuwe Testament na 'n baie groter veld van

⁴⁷ 1 Timoteus 5:20; 2 Timoteus 4:2; Titus 1:9, 13; 2:15.

betekenismoontlikhede insluit. Behalwe die bogenoemde gebruike is daar ook die betekenismoontlikhede om iemand in die skande te bring (Büchsel, 1966:473; Liddell & Scott, 1958:531), om iemand te blameer (Büchsel, 1966:473), om iets uit te lê (Büchsel, 1966:473) en om iets te ondersoek (Büchsel, 1966:473).

In die Pastorale briewe gebruik die apostel Paulus die woord ἐλέγχω hoofsaaklik in die betekenis, van “tereg wys” / “te weerlê”. Hierdie vorm deel van die taak van die prediker. Hy moet dit wat teen die gesonde leer indruis, soos die apostel Paulus dit in Titus 1:9 stel, weerlê en hulle wat sonde begaan openlik tereg wys (1 Timoteus 5:20).

4.3.3. ἐπιστομίζω

Die woord ἐπιστομίζω kom slegs een keer in die Pastorale briewe voor, naamlik in Titus 1:11: “οὐς δεῖ ἐπιστομίζειν, οἵτινες ὅλους οἴκους ἀνατρέπουσιν διδάσκοντες ἅ μὴ δεῖ αἰσχροῦ κέρδους χάριν.” (“Dit is nodig dat die wat ganse huishoudings ruïneer deur te leer wat hulle nie behoort nie ter wille van skaamtelose wins, se monde stil gemaak moet word.”)

Volgens Liddell en Scott (1958:661) is die woord gebruik om na een van drie sake te verwys: eerstens was dit metafories gebruik om iemand ‘n “stang” in die mond te sit, tweedens was dit gebruik om te verwys na ‘n mondstuk wat op ‘n fluit geplaas word, en derdens om iemand op sy gesig te laat val.

BDAG (2000:382) wys daarop dat die metaforiese gebruik van ἐπιστομίζω beteken het om iemand stil te maak (vergelyk ook Louw & Nida, 1988:403). Daarom kan Titus 1:11 se frase “οὐς δεῖ ἐπιστομίζειν” ook met “dit is nodig om hulle ‘n stang in die mond te sit” vertaal word.

Dit is Titus se verantwoordelikheid om die mense (binne die verband van Titus 1 is dit die dwaalleraars) stil te maak, sodat hulle nie hulle dwaalleer verder versprei nie.

4.3.4. ἐπιτιμάω

Die woord ἐπιτιμάω kom net in 2 Timoteus 4:2 in die Pastorale briewe voor: “κήρυξον τὸν λόγον, ἐπίστηθι εὐκαίρως ἀκαίρως, ἔλεγχσον, ἐπιτίμησον, παρακάλεσον,...” (“Verkondig die Woord, hou daarmee aan tydig en ontydig, weerlê, bestraf, bemoedig, ...”).

Volgens BDAG (2000:384) kan die woord óf na die uitdrukking van ‘n sterk afkeur van iemand verwys (Louw & Nida, 1988:436), óf na bestraffing. Louw en Nida (1988:426) wys daarop dat dit ook gebruik kan word om na ‘n dreigende bevel kan verwys. Stauffer (1966:623) wys daarop

dat ἐπιτιμάω 'n tweeledige gebruik kan hê: aan die een kant kan dit dui op “eer” en aan die ander kant op “blam” of “bestraffing”.

In 2 Timoteus 4:2 gaan dit oor 'n broederlike bestraffing wat dit wat verkeerd is in 'n persoon se lewe afkeur en wil reg stel.

4.3.5. νουθεσία

Νουθεσία kom net in Titus 3:10 voor: “αἰρετικὸν ἄνθρωπον μετὰ μίαν καὶ δευτέραν νουθεσίαν παραιτοῦ” (“Jy moet weby van 'n man wat skeuring bring na een of twee tereg wysings”).

Volgens BDAG (2000:679) dui dit op raad wat gegee word met betrekking tot die vermyding of staking van 'n sekere ongewenste optrede (vgl. Louw & Nida, 1988:414). Dit kan daarom vertaal word met “tereg wys” of “onder wysing”. Dit kan ook gebruik word om raad te gee oor die negatiewe gevolge van 'n sekere optrede (Louw & Nida, 1988:437). Dit kan dan met “waarsku” vertaal word.

Die “tereg wysings” waarvan Paulus in Titus 3:10 skryf is nie 'n uit-die-hoogte-neersien manier van tereg wys nie, maar 'n nederige manier waar daar op die gevolge gewys word van die handeling wat plaasvind en gevolglik ook die positiewe gevolg indien daardie handeling gestaak of vermy word.

4.3.6. παραγγέλλω

Παραγγέλλω kom vyf keer in die Pastorale briewe voor⁴⁸, waarvan vier van die voorkomste die imperatief παραγγέλλε is. Die woord word gebruik om te verwys na 'n aankondiging of opdrag wat uitgevoer moet word (BDAG, 2000: 760; Liddell & Scott, 1958:1306; Louw & Nida, 1988:426). Dit is “'n militêre term wat gedui het op streng bevel en beklemtoon het dat die bevel met gesag uitgeoefen moes word” (Rogers & Rogers, 1998:487; Vertaling: BJH). Schmitz (1967:761-762) skryf:

“Op grond van die oorspronklike betekenis ‘om 'n aankondiging oor te dra’ het al die betekenis moontlikhede te doen met ‘nabootsing’. Die enigste betekenis wat in die NT voorkom, alhoewel met heelwat aanpassing, is eenvoudig die idee van “'n bevel’ of ‘rigting wysing’.” (Vertaling: BJH)

⁴⁸ 1 Timoteus 1:3; 4:11; 5:7; 6:13, 17.

Hierdie dinge wat Timoteus die mense moet beveel, doen hy nie op grond van sy eie gesag nie, maar gesag wat hy by die apostel Paulus ontvang het soos uit 1 Timoteus 1:3 blyk. Paulus ontvang weer op sy beurt sy gesag van Christus (Schmitz, 1967:764).

4.3.7. παραγγελία

Die naamwoord παραγγελία kom twee keer voor in die Pastorale briewe, waarvan beide in 1 Timoteus 1 is⁴⁹.

Volgens BDAG (2000:760) verwys παραγγελία na 'n aankondiging wat nagekom moet word, en kan daarom vertaal word met "bevel" / "opdrag" / "voorskrif" / "raad" of "waarskuwing" (Liddell & Scott, 1958:1306; Louw & Nida, 1988:426; Schmitz, 1967:761-762). In 1 Timoteus 1 gebruik die apostel Paulus dit in die sin van 'n bevel of opdrag wat gehoorsaam moet word.

In 1 Timoteus 1:3-4 sê die apostel Paulus vir Timoteus dat hy hom in Efese agter gelaat "ἵνα παραγγέλῃς τοῖς μὴ ἑτεροδιδασκαλεῖν μηδὲ προσέχειν μύθοις καὶ γενεαλογίαις ἀπεράντοις" ("sodat jy sekere mense kan beveel om nie dwaalleer te versprei nie en aan te hou met mites en eindelose geslagsregister nie"). Die doel van hierdie παραγγελίας ("bevel" / "opdrag") is om 'n opregte geloof te kweek (1 Timoteus 1:5).

Aan die einde van 1 Timoteus 1 verwys die apostel Paulus in 1 Timoteus 1:18 weer na "ταύτην τὴν παραγγελίαν" ("hierdie opdrag"). Hier koppel die apostel Paulus terug na wat hy vroeër gesê het. Hendriksen (1972:84) skryf:

"Die opdrag verwys terug na wat duidelik uiteengesit is in die voorafgaande deel van die gedeelte, in besonder verse 3-11. Dit is die 'mandaat' of 'opdrag' ... dat Timoteus in Efese moet bly sodat hy sekere persone kan leer om nie die wet te misbruik nie, maar om dit wettig te gebruik, sodat dit kan lei tot bekering na Christus, die sondaar se Verlosser." (Vertaling: BJH)

Timoteus kry dus die opdrag om die dwaalleraars te beveel om nie verder hulle dwaalleer te versprei nie.

4.3.8. παρακαλέω

Die woord παρακαλέω kom vyf keer in die Pastorale briewe voor.⁵⁰ Παρακαλέω het volgens BDAG (2000: 764-765) verskillende betekenismoontlikhede. Dit kan verwys na:

- 'n Oproep om nader te kom na die spreker (Liddell & Scott, 1958:1311; Louw & Nida, 1988:423). Dus, "om iemand nader te roep".

⁴⁹ 1 Timoteus 1:5, 18.

⁵⁰ 1 Timoteus 1:3; 2:1; 5:1; 6:2; 2 Timoteus 4:2.

- 'n Sterk appèl (Liddell & Scott, 1958:1311; Louw & Nida, 1988:408; Schmitz & Stählin, 1967:775). Dus sou die vertaling kon wees: “appèl maak” / “pleidooi” / “teregwys”.
- 'n Sterk versoek wat gestel word (Liddell & Scott, 1958:1311; Louw & Nida, 1988:408; Schmitz & Stählin, 1967:775). Dus, “om te versoek” / “aan te dring”.
- 'n Aansporing of aanmoediging (Liddell & Scott, 1958:1311; Louw & Nida, 1988:306; Schmitz & Stählin, 1967:775-776). Dus sou 'n vertaling kon wees “om aan te spoor” / “om aan te moedig”.
- 'n Vriendelike uitnodiging of vertroosting (Liddell & Scott, 1958:1311; Louw & Nida, 1988:425; Schmitz & Stählin, 1967:774). Dus, “om uit te nooi” / “om te troos”.

Die apostel Paulus gebruik die woord παρακαλέω in verskillende betekenisse:

- In 1 Timoteus 1:3 en 2:1 gebruik hy dit in die betekenis van 'n sterk versoek. Hy “dring aan” by Timoteus om in Efese te bly (1 Timoteus 1:3). Hy “dring aan” dat daar ook sekere reëlins uitgevoer moet word met betrekking tot die samekomste van die gemeente (1 Timoteus 2:1).
- In 1 Timoteus 5:1 gebruik hy die woord in die sin van 'n sterk appèl, naamlik teregwysing. Timoteus moet, wanneer hy met die ouer en jonger mense in die gemeente werk en hulle op hulle foute wys, tereg wys op 'n sekere manier: die ouer mans soos vader, die jonger mans soos broers, die ouer vroue soos moeders en die jonger vroue soos susters (1 Timoteus 5:1-2).
- 'n Laaste manier waarop hy die woord gebruik, is in die betekenis van aansporing en bemoediging. In 1 Timoteus 6:2 word daar vir Timoteus gesê om die gelowiges aan te spoor in die dinge wat die apostel Paulus aan hom geskryf het; en in 2 Timoteus 4:2 moet hy deur die verkondiging van die woord die gelowiges “παρακάλεισον, ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ καὶ διδασχῇ” (“bemoedig, met alle geduld en onderrig”).

4.3.9. ὑπομνήσκω

Die woord ὑπομνήσκω kom vier keer in die Pastorale briewe voor.⁵¹ BDAG (2000:1039) wys daarop dat die betekenisveld van ὑπομνήσκω is om “iets te onthou” of om aan “iets te dink” (vergelyk ook Liddell & Scott, 1958:1889; Louw & Nida, 1988:347-348).

In twee van die voorkomste van ὑπομνήσκω in, naamlik in 2 Timoteus 2:14 en in Titus 3:1, gee Paulus aan Timoteus die opdrag om mense aan sekere sake te herinner. In 2 Timoteus 1:5 dink Paulus self na oor Timoteus se geloof en in 2 Timoteus 1:6 herinner Paulus vir Timoteus aan die genadegawe wat Timoteus ontvang het.

⁵¹ 2 Timoteus 1:5, 6; 2:14; Titus 3:1.

Vir hierdie studie is 2 Timoteus 2:14 en Titus 3:1 van belang, aangesien dit direkte opdragte is wat aan predikers gerig is. In 2 Timoteus 2:14 verwys “ταῦτα” na die voorafgaande paragraaf, veral vers 8-13 (vergelyk Bylae C, p. 184-185). Hendriksen (1972:261) skryf: “Dit is duidelik dat die uitdrukking ‘hierdie dinge’ veral terug verwys na die hele voorafgaande paragraaf (verse 1-13), en waarskynlik meer direk na verse 8-13” (Vertaling: BJH). In Titus 3:1 noem Paulus spesifieke sake waaraan Titus die mense moet herinner, naamlik om goeie burgers en goeie naastes vir ander te wees.

4.4. Woorde wat die leer beskryf

4.4.1. ἀλήθεια

Volgens Liddell en Scott (1958:63) kan ἀλήθεια vertaal as “waarheid” (wat dan teenoor “leuen” of “voorgee” staan), “werklikheid” (teenoor “voorgee”), “ware gebeurtenis” of “betroubaarheid” (vergelyk ook BDAG, 2000:42). Met verwysing na ἀλήθεια skryf Louw en Nida (1988:673): “dit is die inhoud van wat waar is en dus in ooreenstemming is met wat werklik gebeur het.” (Vertaling: BJH).

Bultmann *et al.* (1968:238) skryf: “Die NT gebruik van ἀλήθεια word gedeeltelik bepaal deur Semitiese gebruik van נֶאֱמָר en gedeeltelik deur die Grieks en Hellenistiese gebruik van ἀλήθεια.”⁵² Bultmann *et al.* (1968:242-247) gaan dan verder en lys die ooreenkomte en gebruike tussen ἀλήθεια en נֶאֱמָר:

- Dit verwys na dit wat vas en seker is. Dit sluit in iets wat as standaard dien, dit kan dui op juridiese geregtigheid of integriteit.
- Dit kan ook verwys na iets waarop vertrou kan word. Dit sluit die gedagte van betroubaarheid en eerlikheid in.
- Dit kan verder dui op die werklike stand van sake, naamlik dit wat werklikheid is of in ooreenstemming met die werklikheid is.
- Dit kan dui op ‘n stelling van waarheid.
- Dit kan ook gebruik word om na die ware leer of geloof te verwys. Op hierdie punt wys Bultmann *et al.* (1968:244) dat hierdie gebruik in die Pastorale briewe verskeie maniere voorkom: eerstens dat om ‘n Christen te word is om “εἰς ἐπίγνωσιν ἀληθείας ἔλθειν” (“tot die kennis van die waarheid te kom”) met verwysing na 1 Timoteus 2:4, 4:3 en 2 Timoteus 3:7; tweedens word die kerk die “στῦλος καὶ ἐδραίωμα τῆς ἀληθείας” (“pilaar en fondament van die waarheid”) in 1 Timoteus 3:15 genoem en derdens dat ἀλήθεια teenoor die valse leer staan soos gesien in 1 Timoteus 6:5; 2 Timoteus 2:18, 3:8, 4:4 en Titus 1:7.

⁵² Die Hebreeuse woord נֶאֱמָר beteken “standvastigheid”, “betroubaarheid”, “integriteit” en “waarheid” (Koehler en Baumgartner, 1958:66).

- 'n Laaste gebruik is dat dit kan dui op “egtheid”, “goddelike realiteit” of “openbaring”. Hier gaan dit oor God se werklikheid teenoor die mens se werklikheid.

Wanneer Paulus die woord ἀλήθεια gebruik, is dit gewoonlik in verwysing na die inhoud van die Evangelie teenoor die dwaalleer. Een so 'n voorbeeld is 2 Timoteus 4:4: “καὶ ἀπὸ μὲν τῆς ἀληθείας τὴν ἀκοὴν ἀποστρέψουσιν, ἐπὶ δὲ τοὺς μύθους ἐκτραπήσονται.” (“Maar hulle sal hul van die aanhoor van die waarheid wegdraai en hulle wend tot mites.”). Timoteus en Titus het die verantwoordelikheid om die ἀλήθεια van die Evangelie te verkondig en daarmee die dwaalleer te bestry.

4.4.2. διδασκαλία

Διδασκαλία kan gebruik word om na die handeling van onderrig, of na die inhoud van geleer word, te verwys (BDAG, 2000:240; Liddell & Scott, 1958:421; Rengstorff, 1966:160). Waar die woord gebruik word om na die handeling van onderrig te verwys, kan hierdie onderrig die vorm van beide 'n informele of formele formaat aan neem (Louw & Nida, 1988:413-414).

Hierdie tweeledige gebruik kom in die Pastorale briewe voor. In 1 Timoteus 1:10; 6:1, 3; 2 Timoteus 3:10; 4:1, 6, 16; Titus 1:9; 2:1, 7, 10 gebruik die hy die woord in die betekenis van leerstellings. Dit is opmerklik dat in vier gevalle⁵³ die woord διδασκαλία beskryf word deur die partisipium van die werkwoord ὑγιαίνω (“gesond”) in 'n byvoeglike funksie, een keer⁵⁴ beskryf word deur die adjektief καλός (“goed”), en een keer⁵⁵ beskryf word aan die hand van die genitief van die naamwoord δαιμόνιος (“bose gees”). Uit hierdie beskrywings van die woord blyk dit dat wanneer Paulus die woord διδασκαλία gebruik hy dit nie uitsluitlik in 'n positiewe sin gebruik nie.

Die gebruik van διδασκαλία in die betekenis van die handeling van onderrig kom egter ook voor in 1 Timoteus 4:3; 5:17; 2 Timoteus 3:16.

Die hoofsaaklike gebruik van διδασκαλία by Paulus in die Pastorale briewe is dus om na leerstellings te verwys. Hierdie leerstellings word hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik, in 'n positiewe sin gebruik om na die inhoud van die Christelike leer te verwys. Dit is hierdie διδασκαλία (“leer” / “leerstelling”) wat beide Timoteus en Titus aan die gelowiges moet voorhou.

⁵³ 1 Timoteus. 1:10; 2 Timoteus 4:3; Titus 1:9; 2:1.

⁵⁴ 1 Timoteus 4:6

⁵⁵ 1 Timoteus 4:1

4.4.3. εὐαγγέλιον

Volgens Liddell en Scott (1958:705) kan die woord εὐαγγέλιον op drie sake dui: eerstens kan dit verwys na die beloning van goeie gerugte, tweedens kan dit dui op goeie nuus wat gebring word, en derdens is dit in sy Christelike gebruik 'n verwysing na die evangelie. BDAG (2000:402-403) sluit by die laasgenoemde gebruik aan en dui op drie betekenismoonlikhede: eerstens God se goeie nuus aan die mensdom, tweedens besonderhede wat verband hou met Christus se lewe en bediening en derdens 'n verwysing na 'n boek wat handel oor Christus se lewe en bediening byvoorbeeld die evangelie volgens Matteus. Louw en Nida (1988:413) skryf dat εὐαγγέλιον verwys na die inhoud van die goeie nuus en dat dit in die Nuwe Testament 'n verwysing is na die evangelie van Jesus.

Friedrich (1966:731) skryf oor die gebruik van die woord εὐαγγέλιον deur Paulus:

“Die evangelie lê nie bloot getuienis af oor 'n geskiedkundige gebeurtenis nie, want waaroor dit getuig, naamlik die opstanding en verheerliking, is buite die skopus van historiese oordeel en styg uit bo die geskiedenis. Dit bestaan oor nie net uit narratiewe en gesegdes oor Jesus wat elke Christen behoort te wees nie, en bestaan beslis nie uit dogmatiese formules wat vreemd is aan die wêreld nie. Inteendeel, dit staan in 'n verhouding met die geskiedenis en bewys dat dit 'n lewende krag is ... Die evangelie lê nie bloot getuienis af oor die verlossingsgeskiedenis nie; dit is self verlossingsgeskiedenis. Dit maak inbreek op die lewe van die mens, herstel dit en skep gemeenskappe.” (Vertaling: BJH)

Die evangelie is dus nie maar net droeë en blote feite wat Paulus verkondig het en nou van Timoteus en Titus verwag nie. Dit is die goeie nuus van verlossing wat Christus gebring het deur sy lewe en sy bediening as mens op aarde. Maar dit gaan verder as net die verlede en die geskiedenis, dit styg ook uit bo die geskiedenis en wys op sy opstanding, verheerliking en ook sy wederkoms. Hierdie inhoud moet die lewe van mense raak en verander.

4.4.4. εὐσέβεια

BDAG (2000:412) vertaal εὐσέβεια as “toegewy”, “vroom” of “godvresendheid” aangesien dit dui op die eerbied wat God toekom (vergelyk ook Foerster, 1971:183). Liddell en Scott (1958:731) voeg by dat dit nie net op eerbied vir God kan dui nie, maar ook vir ouers, dat dit kan dui op dade van vroomheid of 'n vroom karakter. Volgens Louw en Nida (1988:531-532) kan dit ook dui op 'n godsdienstige lewenswysheid en die nakom van sekere rites vereis word, of na die gedrag wat in ooreenstemming is met aanvaarde godsdienstige leerstellings en gesindhede.

Foerster (1971:182) wys daarop dat εὐσέβεια in die Pastorale briewe 'n spesifieke lewenstyl aandui en dat hierdie lewenstyl wat onder die beheer van εὐσέβεια is die leerstellings van valse

leraars onderskei van die gesonde leer. Die valse leraars se lewe het die “μόρφωσιν εὐσεβείας” (“vorm van godsdienst”) maar hulle het “τὴν δύναμιν ἡρνημένοι” (“die krag daarvan verloën”) (2 Timoteus 3:5), dit wil sê die εὐσεβεία het geen invloed in die vorming van hulle lewe nie (Foerster, 1971:182). Die lewe wat as εὐσεβεία beskryf word, is gegrond op Christus (Foerster, 1971:182).

Wanneer Paulus dus verwys na εὐσεβεία, gaan dit nie oor ‘n dooie, formalistiese stel reëls en rites nie, maar ‘n lewe wat aan God toegewy is en die lewe beïnvloed en verander op grond van die verlossingswerk van Christus.

4.4.5. λόγος

Die woord λόγος het verskillende betekenismoontlikhede (BDAG, 2000:599-601):

- Dit kan eenvoudig vertaal word met “woord”, waaronder dan die volgende verstaan kan word: letterlike woorde in mondelinge of geskrewe formaat, wat gesê word, stelling, verklaring, toespraak, instruksie of ‘n spesifieke saak (Liddell & Scott, 1958:1057-1058; Louw & Nida, 1988:400, 779; Debrunner *et al.*, 1967:77).
- Dit kan ook verwys na berekenings of afrekenings (Liddell & Scott, 1958:1057; Louw & Nida, 1988:583; Debrunner *et al.*, 1967:78).
- Dit kan ook as titel verwys na God as “die Woord” (Liddell & Scott, 1958:1059; Louw & Nida, 1988:400; Debrunner *et al.*, 1967:125).

By bogenoemde gebruike, kan ook nog gevoeg word:

- Die verwysing na die evangelie (Louw & Nida, 1988:260)
- ‘n Rede wat gegee word (Liddell & Scott, 1958:1057-1058)

Paulus gebruik die woord λόγος hoofsaaklik in die eersgenoemde betekenisveld.

- Λόγος word gebruik in die herhaalde formule “πιστὸς ὁ λόγος” (“die woord is betroubaar” / “dit is ‘n betroubare woord”) om klem te lê op ‘n stelling wat volg, ongeveer iets soos: “Wat hier volg, is ‘n betroubare mededeling”. Hierdie betroubare mededeling is nie betroubaar omdat Paulus dit sê nie, maar omdat onteenseglik is (Hendriksen, 1972:76). Hierdie uitdrukking kom voor in 1 Timoteus 1:15; 3:1; 4:9; 2 Timoteus 2:11 en Titus 3:8.
- In sommige gevalle wil dit voorkom of hy λόγος as ‘n wisselterm vir διδασκαλία gebruik. Hierdie is in 1 Timoteus 6:3; 2 Timoteus 1:13 en 2:17. In beide 1 Timoteus 6:3 en 2 Timoteus 1:3 gaan λόγος saam met die partisipium van ὑγιαίνω (“gesond”), wat dieselfde betekenis dra as in die geval van διδασκαλία. In 2 Timoteus 2:17 verwys λόγος weer op die dwalinge wat verkondig word (vergelyk Hendriksen, 1972:264). Die gemeenskaplike element in hierdie woordgebruik is dat dit verwys na die inhoud van die verkondiging.

- Daar is ook plekke waar die uitdrukking “λόγου θεοῦ” (1 Timoteus 4:5) of “ὁ λόγος τοῦ θεοῦ” (2 Timoteus 2:9; Titus 2:5) voorkom. Vanuit die verband van 2 Timoteus 2:9 en Titus 2:5 is dit ‘n logiese afleiding dat die uitdrukking “ὁ λόγος τοῦ θεοῦ” (“die Woord van God”) hier na God se openbaring verwys, in die besonder soos wat dit in die Evangelie of die Christelike leer saamgevat is. Oor die uitdrukking “λόγου θεοῦ” (“woord van God”) in 1 Timoteus 4:5 is dit egter ‘n ander saak. Ryken (2007:164) verwys na die feit dat daar oor hierdie uitdrukking se betekenis ‘n veelvoud van verklaring is. Vanuit die verband van 1 Timoteus 4:5 wil dit voorkom of die beste verklaring van hierdie uitdrukking weergegee kan word in “die seëning van God”⁵⁶.
- Behalwe uitdrukkinge soos “τῆς καλῆς διδασκαλίας” (“die goeie leer”), “τῇ ὑγιαινούσῃ διδασκαλίᾳ” (“die gesonde leer”), “ὑγιαίνοντων λόγων” (“die gesonde leer”) en “ὁ λόγος τοῦ θεοῦ” (“die Woord van God”), gebruik Paulus ook ander uitdrukkinge om na die Evangelie of Christelike leer te verwys. Hierdie uitdrukkinge is “τὸν λόγον τῆς ἀληθείας” (“die woord van die waarheid”) (2 Timoteus 2:15), “τὸν λόγον” (“die woord”) (2 Timoteus 4:2; Titus 1:3), “τοῖς λόγοις τῆς πίστεως” (“die woorde van die geloof”) (1 Timoteus 4:6), “τὴν διδαχὴν πιστοῦ λόγου” (“die leer van die betroubare Woord”) (Titus 1:9) en “λόγον ὑγιῆ” (“die regte boodskap”) (Titus 2:8).
- In 1 Timoteus 5:17 gebruik die apostel Paulus die woord ook in die betekenis van “prediking”.
- Laaste gebruik, is deur na Timotheus se fisiese woorde, dit wat hy sê, te verwys in 1 Timoteus 4:12.

Saamgevat, wanneer die apostel Paulus die woord λόγος (“woord”) gebruik, doen hy dit hoofsaaklik om na “leerstellings” te verwys. In hierdie gebruik van λόγος (“woord”) gebruik hy dit hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, om na die inhoud van die Evangelie of die Christelike leer te verwys. Hierdie Evangelie is wat beide Timoteus en Titus vir die gelowiges moet leer, maar ook self daaraan vashou.

4.4.6. πίστις

Liddell en Scott (1958:1408) identifiseer drie betekenisvelde vir πίστις:

- Die eerste is om in iemand te vertrou, met vertalingsmoontlikhede “geloof” en “betroubaarheid” (Louw & Nida, 1988:376; Bultmann & Weiser, 1969:176).

⁵⁶ In 1 Timoteus 4:1-5 handel dit oor die dwaalleer wat sekere mense verkondig het. Hierdie dwaalleer het hoofsaaklik gehandel oor ‘n vorm van asketisme (die onttrekking uit die samelewing / die weerhou van sekere dinge). Deel van die dinge waarvan weerhou moes word, volgens hierdie dwaalleraars, was sekere kossoorte (1 Timoteus 4:3). Die apostel Paulus argumenteer dat God het alles gemaak (1 Timoteus 4:4) en as Skepper ook geseën (1 Timoteus 4:5).

- Die tweede is om na iets te verwys wat vertrou gee, met vertalingsmoontlikhede “gerus stel”, “waarborg” en “bewys” (BDAG, 2000:818; Louw & Nida, 1988:421; Bultmann & Weiser, 1969:177).
- Die derde is om na iets te verwys wat aan iemand toevertrou word, met die vertalingsmoontlikhede “toevertrou” en “vertrou”.

Hierby voeg BDAG (2000:818-820) ook die volgende:

- Om te verwys na geloof op grond van die betroubaarheid van die een wat vertrou word, met die vertalingsmoontlikhede “vertrou” en “geloof”.
- Om na die inhoud van wat geglo word, te verwys, met die vertalingsmoontlikhede “inhoud van die geloof”, “glo” of “leer” (vergelyk ook Louw & Nida, 1988:379).

Behalwe bogenoemde betekenisvelde, voeg Louw en Nida (1988) die volgende ook by:

- Om iemand te wees in wie ander ten volle kan vertrou, met die vertalingsmoontlikhede “betroubaar”, “staat maak” en “getrou” (Louw & Nida, 1988:377).
- Om na iets te verwys wat geheel en al geloofwaardig is, met die vertalingsmoontlikhede “wat ten volle aangeneem kan word” en “geloofwaardige bewyse” (Louw & Nida, 1988:371).
- Om in die evangelie te glo en ‘n navolger van Christus te wees, met die vertalingsmoontlikhede “om ‘n gelowige te wees”, “om ‘n Christen te wees” en “die Christelike geloof” (Louw & Nida, 1988:379).

Paulus gebruik πίστις amper uitsluitlik om te verwys na die inhoud van die geloof, naamlik die evangelie wat geglo word. Hy noem byvoorbeeld Timoteus “γενήσιw τέκνω ἐν πίστει” (“my ware kind in die geloof”) in 1 Timoteus 1:2 en in Titus 1:4 is die verwysing na die geloof as inhoud nog duideliker deurdat hy na Titus verwys as “γενήσιw τέκνω κατὰ κοινὴν πίστιν” (“my ware kind volgens die gemeenskaplike geloof”), met ander woorde die geloofsinhoud wat beide deel.

Hy praat verder ook van mense wat weggedraai het van die πίστις (1Timoteus 4:1, 6:10, 21). Hierdie is mense wat die inhoud van die geloof verwerp het en gekies het om eerder die valse leer na te volg.

Behalwe bogenoemde voorbeelde, is daar ook die verwysings na die geloof waaraan vasgehou moet word (1 Timoteus 1:19, 3:9; 2 Timoteus 4:7), wat geleer moet word deur middel van leermeesters (1 Timoteus 2:7) en dat mense gesond moet wees in die geloof (Titus 1:13, 2:2). Al hierdie bogenoemde voorbeelde het πίστις as verwysing na die inhoud van die geloof wat geglo en nagevolg moet word.

Die enigste uitsondering is 1 Timoteus 6:11 waar hy skryf: “Σὺ δέ, ὦ ἄνθρωπε θεοῦ, ταῦτα φεῦγε· δίωκε δὲ δικαιοσύνην εὐσέβειαν πίστιν, ἀγάπην ὑπομονὴν πραῦτητα.” (“Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge; en jaag na geregtigheid, diens van God, geloof, na liefde, volharding en sagmoedigheid.”) Hier is die verwysing na πίστις nie die inhoud van die geloof nie, maar eerder om toe te neem in sy vertroue op God. Hendriksen (1972:203) skryf: “Wat geloof betref, is die konsep wat hier gebruik word binne die subjektiewe sin, dit is ‘n aktiewe vertroue op God en sy beloftes.” (Vertaling: BJH)

4.5. Woorde wat die dwaalleer beskryf

4.5.1. *ἐτεροδιδασκαλέω*

Die woord ἐτεροδιδασκαλέω word gebruik om na mense wat ‘n valse leer verkondig (Liddell & Scott, 1958:701; BDAG, 2000:399). Die gedagte is dat daar iets geleer of verkondig word wat verskil van dit wat geleer of verkondig moet word (Louw & Nida, 1988:415).

Rengstorf (1966:163) skryf:

“In die NT word die woord slegs in 1 Tim. 1:3 en 6:3 gevind, in beide gevalle met verwysing na manne wat ander leerstellings versprei wat verskil met die van die skrywer en sy medewerkers ... Aangesien hulle ook νομοδιδάσκαλοι in 1:7 genoem word, is die Judaïstiese klem wat die νόμος gelê word die rede dat die leerstellings onder die sin van ἐτεροδιδασκαλεῖν geplaas word en onderskei word van ὑγιαίνουσα διδασκαλία.” (Vertaling: BJH)

4.5.2. *μῦθος*

Μῦθος kan volgens Liddell en Scott (1958:1151) óf na ‘n woord, toespraak of gesprek verwys, óf na ‘n storie, mite of verhaal (vergelyk BDAG, 2000:660). Louw en Nida (1988:390-391) skryf: “‘n Legende of ‘n verhaal, gewoonlik oor bonatuurlike wesens, gebeure of kulturele helde, en in die NT altyd in ‘n negatiewe lig ... Die term kan dikwels eenvoudig vertaal word as ‘valse stories’ of ‘valse verhale’.” (Vertaling: BJH) (vergelyk ook Stählin, 1967:781).

Wanneer die gebruik van μῦθος in die Pastorale briewe vergelyk word, en veral ‘n vergelyking getref word tussen die briewe aan Timoteus en die brief aan Titus, blyk daar sterk ooreenkomste te wees. Stählin (1967:782) skryf:

“Dit is egter opmerklik dat in beide gevalle [dit wil sê in beide Efese en Kreta] die μῦθοι of die voorstanders daarvan op is tot morele aanvegbaarheid (vgl. 1 Tim. 1:16; 1 Tim. 4:7 ...), en ook dat in beide gevalle die waarheid van die evangelie (2 Tim. 4:4; Tit. 1:14) en die stabiliteit van die geloofslawe (1 Tit. 1:13; 1 Tim. 1:4) deur die μῦθοι bedreig word ... Dus blyk dit waarskynlik te wees dat die μῦθοι van Past. ‘n manifestasie is van die selfde genus.” (Invoeging: BJH; Vertaling: BJH)

Dus, wanneer Paulus na die *μῦθος* in die Pastorale briewe verwys, verwys hy na leerstellings wat teenoor die waarheid van die evangelie staan en daarom 'n ander evangelie is wat die ware geloof en geloofslawe van mense bedreig.

4.6. Woorde wat die dwaalleraars beskryf

4.6.1. ἄπιστος

Die woord ἄπιστος kom twee keer in die Pastorale briewe voor: die eerste keer in 1 Timoteus 5:8 en die tweede keer in Titus 1:15.

Volgens BDAG (2000:103) het ἄπιστος hoofsaaklik twee betekenisvelde:

- Aan die eenkant verwys dit na iets wat ongeloofwaardig is (Liddell & Scott, 1958:189; Louw & Nida, 1988:371)
- Aan die ander kant verwys dit na 'n persoon wat sonder geloof of ongelowig is (Bultmann & Weiser, 1969:204-205; Liddell & Scott, 1958:189; Louw & Nida, 1988:378).

In beide bogenoemde gedeeltes gebruik Paulus die woord ἄπιστος in die tweede betekenisveld, naamlik om na iemand te verwys wat nie glo nie. Rogers en Rogers (1998:496) wys daarop dat ἄπιστος in 1 Timoteus 5:8 'n genitief van vergelyking is. Hierdie vergelyking is tussen die wat glo en die wat nie glo nie. Paulus sê dat as iemand bekend staan as 'n gelowige, maar hy nie na sy eie huismense omsien nie, hy die geloof verloën en in daardie opsig slegter is as mense wat nooit as gelowiges bekend gestaan het nie. In Titus 1:15 is die hoofvergelyking tussen καθαρός ("rein") en μιάινω ("onrein"), maar die idee van onreinheid word uitgebrei deur die invoeging ἀπίστοις ("ongelowiges"). Hierdie ἀπίστοις is mense wat nie in Christus glo nie, maar Hom verwerp het (Hendriksen, 1972:357).

4.6.2. μιάινω

Μιάινω kom net in Titus 1:15 in die Pastorale briewe voor: Titus 1:15: "πάντα καθαρὰ τοῖς καθαροῖς· τοῖς δὲ μεμαμμένοις καὶ ἀπίστοις οὐδὲν καθαρὸν, ἀλλὰ μεμίανται αὐτῶν καὶ ὁ νοῦς καὶ ἡ συνείδησις." ("Vir die wat rein is, is alles rein, maar vir hulle wat onrein en ongelowig is is niks rein nie, maar hulle verstand en gewete is onrein.")

BDAG (2000:650) wys op hoofsaaklik twee betekenisvelde van die woord μιάινω:

- Eerstens kan dit dui op iets wat ritueel onrein gemaak word, dus om iets te "vlek" of om dit te "besoedel" (Liddell & Scott, 1958:1132; Louw & Nida, 1988:536).
- Tweedens kan dit dui op die verlies van reinheid deur middel van immorele gedrag (Liddell & Scott, 1958:1132; Louw & Nida, 1988:770).

Volgens Louw en Nida (1988:770) word μαίνω in die tweede betekenisveld in Titus 1:15 gebruik. Hierdie onreinheid gaan oor 'n innerlike onreinheid wat sigbaar word in ongebondenheid (Hauck, 1967a:646).

4.6.3. νομοδιδάσκαλος

'n Νομοδιδάσκαλος is volgens Liddell en Scott (1958:1179) en BDAG (2000:676) 'n leermeester van die wet. Louw en Nida (1988:416) dat dit 'n pesoon is wat vaardigheid het om die wet van die Ou Testament aan ander te leer en dit te interpreteer.

Rengstorf (1966:159) skryf dat νομοδιδάσκαλος in 1 Timoteus 1:7 na dwaalleraars verwys wat wettisisties is, "ironies: hulle wil νομοδιδάσκαλοι wees, maar weet nie werklik waarom die νόμος gaan nie, en is beslis nie geroep om ander daarin te onderrig nie." (Vertaling: BJH)

Wat was 'n νομοδιδάσκαλος dan? Dit was iemand wat onderrig was in die wet en daarom self in staat was om 'n leermeester van die wet te wees. Paulus gebruik egter die woord in 'n negatiewe sin deur na mense te verwys wat, alhoewel hulle weet wat in die wet staan, hulle nie begrip vir die betekenis van die inhoud van die wet toon nie. Dus, 'n νομοδιδάσκαλος is 'n "leermeester van die wet".

4.6.4. ψευδολόγος

Die woord ψευδολόγος verwys na iemand wat "vals praat" of "lieg" (Liddell & Scott, 1958:2020; Louw & Nida, 1988:417; BDAG, 2000:1096). Die woord kom net voor in 1 Timoteus 4:2: "ἐν ὑποκρίσει ψευδολόγων, κεκαυστηριασμένων τὴν ἰδίαν συνείδησιν" ("[Mense] wat skynheilige leuenaars is, wie se gewete toegeskroei is.") Hier is ψευδολόγος 'n verwysing na die valse leraars wat in diens staan van die Satan en leunens verkondig (Hendriksen, 1972:146).

4.7. Samevatting van woordstudie

Uit die bostaande woordstudie van die Pastorale briewe, kan die volgende samevatting gemaak word:

In die eerste plek is daar sekere woorde wat ondersoek is wat as titels vir die prediker gebruik is. Wanneer hierdie woorde saamgeneem word, vorm dit 'n beeld van die taak van die prediker. Ses woorde is ondersoek: διάκονος (dienaar), διδάσκαλος (leermeester), ἐπισκοπή (ouderling), ἐπίσκοπος (ouderling), εὐαγγελιστής (evangelis), en πρεσβύτερος (ouderling).

- Vanuit punt 4.1.1. hierbo blyk dit dat διάκονος op verhouding van 'n meester en dienskneg dui. Die dienskneg kan nie op eie gesag optree nie, maar slegs op die gesag wat hy van sy

meester ontvang. So het die prediker geen gesag in eie hoedanigheid nie, maar slegs afgeleide of geleende gesag wat hy van Christus ontvang. In hierdie opsig is die prediker dan ook niks ander as 'n herout wat die waarhede van Christus aankondig nie, soos in punt 4.2.4. hierbo uiteengesit.

- Vanuit punt 4.1.2. hierbo is getoon dat die titel διδάσκαλος op die onderrigtaak van die prediker dui. Hierdie onderrig is vanuit die Skrifte, wat op die stadium toe Paulus die Pastorale briewe geskryf het die Ou Testament en dele van die Nuwe Testament wat reeds op skrif gestel is, ingesluit het soos in punte 4.2.2. en 4.2.3. hierbo aangetoon.
- Deur gebruik van die titels ἐπισκοπή en ἐπίσκοπος is daar gedui op die verantwoordelikheid van toesighouding soos uit punt 4.1.3. hierbo aangetoon is. Alhoewel Timoteus en Titus in die Pastorale briewe nooit met die titel van ἐπίσκοπος of πρεσβύτερος direk aangespreek word nie, blyk dit dat hulle verantwoordelikheid as predikers ook met die van die ouderlinge ooreenstem en as mede-ouderlinge gereken moet word.
- Die verantwoordelikheid om as 'n leiersfiguur in die gemeente op te tree, word ondersteun deur die gebruik van die titels εὐαγγελιστής en πρεσβύτερος soos uit punte 4.1.4. en 4.1.5. hierbo blyk.

Behalwe hierdie sake, het die prediker die taak om in die samekomste van die gemeente die Skrifte voor te lees en daaruit onderrig te gee, soos blyk uit punt 4.2.1. hierbo. Hy moet mense bemoedig en aanspoor, soos aangetoon is in bostaande punt 4.2.7. Hy moet die wat dwaal in leer en/of lewe kan tereg wys en weerlê soos in punte 4.3.2. tot 4.3.5 hierbo getoon. Hy moet ook in staat wees om mense te herinner aan hoe hulle hul lewens in ooreenstemming met die evangelie moet inrig, soos gesien in die gebruik van die woord ὑπομνήσκω in punt 4.3.9 hierbo.

In punt 4.4. hierbo is veral gekonsentreer op die woorde wat die leer wat die prediker moet oordra, beskryf. Daar is getoon dat hierdie leer gegrond is op ware gebeure soos in punt 4.4.1. bo aangetoon en dat hierdie leer in skerp kontras staan met ander leerstellings wat beskryf word as “'n ander leer” of “mites” soos uit punt 4.5. hierbo geblyk het. Verder word die leer wat die prediker moet verkondig getipeer as εὐαγγέλιον met die verlossingwerk van Christus as inhoud soos in punte 4.4.3. en 4.4.5. hierbo aangetoon. Hierdie leer is die inhoud van die πίστις (punt 4.4.6) en die motivering vir die gelowiges se aanbidding van God (punt 4.4.4).

Teenoor die ware leer staan die valse leer en teenoor die prediker staan die dwaalleraars wat in punt 4.6. beskryf word as ongelowig, onrein, mense wat hulleself as leraars van die wet voorhou en tog nie werklik weet wat die bedoeling van die wet is nie en ook leuenaars is. Die prediker het die taak om hierdie mense met die ware leer van die evangelie te weerlê.

4.8. Hersiening van temas na aanleiding van die woordstudie

Vervolgens word daar na die geïdentifiseerde temas, soos onder punt 3.7. hierbo gemeld, bespreek. Hierdie temas is:

- Die tema van stryd teen die dwaalleer word eerste bespreek met 1 Timoteus 4 en Titus 1 as vertrekpunt.
- Die tema van die bedienaar as leraar word tweedens bespreek met 1 Timoteus 4 en 6 as vertrekpunt.
- Die tema van die ouderling as leraar word laaste bespreek met Titus 1 as vertrekpunt.

Vanuit die woordstudie (punte 4.1. tot 4.6., veral punt 4.1.3.) en die bostaande samevatting (punt 4.7.) daarvan, is getoon dat daar 'n ooreenkoms is in die taak van die ouderling en prediker soos dit uit die gebruik van die titels ἐπισκοπή, ἐπίσκοπος en πρεσβύτερος blyk.

- In punt 4.1.3. is getoon dat die titels ἐπισκοπή, ἐπίσκοπος en πρεσβύτερος as wissel terme gebruik word deur Paulus in die Pastorale briewe om na die ouderlinge te verwys.
- Maar vanuit 1 Timoteus 5:17 blyk dit dat daar ook spesieke ouderlinge is wat hulle toegespits het om die Woord te bestudeer en te preek, met ander woorde “leraars”, alhoewel hulle onder die titel van πρεσβύτερος aangespreek word in 1 Timoteus 5:17.

In die lig hiervan blyk die ooreenkomste tussen die leraars en ouderlinge so te oorvleuel dat dit onder een hoof bespreek kan word, naamlik die amp van ἐπίσκοπος / πρεσβύτερος met 1 Timoteus 4 en 6 en Titus 1 as vertrekpunte vir die tema.

Onder die tema van die stryd teen die dwaalleer sal daar ook gekyk word na die inhoud van die ware leer, aangesien daar in die samevatting (punt 4.7. hierbo) getoon is dat die dwaalleer bestry is deur die verkonding van die ware leer. Die tema word dus geherformuleer na die stryd teen die dwaalleer deur middel van die ware leer. Onder hierdie tema sal daar eerstens gekyk word na die inhoud van die ware leer soos dit in die Pastorale briewe voorkom en vervolgens na verskeie aspekte van die dwaalleer wat bestry moes word deur die predikers.

Ter wille van die vergelyking wat met Chrysostomus se *De Sac.* V getref word, is dit ook nodig om addisioneel te kyk na die hantering van lofbetuigings en applous van mense.

5. STAP 4: BESPREKING VAN TERSAAKLIKE EN ADDISIONELE TEMAS EN PASSASIES

5.1. Die amp van ἐπίσκοπος / πρεσβύτερος in die Pastorale briewe

In die woordstudie is die woorde πρεσβύτερος en ἐπίσκοπος geïdentifiseer as spesifieke titels verwysend na die amp van ouderling. Daar is ook getoon dat, alhoewel Timoteus en Titus nooit met die titels van πρεσβύτερος en ἐπίσκοπος aangespreek word nie, hulle in dieselfde

verantwoordelikheid deel as die ouderlinge met betrekking tot onderrig in die gemeente. Die Pastorale briewe is egter nie die eerste geskrifte waar daar na hierdie amp verwys word nie en dus moet die hele Nuwe Testament in oorsig geneem word om te sien hoe hierdie amp na vore getree het in die vroeg-Christelike kerk van die 1^{ste} eeu n.C.

Die eerste verwysing na ouderlinge in die vroeg-Christelike kerk, is in Handeling 11:30, waar die term *πρεσβύτεροι* gebruik word. Die meervoudsvorm wil voorstel dat daar in Jerusalem 'n soort raad van ouderlinge was wat in die gemeente leiding geneem het en aan wie Barnabas en Paulus (in Handeling 11:30 nog Saulus genoem) die geld wat die gelowiges gestuur het, moes besorg.

Op Paulus en Barnabas se eerste sendingreis stel hulle ook *πρεσβύτεροι* in die gemeentes aan (Handeling 14:30). Die doel van hierdie aanstelling word nie gegee nie, maar vanuit die verband van Handeling 14:21-23 is dit 'n logiese afleiding dat hierdie ouderlinge die werk moes voortsit wat deur Paulus en Barnabas in die gemeente begin is, naamlik om die gelowiges geestelik te versterk en aan te spoor om in die geloof getrou te bly (Handeling 14:22). Die ouderlinge moes dus as geestelike leiers in die gemeente optree.

In Handeling 15 word daar weer melding gemaak van *πρεσβύτεροι* (vergelyk Handeling 15:2, 4, 6, 22, 23). Hier staan die *πρεσβύτεροι* in noue verhouding met die *ἀπόστολοι*. Regdeur Handeling 15 word hierdie twee groepe saam genoem:

- “τοὺς ἀποστόλους καὶ πρεσβυτέρους εἰς Ἱερουσαλὴμ” (“die apostels en ouderlinge in Jerusalem”) (Handeling 15:2)
- “τῶν ἀποστόλων καὶ τῶν πρεσβυτέρων” (“die apostels en ouderlinge”) (Handeling 15:4)
- “οἱ ἀπόστολοι καὶ οἱ πρεσβύτεροι” (“die apostels en ouderlinge”) (Handeling 15:6)
- “τοῖς ἀποστόλοις καὶ τοῖς πρεσβυτέροις” (“die apostels en ouderlinge”) (Handeling 15:22)
- “Οἱ ἀπόστολοι καὶ οἱ πρεσβύτεροι” (“die apostels en ouderlinge”) (Handeling 15:23).

As groep wat in noue verhouding met die apostels gestaan het, het die ouderlinge gedeel in die taak van die apostels om leiding te gee oor leerstellige sake, soos vanuit Handeling 15 blyk. Daarom het Paulus tydens hulle tweede sendingreis “τὰ δόγματα τὰ κεκριμένα ὑπὸ τῶν ἀποστόλων καὶ πρεσβυτέρων τῶν ἐν Ἱεροσολύμοις” (“die besluite wat deur die apostels en ouderlinge in Jerusalem geneem is”) aan die gelowiges oorgedra (Handeling 16:4).

Die volgende verwysing na ouderlinge in die boek Handeling, is in Hand. 20. In Hand. 20:17 laat roep die apostel Paulus die “πρεσβυτέρους τῆς ἐκκλησίας” (“ouderlinge van die gemeente”) in Efese om hom in Milete te ontmoet waar hy hulle vir 'n laaste keer sou toespreek. Hierdie toespraak van Paulus is die mees insiggewende gedeelte wanneer dit by die taak van die

ouderlinge in Handeling kom, omdat hy hulle roeping in hierdie toespraak saamvat. In Handeling 20:28 sê hy vir die ouderlinge dat hulle ἐπισκόποι (“wagters”) is wat die kudde, naamlik die gemeente, moet versorg. Hier word die eerste keer die term ἐπίσκοπος gebruik om die toesighoudende taak van die ouderling te beklemtoon. In hierdie toesighoudende en versorgende taak van die ouderlinge, speel die λόγος (“woord”) ‘n belangrike rol, want “τῷ δυναμένῳ οἰκοδομῆσαι καὶ δοῦναι τὴν κληρονομίαν ἐν τοῖς ἡγιασμένοις πᾶσιν” (“dit is magtig om op te bou en om die erfdeel aan al die geheiligdes te gee”). Deur die verkondiging van die Woord sal die ouderlinge dus in staat wees om die gemeente te versorg.

Wanneer Paulus weer in Jersalem kom, gaan hy na Jakobus en “πάντες τε παρεγένοντο οἱ πρεσβύτεροι” (“al die ouderlinge was daar teenwoordig”) (Handeling 21:18). Hier word egter niks gesê oor hulle taak wat hulle verrig nie, net dat hulle teenwoordig was.

Dit is egter nie net in die boek Handeling waar daar van ouderlinge sprake is nie. Behalwe die Pastorale briewe, waarna oorsigtelik gekyk is in die voorafgaande woordstudie-gedeelte, word daar ook in ander briewe van die Nuwe Testament na ouderlinge verwys:

- In Filippense 1:1 rig Paulus en Timoteus hulle brief aan “πᾶσιν τοῖς ἁγίοις ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ τοῖς οὖσιν ἐν Φιλίπποις σὺν ἐπισκόποις καὶ διακόνους” (“al die heiliges in Christus Jesus wat in Filippi is, saam met die ouderlinge en diakens”). Hierdie is die enigste brief waarin Paulus in sy seëngroet na die “ἐπισκόποις καὶ διακόνους” (“ouderlinge en diakens”) verwys. As aanvaar word dat Paulus hierdie brief skryf terwyl hy ‘n gevangene is⁵⁷, dan is die datering van die brief op die vroegste in die middel 50’s n.C. en op die laatste vroeg 60’s n.C. geskryf⁵⁸. Dit beteken dat daar teen die middel 50’s, vroeg 60’s n.C. al sprake was van twee ampte wat leiding in die gemeente geneem het, naamlik die ouderlinge en die diakens.
- Soos uit die woordstudie van πρεσβύτερος (“ouderling” / “leier”) en ἐπίσκοπος (“ouderling” / “toesighouer”) reeds getoon is, is die betrokke gedeeltes in 1 en 2 Timoteus en Titus genoegsame bewys dat die ouderling-amp gevestig was teen die tyd van die middel 50’s

⁵⁷ Vanuit die inhoud van die brief aan die Filippense blyk dit wel dat Paulus ‘n gevangene is. Hy verwys na sy gevangenskap in Filippense 1:13-14, 17.

⁵⁸ Alhoewel Paulus sê dat hy ‘n gevangene is, word daar nie gesê wanneer dit was nie. Carson en Moo (2005:506-507) skryf:

“Die datering van die brief hang natuurlik af van die identifisering van die tyd van gevangenskap waartydens Paulus dit skryf. As dit geskryf was tydens sy huisares in Rome, moet ons dit rondom 61-62 dateer. As dit van Seserea gekom het, dan sal die datum ‘n bietjie vroeër wees, dalk 59-60. As ons seker kon wees dat Paulus die brief geskryf het vanuit Efese of Koninthe, sou dit nog vroeër gewees het. In die lig van die onsekerhede, kan ons kwalik beter doen as om te sê dat dit geskryf is tydens die tydperk tussen die middel 50’s tot vroeë 60’s.” (Vertaling: BJH)

tot middel 60's n.C.⁵⁹ Hulle taak het bestaan uit drie hoof elemente: eerstens moes hulle leiding neem (vgl. 1 Timoteus 3:4-5; Titus 1:7), tweedens moes hulle die gelowiges in die waarhede van die evangelie onderrig (vgl. 1 Timoteus 2:2, 5:17; Titus 2:20) en derdens moes hulle die waarheid verdedig deur die dwaalleer aan te spreek (vgl. Titus 1:9-11).

- Ook in die brief van Jakobus is daar die verwysing na “τοὺς πρεσβυτέρους τῆς ἐκκλησίας” (“die ouderlinge van die gemeente”) (Jakobus 5:14). Hiervolgens is deel van hulle roeping om vir die siekes te bid en met olie te salf onder gebed. Wat die verwysing in Jakobus van belang maak, is die feit dat Jakobus geskryf is voor Filippense of die Pastorale briewe. Carson en Moo (2005:627) plaas die datering van die brief rondom die vroeg tot middel 40's n.C.⁶⁰ Dit beteken dat daar teen so vroeg soos die vroeë 40's 'n gedefinieerde groep mense kon wees wat as “ouderlinge” bekend gestaan het en 'n leidendgewende rol in die pastorale hulp beklee het.
- Ook Petrus verwys na ἐπίσκοποι (‘hulle wat toesighou’ / “ouderlinge”) in sy eerste brief (1 Petrus 5:2). Wat hier opmerklik is, is dat Petrus homself ‘n συμπρεσβύτερος (“mede-ouderling”) in 1 Petrus 5:1 noem. Soos in die geval van Paulus in Handeling 20:17-38 gebruik Petrus die terme πρεσβύτερος (“ouderling” / “leier”) en ἐπίσκοπος (“ouderling” / “toesighouer”) as wissel terme en lê die klem op die toesighouende en versorgende verantwoordelikheid wat die ouderlinge besit. 1 Petrus 5 bevestig ook die feit van ‘n gevestigde ouderlingskap teen die vroeë 60's n.C.⁶¹

Samevattend kan die volgende oor die ouderlinge-amp gesê word:

- Die ouderling-amp het al vroeg in die geskiedenis van die vroeg-Christelike kerk in die 1^{ste} eeu n.C. begin vorm aanneem, sodat dit reeds rondom die middel 60's n.C. 'n gevestigde amp was wat deur spesifieke persone beklee is.
- Hierdie amp is geken aan twee titels, naamlik πρεσβύτερος (“ouderling” / “leier”) en ἐπίσκοπος (“ouderling” / “toesighouer”), wat as wissel terme gebruik is.

⁵⁹ Volgens Carson en Moo (2005) is 1 Timoteus rondom die jare 65-66 n.C. geskryf (Carson en Moo, 2005:573), 2 Timoteus kort daarna rondom die selfde tyd as 1 Timoteus (Carson en Moo, 2005:578) en Titus kort na 1 Timoteus maar voor 2 Timoteus (Carson en Moo, 2005:582-583). Van Bruggen (2005) plaas egter beide 1 Timoteus in die jaar 55 n.C. (Van Bruggen, 2005:304), Titus in tussen die jare 55-57 n.C. (Van Bruggen, 2005:305) en 2 Timoteus in die jare 63-64 n.C. (Van Bruggen, 2005:312).

⁶⁰ Carson en Moo (2005:627) argumenteer dat die vergelyking tussen Jakobus 2:14-26 (wat handel oor geloof en werke) en Paulus se briewe vereis dat die brief geskryf moes word voor Jakobus en Paulus by die apostel konvent van Hand. 15 (wat rondom 48/49 n.C. plaasgevind het) ontmoet het. Hulle gaan verder en argumenteer dat die brief egter 'n ruk na Paulus se bekering (wat rondom 33 n.C. was) geskryf moes word, omdat die invloed van Paulus se leer oor die regverdiging deur die geloof sy loop al geneem het (Carson en Moo, 2005:627). Dus 'n goeie datum is vroeg tot middel 40's n.C.

⁶¹ Petrus skryf hierdie brief rondom die jare 62-63 n.C. (Carson en Moo, 2005:646).

- Die taak van die ouderlinge het uit verskillende elemente bestaan. Vanuit Handeling 6 blyk dit dat die ouderlinge baie vroeg 'n leidinggewend funksie beklee het en vanuit Jakobus 5:13-16 was hulle betrokke by pastorale hulpverlening. Die Pastorale briewe wys ook op die taak van die ouderlinge as predikers wat die waarheid moes verkondig en apologete wat die dwaalleer weerlê het.

5.2. Die stryd teen die dwaalleer deur middel van die ware leer

5.2.1. Die inhoud van die ware leer soos dit in die Pastorale briewe na vore kom

Vanuit die woordstudie het dit geblyk dat daar 'n aantal uitdrukkings is wat verwys na die boodskap wat verkondig moet word deur Timoteus, Titus en die ouderlinge. Hierdie uitdrukkings is “τῆς καλῆς διδασκαλίας” (“die goeie leer”), “τῇ ὑγιαινούσῃ διδασκαλίᾳ” (“die gesonde leer”), “ὑγιαίνοντων λόγων” (“die gesonde leer”), “ὁ λόγος τοῦ θεοῦ” (“die Woord van God”), “τὸν λόγον τῆς ἀληθείας” (“die woord van die waarheid”), “τὸν λόγον” (“die woord”), “τοῖς λόγοις τῆς πίστεως” (“die woorde van die geloof”), “τὴν διδαχὴν πιστοῦ λόγου” (“die leer van die betroubare Woord”) en “λόγον ὑγιῆ” (“die regte boodskap”). Maar wat is die inhoud van hierdie boodskap soos dit in die Pastorale briewe voorkom?

In 1 Timoteus 1:11 skryf die apostel Paulus: “... τὸ εὐαγγέλιον τῆς δόξης τοῦ μακαρίου θεοῦ, ὃ ἐπιστεύθην ἐγώ” (“... die evangelie van die heerlikheid van die geseënde God, wat aan my toevertrou is”). Hy gaan gaan dan verder en gee 'n eerste kernwaarheid van hierdie evangelie in 1 Timoteus 1:15 waar hy sê: “πιστὸς ὁ λόγος καὶ πάσης ἀποδοχῆς ἄξιος, ὅτι Χριστὸς Ἰησοῦς ἦλθεν εἰς τὸν κόσμον ἁμαρτωλοὺς σῶσαι ...” (“dit is 'n betroubare woord en verdien volle aanvaarding: Christus het na die wêreld gekom om sondears te verlos ...”)

'n Volgende kernwaarheid wat gestel word, is in 1 Timoteus 2:5-7: “εἷς γὰρ θεός, εἷς καὶ μεσίτης θεοῦ καὶ ἀνθρώπων, ἄνθρωπος Χριστὸς Ἰησοῦς, ὁ δοὺς ἑαυτὸν ἀντίλυτρον ὑπὲρ πάντων, τὸ μαρτύριον καιροῖς ἰδίαις. εἰς ὃ ἐτέθην ἐγὼ κήρυξ καὶ ἀπόστολος, ἀλήθειαν λέγω οὐ ψεύδομαι, διδάσκαλος ἐθνῶν ἐν πίστει καὶ ἀληθείᾳ.” (Want, daar is een God en daar is een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, die Een wat Homself as losprys vir almal gegee het, die getuie op die bestemde tyd. Hiervoor is ek as prediker, apostel en leermeester in die geloof en waarheid vir die heidennasies aangestel, ek praat die waarheid, ek lieg nie.) Hier is twee leerstellings ter sprake: in die eerste plek dat Jesus Christus die enigste Middelaar tussen God en die mens is, en tweedens dat Hy die enigste Middelaar is, omdat Hy Homself as losprys gegee.

Die derde samevatting van die evangelie kom in 1 Timoteus 3:16 na vore waar Paulus skryf: “καὶ ὁμολογουμένως μέγα ἐστὶν τὸ τῆς εὐσεβείας μυστήριον. Ὃς ἐφανερώθη ἐν σαρκί,

ἐδικαιώθη ἐν πνεύματι, ὤφθη ἀγγέλοις, ἐκηρύχθη ἐν ἔθνεσιν, ἐπιστεύθη ἐν κόσμῳ, ἀνελήμφθη ἐν δόξῃ.” (“En dit is die geheim van die godsdienst, ongetwyfeld groot: Hy wat verskyn het in ‘n fisiese liggaam, Hy is regverdig verklaar deur die Gees, Hy het verskyn aan engele, Hy is verkondig aan die nasies, Hy is geglo deur die wêreld, Hy is opgeneem in heerlikheid.”) Hier kom ‘n paar leerstelling met betrekking tot Jesus Christus na vore:

- “Ὅς ἐφανερώθη ἐν σαρκί ...” (“Hy wat verskyn het in ‘n fisiese liggaam ...”) verwys na die menswording van Christus. Ryken (2007:143-144) skryf:

“God die Seun het in die volle heerlikheid van sy godheid vanaf ewigheid gelewe (vgl. Fil. 2:2-8). Toe het Hy ‘n mens geword, identies aan ons in sy fisiese liggaam. Deurdat Hy menslike vlees en bloed vir Homself aangeneem het, het Hy een persoon met twee nature geword: ‘n goddelike natuur en ‘n menslike natuur ... Aangesien God die Seun as mens verskyn het, het Hy alles op hierdie aarde gedoen in ‘n werklike menslike liggaam ... Christus het selfs in die vlees gesterf ... God die Seun het nie net verskyn in ‘n liggaam nie; daardie liggaam waarin Hy verskyn het was gekruisig, het gesterf, en is begrawe.” (Vertaling: BJH)

- “... ἐδικαιώθη ἐν πνεύματι ...” (“... Hy is regverdig verklaar deur die Gees ...”). Wanneer het dit gebeur? Ryken (2007:145) argumenteer dat dit in die besonder tydens Christus se opstanding gebeur het: “Toe die Heilige Gees Jesus uit die dood opgewek het, het Hy bevestig dat alles wat Jesus gesê en gedoen het, waar was.” (Vertaling: BJH)
- “... ὤφθη ἀγγέλοις ...” (“... Hy het verskyn aan engele ...”). Hier stel Ryken (2007:145-146) twee moontlikhede voor: aan die een kant kan dit verwys na die engele, maar aangesien die woord ἀγγέλοις ook met “boodskappers” vertaal kan word, kan dit hier ook verwys na die menslike ooggetuies van Christus se opstanding – hulle wat later die apostels uitgestuur sou word. Alhoewel beide kan inpas, is die twee verklaring (naamlik menselike boodskapper) meer gepas om twee redes: Eerstens, die volgorde van gebeur wat in vers 16 genoem word: Christus het verskyn en as mens gelewe en gesterwe, Hy is begrawe en deur die Gees opgewek. Van sy opstanding was die apostels onder andere ooggetuies en dit is hulle wat hierdie boodskap verder verkondig het. Tweedens, die verskynings na Christus se opstanding was deurslaggewend vir die verspreiding van die evangelie en daarom was dit nodig dat dié wat dit sou verkondig, eerste handse ooggetuies sou wees.


In die lig hiervan is ‘n beter vertaling van “... ὤφθη ἀγγέλοις ...” dan “... Hy het verskyn aan die boodskappers ...”)

- “... ἐκηρύχθη ἐν ἔθνεσιν ...” (“... Hy is verkondig aan die nasies ...”). Hierdie verkondiging aan die nasies verwys na die evangelie van die lewende Christus (Ryken, 2007:147).

- “... ἐπιστεύθη ἐν κόσμῳ ...” (“... Hy is geglo deur die wêreld ...”). Soos wat die evangelie van die lewende Christus verkondig is, so het mense ook tot geloof gekom en in Christus geglo as hulle Verlosser.
- “... ἀνελήμφθη ἐν δόξῃ” (“... Hy is opgeneem in heerlijkheid”). Met eerste oog op slag wil dit voorkom of hier verwys word na die hemelvaart van Christus. Ryken (2007) sien egter hiermee ‘n probleem as gevolg van die volgorde van dit wat voorafgaan. Ryken (2007:149) skryf: “Die probleem is dat dit uit die volgorde is: Jesus was ‘opgeneem in heerlijkheid’ voordat Hy ‘verkondig is aan die nasie’ of ‘geglo is deur die wêreld’.” (Vertaling: BJH). Ryken (2007:149) stel voor dat dit na die wederkoms verwys. Maar dit is moeilik op te aanvaar, op grond van die vertaling “opneem” onmoontlik vertaan kan word as “terugkeer”. Die woord “ἀναλαμβάνω” wat hier vertaal word met “opneem” laat geen opening vir ‘n vertaling van “terugkeer” nie.

Hendriksen (1972:138) stel voor dat daar in 1 Timoteus 3:16 van ‘n dubbele chiasiese struktuur sprake is wat soos volg uitgebeeld kan word (voorstelling 2):

Voorstelling 2: Chiasiese struktuur van 1 Timoteus 3:16 (Hendriksen, 1972)



As die struktuur aanvaar word, dan beteken dit dat “ἀγγέλους” wel na engele moet verwys.

Daar is ook ‘n derde moontlikheid en dit is dat “ἀνελήμφθη ἐν δόξῃ” eerder vertaal word as “Hy word herstel in heerlijkheid”. “ἀνελήμφθη” is die 1^{ste} aoristus passief derde persoon enkelvoud van “ἀναλαμβάνω” wat volgens Liddell en Scott (1958:100) ook met “herstel” / “terug ontvang” vertaal kan word. In die lig van die feit dat die werkwoord vorm in die passief staan en vertaal kan word met “herstel” / “terug ontvang”, kan “ἀνελήμφθη ἐν δόξῃ” vertaal word as “Hy word herstel in heerlijkheid” wat dan verwys na die tyd tussen hemelvaart en wederkoms waar die Vader aan Christus aan sy vyande onderwerp, soos Paulus dit in 1 Kor. 15:25 stel.

Dus, vanuit 1 Timoteus 3:16 is daar verwysing na die volgende leerstellings in verband met Christus:

- Sy menswording,
- Sy liggaamlike opstanding,
- Sy hemelvaart en wederkoms.

In 1 Timoteus 6:14 is daar dan vir 'n laaste keer 'n verwysing na die wederkoms van Christus onder die uitdrukking “τῆς ἐπιφανείας τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ” (“die verskyning van ons Here, Jesus Christus”) wat sal plaasvind “καιροῖς ἰδίους” (“op die bestemde tyd”) (1 Timoteus 6:15).

Vanuit 1 Timoteus blyk die inhoud van Paulus se evangelie die volgende te wees:

- Christus het mens geword (1 Timoteus 3:16) met die doel om sondaars te verlos (1 Timoteus 1:11).
- Hierdie verlossing het Hy bewerkstellig deur sy lewe as 'n losprys te gee (1 Timoteus 2:6).
- Hy is deur die Heilige Gees uit die dood opgewek (1 Timoteus 3:16) as 'n bewys dat Hy die enigste Verlosser en Middelaar tussen God en die mens is (1 Timoteus 2:5)
- Hy het opgevaar en sal weer op die bestemde tyd kom (1 Timoteus 3:16, 6:14-15).

In 2 Timoteus bou die apostel voort op wat hy in die 1 Timoteus geskryf het. Die eerste verwysing na die inhoud van die evangelie kom voor in 2 Timoteus 1:9-11 waar die apostel Paulus skryf: “τοῦ σώσαντος ἡμᾶς καὶ καλέσαντος κλήσει ἁγία, οὐ κατὰ τὰ ἔργα ἡμῶν ἀλλὰ κατὰ ἰδίαν πρόθεσιν καὶ χάριν, τὴν δοθεῖσαν ἡμῖν ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ πρὸ χρόνων αἰωνίων, φανερωθεῖσαν δὲ νῦν διὰ τῆς ἐπιφανείας τοῦ σωτῆρος ἡμῶν Χριστοῦ Ἰησοῦ, καταργήσαντος μὲν τὸν θάνατον φωτίσαντος δὲ ζωὴν καὶ ἀφθαρσίαν διὰ τοῦ εὐαγγελίου εἰς ὃ ἐτέθην ἐγὼ κηρυξ καὶ ἀπόστολος καὶ διδάσκαλος” (“Hy wat ons gered het en met 'n heilig roeping geroep het, nie op grond van ons daed nie, maar volgens sy besluit en genade, wat aan ons gegee is in Jesus Christus voor alle tye, maar wat nou deur die verskyning van ons Verlosser Christus Jesus wat die dood vernietig het, bekendgemaak is en die onverganklike lewe bekend gemaak het deur die evangelie waarvan ek aangestel is as prediker, apostel en leermeester vir die heidennasies”).

In 2 Timoteus 1:9-11 is daar twee uitbreidings:

- Die eerste uitbreiding handel oor die verlossing. Hier word daar na twee sake verwys. In 2 Timoteus 1:9 skryf die apostel Paulus “οὐ κατὰ τὰ ἔργα ἡμῶν ἀλλὰ κατὰ ἰδίαν πρόθεσιν καὶ χάριν, ... πρὸ χρόνων αἰωνίων” (“nie op grond van ons daed nie, maar volgens sy besluit en genade ... voor alle tye”). Hier kom twee leerstellings voor: die eerste handel oor die uitverkiesing voor alle tye en die tweede handeling oor die verlossing wat nie op gerond

van werke nie, maar op grond van God se genade aan die mens geskenk word.

- Die tweede uitbreiding is die verwysing na die vernietiging van die dood en ewige lewe in 2 Timoteus 1:10. Hierdie gedagte gryp terug na 1 Timoteus 3:16 se verwysing dat die Heilige Gees Hom uit die dood opgewek het. Hierdie gedagte word ook in 2 Timoteus 2:8 herhaal.

In 2 Timoteus 2:8 skryf die apostel Paulus: “Μνημόνευε Ἰησοῦν Χριστὸν ἐγγεγραμμένον ἐκ νεκρῶν, ἐκ σπέρματος Δαβίδ, κατὰ τὸ εὐαγγέλιόν μου” (“Onthou, Jesus Christus is opgewek uit die dood, uit die geslag van Dawid, volgens my evangelie”). Behalwe die feit dat Paulus hier weer die opstanding duidelik stel, brei hy ook uit oor die menswording van Jesus Christus. Jesus is “ἐκ σπέρματος Δαβίδ” (“uit die geslag van Dawid”). Oor hierdie uitdrukking skryf Calvyn (1993:214): “Hierdie frase bevestig nie net die werklikheid van Christus se menslike natuur nie, maar eis ook vir Hom die eer en die naam van die Messias.” (Vertaling: BJH). Dus, Jesus is nie net enige mens nie. Hy is uit die nageslag van Dawid met wie God ‘n verbond gesluit het dat daar uit sy nageslag ‘n koning sal kom wat ewig sal regeer (vgl. 2 Samuel 7:12).

In 2 Timoteus 4:1 volg daar ‘n uitbreiding op die wederkoms van Christus: “Διαμαρτύρομαι ἐνώπιον τοῦ θεοῦ καὶ Χριστοῦ Ἰησοῦ τοῦ μέλλοντος κρίνειν ζῶντας καὶ νεκρούς, καὶ τὴν ἐπιφάνειαν αὐτοῦ καὶ τὴν βασιλείαν αὐτοῦ” (“Ek doen ‘n ernstige beroep op jou voor God en Christus Jesus wat sal die wat die lewendes en die dooies sal oordeel, [met die oog op] sy verskyning en sy heerskappy”). In 1 Timoteus 6:14 is daar na die verskyning van Christus verwys. Hier in 2 Timoteus 4:1 word gesê wat gaan gebeur: Christus gaan as Regter optree en die lewendes en die dooies oordeel. Daarom noem die apostel Paulus Christus in 2 Timoteus 4:8 ook “ὁ δίκαιος κριτής” (“die regverdige Regter”).

Dus, in 2 Timoteus is daar die volgende uitbreidings in vergelyking met 1 Timoteus:

- Die mens word verlos op grond van God se ewige raadsbesluit en uit die genade wat God skenk. Die mens word nie verlos deur sy eie daade nie. (2 Timoteus 1:9)
- As die Een wat uit die dood opgewek is, het Christus die dood vernietig en mag om die ewige lewe te skenk. (2 Timoteus 1:10)
- Christus is gebore uit die geslag van Dawid, wat daarop dui dat Hy die beloofde Messias is. (2 Timoteus 2:8)
- By sy wederkoms sal Christus as Regter oor die lewendes en die dooies oordeel. (2 Timoteus 4:1)

In Titus is daar ook ooreenkomste en herhaling van gedagtes wat in 1 en 2 Timoteus voorgekom het:

- In Titus 1:1 is daar die verwysing na die uitverkiesing (vgl. 2 Timoteus 1:9)
- In Titus 1:2 en 3:7 is daar die verwysing na die ewige lewe (vgl. 2 Timoteus 1:10)

- In Titus 2:13 is daar die verwysing na die wederkoms en verskyning van Christus (vgl. 1 Timoteus 3:16, 6:14-15; 2 Timoteus 4:1)
- In Titus 2:14 is daar die verwysing na die verlossing wat Christus bewerkstellig het deur Homself as losprys te gee (vgl. 1 Timoteus 2:6)
- In Titus 3:5 is daar die verwysing na die verlossing uit genade en nie uit werk nie (vgl. 2 Timoteus 1:9).

In Titus 3:5-6 is daar egter ook twee uitbreidings.

- Die eerste uitbreiding handel oor die wedergeboorte. In Titus 3:5 skryf die apostel Paulus: “οὐκ ἐξ ἔργων τῶν ἐν δικαιοσύνῃ ἃ ἐποιήσαμεν ἡμεῖς ἀλλὰ κατὰ τὸ αὐτοῦ ἔλεος ἔσωσεν ἡμᾶς διὰ λουτροῦ παλιγγενεσίας καὶ ἀνακαινώσεως πνεύματος ἁγίου” (“Hy het ons gered nie op grond van werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar volgens sy barmhartigheid deur die wassing van die wedergeboorte en die vernuwung deur die Heilige Gees”). Hefer (2010:12) wys daarop dat die woord “παλιγγενεσία” (“wedergeboorte”) slegs hier in die briewe van Paulus voorkom, alhoewel die gedagte nie tot hierdie gedeelte beperk is nie. Die punt wat egter in Titus 3:5 gemaak word is dat die wedergeboorte die werk van die Heilige Gees is (Hefer, 2010:12). Dus, in die verlossingsproses is dit die Heilige Gees wat die nuwe geestelike lewe skenk deur middel van die wedergeboorte.
- Die tweede uitbreiding handel oor die ontvangs van die Heilige Gees. In Titus 3:6 skryf die apostel Paulus: “οὗ ἐξέχεεν ἐφ’ ἡμᾶς πλουσίως διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ τοῦ σωτῆρος ἡμῶν” (“wie Hy oorvloedig oor ons uitgegiet het deur Jesus Christus ons Verlosser”). Hier verwys οὗ (“wie” / “wat”) terug na πνεύματος ἁγίου (“die Heilige Gees”) in Titus 3:5. In verband hiermee skryf Hendriksen (1972:392):

“Die verwysing hier is na Pinksterdag (Handelinge 2:17, 18, 33). Organies gesproke was die Gees oor die kerk van die hede en van die toekoms uitgegiet, want nadat die Gees eenmaal sy persoonlike woning in die kerk ingeneem het, verlaat Hy dit nooit weer nie.” (Vertaling: BJH)

Die apostel Paulus wys dus dat die Heilige Gees wat op Pinksterdag uitgestort is, in die gelowiges woon.

Dus, die evangelie in Titus stem ooreen met dié in 1 en 2 Timoteus, met uitbreidings oor die oor die wedergeboorte en die inwoning van die Heilige Gees.

Saamgevat kan die volgende onder die terme εὐαγγέλιον (“evangelie”) / διδασκαλία (“leer” / “leerstelling”) en διδασκαλία (“leer” / “leerstelling”) verstaan word:

- God het voor alle tye mense uitgekies om gered te word (2 Timoteus 1:9; Titus 1:1).
- Hierdie verlossing is nie uit verdienste nie, maar uit genade (2 Timoteus 1:9; Titus 3:5).

- Die Seun van God het mens geword (1 Timoteus 3:16) en is uit die nageslag van Dawid gebore (2 Timoteus 2:8) met die doel om sondaars te verlos (1 Timoteus 1:11).
- Christus het die verlossing bewerkstellig deur sy lewe as 'n losprys te gee (1 Timoteus 2:6; Titus 2:14).
- Hy is deur die Heilige Gees uit die dood opgewek (1 Timoteus 3:16) as 'n bewys dat Hy die enigste Verlosser en Middelaar tussen God en die mens is (1 Timoteus 2:5).
- Hy het opgevaar en sal weer op die bestemde tyd kom (1 Timoteus 3:16, 6:14-15; 2 Timoteus 4:1; Titus 2:13).
- Na sy hemelvaart is die Heilige Gees uitgestort om in die gelowiges te woon en aan hulle die wedergeboorte te skenk (Titus 3:5-6)
- By sy wederkoms sal Hy as Regter oordeel oor die lewendes en die dooies (2 Timoteus 4:1).
- By sy wederkoms sal die gelowiges ook die ewige lewe ontvang (2 Timoteus 1:10; Titus 1:2, 3:7)

5.2.2. Dwaalleer wat bestry moet word

In die vorige punt is die inhoud van die ware leer soos dit in die Pastorale briewe na vore kom en deur die ouderlinge en predikers verkondig moet word, gelet. Teenoor die ware leer word daar ook in die Pastorale briewe melding gemaak van die dwaalleer wat betry moet word deur die ware leer. Die vraag wat nou aan die orde kom, is: wat was die dwaalleer waarmee Timoteus en Titus te doene gekry het? Om hierdie vraag te beantwoord, word daar na die volgende gedeeltes gekyk word: 1 Timoteus 1:3-11; 4:1-5; 6:20-21; 2 Timoteus 2:16-18; 4:1-5 en Titus 1:10-16; 3:9-10. Voordat hierdie gedeeltes bespreek word, word die afsonderlike en / of gemeenskaplike dwalinge wat genoem word, eers hieronder gelys:

- In 1 Timoteus 1:3-11 is daar verwysing na die volgende sake: verdigsels en eindelose geslagsregisters (1 Timoteus 1:4), misbruik van die wet (1 Timoteus 1:7).
- In 1 Timoteus 4:1-5 is daar 'n verwysing na die volgende dwaling: 'n vorm van asketisme (verbod om te trou en om sekere kosse te eet) (1 Timoteus 4:3).
- In 1 Timoteus 6:20-21 is daar verwysing na sinlose praatjies en redenasie (1 Timoteus 6:20).
- In 2 Timoteus 2:16-18 is daar weer verwysing na sinlose praatjies (1 Timoteus 2:16), maar dit word uitgebrei deur na die inhoud te verwys, naamlik dat die opstanding alreeds plaasgevind het (1 Timoteus 2:18).
- In 2 Timoteus 4:1-5 is daar verwysing na weer die verwysing na verdigsels (1 Timoteus 4:4).
- In Titus 1:10-16 is daar die verwysing na die volgende sake: onsinnige praatjies (Titus 1:10), Joodse verdigsels en voorskrifte (Titus 1:14).

- In Titus 3:9-10 verwys weer na die geslagsregisters (Titus 3:9)

Hierdie dwaalleer kan soos volg saamgevat word (tabel 3 hier onder):

Tabel 3: Dwaalleer waarna die Pastorale briewe verwys

Dwalinge	1 Timoteus 1:3-11	1 Timoteus 4:1-5	1 Timoteus 6:20-21	2 Timoteus 2:16-18	2 Timoteus 4:1-5	Titus 1:10- 16	Titus 3:9- 10
Verdigsels, sinlose praatjies, en gesprekke oor geslagsregisters	X		X	X	X	X	X
Misbruik van die wet	X						
Asketisme		X					
Opstanding				X			

Die grootste probleme wat met dwaling verband hou en in die Pastorale briewe aangespreek word, is die verdigsels, sinlose praatjies en die eindlose gestry oor geslagsregisters. Dan is daar ook die misbruik van die wet wat aanleiding gee tot sekere vorme van asketisme. Verder is daar ook sprake van 'n verkeerde verstaan van die opstanding. Vervolgens word daar na hierdie sake gekyk.

5.2.2.1. Die verdigsels, geslagsregisters en sinlose praatjies

In al drie die Pastorale briewe is daar die verwysing na die dwaalleer onder die etiket van of verdigsels of sinlose praatjies. Wat bedoel die apostel Paulus hiermee?

Hendriksen (1972:58) verklaar dit soos volg

“Die uitdrukking ‘mites en geslagsregisters’ is *een*. Dit moet nie afsonderlik gesien word nie, asof Paulus aan die een kant oor mites en aan die ander kant oor geslagsregisters gedink het nie. Die apostel verwys sonder twyfel na mensgemaakte toevoegings tot die wet van God ..., blote mites en fabels (2 Tim. 4:4), vrou-stories (1 Tim. 4:7) wat 'n duidelike Joodse karakter gehad het (Tit. 1:14). Gemeet aan die standaard van *waarheid*, het dit wat hierdie dwaalleraars geleer het die naam *mites* verdien. Wat die *inhoud* van hierdie mites betref, was die *geslagsregister-narratiewe* grotendeels *fiktief*.” (Beklemtonings: Hendriksen; Vertaling: BJH)

Omdat die inhoud van hierdie dwaalleer hoofsaaklik fiktief was, was dit ook sinneloos om daaroor te praat en te redeneer.

5.2.2.2. Asketiese opvattinge

Oor die asketiese opvattinge waarna veral in 1 Timoteus 4:3 na verwys word, is daar diegene wat van mening is dat die agtergrond vir hierdie dwaalleer in die Griekse leefwêreld te vind is. Ryken (2007:161) skryf byvoorbeeld: “Wat agter die verbod van vleis en trou lê is die Gnostiese idee dat daar iets sondig aan die liggaam is. Volgens hierdie lyn van denke is die fisiese heelal ‘n hindernis vir die geestelike lewe”. (Vertaling: BJH). Hendriksen (1972:20) sien dit ook as asketiese gnostisisme, maar in die lig van ‘n profesie wat handel oor die Gnostisisme in die 2^{de} eeu.

Alhoewel die Griekse filosofiese beskouing dat die materiële werklikheid sleg is, wel ‘n invloed kon hê, moet die feit dat dit hoofsaaklik Joodse dwaalleraars is wat die gemeentes teister, nie misgekyk word nie. Daarom moet daar na die Joodse agtergrond vir hierdie vorm van asketisme gesoek word, eerder as die Griekse agtergrond. In 1 Timoteus 1:7 word hierdie Joodse dwaalleraars νομοδιδάσκαλοι (“leermeesters van die wet”) genoem en in Titus 1:10 verwys Paulus na hulle as “οἱ ἐκ τῆς περιτομῆς” (“dié uit die groep van die besnydenis”). Uit hierdie verwysings blyk dit dat die Joodse dwaalleraars die wet misbruik het en ‘n oordrewe klem op reinheid en die onderhouding van die wet geplaas het. Hierdie misbruik van die wet het as agtergrond vir ‘n wettiese vorm van asketisme gedien waarna Paulus in die Pastorale briewe verwys. Daarmee word die Gnostisisme van die 2^{de} eeu n.C. wat duidelike trekke van die Griekse filosofie het, nie van die tafel geskuif nie. Wat voorgestel word is dat die Joodse vorm van asketisme wat streng wetties van aard was die pyplyn was vir 2^{de} eeuse Gnostisime. Dit beteken dat asketisme reeds ‘n werklikheid was in die tyd toe Timoteus in Efese was.

Die gevaar wat asketisme vir die vroeg-Christelike kerk ingehou het, word in die woorde van Ryken (2007:162) saamgevat: “Een probleem van selfverloëning is dat dit dikwels die weg tot eiegeregtigheid word” (Vertaling: BJH). Die gevaar is dus dat die mens begin dink dat hy deur sy onthouding van sekere dinge sy verlossing kan verdien, terwyl dit duidelik gestel word dat dit deur genade is wat die mens gered word (2 Timoteus 1:9).

5.2.2.3. Verkeerde verstaan van die opstanding

In 2 Timoteus 2:16 verwys die apostel Paulus weer na die sinlose praatjies wat vermy moet word, maar hy gaan hier ‘n stappie verder en gee ‘n voorbeeld van hierdie sinlose praatjies in 2 Timoteus 2:17-18, waar hy skryf: “... ὧν ἐστὶν Ὑμέναιος καὶ Φίλητος, οἵτινες περὶ τὴν ἀλήθειαν ἠστούχησαν, λέγοντες [τὴν] ἀνάστασιν ἤδη γεγονέναι ...” (“Onder hulle is Himeneus en Filetus, wat ten opsigte van die waarheid afgedwaal het deurdat hulle sê dat die opstanding reeds plaasgevind het ...”).

Die opstanding waarna hier verwys word, is nie die opstanding van Christus nie, maar die opstanding van die gelowiges. Stott (1973:69) skryf:

“Die valse leraars het egter die liggaamlike opstanding wat nog moet kom verwerp (vgl. Hand. 17:32; 1 Kor. 15:12). Hulle was moontlik vroeë Gnostieke vir wie die liggaam ‘n bese hindernis was en die idee van enige liggaamlike opstanding daarom so ondenkbaar as onwenslik was.”
(Vertaling: BJH)

Hier kan die invloed van die Griekse filosofie wel raakgesien word, aangesien dit vanuit die name van die voorstanders (Himenius en Filetus) van hierdie dwaalleer afgelei kan word dat hulle nie Jode was nie. Teenoor hierdie dwaalleer moet Timoteus ook die evangelie verkondig.

5.2.2.4. Dwaalleer saamgevat

Samevattend kan die volgende oor die dwaalleer gesê word:

- Die dwaalleer waarmee beide Timoteus en Titus te doen gekry het, het uit die Joodse en Griekse leefwêreld gekom.
- Hierdie dwaalleer het dikwels mites en fabels as inhoud gehad, wat as feite voorgehou is.
- ‘n Wettiese asketisme is gepropageer, waarskynlik deur die Joodse dwaalleraars, terwyl die Grieke daarby aansluiting gevind het.
- Daar was ook sommige uit die Griekse leefwêreld wat onder die invloed van Griekse filosofieë die liggaamlike opstanding van die gelowige ontken het.

5.3. Die hantering van lofbetuigings en die applous van mense in die Pastorale briewe

Vanuit punt 5.2. hierbo is reeds getoon dat die stryd teen die dwalinge ‘n wesentlike saak was. Binne hierdie stryd teen die dwaalleer word Timoteus opgeroep om die eer van God te soek soos dit blyk uit 1 Timoteus 4:6-9 en om nie in die slaggat te trap om die boodskap wat hy verkondig aan te pas ter wille van diegene wat in hulle gehoor gestreel wil word nie soos uit 2 Timoteus 4:1-5 blyk.

Timoteus, as prediker en bedienaar van die Woord, loop die gevaar om deur die lof van mense bekoor te word, nie omdat hy primêr eersugtig is nie, maar omdat hy dalk vervolg, teenkanting en vernedering wou vryspring. Daarom waarsku Paulus hom teen die gevare wat hy sal ervaar. Hy waarsku hom teen mense wat mense wat dwaalleer aanhang in 1 Timoteus 4:1 en spoor hom aan om hom eerder die eer van God te soek deur hom te oefen in ‘n lewe van toewyding aan God (1 Timoteus 4:7-8). In 2 Timoteus 3:12 wys hy ook op die werklikheid van vervolging as Timoteus werklik toegewyd aan God wil lewe. Oor hierdie vervolging skryf Calvyn (1998:152-153):

“Ons moet die feit in ag neem dat as ons Christene is, sal ons ‘n verskeidenheid van vervolginge en stryd verduur ... Satan, die voortdurende vyand van Christus, laat nooit toe dat enige een sy

hele lewe onversteurd deurgaan nie, en daar sal altyd slegte mense wees wat dorings vir ons voete is. Die feit is dat sodra 'n gelowige tekens van ywer vir God toon, word die woede van die goddelose aangevuur, en alhoewel hulle nie die swaard ontbloot nie, spoeg hulle gif deur kritiek, laster en deur ongelukkigheid te veroorsaak op ander maniere. Dus, alhoewel nie almal dieselfde soort aanvalle ervaar nie en nie in dieselfde stryd gewikkel is nie, voer hulle tog stryd en sal nooit volle vrede ervaar of vrygestel wees van vervolginge nie.” (Vertaling: BJH)

Wanneer Paulus dus vir Timoteus waarsku oor die vervolging wat hy sal ervaar, gaan dit oor meer as 'n fisiese martelaarskap. Vanuit 2 Timoteus 4:1-5 se verband is dit eerder 'n logiese afleiding om te sê dat Paulus in besonder na die vervolging van bespottings, vernedering en verkleinering verwys omdat Timoteus getrou die Woord verkondig en nie soos die dwaalleraars sy boodskap sal aanpas om by die begeertes van die skares aan te pas nie.

Timoteus moet hom dus toelê op 'n toegewyde lewe aan God (dit wil sê 'n lewe wat die eer van God soek) en nie meegesleur word deur die begeerte om deur mense geprys te word nie.

Vervolgens word daar in stap 5 (historiese oorwegings) na die agtergrond van die tydperk waarin die Pastorale briewe geskryf is, gekyk.

6. STAP 5: HISTORIESE OORWEGINGS

Hierdie stap het as einddoel om grondbeginsels vir die taak van die prediker soos vanuit Pastorale briewe blyk, te formuleer. Hierdie grondbeginsels kan dan as basis dien waarmee die grondbeginsels vir die taak van die prediker wat in die *De Sac. V* na vore gekom het (sien hoofstuk 2), vergelyk word. Hierdie vergelyking vind in hoofstuk 4 van hierdie studie plaas.

6.1. Sosio-historiese agtergrond

Soos in punt 5.1. hierbo reeds genoem, is die Pastorale briewe in die middel 50's tot middel 60's n.C. van die 1^{ste} eeu geskryf. Keiser Nero (37-68 n.C.) het in hierdie tyd regeer (54-68 n.C.) (Hill, 2006:124). Die eerste vyf jaar van Nero se regering het dit goed gegaan met die Romeinse Ryk, sodat dit selfs as *quinquennium Neronis* (die vyf jaar van Nero) bekend gestaan het (De Villiers, 1997:129). In 59 n.C. het hierdie bloeitydperk van Rome tot 'n einde gekom en Nero het al hoe meer in 'n tiran verander (Simmons, 2008:235). Maar ten spyte van Nero se tirannie het die Christene tot in 64 n.C. reletiewe vrede ervaar. In die nag van 18 Julie 64 n.C. het die stad Rome egter aan die brand geraak en die vuur het vir nege dae in Rome gewoed (De Villiers, 1997:130). Die gerugte het begin versprei dat Nero self verantwoordelik was vir die brandstigting, sodat hy iemand moes vind wat hy kon blameer (Simmons, 2008:236). Nero het die Christene as die sondebok aangewys en die gevolg was dat daar in daardie tyd 'n grootskaalse vervolging van die Christene begin het (Simmons, 2008:236; De Villiers,

1997:130). Die laaste van die Pastorale briewe is kort voordat die vervolging uitbreek het, geskryf. Beide die apostel Paulus en Petrus is in hierdie laaste deel van Nero se bewind om die lewe gebring (De Villiers, 1997:130-131).

Juis in die tyd van Nero se bewind het Paulus aan Timoteus en Titus geskryf. Hoe het die plekke waar hulle gewerk het in hierdie tyd van Nero daaruitgesien? In 'n antwoord op hierdie vraag word daar vervolgens 'n kort oorsig gegee oor die Efese waar Timoteus gewerk het en van Kreta waar Titus homself bevind het. Daarbenewens word ook inligting oor die kerk en staat in die 1^{ste} eeu n.C. in aanmerking gebring.

6.1.1. Die stad Efese – bedieningsveld van Timoteus

Die stad Efese was 'n welvarende stad en die provinsiale hoofstad van die Klein-Asië (DeSilva, 2004:714). Die stad het gespog met 'n amfiteater wat 20 000 – 25 000 mense kon huisves (DeSilva, 2004:714). Maar dit was die tempel van Artemis⁶² wat die stad destyds wêreldberoemd laat word het (DeSilva, 2004:714). Die tempel het nie net aan die stad sy beroemdheid besorg nie, maar ook 'n vaste ekonomie as gevolg van die silwersmede wat 'n bestaan daaruit gemaak het om beeldjies van die godin te maak (DeSilva, 2004:714). Hierdie silwersmede het in opstand gekom toe Paulus die evangelie vir die eerste keer in Efese verkondig het (vgl. Handeling 19:23-41).

Maar behalwe die tempel en beeld van Artemis, het die stad ook ander tempels en beelde gehuisves. Die keiserkultus het 'n groot invloed in die stad gehad en die tempel van Rome en Julius Caesar het in die stad gestaan, so ook die tempel van Augustus (DeSilva, 2004:715). Boonop was daar in die openbare plekke standbeelde van die keiserlike familie, onder andere beelde van Nero (DeSilva, 2004:715).

Paulus het in Efese, een van die bastions van die Romeinse Ryk, die evangelie op sy derde sendingreis verkondig. Vir twee jaar het Paulus in Efese gewerk (Handeling 19:10) en deur wonders siekes genees (Handeling 19:11-12). Dit was ook in Efese waar die evangelie 'n beslissende oorwinning verkry het, want die wat tot bekering gekom het, het hulle boeke met hul toorkunste en towerspreuke verbrand (Handeling 19:18-19). Tog was Efese ook die stad waar 'n opstand teen Paulus onder Demetrius, een van die silwersmede, gelei is (Handeling 19:23-27).

⁶² Die tempel van Artemis was een van die sewe wonders van die antieke wêreld (DeSilva, 2004:714). Die tempel het 'n platform van 240 voet by 420 voet gehad en die gebou self was 340 voet by 164 voet (DeSilva, 2004:714). In die sentrum van die tempel was daar 'n altaar van 20 voet by 20 voet en 'n standbeeld van Artemis omring deur pilaargange waarvan die pilare 6 voet in deursnee was (DeSilva, 2004:714). Artemis was as moeder-godin dwars deur Klein-Asië aanbid (DeSilva, 2004:714).

Op 'n latere stadium moes Timoteus in Efese werk, volgens die opdrag wat Paulus aan hom gegee het (1 Timoteus 1:3). Timoteus moes die gemeente as bedienaar van die Woord lei en inrig volgens die voorskrifte wat hy van Paulus ontvang het.

6.1.2. Die eiland Kreta – bedieningsveld van Titus

Kreta is 'n eiland in die Middellandse See, ongeveer 258 kilometer lank en wissel in breedte tussen 11 en 49 kilometer (Youngblood, 1995:312). Die eiland het eers in 66-68 n.C. deel van die Romeinse Ryk geword (Youngblood, 1995:312).

In die Nuwe Testament is daar 'n aantal verwysings na Kreta:

- Die eerste verwysing is in Handeling 2:11 waar daar na die Κρητες (“Kretensers”) verwys word wat die Pinksterfees in Jerusalem bygewoon het en gehoor het hoe Petrus die evangelie verkondig het. Daar het van hierdie mense tot bekering gekom en soos die ander gelowiges die evangelie begin verkondig – ook toe hulle teruggekom het op Kreta.
- Die volgende verwysing na Kreta is in Handeling 27. Tydens Paulus se reis na Rome het hulle Kreta bereik en vir 'n tyd by Mooi Hawens gebly (Handeling 27:7-8). Hulle het teen Paulus se waarskuwing weggevaar in 'n poging om 'n volgende hawe van Kreta te bereik, naamlik Feniks (Handeling 27:11-12), maar nie daarin geslaag nie. 'n Sterk wind het hulle weg van Kreta gedryf (Handeling 27:14). Die uiteinde was dat hulle op Malta skipbreuk gely het (Handeling 27:39-28:1).
- Die laaste plek in die Nuwe Testament waar daar na Kreta verwys word, is in die brief aan Titus. Paulus het vir Titus na Kreta gestuur om in die gemeentes daar te gaan werk (Titus 1:5). Hier het Titus dit nie maklik gehad nie, aangesien die Kretensers bekend was vir hulle oormatigheid (Youngblood, 1995:311). Paulus haal die Griekse digter, Epimenides (6^{de} eeu v.C.), in Titus 1:12 aan wanneer hy skryf: “Κρητες ἀεὶ ψεύσται, κακὰ θηρία, γαστέρες ἀργαί” (“Kretensers is altyd leuenaars, ongediertes, lui vrates”) (Youngblood, 1995:311). Dit is onder hierdie “κακὰ θηρία” (“ongediertes”) wat Titus nie net die evangelie moes verkondig en verdedig nie, maar ook die mense moes leer hoe om as gelowiges te lewe.

6.1.3. Die verhouding tussen kerk en staat in die 1^{ste} eeu n.C.

In punt 6.1. hierbo is daar reeds verwys na die vervolging van die Christene tydens Nero se regering. Hierdie geskiedenis dui op 'n bepaalde verhouding tussen die kerk en staat wat reeds in die 1^{ste} eeu ontstaan het.

Vanuit die staanspoor was die verhouding tussen die vroeg-Christelike kerk en die staat ongemaklik gewees. In die boek Handeling word verhaal hoe die apostels keer op keer voor die Joodse Raad verskyn:

- In Handeling 4:18 word Petrus en Johannes deur die Joodse Raad beveel om niks verder “τῷ ὀνόματι τοῦ Ἰησοῦ” (“in die Naam van Jesus”) verkondig nie.
- Kort daarna word die apostels in die tronk gegooi (Handeling 5:18), maar ‘n engel van die Here het hulle uit die tronk bevry (Handeling 5:19-20). Die volgende dag is hulle weer voor die Joodse Raad gebring, hulle laat slaan en weer belet om “τῷ ὀνόματι τοῦ Ἰησοῦ” (“in die Naam van Jesus”) te praat (Handeling 5:40).
- In Handeling 7:54-60 sterf Stefanus as die eerste martelaar in Jerusalem, waarna daar ‘n hewige vervolging van die vroeg-Christelike kerk onder die toesig van die Joodse Raad losbreek en met Saulus aan die voorpunt (Handeling 8:1-3, 9:1-2).
- In Handeling 12 begin lede van die Romeinse owerheid ook om die vroeg-Christelike kerk te vervolg. Herodes Agrippa I (regeer 37-44 n.C.) het die apostel Jakobus met die swaard laat doodmaak en die apostel Petrus in die tronk laat gooi (Hand. 12:1-5). Weereens is Petrus deur ‘n engel uit die tronk bevry (Handeling 12:6-11).

Tot en met keiser Nero was daar nooit ‘n doelgerigte en georganiseerde vervolging van die Christene deur die Romeinse Ryk nie. Schaff (2006a:378) wys daarop dat die vervolging onder keiser Nero nie streng gesproke ‘n “religieuse vervolging” soos dié onder latere keisers was nie. Keiser Nero het die Christene blameer vir die brandstigting in Rome (Schaff, 2006a:380). Christene is op die mees grusame wyses om die lewe gebring. Schaff (2006a:381-382) skryf:

“Sommige was gekruisig, waarskynlik as spottery met die straf wat Christus ontvang het, sommige was toegewerk in die velle van wilde diere en vir wrede honde in die arena gegooi. Die sataniese tragedie het sy klimaks bereik snags in die keiserlike tuine teen die hange van die Vatikaan heuwel ... Christenmans en -vroue, besmeer met pik of olie of gom, en vasgespyker aan dennepale, was aan die brand gestee en het as fakkels gebrand tot die vermaak van die skare, terwyl Nero, in pragtige klere, deelgeneem het aan ‘n perdewedren, terwyl hy sy vaardigheid as ‘n strydwaruiter ten toon gestel het.” (Vertaling: BJH)

Die vervolging, alhoewel dit hoofsaaklik in Rome plaasgevind het, was nie tot Rome beperk nie, maar het in navolging van Rome ook uitgekring na die ander provinsies (Schaff, 2006a:384).

Na die dood van keiser Nero in 68 n.C. het die vervolging teen die Christene afgeplat, maar dit sou ‘n tweede herlewing ervaar onder die regering van keiser Domitianus (regeer 81-96 n.C.). Domitianus het sy regeringstyl oorgeneem by Nero (Simmons, 2008:253). Hy het homself as ‘n god beskou en vereis om as *Dominus et Deus* (Here en God) aanbid te word (Simmons, 2008:254). Christene en Jode wat geweier het om hom te aanbid, was óf aan hewige belastings onderhewig óf selfs ter dood veroordeel (Simmons, 2008:254). Die vervolging onder Domitianus het nie tot Rome beperk gebly nie, maar uitgekring na ander dele van die Romeinse Ryk, veral Klein-Asie. In die tyd is die apostel Johannes verban na die eiland Patmos (De Villiers, 1997:133).

Die verhouding tussen die kerk en staat in die 1^{ste} eeu n.C. was nie altyd goed nie. Inteendeel, onder Nero en Domitianus was dit 'n geskiedenis wat geskryf was met die bloed van die Christene. Maar ten spyte van die vervolging van die vroeg-Christelike kerk, het die kerk bly groei.

6.2. Samevattende grondbeginsels

Die Pastorale briewe is geskryf teen die agtergrond van 'n groeiende vyandigheid teen die vroeg-Christelike kerk. In hierdie tyd bevind Timoteus hom in Efese, een van die bastions van die Romeinse Ryk en keiserkultus. Titus bevind hom weer op Kreta, wat sy eie uitdagings bied, alhoewel die eiland nog nie onder die beheer van die Romeinse Ryk geval het nie. Tog het beide Timoteus en Titus in hulle afsonderlike omstandighede ontvang die roeping om bedienaars van die Woord te wees met al sy uitdagings.

Timoteus en Titus moes ouderlinge aanstel in die gemeentes waar hulle gewerk het. Hierdie ouderlinge, geken aan die titels *πρεσβύτερος* ("ouderling" / "leier") en *ἐπίσκοπος* ("ouderling" / "toesighouer") het 'n tweeledige doel gehad:

- Aan die eenkant moes die ouderling as *διδάσκαλος* ("leermeester") optree. Hierdie roeping het 'n inwendige en uitwendige fokus gehad.
 - Inwendig moes die ouderlinge aan die gelowiges in die gemeente die evangelie leer. Dit beteken nie net dat die gelowiges die inhoud van die evangelie sou ken nie, maar ook sou verstaan hoe hierdie evangelie hulle lewe beïnvloed. Die inhoud van hierdie evangelie, soos vanuit die Pastorale briewe geskilder, kan soos volg saamgevat word:
 - Die ewige uitverkiesing
 - Die menswording van die Seun van God met die doel om sondears te kom verlos
 - Die plaasvervangende lyding van Christus
 - Christus se oorwinning oor die dood
 - Christus as Verlosser en Middelaar
 - Verlossing uit genade, sonder die werke
 - Die hemelvaart en wederkoms van Christus
 - Die finale oordeel en die ewige lewe.
 - Uitwending gesproke het die ouderlinge die verantwoordelikheid gehad om die dwaalleer te bestraf en te weerlê. In die tyd waarin die Pastorale briewe geskryf is was die grootste probleme wat dwaalleer betref:
 - Mites en fabels wat vir feite voorgehou is;
 - 'n Wettiese asketisme wat gepropageer is;
 - Dwaalleer met betrekking tot die opstanding onder die invloed van Griekse filosofieë.

- Die prediker word ook gewaarsku om nie toe te gee aan die lof en applous van mense nie, maar om eerder die eer van God te soek.
- Aan die ander kant moes die ouderlinge hulle taak as “leiers” en “toesighouers”, soos die titels *πρεσβύτερος* en *ἐπίσκοπος* suggereer, gestand doen deur in woord en daad ‘n voorbeeld vir die gemeente te wees oor wat dit beteken om ‘n gelowige te wees.

Vanuit die bogenoemde samevatting, kan die volgende grondbeginsels geformuleer word:

- Die ouderling is *διδάσκαλος* (“leermeester”) met ‘n inwendige en uitwendige roeping:
 - *Inwendige roeping*: hy moet die gelowiges die inhoud van die evangelie leer, maar leer hoe die evangelie hulle lewe beïnvloed.
 - *Uitwendige roeping*: hy het die verantwoordelikheid om die dwaalleer te bestraf en te weerlê.
- Die ouderling is ook *πρεσβύτερος* (“leier”) en *ἐπίσκοπος* (“toesighouer”), wat deur woord en daad ‘n voorbeeld vir die gemeente te wees oor wat dit beteken om ‘n gelowige te wees.
- Aangesien die ouderling *διδάσκαλος* (“leermeester”) is, sluit hierdie titels die predikers soos Timoteus en Titus in.
- Die prediker moet die eer van God soek en nie die lof en applous van mense nie.

Daarom is die beskrywing van die roeping en taak van die ouderlinge ook van toepassing op die predikers, wat Timoteus en Titus, in sluit.

7. SLOT OPMERKINGS

Die ondersoek in hierdie hoofstuk het die Pastorale briewe as fokus van ondersoek gehad, met die doel om vanuit die Pastorale briewe beginsels te identifiseer met betrekking tot die taak van die prediker. In punt 6.2. is hierdie beginsels geformuleer en weergegee.

In die hoofstuk wat hierop volg (hoofstuk 4) word die beginsels van hoofstuk 2 en 3 met mekaar vergelyk, met inagneming van die historiese ontwikkelinge wat daar tussen die 1^{ste} en 4^{de} – 5^{de} eeu n.C. plaasgevind het.

HOOFSTUK 4: VERGELYKING VAN DIE BEGINSELS VIR DIE TAAK VAN DIE PREDIKER BINNE DIE VERANDERENDE MILIEU VAN DIE KERK VANAF DIE 1^{STE} TOT DIE 5^{DE} EEU N.C.

1. INLEIDING

In hoofstuk 2 is daar grondbeginsels vir die taak van die prediker soos vanuit Chrysostomus se *De Sac. V* gesien, geformuleer. In hoofstuk 3 is die grondbeginsels vir die taak van die prediker soos vanuit die Pastorale briewe gesien, geformuleer. In hierdie hoofstuk word die grondbeginsels van hoofstuk 2 en 3 nou met mekaar vergelyk word.

Hierdie hoofstuk het die volgende as doel:

- Om ondersoek in te stel na die moontlike ooreenkomste of verskille met betrekking tot die beginsels vir die taak van die prediker wanneer die beginsels vanuit die *De Sac. V* met dié van die Pastorale briewe vergelyk word.
- Om gevolgtrekkings te maak in verband met moontlike verskuiwings in die verstaan en toepassing van die beginsels vir die taak van die prediker in die kerk tydens die 4^{de} tot 5^{de} eeu n.C.

2. VERGELYKING VAN GRONDBEGINSELS

Die grondbeginsels van die *De Sac. V* en die Pastorale briewe kan soos volg getabuleer word (sien tabel 4).

Tabel 4: Vergelyking van grondbeginsels tussen die *De Sac. V* en die Pastorale briewe

Chrysostomus se <i>De Sac. V</i>	Die Pastorale briewe van Paulus
Die titels wat in die <i>De Sac. V</i> gebruik word om na die prediker te verwys is: ἄρχων (leier), ἱερέυς (priester) en διδάσκαλος (leermeester / onderwyser), προϊστάμι (voorganger).	Die titels wat in die Pastorale briewe gebruik word om na die prediker te verwys is: διάκονος (diaken / dienskneg), διδάσκαλος (leermeester / onderwyser), ἐπισκοπή (toesighouer), ἐπίσκοπος (toesighouer), εὐαγγελιστής (evangelis) en πρεσβύτερος (ouderling). Die ouderlinge word egter spesifiek ἐπισκοπή, ἐπίσκοπος, en πρεσβύτερος genoem wat deur woord en daad 'n voorbeeld vir die gemeente moet wees oor wat die beteken om 'n gelowige te wees.
Die prediker moet voortdurend aan sy vermoë om te preek, werk – ongeag of hy begaafd is of nie.	Die prediker moet voortdurend aandag gee as sy gawe van prediking. Paulus sê aan Timoteus dat

	hy nie die genadegawe wat hy ontvang het, moet verwaarloos nie (1 Timoteus 4:14; 2 Timoteus 1:6)
Sy motief moet altyd die eer van God wees, nooit die applous of lofbetuigings van mense nie. Omdat die gevare van applous en lofbetuigings so groot is, moet hy dit verag eerder as daarna smag.	Die prediker moet die Woord suiwer verkondig en nie deur die applous of lof van mense gedryf word nie. Timoteus word gewaarsku dat daar tye sal kom waar mense vir hulle leermeesters bymekaar sal maak wat sal sê wat hulle wil hoor, maar Timoteus moet die waarheid verkondig, of mense wil luister of nie (2 Timoteus 4:1-5)
	Die prediker het 'n dubbele roeping (2 Timoteus 4:2): • <i>Inwendige roeping</i>: hy moet die gelowiges die inhoud van die evangelie leer, maar leer hoe die evangelie hulle lewe beïnvloed. • <i>Uitwendige roeping</i>: hy het die verantwoordelikheid om die dwaalleer te bestraf en te weerlê.

2.1. Ooreenkomste tussen die *De Sac. V* en die Pastorale briewe

2.1.1. Die titel *διδάσκαλος*

Die eerste ooreenkoms wat na vore kom is die gebruik van die titel *διδάσκαλος* ("leermeester"). In beide die *De Sac. V* en die Pastorale briewe word hierdie titel gebruik met verwysing na die leer-amp.

In die 1^{ste} eeu n.C. het die ouderlinge (regerende en lerende ouderlinge) die taak gehad om as *διδάσκαλοι* ("leermeesters") van die evangelie op te tree. Hulle moes die gelowiges die inhoud en toepassing van die evangelie leer. Die feit dat dieselfde titel gebruik word vir die predikers in die 4^{de} – 5^{de} eeu n.C. wys daarop dat die kern van die roeping deur die jare dieselfde gebly het, want soos in die 1^{ste} eeu n.C. het die predikers steeds die roeping om "*διδασκαλίαν τὴν ἐν χάριτι καὶ ἁλάτι ἡρτυμένην*" ("die leer wat bekoorlik is, [asof] met die sout besprinkel,") (*De Sac. V* 2:455) na vore te bring. Dus, met die verloop van die eeue het die kern roeping van die *διδάσκαλος* ("leermeester") dieselfde gebly, naamlik om die leer te verkondig.

Alhoewel daar nie in die *De Sac. V* na die inhoud van "*διδασκαλίαν τὴν ἐν χάριτι καὶ ἁλάτι ἡρτυμένην*" ("die leer wat bekoorlik is, [asof] met die sout besprinkel") (*De Sac. V* 2:455) verwys word nie, is daar geen rede om aan te neem dat dit enigsins sou verskil van die leer wat in die

Pastorale briewe na vore kom nie, naamlik die menswording van die Seun van God, sy plaasvervangende lewe en lyding, sy opstanding, hemelvaart en wederkoms.

2.1.2. Die tema van harde werk

‘n Tweede ooreenkoms wat na vore tree, het betrekking op die harde werk. In die *De Sac. V* word daar daarop gewys dat die prediker homself moet inspan wanneer dit kom by sy prediking. Soortgelyk word daar aan Timoteus die opdrag gegee: “μὴ ἀμέλει τοῦ ἐν σοὶ χαρίσματος ...” (“Moenie die genadegawe in jou verwaarloos nie,...”) (1 Timoteus 4:14). Van Houwelingen (2009:116) skryf:

“Timoteus het in homself, maar wel dan ‘n geskenkte bewaamheid (Van Bruggen), ‘n spesiale gawe wat beslis nie verontagsaam mag word nie. Hierdie vuur, wat eens op ‘n tyd binne hom aangesteek was, sal bly brand solank as dit ook deur hom aangewakker word.” (Vertaling: BJH)

Timoteus het die nodige toerusting ontvang om sy roeping na te kom wat die “τῇ ἀναγνώσει, τῇ παρακλήσει, τῇ διδασκαλίᾳ” (“voorlesing, bemoediging, en onderrig”) (1 Timoteus 4:13) betref te vervul. Maar hierdie toerusting is ook iets waaraan hy moet werk. Hy mag dit nie verwaarloos nie.

Soortgelyk skryf Chrysostomus in *De Sac. V* 5:468: “Καὶ γὰρ ὅταν πολλὴν ἐν τῷ λέγειν δύναμιν ἔχῃ [τοῦτο δὲ ἐν ὀλίγοις εὗροι τις ἄν]· οὐδὲ οὕτω τοῦ πονεῖθαι διήνεκῶς ἀπήλλακται. ἐπειδὴ γὰρ οὐ φύσεως ἀλλὰ μαθήσεως τὸ λέγειν, κἂν εἰς ἄκρον αὐτοῦ τις ἀφίκηται, τότε αὐτὸν ἀφίησιν ἔρημον, ἂν μὴ συνεχεῖ σπουδῇ καὶ γυμνασίᾳ ταύτην θεραπεύῃ τὴν δύναμιν.” (“Want alhoewel hy groot krag in prediking mag hê [en hierdie vermoë sal jy by min vind], sal hy nie vrygestel word om homself voortdurend in te span nie, aangesien prediking nie natuurlik is nie, maar deur studie. Selfs al sou hy ‘n sekere hoogte bereik, sal hy dit verloor as hy nie hierdie krag behou deur dit ywerig en deur oefening versterk nie.”)

2.1.3. Eer van God vs. die lof van mense

Nog ‘n ooreenkoms tussen die *De Sac. V* en die Pastorale briewe is die waarskuwing teen lof betuigings. Alhoewel daar nie in die Pastorale briewe direk na lofbetuigings verwys word nie, skryf Paulus aan Timoteus (en so ook aan Titus) in ‘n tyd waar prediking, die prediker en die evangelieboodskap nie gunstig deur die mense ontvang is nie. Dit blyk veral uit 2 Timoteus 4:1-5. In 2 Timoteus 4:3 waarsku Paulus vir Timoteus dat daar ‘n tyd sal kom “ὅτε τῆς ὑγιαίνουσας διδασκαλίας οὐκ ἀνέξονται ἀλλὰ κατὰ τὰς ἰδίας ἐπιθυμίας ἑαυτοῖς ἐπισωρεύουσιν διδασκάλους κνηθόμενοι τὴν ἀκοήν” (“wanneer mense die gesonde leer nie sal aanvaar nie, maar hulle sal vir hulle leermeesters by mekaar maak volgens hulle eie begeertes wat hulle in die oor sal kielie”). Omdat Timoteus die gevaar loop om ook ‘n prediker te word wat mense in die oor sal kielie, met ander woorde die boodskap so aanpas dat hy sal sê wat mense wil hoor

en hom daarvoor prys, beveel Paulus hom in 2 Timoteus 4:2: “κήρυξον τὸν λόγον, ἐπίστηθι εὐκαίρως ἀκαίρως...” (“verkondig die Woord, hou daarmee aan tydig en ontydig,...”)

Die omstandighede van die 4^{de} – 5^{de} eeu het egter van die 1^{ste} eeu verskil. Met die feit dat die Christelike geloof onder keiser Konstantyn godsdiensvryheid ervaar het, het die kerke vol gestroom van mense wat nooit werklik tot bekering gekom het nie. Die gevolg was dat hulle soos Chrysostomus dit in *De Sac. V* 5:471 stel “Οὐ γὰρ τοῖς λεγομένοις, ὡς ταῖς τῶν λεγόντων δόξαις” (“nie vir wat gepreek word nie, maar eerder vir die reputasie van die predikers”) kom. As die prediker sy reputasie gestand gedoen het, is hy ontvang met lofbetuigings en applous, maar as hy te kortgeskiet het, moes hy spot en beledigings ervaar.

In die lig van bogenoemde is dit noodsaaklik om op te merk dat alhoewel die omstandighede in die kerk van die 1^{ste} eeu en die kerk in die 4^{de} – 5^{de} eeu van mekaar verskil het, die gevaar steeds dieselfde was: predikers het die gevaar geloop om ter wille van die lof en applous van mense hulle boodskap aan te pas. Beide die *De Sac. V* en die Pastorale briewe waarsku hierteen.

2.1.4. Samevatting van ooreenkomste

Vanuit hierdie vergelyking is daar dus drie sake wat ooreenstem in die *De Sac. V* en die Pastorale briewe:

- Eerstens, die kerntaak van die prediker is dit feit dat hy ‘n leermeester is wat ander in die evangelie moet onderrig.
- Tweedens, die vermoë om te preek is iets wat ‘n persoon nie vanself het nie, maar dit is ‘n gawe wat hy ontvang het (wat nie by elkeen ewe sterk is nie) waaraan voortdurend gewerk moet word.
- Derdens, omdat daar voortdurend aandag gegee moet word aan die gawe van prediking, beteken dit vir die prediker inspanning en harde werk.
- Vierdens, die prediker loop altyd die gevaar om sy boodskap aan te pas, sodat hy die lof en applous van mense kan ontvang en nie meer die eer van God soek nie.

2.2. Verskille tussen die *De Sac. V* en die Pastorale briewe

2.2.1. Verskuiwing in die taak van die ἐπίσκοπος en ἐπισκοπή

Die eerste groot verskil is die gebruik van die titels met verwysing na die prediker. In die *De Sac. V* maak Chrysostomus hoofsaaklik van twee titels gebruik met verwysing na die prediker, naamlik ἱερέυς (priester) en διδάσκαλος (leermeester / onderwyser). Hoewel die titel διδάσκαλος ook in die Pastorale briewe na vore tree, kom die titel ἱερέυς (“priester”) nooit in die Pastorale briewe voor nie. Aan die ander kant word die titels πρεσβύτερος (“leier”), ἐπίσκοπος

("toesighouer") en ἐπισκοπή ("toesighouer") in die Pastorale briewe gebruik met verwysing na die ouderlinge (waaronder die predikers ingesluit is), maar nie een van hierdie titels kom in die *De Sac. V* voor nie.

Die voorkoms van die titel ἱερεύς ("priester") en die afwesigheid van πρεσβύτερος ("leier"), ἐπίσκοπος ("toesighouer") en ἐπισκοπή ("toesighouer") in die *De Sac. V* dui op 'n fokusverskuiwing wat plaasgevind het in die tydperk tussen die 1^{ste} eeu n.C. en die 4^{de} tot 5^{de} eeu n.C. Hierdie fokusverskuiwing het betrekking op die rol wat die predikers in geneem het in hierdie tussen tydperk.

Die fokusverskuiwing het reeds in die 2^{de} eeu n.C. sy aanvang geneem toe daar 'n onderskeid begin maak is tussen die πρεσβύτερος ("leier") en die ἐπίσκοπος ("toesighouer").⁶³

- In die *Didaché* (Holmes, 2007) is daar sprake van twee ampte, naas die apostels en profete, naamlik die ἐπίσκοπος en διάκονος: "Χειροτονήσατε οὖν ἑαυτοῖς ἐπισκόπους καὶ διακόνους ἁγίους τοῦ κυρίου, ..." ("Stel daarom vir julleself ouderlinge en diakens aan wat die Here waardig is, ...") (*Didaché* 15:1). Hierdie "ἐπισκόπους καὶ διακόνους" ("ouderlinge en diakens") voer die bediening van "τῶν προφητῶν καὶ διδασκάλων" ("die profete en leermeesters") uit.
- In die geskrifte van Ignatius van Antiochië (35-110 n.C.) blyk daar 'n ontwikkeling in die ampte te wees. Du Plessis (1983:236) skryf: "Ignatius het deelgelyke ondervinding gehad van die funksionering van drie ampte, naamlik: die ἐπίσκοπος, πρεσβύτερος, en διάκονος, in al die Christenkerke in die begin van die tweede eeu." Du Plessis (1983:237) gaan voort om te verduidelik dat Ignatius in die gebruik van die woord ἐπίσκοπος verwys na "'n ampsdraer wat kragtens sy amp leiding in 'n plaaslike gemeente geneem het". Die πρεσβύτεροι het 'n liggaam wat as die πρεσβυτέριον bekend gestaan het, gevorm wat saam met die ἐπίσκοπος leiding in die gemeente geneem het (Du Plessis, 1983:238). Die ἐπίσκοπος en πρεσβύτεροι het egter gelyke gesag in hulle toesig oor die gemeente gedra (Du Plessis, 1983:239).

Aan die einde van die 2^{de} en begin van die 3^{de} eeu n.C. het die ampte 'n verdere ontwikkeling ondergaan. Lössl (2010:198-199) skryf:

"Die groei in die grootte van die gemeenskap, veral in die groot stede (Rome, Aleksandrië, Antiochië), die toename van meer welgestelde lidmate en die geneigdheid om te netwerk tussen plaaslike gemeentes en tussen metropolitaanse gemeentes deur die Ryk het gelei tot groter hierargiese strukture en die daarstelling van meer dominante biskopdomme ..." (Vertaling: BJH)

⁶³ Soos reeds in hoofstuk 3, punt 4.1.3. verduidelik is, word die woorde ἐπίσκοπος en ἐπισκοπή as sinonieme gebruik. Daarom word daar in hierdie punt slegs na ἐπίσκοπος verwys.

Hierdie groei het daartoe gelei dat daar 'n magstryd onder die biskoppe ontstaan het en teen die 3^{de} eeu n.C. was die kerklike milieu gekenmerk deur onderlinge twis oor watter biskopdom eerste in rang was.

Die vervolging onder keiser Decius (200-251 n.C.) het die begin van 'n vlag vervolging aangekondig. Decius het 'n edik uitgevaardig waardeur 'n offer aan die keiser vereis was (Lössl, 2010:202). Alhoewel nie alle Christene wat geweier het om te offer vervolgt was nie, was daar sommige wat in die tronk gegooi is en sommige het selfs in die tronk gesterf (Lössl, 2010:202). Sommige Christene het 'n oomblik van swakheid ervaar en geoffer. Nadat die vervolging geeëndig het, het hierdie Christene gevra om weer in die kerk opgeneem te word. Daarmee het die biskoppe se mag dramaties toegeneem, omdat hulle toesig gehou het oor wie weer opgeneem kon word en wie nie (Lössl, 2010:203).

Vervolging van die kerk het aangehou tot in die 4^{de} eeu n.C., en is eers in 313 n.C. beeëndig met die edik van Milaan. Van toe af tot aan die einde van die 5^{de} eeu het die kerk tye van populariteit ervaar, hoewel daar by tye weer vervolging gekom het na gelang van die willekeur van die keisers. In daardie tyd het die biskoppe en ook die biskopdomme die speelbal van die ryk geword en was daar dikwels 'n magstryd tussen kerk en staat (sien hoofstuk 2, punt 6.1.).

Daar het dus 'n aansienlike ontwikkeling in die beskouing oor die taak van die ἐπίσκοπος plaasgevind vanaf die 1^{ste} eeu n.C. tot en met die tyd toe Chrysostomus sy *De Sacerdotio* op skrif gestel het:

- In die 1^{ste} eeu was daar sprake van die amp van ouderling (geken onder die titels πρεσβύτερος ["leier"] en ἐπίσκοπος ["toesighouer"]) en dié van diaken ("διάκονος"). In gesag was hierdie ampte gelyk.
- Teen die 2^{de} eeu n.C. blyk daar 'n ontwikkeling te kom in die ampte sodat daar sprake is van die biskop onder die titel van ἐπίσκοπος, ouderling onder die titel van πρεσβύτερος en diaken onder die titel van διάκονος.
- Teen die einde van die 2^{de} en begin van die 3^{de} eeu n.C. is daar 'n duidelike hierargie sigbaar met biskoppe aan die hoof van biskopdomme.
- In die 4^{de} en 5^{de} eeu n.C. betree die biskoppe nie net die gebied van die kerk nie, maar dikwels ook die gebied van die staat waar hulle in 'n magstryd met die keisers gewikkeld is.

Die uiteinde van hierdie proses was dat die amp van ouderling (lerend en regerend) so ver gedeformeer het, dat die oorspronklike bedoeling van die amp nie meer sigbaar was nie; en gevolglik nie meer daarna verwys is soos dit oorspronklik die gebruik was nie. Waar die πρεσβύτερος ("leier") en ἐπίσκοπος ("toesighouer") aanvanklik iemand was wat oor die gemeentes toesig gehou het en as διδάσκαλος ("leermeester") opgetree het om die mense die

evangelie te leer, het die ἐπίσκοποι teen die tyd van die 4^{de} / 5^{de} eeu n.C. die plek van heersers eerder as toesighouers ingeneem.

Vanuit bogemelde vergelyking blyk dit dat daar oor verskille is tussen die beginsels van die Pastorale briewe en die *De Sac. V*:

- In die eerste plek is daar 'n verskil in die titels wat gebruik word met verwysing na die ouderlinge (lerend en regerend).
- In die tweede plek is daar 'n verskuiwing in die uitvoering van die ἐπίσκοπος se taak gewees: weg van toesighouer na heersers.

3. SLOT OPMERKINGS

Wanneer die Pastorale briewe met die *De Sac. V* van Chrysostomus vergelyk word, blyk dit dat daar ooreenkomste en verskille is. Hierdie ooreenkomste en verskille kan soos volg uiteen gesit word (tabel 5):

Tabel 5: Ooreenkomste en verskille tussen die *De Sac. V* en die Pastorale briewe

De Sacerdotio Boek 5	Die pastorale briewe
Ooreenkomste	
Maak gebruik van die titel διδάσκαλος (leermeester).	
Verwys na die feit dat die taak van die prediker inspanning en harde werk kos.	
Waarsku teen lof en die applous van mense en moedig eerder die soeke na die eer van God aan.	
Verskille	
Verwys na die prediker as ἄρχων (leier), ἱερέως (priester) en προΐστημι (voorganger).	Verwys na die prediker as ἐπίσκοπος (toesighouer), ἐπίσκοπος (toesighouer), εὐαγγελιστής (evangelis) en πρεσβύτερος (ouderling).
Die funksie van die toesighouer het is in die tyd van Chrysostomus reeds tot heersers van biskopdomme oorgegaan.	Die ἐπίσκοποι is in die tyd wat Paulus die pastorale briewe skryf "opsigters" / "toesighouers" oor die gemeente.

In die volgende hoofstuk sal daar op grond van hierdie hoofstuk finale gevolgtrekkings gemaak word.

HOOFSTUK 5: FINALE GEVOLGTREKKINGS

1. INLEIDING

Aan die begin van hierdie studie is die hipotese gestel dat die beginsels vir die taak van die prediker soos in Chrysostomus se *De Sac. V* uiteengesit, van dié wat in die Pastorale briewe verduidelik word, verskil.

Om hierdie hipotese na te vors en te toets, was die volgende vrae gestel as riglyne vir die ondersoek:

- Watter beginsels word in die *De Sac. V* vir die taak van die prediker gegee?
- Watter beginsels word in die Pastorale briewe vir die taak van die prediker gegee?
- Watter ooreenkomste of verskille is daar wanneer die beginsels vanuit die *De Sac. V* met dié vanuit die Pastorale briewe vergelyk word?
- Watter getuienis bied hierdie vergelyking oor moontlike verskuiwings in die verstaan en toepassing van die beginsels vir die prediking in die kerk tydens die 4^{de} tot 5^{de} eeu n.C.?

Na aanleiding van hierdie vrae is die volgende doelwitte vir die studie geformuleer:

- Om ondersoek in te stel na die moontlike verskille met betrekking tot die toepassing van die beginsels vir die taak van die prediker wat in die *De Sac. V* beskryf word met dié in die Pastorale briewe.
- Om die beginsels vir die taak van die prediker soos in die *De Sac. V* gegee, te identifiseer.
- Om die beginsels vir die taak van die prediker soos in die Pastorale briewe gegee, te identifiseer.
- Om ondersoek in te stel na die moontlike ooreenkomste of verskille met betrekking tot die beginsels vir die taak van die prediker wanneer die beginsels vanuit die *De Sac. V* met dié van die Pastorale briewe vergelyk word.
- Om gevolgtrekkings te maak in verband met moontlike verskuiwings in die verstaan en toepassing van die beginsels vir die taak van die prediker in die kerk tydens die 4^{de} tot 5^{de} eeu n.C.

2. OORSIG VAN STUDIE EN BESPREKING

Die eerste vraag wat aan die orde gekom het, was die vraag: Watter beginsels word in die *De Sac. V* vir die taak van die prediker gegee? Hierdie vraag is ondersoek in hoofstuk 2 van die studie en die volgende beginsels was geformuleer:

- Die prediker moet voortdurend aan sy vermoë om te preek, werk – ongeag of hy begaafd is of nie.

- Sy motief moet altyd die eer van God wees, nooit die applous of lofbetuigings van mense nie.
- Omdat die gevare van applous en lofbetuigings so groot is, moet hy dit verag eerder as daarna smag.

In hoofstuk 3 van die studie het die vraag “Watter beginsels word in die Pastorale briewe vir die taak van die prediker gegee?” aan die orde gekom. Die vraag is ondersoek en die volgende beginsels is na aanleiding van die ondersoek geformuleer:

- Die ouderling is διδάσκαλος (“leermeester”) met ‘n inwendige en uitwendige roeping:
 - *Inwendige roeping*: hy moet die gelowiges die inhoud van die evangelie leer, maar leer hoe die evangelie hulle lewe beïnvloed.
 - *Uitwendige roeping*: hy het die verantwoordelikheid om die dwaalleer te bestraf en te weerlê.
- Die ouderling is ook πρεσβύτερος (“leier”) en ἐπίσκοπος (“toesighouer”), wat deur woord en daad ‘n voorbeeld vir die gemeente te wees oor wat dit beteken om ‘n gelowige te wees.
- Aangesien die ouderling διδάσκαλος (“leermeester”) is, sluit hierdie titels die predikers soos Timoteus en Titus in.
- Die prediker moet die eer van God soek en nie die lof en applous van mense nie.

In hoofstuk 4 is hierdie beginsels met mekaar vergelyk ten einde die vraag “Watter ooreenkomste of verskille is daar wanneer die beginsels vanuit die *De Sac. V* met dié vanuit die Pastorale briewe vergelyk word?” te beantwoord. Die ondersoek het getoon dat daar wel ooreenkomste, maar ook verskille is.

Die ooreenkomste wat uit die ondersoek getoon is, is die volgende:

- Beide maak gebruik van die titel “διδάσκαλος” (“leermeester”).
- Beide verwys na die feit dat die taak van die prediker inspanning en hardewerk kos.
- Beide waarsku teen lof en die applous van mense en moedig eerder die soeke na die eer van God aan.

Die verskille wat aangetoon is, is die volgende:

- Die *De Sac. V* verwys na die prediker as “ἱερεύς” (“priester”); terwyl die Pastorale briewe na die prediker as “ἐπίσκοπος” (“toesighouer”), ἐπίσκοπος (toesighouer), εὐαγγελιστής (evangelis) en πρεσβύτερος (ouderling) verwys.
- Vanuit die historiese agtergrond is getoon dat die ἐπίσκοποι in die tyd van Chrysostomus heersers oor biskopdomme was; teenoor die ἐπίσκοποι is in die tyd wat Paulus die Pastorale briewe skryf wat die funksie van “opsigters” / “toesighouers” oor die gemeente vervul het.

3. FINALE GEVOLGTREKKINGS

Na aanleiding van hierdie ondersoek is getoon dat die hipotese van hierdie studie slegs gedeeltelik korrek was. Alhoewel daar wel verskil in die grondbeginsels tussen die *De Sac. V* en die Pastorale briewe aangetoon is, het dit ook geblyk dat daar groter ooreenkomste is.

Die verskuiwings in en toepassings van die grondbeginsels in die 4^{de} – 5^{de} eeu n.C. moet teen die tyd van die geskiedenis waarin dit geskryf is, verstaan word. Die groei van die kerk, die verkryging van godsdiensvryheid, en die verhouding tussen kerk en staat in die 4^{de} – 5^{de} eeu n.C. het grotendeels die taak van die prediker moeiliker gemaak en versoekings voor sy deur kom lê wat daar in die 1^{ste} eeu n.C. nie was nie.

Deur middel van beide die *De Sac. V* en die Pastorale briewe word dieselfde grondbeginsels aan predikers vandag gerig. Die prediker is in sy primêre rol iemand wat die gemeente in die waarhede van die Woord moet onderrig. Gevolglik, sou 'n prediker hierdie taak versuim en nie nakom nie, is hy in niks meer as net in sy titel 'n prediker nie. Verder, om as 'n leraar van die Woord op te tree beteken dat die prediker homself op die bestudering van die Woord moet toelê. Hierdie is 'n taak van tyd en inspanning verg. Waar die prediker hierdie taak nakom en gehoor gee aan die opdrag om die Woord tydig en ontydig te verkondig (vergelyk 2 Timoteus 4:2), kan hy die teenkanting, spot en vernedering van mense te wagte wees. Waar die eer van God gesoek word, sal 'n prediker vind dat die lof en die applous van mense afneem. Tog is die prediker geroep om goeie dienaar van Christus Jesus te wees, soos Paulus Timoteus in 1 Timoteus 4:6 noem. Daarom moet die prediker nie moedeloos of mismoedig word as hy die lof en applous van mense verloor nie.

'n Verdere toepassing vir hedendaagse predikers wat uitgewys is op grond van die verskille tussen die *De Sac. V* en die Pastorale briewe, is die waarskuwing ten opsigte van mag- en eersug. Vanuit die geskiedenis is getoon dat die amp van ἐπίσκοπος ("toesighouer") verwronge geraak het en sy oorspronklike fokus verloor het: die fokus het verskuif van iemand wat toesig hou en die welstand van die gemeente as belang voor oë het, na 'n posiese van heerskappy. Ook vandag is hierdie slagget 'n werklikheid. Predikers kan maklik vergeet dat hulle geroep is nie as opperheder van die kudde van Christus nie, maar as onderherders van die kudde wat die belang van die gemeente op die hart moet dra en nie na hul eie eer moet soek nie.

Ten opsigte van die tekortkominge van hierdie studie kan gestel word dat alhoewel *De Sac. V* 'n goeie vertrekpunt is vir 'n vergelykende studie, dit wenslik sal wees om so 'n studie te onderneem met al die boeke van die *De Sacerdotio* volledig.

BYLAE A: VERTALING VAN *DE SACERDOTIO* BOEK 5

1. INLEIDING

Die *De Sac.* is sekerlik die mees bekende werk van Johannes Chrysostomus. Oor die presiese datering van wanneer die geskrif geskryf is, is daar nie sekerheid nie. Sommige is van mening dat dit so vroeg soos 374 n.C. kon wees, terwyl Nairn (1906:xiv) dit eerder dateer na tussen 386 en 390 n.C. Redes wat Nairn (1906:xi-xiv) aanvoer is die volgende:

- Uit die geskrifte van die historikus Sokrates (5de eeu n.C.) en George van Aleksandrië (7^{de} eeu n.C.) word gesê dat Chrysostomus die *De Sac.* gedurende die tyd van sy diakenskap (381-386 n.C.) geskryf het. Symeon Mataphrastes (10^{de} eeu n.C.) plaas die werk egter in die tydperk 374-380 n.C.
- Wat interne bewyse betref argumenteer Nairn (1906:xiii) dat die karaktertrekke van die *De Sac.* van 'n later datering getuig, aangesien dit meer kritiese standpunt inneem teen die asketiese lewe van 'n monnik en die kloosterlewe.

Nairn (1906:xiv) se argument dat die *De Sac.* geskryf moes word na sy tyd as diaken (381-386 n.C.) omrede prediking nie deel van Chrysostomus se opdragte as diaken was nie, is egter nie oortuigend nie. Vanuit die *De Sac.* blyk dit dat beide Chrysostomus en Basil aangewys was as biskoppe, maar dat Chrysostomus nie vir die verantwoordelikheid daarvan kans gesien het nie. Hulle het ooreengekom om saam die aanstellings te aanvaar of te verwerp, maar Chrysostomus het homself gaan weg steek toe die tyd vir die aanstelling kom. Basil was onder die indruk dat Chrysostomus reeds die aanstelling aanvaar het en het eers later van Chrysostomus se bedrog te wete gekom. Hy het Chrysostomus gaan opsoek waar hy 'n kluisenaars bestaan gelei het. Dit moes in die tyd 374-380 n.C. gewees het. Dus, is die onwaarskynlik dat Chrysostomus die *De Sac.* onmiddelik sou skryf. Dit is meer waarskynlik dat hy, nadat hy terug gekeer het van sy kluisenaars bestaan, nagedink het oor sy optrede en dus eers toe die *De Sac.* neergepen het – alhoewel dit nog nie gereed was vir publikasie nie. Dit is dus 'n logiese afleiding vanuit die geskiedenis dat die mees waarskynlike datum vir die skryf van die *De Sac.* tussen die jare 381 en 386 n.C. moes wees.

In hierdie bylae word 'n vertaling van die *De Sac. V* gemaak. Boek 5 word in sy geheel vertaal omdat dit die onderwerp van die beginsels vir die taak van die prediker spesifiek aanraak.

Die teks wat vir die vertaling van die *De Sac. V* gebruik word, is deur Nairn (1906) saamgestel is. Die nommers is die paragraaf indeling soos dit in Nairn se teks voorkom. Die metode wat gebruik word om die vertaling te maak, is soos volg:

- daar word gepoog om so 'n letterlik as moontlike vertaling te maak,

- waar die letterlike vertaling onverstaanbaar of vir misverstand oop is, word dit geparafraseer,
- ter wille van leesbaarheid en verstaanbaarheid word die Griekse sinne in die vertaling in gedagte eenhede opgebreek,
- voetnotas word gebruik om 'n woord / frase verder te verduidelik of bykomende inligting te verskaf.

2. VERTALING VAN DE SACERDOTIO BOEK 5

1:449: Ὅσης μὲν ἐμπειρίας τῷ διδασκάλῳ δεῖ πρὸς τοὺς ὑπὲρ τῆς ἀληθείας ἀγῶνας, ἱκανῶς ἡμῖν ἀποδέδεικται. ἔχω δέ τι καὶ πρὸς τούτοις ἕτερον μυρίων αἴτιον κινδύνων εἰπεῖν, μᾶλλον δὲ οὐκ ἐκείνο εἵποισι ἄν αἴτιον ἔγωγε⁶⁴, ἀλλὰ τοὺς οὐκ εἰδότες αὐτῷ χρήσασθαι καλῶς· ἐπεὶ τό γε πράγμα αὐτὸ σωτηρίας τε καὶ πολλῶν γίνεται πρόξενον ἀγαθῶν, ὅταν τοὺς διακτανυμένους εὖρη σπουδαίους τε ἄνδρας καὶ ἀγαθοὺς. τί οὖν τοῦτό ἐστιν; ὁ πολὺς πόνος ὁ περὶ τὰς διαλέξεις τὰς κοινῇ πρὸς τὸν λαὸν γινομένης ἀναλίσκόμενος.	1:449: Die noodsaak van hoe groot die vaardigheid van die beoefening van die waarheid vir die leraar moet wees, het ons reeds genoegsaam behandel. Maar bo en behalwe hierdie dinge is dit nodig om te sê dat daar ander oorsake van menigte gevare is: tog wil ek sê dat dit self hoegenaamd nie die oorsaak is nie, maar diegene wat nie weet hoe om dit goed te gebruik nie, aangesien dit 'n hulpvaardige verlosser en dikwels 'n beskermmer van die waarheid is wanneer hy bevind dat hulle wat diensbaar is, ernstige en goeie manne is. Wat is dit dan? Dit is die harde werk wat hyself spandeer ten opsigte van die preke wat voor die mense in die algemeen gelewer word.
1:450: Πρῶτον μὲν γὰρ τὸ πλεόν τῶν ἀρχομένων οὐκ ἐθέλουσιν ὥς πρὸς διδασκάλους διακείσθαι τοὺς λέγοντας, ἀλλὰ τὴν τῶν μαθητῶν τάξιν ὑπερβάντες ἀντιλαμβάνουσι τὴν τῶν θεατῶν τῶν ἐν τοῖς ἔξωθεν καθεζομένων ἀγῶσι. καὶ καθάπερ ἐκεῖ τὸ πλῆθος μερίζεται, καὶ οἱ μὲν τούτῳ, οἱ δὲ ἐκείνῳ προσνέμουσιν ἑαυτούς· οὕτω δὲ καὶ ἐνταῦθα διαιρεθέντες, οἱ μὲν μετὰ τούτου, οἱ	1:450: In die eerste plek is die meeste nie bereid om hulle wat preek as leermeesters te ag nie, maar terwyl hulle die status van leerlinge oortree, vereenselwig hulle met die wat hulle lei tot toeskouers terwyl hulle sitting in neem onder diegene van buite. En soos hulle verdeel is: sommige skaar hulle by een en ander by 'n ander een; so ook gebeur dit dat hulle verskil: sommige luister na een en ander na 'n ander wat preek – soms gunstig

⁶⁴ Die woord ἔγωγε is 'n *enclitic* saamgestel uit ἔγω en γε. Die γε intensifiseer ἔγω en gesien saam met die negatief οὐκ kan dit vertaal word as “*self hoegenaamd nie*”.

δὲ μετὰ ἐκείνου γίνονται, πρὸς χάριν καὶ πρὸς ἀπέχθειαν ἀκούοντες τῶν λεγομένων.	en soms met weersin.
1:451: Καὶ οὐ τοῦτο μόνον ἐστὶ τὸ χαλεπὸν, ἀλλὰ καὶ ἕτερον οὐδὲν ἔλαττον τούτου. ἦν γάρ τινα συμβῇ τῶν λεγόντων μέρος τι τῶν ἑτέροις πονηθέντων ἐνυφῆναι τοῖς λόγοις αὐτοῦ, πλείονα τῶν τὰ χρήματα κλεπτόντων ὑφίσταται ὀνειδίη· πολλάκις δὲ οὐδὲ λαβὼν παρ' οὐδενος οὐδὲν, ἀλλ' ὑποπτευθεὶς μόνον, τὰ τῶν ἐαλωκότων ἔπαθεν. καὶ τί λέγω τῶν ἑτέροις πεπονημένων; αὐτὸν τοῖς εὐρέμασι τοῖς ἑαυτοῦ συνεχῶς χρήσασθαι οὐκ ἔνι.⁶⁵	1:451: Nie alleen is dit moeitevol nie, maar daar is ook 'n ander saak wat nie gering is nie. As dit sou gebeur dat hy in sy preke 'n deel van wat deur ander gepreek is nadat hulle hard gewerk het, invoeg, ervaar hy groter spot as van hulle wat geld gesteel het; en baie keer nadat hy niks van niemand geneem het nie – maar alleen daarvan verdink word – ly hy die lot van hulle wat reeds veroordeel is. Waarom praat ek van ander se harde werk, want is dit wat ontdek is, nie daar om volgens sy eie oordeel gebruik te word nie?
1:452: Οὐ γὰρ πρὸς ὠφέλειαν, ἀλλὰ πρὸς τέρψιν ἀκούειν εἰθίσθησαν οἱ πολλοὶ, καθάπερ τραγῳδῶν ἢ κιθαρῳδῶν καθήμενοι δικασταί. καὶ ἡ λόγου δύναμις, ἡ ἐξεβάλομεν νῦν, οὕτως ἐνταῦθα γίνεται ποθεινὴ, ὥς οὐδὲ τοῖς σοφισταῖς, ὅταν πρὸς ἀλλήλους ἀγωνίζεσθαι ἀναγκάζονται.	1:452: Die skare het gewoon geraak om te luister – nie om daardeur opgebou te word nie, maar vir die plesier daarvan. Hulle sit soos beoordelaars van tragedies of musikale opvoerings sodat die krag van die prediking (wat ons so pas verduidelik het) blyk om nie so begeerlik te wees soos wanneer redenaars verplig is om met mekaar te kompeteer nie.
1:453: Γενναίᾳς οὖν δεῖ κἀνταῦθα ψυχῆς, καὶ πολὺ τὴν ἡμετέραν ὑπερβαινούσης σμικρότητα⁶⁶, ἵνα τὴν ἄτακτον καὶ ἀνωφελῆ τοῦ πλήθους ἡδονὴν κολάζῃ, καὶ πρὸς τὸ ὠφελιμώτερον μετάγειν δύνηται τὴν ἀκρόασιν· ὥς αὐτῷ τὸν λαὸν ἔπεσθαι καὶ εἶκιν, ἀλλὰ μὴ αὐτὸν ταῖς ἐκείνων ἄγεσθαι ἐπιθυμίαις.	1:453: Dit is noodsaaklik om 'n verhewe verstand te besit, ver verhewe bo sy eie kleinheid, sodat hy hierdie onordelike en nuttelose plesier van die menigte kan regstel en in staat te wees om hulle terug te bring na 'n winsgewende manier van luister, sodat die mense hom sal volg en aan hom sal onderwerp, eerder as wat hy hom laat lei deur hulle begeertes.

⁶⁵ καὶ τί ... οὐκ ἔνι is 'n vraag en stelling wat beklemtoon dat die prediker sy eie insig vrylik mag gebruik, al wil dit voorkom of hy by ander geleen het. Ter wille van 'n vloeibare vertaling word dit as een vraag stelling vertaal.

⁶⁶ Die oud-Attiese vorm van vir μικρός (klein / kleinheid)

1:454: Τούτου δὲ οὐδαμῶς ἐστὶν ἐπιτυχεῖν, ἀλλ' ἢ διὰ τούτοις τοῖν δυοῖν⁶⁷, τῆς τε τῶν ἐπαίνων ὑπεροψίας, καὶ τῆς ἐν τῷ λέγειν δυνάμεως.	1:454: Dit kan op geen wyse bereik word, as deur middel van hierdie twee nie: deur die minagting van lofbetuigings en deur die krag van die prediking.
2:455: Καὶν γὰρ τὸ ἕτερον ἀπῇ, τὸ λειπόμενον ἄχρηστον γίνεται τῇ διαζεύξει θατέρου. ἂν τε γὰρ ἐπαίνων ὑπεροπῶν μὴ προσφέρῃ διδασκαλίαν τὴν ἐν χάριτι καὶ ἁλατι ἡρτυμένῃ⁶⁸, εὐκαταφρόνητος ὑπὸ τῶν πολλῶν γίνεται, οὐδὲν ἀπὸ τῆς μεγαλοψυχίας κερδάνας· ἂν τε τοῦτο καλῶς καταπθώσας τὸ μέρος τῆς ἀπὸ τῶν κρότων δόξης ἥττων ὢν τύχῃ, εἰς ταῦτόν πάλιν περιίσταται τὰ τῆς ζημίας αὐτῷ τε καὶ τοῖς πολλοῖς, πρὸς χάριν τῶν ἀκουόντων μᾶλλον ἢ πρὸς ὠφέλειαν λέγειν μελετῶντι, διὰ τὴν τῶν ἐπαίνων επιθυμίαν.	2:455: As een nie teenwoordig is nie, sal die een wat agter bly weens die skeiding van die ander onbruikbaar wees. Want as die een wat lofbetuigings minag nie die leer wat “bekoorlik is, (asof) met die sout besprinkel,” na vore bring nie, sal hy onder die skare verag word sodat sy verhewe denke vir hom van geen nut is nie. Aan die ander kant, as hy suksesvol is en dit gebeur dat die ongeluk van lofbetuigings deur applous hom oorwin, sal dit vir hom en vir die menigte weer ook tot skade lei. Ter wille van die begeerte na lofbetuigings, sal hy sy woorde versigtig kies ter wille van die guns van hulle wat luister, eerder as dit wat nuttig is.
2:456: Καὶ καθάπερ ὁ μήτε πάσχων τι πρὸς τὰς εὐφημίας, μήτε λέγειν εἰδῶς, οὔτε εἵκει ταῖς τοῦ πλήθους ἡδοναῖς, οὔτε ὠφελεῖν ἀξιολόγον τινα ὠφέλειαν δύναται, τῷ μηδὲν ἔχειν εἰπεῖν· οὕτω καὶ ὁ τῷ πόθῳ τῶν ἐγκωμίων ἐλκόμενος, ἔχων ἀμείνους ἐργάσασθαι τοὺς πολλοὺς, ἀντὶ τούτων παρέχει τὰ τέρψαι δυνάμενα μᾶλλον, τούτων τοὺς ἐν τοῖς κρότοις θορύβους ὠνούμενος.	2:456: Soos die wat nie deur lofbetuigings beïnvloed word, of welsprekend in prediking is nie, nie deur die plesier van die menigte oorheers word, nie in staat is om van enige noemenswaardige hulp te wees nie omdat hy niks het om te sê nie; so ook is hy wat deur die begeerte van lofbetuigings meegesleep word. Alhoewel hy die vermoë besit om die menigte van beter diens te wees, voorsien hy eerder in die plek hiervan dit wat ooreenstem met die plesier van die menigte. Hierdeur skaf hy vir homself die oproerigheid van applous aan.
3:457: Ἀμφοτέρωθεν οὖν ἰσχυρὸν εἶναι τὸν ἄρχοντα δεῖ, ἵνα μὴ θατέρῳ θάτερον	3:457: Dit is noodsaaklik dat 'n uitnemende leier in beide die sake moet vas staan, sodat

⁶⁷ τούτοις τοῖν δυοῖν is die dualis vorm.

⁶⁸ Die frase “τὴν ἐν ... ἡρτυμένῃν” is 'n aanhaling uit Kolossense 4:6.

ἀνατρεπεται. ὅταν γὰρ ἀναστὰς ἐν τῷ μέσῳ λέγῃ τὰ τοὺς ῥαθύμως ζῶντας ἐπιστῆναι δυνάμενα, εἴτα προσπατήῃ καὶ διακόπτεται, καὶ ὑπὸ τῆς ἐνδείας ἐρυθρίαν ἀναγκάζεται, διερρύη τὸ κέρδος τῶν λεχθέντων εὐθέως. οἱ γὰρ ἐπιτιμηθέντες, ἀλγοῦντες τοῖς εἰρημένοις καὶ οὐκ ἔχοντες ἑτέρως αὐτὸν ἀμύνασθαι, τοῖς τῆς ἀμαθίας αὐτὸν βάλλουσι σκώμμασι, τούτοις οἰόμενοι τὰ ἑαυτῶν συσκιάζειν ὀνειδίη.	hy nie die een in die plek van die ander stel nie. Wanneer hy tussen hulle staan en woorde spreek wat in staat is om hul ligsinnige lewe te bestraf, dan oor sy woorde struikel en stotter en weens die mislukking geforseer word om te bloos, word die nut van sy woorde onmiddelik vermors. Want die wat bestraf word (hulle wat lyding verduur deur dit wat vir hulle gesê word en hulle nie in staat is om op 'n ander manier hul teen hom te verweer nie) sal aanmerkings oor sy onkunde hom toesnou. Sodoende dink hul dat hul 'n skadu oor hul skande werp.
3:458: Διὸ χρὴ, καθάπερ τινὰ ἡνίοχον ἄριστον, εἰς ἀκρίβειαν τούτων ἀμφοτέρων ἐληλακέναι τῶν καλῶν, ἵνα ἀμφοτέρα πρὸς τὸ δέον αὐτῷ μεταχειρίζειν ἐξῇ. καὶ γὰρ ὅταν αὐτὸς ἀνεπίληπτος ἅπασι γένηται, τότε δυνήσεται μεθ' ὅσης βούλεται ἐξουσίας καὶ κολάζειν καὶ ἀνιέναι τοὺς ὑπ' αὐτῷ ταπτομένους ἅπαντας· πρὸ δὲ τούτου οὐκ εὐμαρὲς ταῦτα ποιεῖν.	3:458: Daarom is hy veronderstel om, soos enige bekwame strydwa-ruiter, op 'n akkurate beoordeling van beide hierdie goeie sake af te jaag, sodat beide vir hom tot hul reg kom om te hanteer soos hy dit nodig vind. Want wanneer hy in alles onskuldig mag wees, sal hy in staat wees om almal wat aan hom onderwerp is met soveel mag as wat hy wil, beide te korrigeer en te help. Maar sonder hierdie dinge sal hy dit nie maklik kan doen nie.
3:459: Τὴν δὲ μεγαλοψυχίαν οὐ μέχρι τῆς τῶν ἐπαίνων ὑπεροψίας ἐπιδείκνυσθαι μόνον, ἀλλὰ καὶ περαιτέρω προάγειν, ἵνα μὴ πάλιν ἀτελὲς ᾖ τὸ κέρδος.	3:459: Dit is noodsaaklik dat hierdie verhewenheid van denke nie alleen sigbaar word in die veragtig van lofbetuigings nie, maar dit is ook noodsaaklik om verder te gaan, sodat dit wat nuttig is, nie op sy beurt vrugtelos is nie.
4:459: τίνας οὖν δεῖ καὶ ἑτέρου καταφρονεῖν; βασκανίαν καὶ φθόνου.	4:459: Wat anders dan is noodsaaklik om te verwerp? Lasteringe en jaloesie.
4:460: Τὰς δὲ ἀκαίρους κακηγορίας [καὶ γὰρ ἀνάγκη τὸν προεστῶτα μέμψεις ὑπομένειν	4:460: Die onvanpaste aanklagtes, want die voorganger verduur onredelike sensuur. Hy moet nie onbeheers vrees en bewee; of totaal

ἀλόγους] οὔτε ἀμέτρως δεδοικέναι καὶ τρέμειν, οὔτε ἀπλῶς παρορᾶν καλόν· ἀλλὰ χρὴ κἂν ψευδεῖς τυγχάνωσιν οὔσαι, κἂν παρὰ τῶν τυχόντων ἡμῖν ἐπάγονται, πειρᾶσθαι σβεννύναι ταχέως αὐτάς.	die goeie oorsien nie; maar al blyk dit om vals te wees, en al bring die mense dit teen ons in, moet ons die aanklagtes vinnig probeer uit te blus.
---	--

4:461: Οὐδὲν γὰρ οὕτως αὖξει φήμην πονηράν τε καὶ ἀγαθὴν, ὥς τὸ πλῆθος τὸ ἄτακτον· ἀβασανίστως γὰρ καὶ ἀκούειν καὶ ἐκλαλεῖν εἰωθὸς, ἀπλῶς τὸ ἐπελθὼν ἅπαν φθέγγεται, τῆς ἀληθείας οὐδένα ποιούμενον λόγον.	4:461: Want niks versterk 'n slegte of goeie berig soos 'n ongedissiplineerde skare nie. Hulle vertel alles oor wat oor hul pad kom, sonder om die waarheid in ag te neem, want dit is hul gewoonte om sonder bewyse te luister en te praat.
---	---

4:462: Διὰ ταῦτα οὐ δεῖ τῶν πολλῶν καταφρονεῖν, ἀλλὰ ἀρχομένας εὐθέως περικόπτειν τὰς ὑποψίας τὰς πονηράς, πείθοντα τοὺς ἐγκαλοῦντας, κἂν ἀλογώτατοι πάντων εἶεν, καὶ μηδὲν ὅλως ἐλλείπειν τῶν δυναμένων ἀφανίσαι δόξαν οὐκ ἀγαθὴν.⁶⁹ Εἰ δὲ, πάντα ποιούντων ἡμῶν, μὴ θέλωσιν οἱ μεμφόμενοι πείθεσθαι, τὸ τηνικαῦτα καταφρονεῖν· ὥς ἐὰν φθάσῃ τις ταπεινοῦσθαι τοῖς συμπτώμασι τούτοις, οὐ δυνήσεται ποτε γενναῖόν τι καὶ θαυμαστὸν ἀποτεκεῖν. ἡ γὰρ ἀθυμία καὶ αἱ συνεχεῖς φροντίδες δεινὰ καταβαλεῖν ψυχῆς δύναμιν· καὶ εἰς ἀσθένειαν καταγαγεῖν τὴν ἐσχάρην.	4:462: Daarom is dit noodsaaklik om die menigte gering te ag, maar die goeie leier moet ook die slegte verdenkinge afsny (terwyl hy die aanklaers oortuig al sou hulle almal onredelik wees), en om heeltemal niks weg te laat van dit wat in staat is om 'n slegte reputasie te af te weer nie. Maar as ons alles gedoen het, en die aanklaers hulle nie wil laat oorreed nie, moet ons hulle nie ag slaan nie. As hy vinnig is om hom te laat verneder deur enige van hierdie dinge wat hom oorval, sal hy nie in staat wees om ooit iets wat eerbaar en wonderlik is na vore te bring nie, want lafhartigheid en voortdurende sorg is in staat om die krag van die denke te vernietig en om dit tot die uiterste toe te verswak.
---	--

4:463: Οὕτως οὖν χρὴ τὸν ἱερέα διακεῖσθαι πρὸς τοὺς ἀρχομένους, ὥσπερ ἂν εἰ πατὴρ παῖδας ἄγαν νηπίους διακείτο· καὶ καθάπερ ἐκείνων οὔτε ὑβρίζοντων, οὔτε πληττόντων, οὔτε ὀδυρομένων ἐπιστρεφόμεθα, ἀλλ' οὐδὲ, ἡνίκα ἂν γελῶσι καὶ προσχαίρωσιν ἡμῖν, μέγα	4:463: Daarom dan is dit nodig vir die priester om soos 'n vader teenoor jong kinders vriendelik op te tree, teenoor die oor wie hy regeer. Soos ons ons nie laat omkeer nie, nóg deur hul beledigings, nóg deur hul houe, nóg deur hul klagtes nie; maar ons dit nie in ag
--	--

⁶⁹ Drie infinitiewe word deur die werkwoord δεῖ beheer, nl. καταφρονεῖν, ἐκκόπτειν en ἐλλείπειν.

ἐπὶ τούτῳ φρονοῦμέν ποτε, οὕτω καὶ τούτων μήτε τοῖς ἐπαίνοις ἐξογκοῦσθαι, μήτε καταπίπτειν τοῖς ψόγοις, ὅταν ἀκαίρως γίνωνται παρ' αὐτῶν.	neem wanneer hulle saam met ons lag en bly is nie, so moet ons nie deur lofbetuigings hoogmoedig word nie of deur hul sensuur (wanneer dit onredelik is) neergewerp word daardeur nie.
4:464: Χαλεπὸν δὲ τοῦτο, ὦ μακάριε· τάχα δὲ, οἶμαι, καὶ ἀδύνατον.	4:464: Dit is moeilik, my vriend, en ek dink, dalk selfs onmoontlik.
4:465: Τὸ γὰρ μὴ χαίρειν ἐπαινούμενον, οὐκ οἶδα εἴ τιτι ἀνθρώπων ποτὲ κατάρθωται· τὸν δὲ χαίροντα, εἰκὸς καὶ ἐπιθυμεῖν ἀπολαύειν αὐτῶν· τὸν δὲ ἀπολαύειν ἐπιθυμοῦντα, πάντως καὶ ἐν ταῖς τούτων ἀποτυχίαις ἀνιᾶσθαι καὶ ἁλῦειν ἀνάγκη.	4:465: Want ek weet nie van enige man wat suksesvol was om nie bly te wees om geprys te word nie. En die een wat hieroor bly is, wens ook om te begeer om dit te geniet. En die een wat begeer om dit te geniet, sal altyd verdrietig en gegrief wees was hy hierdie dinge mis.
4:466: Ὡσπερ γὰρ οἱ γανύμενοι τῷ πλουτεῖν, ἥνίκα ἂν καταπέσωσιν εἰς πενίαν, ἄχθονται, καὶ οἱ τρυφᾶν εἰωθότες οὐκ ἂν ἀνάσχοιντο ζῆν εὐτελῶς· οὕτω καὶ οἱ τῶν ἐγκωμίων ἐρῶντες, οὐχ ὅταν ψέγωνται μόνον εἰκῇ, ἀλλὰ καὶ ὅταν μὴ ἐπαινῶνται συνεχῶς, καθάπερ λιμῷ τιτι διαφθείρονται τὴν ψυχὴν, καὶ μάλιστα ὅταν αὐτοῖς ἐντραφέντες τύχωσιν, ἢ καὶ ἐτέρους ἐπαινουμένους ἀκούωσι.	4:466: Want soos diegene wat bly is om ryk te wees, hartseer is wanneer hulle in armoede verval en hulle wat gewoon was om weelderig te lewe, nie kan voortgaan om eenvoudig te lewe nie; so is diegene ook wat lofbetuigings begeer, nie net wanneer hulle sonder rede blameer word nie, maar ook wanneer hulle nie voortdurend geprys word nie. Hul siel verswak soos deur 'n hongersnood, veral wanneer hulle gewoon was om geprys te word of wanneer hulle hoor dat 'n ander een geprys word.
4:467: Τὸν δὲ μετὰ ταύτης τῆς ἐπιθυμίας εἰς τὸν τῆς διδασκαλίας ἀγῶνα παρελθόντα, πόσα πράγματα καὶ πόσας ἔχειν οἶει τὰς ἀλγηδόνας; οὔτε τὴν θάλατταν ἐστὶ κυμάτων ἐκτὸς εἶναι ποτε, οὔτε τὴν ἐκείνου ψυχὴν φροντίδων καὶ λύπης.	4:467: Hoeveel twiste en hoeveel pyne dink jy sal die een wat die stryd van leringe met hierdie begeertes ingaan, hê? Dit is meer waarskynlik vir die see om sonder golwe te wees, as vir daardie man om sonder sorge en hartseer te wees.

5:468: Καὶ γὰρ ὅταν πολλὴν ἐν τῷ λέγειν δύναμιν ἔχη [τοῦτο δὲ ἐν ὀλίγοις εὗροι τις ἄν]· οὐδὲ οὕτω τοῦ πονεῖσθαι διήνεκῶς ἀπήλλακται. ἐπειδὴ γὰρ οὐ φύσεως ἀλλὰ μαθήσεως τὸ λέγειν, κἂν εἰς ἄκρον αὐτοῦ τις ἀφίκηται, τότε αὐτὸν ἀφήσιν ἔρημον, ἂν μὴ συνεχεῖ σπουδῇ καὶ γυμνασίᾳ ταύτην θεραπεύῃ τὴν δύναμιν.	5:468: Want alhoewel hy groot krag in prediking mag hê (en hierdie vermoë sal jy by min vind), sal hy nie vrygestel word om homself voortdurend in te span nie, aangesien prediking nie natuurlik is nie, maar deur studie. Selfs al sou hy 'n sekere hoogte bereik, sal hy dit verloor as hy nie hierdie krag behou deur dit ywerig en deur oefening versterk nie.
---	---

5:469: Ὡστε τοῖς σοφωτέροις μᾶλλον, ἢ τοῖς ἀμαθεστέροις, μείζων ὁ πόνος. οὐδὲ γὰρ ὑπὲρ τῶν αὐτῶν ἡ ζημία ἀμελοῦσι τούτοις κακείνοις, ἀλλὰ τοσοῦτον αὕτη πλείων, ὅσον καὶ τῆς κτήσεως ἐκατέρας τὸ μέσον.	5:469: Sodat die werk harder is vir geleerdes as vir onkundiges. Want die verlies wat hierdie en daardie een ly is nie dieselfde nie, maar volgens die verskil in grootte tussen die twee.
---	--

5:470: Κακείνοις μὲν οὐδ' ἂν ἐγκαλέσειέ τις, μηδὲν ἄξιον λόγου παρέχουσιν· οὗτοι δὲ εἰ μὴ μείζονα τῆς δόξης, ἥς ἅπαντες ἔχουσι περὶ αὐτῶν, αἰὲν προφέροιεν, πολλὰ παρὰ πάντων ἔπεται τὰ ἐγκλήματα. πρὸς δὲ τούτοις ἐκείνοι μὲν καὶ ἐπὶ πικροῖς μεγάλων ἂν τύχοιεν ἐπαίνων· τὰ δὲ τούτων, ἂν μὴ λίαν ἢ θαυμαστὰ καὶ ἔκπληκτα, οὐ μόνον ἐγκωμίων ἐστέπεται, ἀλλὰ καὶ τοὺς μεμφομένους ἔχει πολλούς.	5:470: Vir die laasgenoemdes ⁷⁰ sal niemand blameer as hulle nie 'n waardige preek na vore bring nie. Maar as eersgenoemdes ⁷¹ nie altyd (preke) na vore bring groter as hulle vermoë wat hulle besit nie, sal hulle altyd met baie aanklagtes besig gehou word. Daarby sal hierdie laasgenoemdes groter lof ontvang, terwyl die eersgenoemdes se lof nie net weg geneem word nie, maar ook baie kry wat fout vind as sy preke nie wonderlik en verstommend is nie.
---	---

5:471: Οὐ γὰρ τοῖς λεγομένοις, ὡς ταῖς τῶν λεγόντων δόξαις, κάθηνται δικάζοντες οἱ ἀκροαταί. ὥστε ὅταν κρατῇ τις ἀπάντων ἐν τῷ λέγειν, τότε μάλιστα πάντων αὐτῷ δεῖ πεπονημένης σπουδῆς. οὐδὲ γὰρ τοῦτο, ὃ κοινὸν τῆς ἀνθρωπείας φύσεώς ἐστι, τὸ μὴ	5:471: Die luisteraars kom as beoordeelaars, nie vir wat gepreek word nie, maar eerder vir die reputasie van die predikers; sodat wanneer ook al hy mag uitstyg bo ander in die prediking, dit die mees noodsaaklikste is om harder te werk. Hierdie een kan nie altyd suksesvol in alles te wees nie, wat die
---	--

⁷⁰ “Κακείνοις” (laasgenoemdes) verwys hier terug na “τοῖς ἀμαθεστέροις” (die ongeleerdes) in 5:469.

⁷¹ “οὗτοι” (eersgenoemdes) verwys hier terug na “τοῖς σοφωτέροις” (die geleerdes) in 5:469.

πάντα ἐπιτυχάνειν, ἔξεστιν ἐκείνῳ παθεῖν· ἀλλ' ἂν μὴ δι' ὅλου συμφωνῇ τῷ μεγέθει τῆς ὑπολήψεως αὐτοῦ τὰ λεγόμενα, σκώμματα μυρία καὶ μέμψεις λαβὼν παρὰ τῶν πολλῶν ἄπεισι.	gewoonte van die menslike natuur is. Maar as hy nie deurgaans (preke) na vore bring in ooreenstemming met die grootheid wat hulle van hom verwag nie, sal daardie een weggaan om baie vernedering en aanklagtes wat hy van die menigte ontvang, te verduur.
5:472: Καὶ οὐδεὶς ἐκείνο λογίζεται πρὸς ἑαυτὸν, ὅτι καὶ ἀθυμία προσπεσοῦσα, καὶ ἀγωνία, καὶ φροντίς, πολλάκις δὲ καὶ θυμὸς ἐπεσκόπησε τῷ τῆς διανοίας καθαρῷ, καὶ τὰ τικτόμενα οὐκ ἀφῆκε προελθεῖν εἰλικρινῇ· καὶ ὅτι ὅλως, ἄνθρωπον ὄντα, οὐκ ἔστι διὰ παντὸς εἶναι τὸν αὐτὸν, οὐδὲ ἐν ἅπασιν εὐημερεῖν· ἀλλ' εἰκὸς ποτε καὶ διαμαρτεῖν, καὶ ἐλάττονα τῆς οἰκείας δειχθῆναι δυνάμεως. τούτων οὐδὲν, ὅπερ ἔφην, ἐννοῆσαι βούλονται· ἀλλ' ὥσπερ ἀγγέλω δικάζοντες ἐπάγουσι τὰς αἰτίας.	5:472: Niemand hou rekening dat die hou van ywerloosheid, pyn, bekommernis en dikwels ook woede oor sy helderheid van sy gedagtes 'n skadu gooi en wat na vore gebring word nie toegelaat word om suiwer na vore te kom nie, en in die geheel gesien, hy slegs 'n man is wat nie altyd dieselfde kan wees nie, en ook nie om in alles suksesvol te wees nie; maar redelik is om te kort te skiet en die krag wat in hom woon minder te openbaar. Niks hiervan, soos ek gesê het, is hulle bereid om in ag te neem nie; maar hulle bring aanklagtes in asof hulle 'n engel veroordeel.
5:473: Καὶ ἄλλως δὲ πέφυκεν ἄνθρωπος τὰ μὲν κατορθώματα τοῦ πλησίον καὶ πολλὰ ὄντα καὶ μεγάλα παρορᾶν· ἥ δὲ ἐλάττωμά που φανῇ, καὶ τὸ τυχὸν ἦ, καὶ διὰ πολλοῦ συμβεβηκὸς, καὶ ἐπαισθάνεται ταχέως, καὶ ἐπιλαμβάνεται προχείρως, καὶ μέμνηται διαπαντός. καὶ τὸ μικρὸν τοῦτο καὶ εὐτελὲς τὴν τῶν πολλῶν καὶ μεγάλων ἡλάττωσε δόξαν πολλάκις.	5:473: In ander gevalle ook, gebeur dit dat 'n man die goeie dae van sy naaste oorsien, terwyl hulle baie en groot is; en as 'n klein mislukking blyk, selfs al is dit per ongeluk, of na lang tydperke uit mekaar, word dadelik waargeneem, geredelik beslag daarop gelê en altyd onthou. Hierdie klein en onbelangrike dinge verminder dikwels eer van baie en groot dinge.
6:474: Ὅρας, ὦ γενναῖε, ὅτι μάλιστα τῷ λέγειν δυναμένῳ πλείονος δεῖ τῆς σπουδῆς· ἐπὶ δὲ τῇ σπουδῇ καὶ ἀνεξικακίας τοσαύτης ὅσης οὐδὲ ἅπαντες, ὅσους πρότερόν σοι διῆλθον, ἐδέοντο.	6:474: Jy sien, o eerbare vriend, die groter noodsaak van studie vir die een wat groot krag in prediking besit; en by die studie ook lankmoedigheid, groter as wat (nodig is) by alles wat ek reeds van tevore genoem het.
6:475: Πολλοὶ γὰρ αὐτῷ συνεχῶς ἐπιφύονται	6:475: Want baie spring aanhoudend teen

μάτην καὶ εἰκῇ, καὶ οὐδὲν ἔχοντες ἐγκαλεῖν πλὴν ὅτι τὸ παρὰ πᾶσιν εὐδοκιμεῖν, ἀπεχθάνονται· καὶ δεῖ γενναίως φέρειν τὴν πικρὰν τούτων βασκανίαν.	hom op, valslik en sonder rede. Hulle haat hom, terwyl hulle geen rede besit om hom te verdink nie, behalwe dat hy in alles eerbaar is. En dit is noodsaaklik vir hom om hierdie bittere laster eerbaar te dra.
6:476: Τὸ γὰρ ἐπάρατον τοῦτο μῖσος, ὅπερ εἰκῇ συλλέγουσιν, οὐ στέγοντες κρύπειν, καὶ λοιδοροῦνται, καὶ καταμέμφονται, καὶ διαβάλλουσι λάθρα, καὶ πονηρεύονται φανερώς. ψυχὴ δὲ ἄρξαμένη καθ' ἕκαστον τούτων ἀλγεῖν καὶ παροξύνεσθαι οὐκ ἂν φθάσειε διαφθαρεῖσα τῇ λύπῃ.	6:476: Aangesien hulle nie in staat is om hierdie vervloekte haat wat hulle onredelik versamel, te verberg nie; skel hulle en soek hulle fout, hulle laster in die geheim en hulle tree openlik boosaardig op. Die siel met wie begin was om (hom) op elke geleentheid te grief en uit te tart, sal nie die korrupsie deur pyn ontsnap nie.
6:477: Καὶ γὰρ οὐ δι' ἑαυτῶν αὐτὸν ἀμύνονται μόνον, ἀλλὰ καὶ δι' ἑτέρων τοῦτο ποιεῖν ἐπιχειροῦσι· καὶ πολλάκις τινὰ τῶν οὐδὲν δυναμένων εἰπεῖν ἐκλεξάμενοι, τοῖς ἐπαίνοις ἐπαίρουσι, καὶ θαυμάζουσιν ὑπὲρ τὴν ἀξίαν· οἱ μὲν ἀμαθία, οἱ δὲ καὶ ἀμαθία καὶ φθόνῳ τοῦτο ποιοῦντες, ἵνα τὴν δόξαν τούτου καθέλωσιν, οὐχ ἵνα δεῖξωσι θαυπαστὸν τὸν οὐκ ὄντα τοιοῦτον.	6:477: Want nie alleen sal hulself wraak neem op hom nie, maar hulle probeer ook om dit op ander maniere te doen. Dikwels, nadat hulle iemand gekies het wat nie in staat is om te preek nie, verhoog hulle hom deur lofbetuigings en prys hulle hom asof hy waardig is. Sommige doen dit alleen uit onkunde, terwyl ander dit uit onkunde én jaloesie doen, sodat hulle die aansien van hierdie een kan veroordeel ⁷² , nie sodat hulle kan bewys hoe lofwaardig hy is nie, terwyl hy dit nie is nie.
6:478: Οὐ πρὸς τούτους δὲ μόνον ἐκείνῳ τῷ γενναίῳ ὁ ἀγὼν, ἀλλὰ καὶ πρὸς ἀπειρίαν ὅλου δήμου πολλάκις. ἐπειδὴ γὰρ οὐκ ἔστιν ἐξ ἐλλογίμων ἀνδρῶν συλλέγεσθαι τοὺς συνερχομένους ἅπαντας, ἀλλὰ τὸ πλεον τῆς ἐκκλησίας μέρος ἐξ ἰδιωτῶν συνῆχθαι	6:478: Nie alleen teen hierdie dinge het daardie eerbare man 'n stryd nie, maar ook teen die onkunde van die groot skare. Aangesien dit nie moontlik is vir almal wat saam kom om saam te kom as geleerdes nie, maar dit gebeur dat die grootste deel van die

⁷² Letterlik vertaal is “καθέλωσιν” = “hulle spyker vas”. Die gedagte hier is ‘n veroordeelde wat aan ‘n kruis vasgespyker word om te sterf. In hierdie konteks word die eer en aansien van die persoon as veroordeelde uitgebeeld.

συμβαίνει, τοὺς δὲ λοιποὺς καὶ αὐτοὺς ἐκείνων μὲν εἶναι συνετωτέρους, τῶν δὲ λόγους κρίναι δυναμένων λείπεσθαι πολλῶ πλεον ἢ ὅσον ἐκείνων οἱ λοιποὶ πάντες, ἓνα δὲ μόνον ἢ δεύτερον καθῆσθαι τὸν ταύτην κεκτημένον τὴν ἀρετὴν, ἀνάγκη, τὸν ἄμεινον εἰπόντα ἐλάττονας ἀπενεγκασθαι κρότους, ἔστι δὲ ὅτε μὴδὲ ἐπαινεθέντα ἀπελθεῖν.	gemeente vanuit onkunde saamkom, en die res, wat intelligenter is as daardie, en wat in staat is om preke te onderskei, meer as die res van daardie wat oorbly, sodat net een of twee van die wat die vermoë besit; dit noodwendig volg dat hy wat beter preek met minder applous weggaan, en soms sonder lof weggaan.
6:479: Καὶ δεῖ πρὸς ταύτας γενναίως παρεσκευάσθαι τὰς ἀνωμαλίας· καὶ τοῖς μὲν δι' ἀμαθίαν ταῦτα πάσχουσι συγγινώσκειν· τοὺς δὲ διὰ φθόνον τοῦτο ὑπομένοντας δακρύνειν, ὡς ἀθλίους ὄντας καὶ ἐλεεινούς· μὴδ' ἑτέρῳ δὲ τούτων ἐλάττω τὴν αὐτοῦ νομίζειν γεγενῆσθαι δύναμιν.	6:479: Dit is noodsaaklik om teen hierdie onreëlmatighede eerbaar voor te berei; en om hierdie lyding deur hulle onkunde te vergewe, en om oor hierdie wat volhard in hulle jaloesie te treur soos oor hulle wat armsalig en ellendig is; en nie te dink dat dit gebeur het dat sy kragte verminder het op grond van enige van hierdie sake nie.
6:480: Οὐδὲ γὰρ, εἰ ζωγράφος ὢν ἄριστος, καὶ πάντων κατὰ τὴν τέχνην κρατῶν, τὴν μετὰ πολλῆς τῆς ἀκριβείας ἀναγεγραμμένη εἰκόνα ὑπὸ τῶν τῆς τέχνης ἀπείρων σκωπτομένην ἑώρα, ἔδει καταπεσεῖν, καὶ τῇ κρίσει τῶν οὐκ εἰδότες φαύλην ἄγειν τὴν γραφὴν· ὥσπερ οὐδὲ τὴν ὄντως φαύλην, θαυμαστήν τινα καὶ ἐπέραστον, ἀπὸ τῆς τῶν ἀτέχνων ἐκπλήξεως.	6:480: Want dit is nie nodig, as 'n vaardige skilder, die beste van almal in die kuns, die skildery wat hy met groot akkuraatheid geskilder het sien terwyl daarvoor grappe gemaak word, om neer te val en om te dink dat die skildery minderwaardig is as gevolg van die oordeel van iemand wat onkundig is nie; net soos hy nie 'n minderwaardige (skildery) as wonderlik en mooi beskou op grond van die verbasende reaksie van 'n onkunstige nie.
7:481: Ὁ γὰρ ἄριστος δημιουργὸς αὐτὸς ἔστω καὶ κριτὴς τῶν αὐτοῦ τεχνημάτων, καὶ καλὰ καὶ φαῦλα ταύτη τιθέσθω τὰ γινόμενα, ὅταν ὁ	7:481: Die beste kunstenaar moet self 'n beoordelaar van sy kunswerke wees, hy moet vasstel of dit goed of sleg is, in soverre die

τεχνησάμενος αὐτὰ νοῦς ταύτας φέρη τὰς ψήφους· τὴν δὲ τῶν ἔξωθεν δόξαν, τὴν πεπλανημένην καὶ ἄτεχνον, μηδὲ εἰς νοῦν βαλέσθω ποτέ.	verstand wat hulle ontwerp het uitspraak oor hulle lewer ⁷³ ; en daarom moet hy nie die mening van buitestaanders, wat misleidend en onkunstig is, met die verstand oorweeg nie.
---	---

7:482: Μὴ τοίνυν μήτε ὁ τῆς διδασκαλίας ἀναδεξάμενος τὸν ἀγῶνα ταῖς τῶν ἔξωθεν εὐφημίαις προσεχέτω, μηδὲ ἀπὸ τούτων τὴν ἑαυτοῦ καταβαλλέτω ψυχὴν· ἀλλ' ἐργαζόμενος τοὺς λόγους, ὡς ἂν ἀρέσειε τῷ θεῷ [οὗτος γὰρ αὐτῷ κανὼν καὶ ὅρος ἔστω μόνος τῆς ἀρίστος δημιουργίας ἐκείνων, μὴ κρότοι, μηδὲ εὐφημίαι], εἰ μὲν ἐπαινοῖτο καὶ παρὰ τῶν ἀνθρώπων, μὴ διακρονέσθω τὰ ἐγκώμια· μὴ παρεχόντων δὲ αὐτὰ τῶν ἀκροατῶν, μηδὲ ζητείτω, μηδὲ ἀλγείτω.	7:482: Dus, laat die een wat die stryd van prediking opneem nie aandag gee aan die lofbetuigings van die buitestaanders nie, en ook nie as gevolg van hierdie mense sy siel neerwerp nie; maar die een wat aan sy preke werk, asof hy vir God (daardeur) verheerlik [want laat hierdie vir hom alleen die maatstaf en standaard wees van daardie beste kunswerke ⁷⁴ , nie vir applous nie, en ook nie vir lofbetuigings nie], as hy wel deur mense geprys mag word, moet hy nie die lofbetuigings vermy nie, en as die hoorders dit nie gee nie, moet hy nie dit soek nie, en moet hy ook nie gegrief wees nie.
---	--

7:483: ἱκανὴ γὰρ αὐτῷ παραμυθία τῶν πόνων, καὶ πάντων μείζων, ὅταν ἑαυτῷ συνειδέναι δύνηται, πρὸς ἀρέσκειαν τοῦ θεοῦ συντιθεὶς καὶ ῥυθμίζων τὴν διδασκαλίαν.	7:483: Want daar is genoegsame bemoediging ten opsigte van sy werke en die grootste is wanneer hy in staat is om te weet hoe om wat hy versamel het te orden tot welbehag van God.
--	--

8:484: Καὶ γὰρ ἂν φθάσῃ τῇ τῶν ἀλόγων ἐπαίνων ἐπιθυμίᾳ ἀλῶναι, οὐδὲν αὐτῷ τῶν πολλῶν πόνων ὄφελος, οὐδὲ τῆς ἐν τῷ λέγειν δυνάμεως. τὰς γὰρ ἀνοήτους τῶν πολλῶν καταγνώσεις μὴ δυναμένη φέρειν ψυχὴ ἐκλύεται καὶ τὴν περὶ τὸ λέγειν ῥίπτει	8:484: Want as hy by voorbaat deur die begeerte van onlogiese lofbetuigings oorweldig word, sal hy geen voordeel op sy harde werk trek nie, en ook nie van die krag in sy prediking nie; want die siel wat nie in staat is om die ongunstige opinie van die
---	---

⁷³ Die frase “*in soverre die verstand wat hulle ontwerp het uitspraak oor hulle lewer*” is letterlik vertaal “*in soverre die verstand wat hulle ontwerp het die stembloke na vore bring.*” Die “*ψῆφος*” was ‘n steentjie wat gebruik word om te stem: ‘n swart steentjie vir ‘n skuldig bevinding en ‘n wit steentjie vir ‘n bevinding van onskuld (BDAG, 2000:1098).

⁷⁴ Die frase “*τῆς ἀρίστος δημιουργίας ἐκείνων*” (van daardie beste kunswerke) verwys terug na “*τοὺς λόγους*” (preke).

σπουδήν. διὰ τοῦτο χρὴ μάλιστα πάντων πεπαιδεῦσθαι ἐπαίνων ὑπερορᾶν· οὐ γὰρ ἀρκεῖ τὸ λέγειν εἰδέναι πρὸς τὴν ταύτης δυνάμεως φυλακὴν, ἂν μὴ καὶ τοῦτο προσῇ.	onintelligente skare te dra nie, gee in en hy gooi sy ywer aangaande die prediking een kant toe. As gevolg hiervan is dit veral noodsaaklik om geoefen te wees om gee ag te slaan op alle lofbetuigings; want om te weet hoe om te preek is nie genoeg tot die bewaring van hierdie krag nie, as dit nie bygevoeg word nie.
8:485: Εἰ δέ τις ἀκριβῶς ἐξετάζειν ἐθέλοι καὶ τὸν ἐν ἐνδείᾳ καθεστῶτα ταύτης τῆς ἀρετῆς, εὐρήσει δεόμενον τοῦ τῶν ἐπαίνων καταφρονεῖν οὐχ ἥττον ἢ τοῦτον.	8:485: As iemand bereid is om noukeurig te ondersoek en dit gebeur dat hy in hierdie deug te kort skiet, sal hy vind om lofbetuigings gering te skat nie minder noodsaaklik is as die ander een nie.
8:486: Καὶ γὰρ πολλὰ ἁμαρτάνειν ἀναγκασθήσεται, τῆς τῶν πολλῶν δόξης ἥττων γενόμενος· ἀτονῶν γὰρ ἐξισωθῆναι τοῖς εὐδοκιμοῦσι κατὰ τὴν τοῦ λέγειν ἀρετὴν, ἐπιβουλεύειν τε αὐτοῖς καὶ διαφθονεῖσθαι, καὶ μέμφεσθαι μάτην, καὶ πολλὰ τοιαῦτα ἀσχημεῖν οὐ παραιτήσεται, ἀλλὰ πάντα τολμήσει, κἂν τὴν ψυχὴν ἀπολέσαι δέῃ, ὑπὲρ τοῦ τὴν ἐκείνων δόξαν εἰς τὴν τῆς ἰδίας εὐτελείας καταγαγεῖν ταπεινότητα.	8:486: Want hy sal geforseer word om baie verkeerde dinge te doen, nadat hy hom onder die minderwaardige lofbetuigings van die skare gestel het; want as hul goeie reputasie (na mate van die kwaliteit van hul prediking) ontoereikend is, sal hy nie homself weerhou daarvan om planne teen hulle te smee, om jaloers op hulle te wees, om hulle sonder rede te blameer en baie soortgelyke skandes nie, maar hy sal in alles onderneem om hulle eer neer te bring tot die lae vlak van sy eie onwaardigheid, al is dit nodig dat sy siel te gronde gaan.
8:487: Πρὸς δὲ τούτοις καὶ τῶν ἰδρώτων ἀποστρήσεται τῶν περὶ τὸ πονεῖν, νάρκης ὥσπερ τινὸς κατασκεδασθείσης αὐτοῦ τῆς ψυχῆς. τὸ γὰρ πολλὰ μοχθοῦντα ἐλάττονα καρποῦσθαι ἐγκώμια ἱκανὸν καταβαλεῖν καὶ τρέψαι πρὸς ὕπνον βαθὺν τὸν οὐ δυνάμενον ἐγκωμίων καταφρονεῖν· ἐπεὶ καὶ γεωργὸς, ὅταν εἰς λεπτόγεων κάμνη χωρίον καὶ πέτρας ἀναγκάζεται γεωργεῖν, ταχέως ἀφίσταται τοῦ	8:487: En bykomend tot die sal hy die moeite om te werk nalaat, 'n soort verdowing wat sy siel oorstroom. Want harde werk sonder die vrug van lofbetuiging is genoegsaam om die een wat nie in staat is om lofbetuigings te verwerp nie, neer te werp en 'n diepe slaap oor hom te bring. Selfs 'n boer sal vinnig van die werk afsien, as hy werk aan 'n armsalige stuk grond en geforseer word om rotse om te

πονεῖν, ἣν μὴ πολλὴν περὶ τὸ πρᾶγμα κεκρημένος ἦ τὴν προθυμίαν, ἣ λιμοῦ δέος ἐπικείμενον ἔχῃ.	werk, behalwe as hy óf oor baie ywer vir die saak, óf vrees dat hongersnood naby is, beskik.
8:488: Εἰ γὰρ οἱ μετὰ πολλῆς τῆς ἐξουσίας δυνάμενοι λέγειν τοσαύτης δέονται τῆς γυμνασίας πρὸς τὴν τῆς κρήσεως φυλακὴν, ὁ μὴδὲν ὅλως συναγαγὼν, ἀλλ' ἐν τοῖς ἀγῶσιν ἀναγκαζόμενος μελετᾶν, πόσῃν ὑποστήσεται τὴν δυσχέρειαν, πόσον θόρυβον, πόσῃν ταραχὴν, ἵνα πολλῶ τῷ μόχθῳ μικρόν τι συναγαγεῖν δυνηθῇ;	8:488: Want as dit vir die wat in staat is om met groot krag te preek nodig is om te oefen tot die bewaring van hulle talent; watter moeite, watter verwardheid, watter probleme sal hy ervaar (hy wat niks versamel nie, maar wat geforseer word om te midde die stryd na te dink) sodat hy net in staat is om min gedagte uit baie werk te versamel?
8:489: Ἄν δέ τις καὶ τῶν μετ' αὐτοῦ ταταγμένων, καὶ τὴν ἐλάττω τάξιν λαχόντων, ἐν τῷ μέρει τούτῳ μᾶλλον ἐκείνου διαφανῆναι δυνηθῇ, θείας τινὸς δεῖ ψυχῆς ἐνταῦθα, ὥστε μὴ ἀλῶναι βασκανία, μὴδὲ ὑπὸ ἀθυμίας καταπεσεῖν. τὸ γὰρ ὑπὸ τῶν ἐλαττόνων παρενημερεῖσθαι αὐτὸν ἐν ἀξιώματι καθεστῶτα μείζονι, καὶ φέρειν γενναίως, οὐ τῆς τυχοῦσης, οὐδὲ τῆς ἡμετέρας, ἀλλὰ τινος ἀδαμαντίνης ἂν εἴη ψυχῆς.	8:489: En as dit aan die lig kom dat iemand wat onder hom gestel is, en wat 'n laer posisies bekleed, in daardie posisies meer bekwaam is, wat 'n uitsonderlike siel is hier nodig sodat hy nie deur jaloesie gevange geneem word nie, en ook nie onder mismoedigheid neergewerp word nie. Want dit is nie 'n gewone⁷⁵ siel, en ook nie myne, maar wat onvernietigbaar is, wat dit eerbaar kan dra as die een wat van laer posisie is hom wat in 'n hoër en eerbare posisie aangestel is, verbysteek.
8:490: Κἂν μὲν ἐπεικὴς ἦ καὶ μέτριος ἄγαν ὁ παρευδοκιμῶν, φορητὸν ὅπως οὖν γίνεται τὸ πάθος· ἂν δὲ καὶ θρασὺς καὶ ἀλαζὼν καὶ φιλόδοξος, θάνατον ἐκείνῳ καθ' ἐκάστην ἡμέραν, οὕτως αὐτῷ πικρὰν καταστήσει τὴν ζωὴν, ἐπεμβαίνων φανερώς, καταμωκώμενος λάθρα, τῆς ἐξουσίας πολλὰ παρασπῶν τῆς	8:490: En as die man van groter aansien redelik en baie matig mag wees, sal die lyding op watter manier ook al⁷⁶ draagliker wees; maar as hy arrogant en grootpraterig en ydel is, 'n daaglikse dood vir daardie een (is begeerliker), (eerder as wat) hy hierdie lewe vir hom bitter maak, hom in die gesig beledig, hom agter sy rug kritiseer, die gesag van

⁷⁵ "τυχοῦσης" is letterlik "toevallig".

⁷⁶ Die uitdrukking "ὅπως οὖν" is 'n samestelling van "ὅπως" en "οὖν". Die funksie van die toevoeging van "οὖν" is om klem op "onbepaaldheid" te lê (Smyth, 2010:86).

ἐκείνου, πάντα αὐτὸς εἶναι βουλόμενος. Μεγίστην δὲ ἐν ἅπασιν τούτοις ἀσφάλειαν τὴν ἐν τῷ λέγειν κέκτηται παρρησίαν, καὶ τὴν τοῦ πλήθους περὶ αὐτὸν σπουδὴν, καὶ τὸ φιλεῖσθαι παρὰ τῶν ἀρχομένων πάντων.	daardie een dikwels ondergrawe, terwyl hy wens om alles self te wees. Maar hy verkry groot sekuriteit in al hierdie dinge, hy wat vrymoedig in die prediking is, en die ywer van die menigte aangaande hom en die liefde van almal oor wie hy gestel is, besit.
8:491: ἢ οὐκ οἶδας, ὅσος ταῖς τῶν Χριστιανῶν ψυχαῖς λόγων ἔρες εἰσεκώμασε νῦν; καὶ ὅτι μάλιστα πάντων οἱ τούτους ἀσκοῦντες ἐν τιμῇ, οὐ παρὰ τοῖς ἔξεθεν μόνον, ἀλλὰ καὶ παρὰ τοῖς τῆς πίστεως οἰκείοις;	8:491: Of weet jy nie watter liefde vir redevoerings die denke van Christene deesdae ingedring het nie; en dat die wat hierdie dinge beoefen die meeste van almal in eer is, nie alleen deur buitestaanders nie, maar ook deur die huisgesin van die geloof? ⁷⁷
8:492: Πῶς οὖν ἂν τις ἐνέγκοι τοσαύτην αἰσχύνην, ὅταν αὐτοῦ μὲν φθεγγομένου πάντες σιγῶσι, καὶ διοχλεῖσθαι νομίζωσι, καὶ τοῦ λόγου τὸ τέλος, ὥσπερ τινα πόνων ἀνάπαισιν, περιμένωσι· θατέρου δὲ καὶ μακρὰ λέγοντος μετὰ προθυμίας ἀκούωσιν, καὶ παύσεσθαι μέλλοντος δυσχεραίνωσι, καὶ σιγᾶν βουλομένου παροξύνονται;	8:492: Hoe dan sal hy so 'n groot skande dra, wanneer almal stilbly terwyl hy praat en glo dat hulle geïrriteerd is en hulle die einde van die preek verwag soos rus na werk; maar wanneer die ander een lank preek hulle gewillig luister, en hulle ontevrede is wanneer hy op die punt is om op te hou, en wanneer hy begeer om te stil te bly, geïrriteerd raak?
8:493: Ταῦτα γὰρ εἰ καὶ μικρά σοι δοκεῖ εἶναι νῦν καὶ εὐκαταφρόνητα, διὰ τὸ ἀπείρατον· ἀλλ' ἱκανά γε ἐστὶ προθυμίαν σβέσαι, καὶ ψυχῆς παραλῦσαι δύναμιν, ἣν μὴ πάντων τις ἑαυτὸν τῶν ἀνθρωπίνων ἀνασπάσας παθῶν ὁμοίως ταῖς ἀσωμάτοις μελετήσῃ διακεῖσθαι δυνάμεσιν, αἱ μὴτε φθόνῳ, μὴτε δόξης ἔρωτι,	8:493: Want as hierdie sake vir jou voorkom om klein en minagtend te wees, (is dit) vanweë (jou) onervarenheid; maar dit is genoegsaam om gewilligheid te blus, en die krag van die siel te verlam as hy homself nie van alle menslike lyding onttrek, om sy studie te orden gelyk aan die nie-liggaamlike kragte, wat nóg deur jaloesie, nóg deur eersug, nóg

⁷⁷ Die frase “ἢ οὐκ οἶδας” (of weet jy nie), beheer beide vra. Dus is twee vertalings moontlik:

- Of soos in die teks vertaal is: “Of weet jy nie watter liefde vir redevoerings die denke van Christene deesdae ingedring het nie; en dat die wat hierdie dinge beoefen die meeste van almal in eer is, nie alleen deur buitestaanders nie, maar ook deur die huisgesin van die geloof?”
- Of om beide vrae te vertaal soos volg: “Of weet jy nie watter liefde vir redevoerings die denke van Christene deesdae ingedring het nie? En weet jy nie dat die wat hierdie dinge beoefen die meeste van almal in eer is, nie alleen deur buitestaanders nie, maar ook deur die huisgesin van die geloof?”

μήτε ἑτέρῳ τινὶ τοιούτῳ θηρῶνται νοσήματι.	deur enige ander gelyke siekte gejag word nie.
8:494: Εἰ μὲν οὖν τίς ἐστιν ἀνθρώπων τοιοῦτος, ὥς δύνασθαι τὸ δυσθήρατον τοῦτο καὶ ἀκαταγώνιστον καὶ ἀνήμερον θηρίον, τὴν τῶν πολλῶν δόξαν, καταπατεῖν, καὶ τὰς πολλὰς αὐτῆς ἐκτέμνειν κεφαλὰς, μᾶλλον δὲ μὴδὲ φῦναι τὴν ἀρχὴν συγχωρεῖν, δυνήσεται εὐκόλως καὶ τὰς πολλὰς ταύτας ἀποκρούεσθαι προσβολὰς, καὶ εὐδαιμονοῦ τινὸς ἀπολαύειν λιμένος· ταύτης δὲ οὐκ ἀπηλλαγμένος, πόλεμόν τινα πολυειδῆ καὶ θόρυβον συνεχῇ καὶ ἀθυμίας καὶ τῶν λοιπῶν παθῶν τὸν ὄχλον κατασκεδάζει τῆς ἑαυτοῦ ψυχῆς.	8:494: As daar dan so iemand onder mense is, sodat hy in staat is om hierdie onoorwinlike en wrede dier, die eer van die menigte, wat moeilik is om te vang, te vermorsel en haar koppe af te kap en byvoorbaat van die begin af nie toelaat om te groei nie, sal hy in staat wees om hierdie baie uitbarstings maklik af te weer en om die kalm⁷⁸ hawe te geniet; maar as hy nie hierdie afweer nie, sal 'n uiteenlopende en onrustige oorlog, moedeloosheid en 'n massa van allerhande lydings deur sy siel versprei.
8:495: Τί δεῖ τὰς λοιπὰς καταλέγειν δυσκολίας; ὅς οὔτε εἰπεῖν οὔτε μαθεῖν δυνήσεται τις, μὴ ἐπὶ τῶν πραγμάτων γενόμενος αὐτῶν.	8:495: Waarom is dit noodsaaklik om verdere voorbeelde te kies uit die oorblewe moeities? Behalwe deur hulle prakties te ervaar, sal niemand in staat wees om dit te beskryf of te begryp nie.

⁷⁸ “εὐδαιμονοῦ” is ‘n wisselvorm van “εὐδινός” wat “kalm” / “rustig” beteken.

BYLAE B: GEDAGTE-OPBOU VAN DIE *DE SAC. V*

1. INLEIDING

Die doel van hierdie bylaag is om 'n analise van die gedagte-opbou van die *De Sac. V* te maak sodat daar spesifieke woorde en temas geïdentifiseer kan word met betrekking tot die amp van prediking en die prediker.

Die analise van die gedagte-opbou gebruik die vertaling wat in Bylae A gemaak is, as vertrekpunt. Elke paragraaf sal in 'n sin of twee opgesom word (vlak 1). Opsommings sal dan onder hoofde gegroepeer word na gelang van gedagte-eenhede (vlak 2 en 3). Uiteindelik sal 'n oorkoepelende gedagte-opbou struktuur gemaak word (vlak 4). Hierdie oorkoelende gedagte-opbou struktuur sal in hoofstuk 2 gebruik word onder stap 1 van die ondersoek.

2. VLAK 1 VAN ANALISE: OPSOMMING VAN PARAGRAWAWE

In die eerste vlak van die analise word daar vervolgens 'n opsomming van elke paragraaf gemaak. Hierdie opsommende sinne / stellings sal as vertrekpunt gebruik word vir die tweede vlak van die analise.

1:449: Die noodsaak van hoe groot die vaardigheid van die beoefening van die waarheid vir **die leraar** moet wees, het ons reeds genoegsaam behandel. Maar bo en behalwe hierdie dinge is dit nodig om te sê dat daar ander oorsake van menigte gevare is: tog wil ek sê dat dit self hoegenaamd nie die oorsaak is nie, maar diegene wat nie weet hoe om dit goed te gebruik nie, aangesien dit 'n hulpvaardige verlosser en dikwels 'n beskermmer van die waarheid is wanneer hy bevind dat hulle wat diensbaar is, ernstige en goeie manne is. Wat is dit dan? Dit is die **harde werk** wat hyself spandeer ten opsigte van die **preke** wat voor die mense in die algemeen gelewer word.

Noodsaak vir prediker om nie net vaardig te wees in die prediking nie, maar ook om hard te werk ten opsigte van sy voorbereiding.

1:450: In die eerste plek is die meeste nie bereid om hulle wat **preek** as **leermeesters** te ag nie, maar terwyl hulle die status van leerlinge oortree, vereenselwig hulle met die wat hulle lei tot

Die wat luister, ag nie die predikers as leraars nie.

toeskouers terwyl hulle sitting in neem onder diegene van buite. En soos hulle verdeel is: sommige skaar hulle by een en ander by 'n ander een; so ook gebeur dit dat hulle verskil: sommige luister na een en ander na 'n ander wat **preek** – soms gunstig en soms met weersin.

1:451: Nie alleen is dit **moeitevol** nie, maar daar is ook 'n ander saak wat nie gering is nie. As dit sou gebeur dat hy in sy **preke** 'n deel van wat deur ander **gepreek** is nadat hulle **hard gewerk** het, invoeg, ervaar hy groter spot as van hulle wat geld gesteel het; en baie keer nadat hy niks van niemand geneem het nie – maar alleen daarvan verdink word – ly hy die lot van hulle wat reeds veroordeel is. Waarom praat ek van ander se **harde werk**, want is dit wat ontdek is, nie daar om volgens sy eie oordeel gebruik te word nie?

1:452: Die skare het gewoonde geraak om te luister – nie om daardeur opgebou te word nie, maar vir die plesier daarvan. Hulle sit soos beoordelaars van tragedies of musikale opvoerings sodat die krag van die **prediking** (wat ons so pas verduidelik het) blyk om nie so begeerlik te wees soos wanneer redenaars verplig is om met mekaar te kompeteer nie.

1:453: Dit is noodsaaklik om 'n verhewe verstand te besit, ver verhewe bo sy eie kleinheid, sodat hy hierdie onordelike en nuttelose plesier van die menigte kan regstel en in staat te wees om hulle terug te bring na 'n winsgewende manier van luister, sodat die mense hom sal volg en aan hom sal onderwerp, eerder as wat hy hom laat lei deur hulle begeertes.

1:454: Dit kan op geen wyse bereik word, as deur middel van hierdie twee nie: deur die **minagting van lofbetuigings** en deur die krag van die **prediking**.

Skare veroordeel maklik 'n prediker as hy gebruik maak van iemand anders se werk, of hulle hom slegs daarvan verdink.

Skare beskou predikers as redenaars.

Dit is noodsaaklik dat die prediker hom nie ingee vir die begeertes van die skare nie.

Hoe doen hy dit? Deur lofbetuigings te minag en hard te werk ten opsigte van die prediking.

Oorgangsparagraaf: “Dit” verwys na die vermoë om nie in te gee aan die begeertes van die skare. Kondig volgende temas aan.

2:455: As een nie teenwoordig is nie, sal die een wat agter bly weens die skeiding van die ander onbruikbaar wees. Want as die een wat **lofbetuigings minag** nie die **leer** wat “bekoorlik is, (asof) met die sout besprinkel,” na vore bring nie, sal hy onder die skare verag word sodat sy verhewe denke vir hom van geen nut is nie. Aan die ander kant, as hy suksesvol is en dit gebeur dat die ongeluk van **lofbetuigings** deur **applous** hom oorwin, sal dit vir hom en vir die menigte weer ook tot skade lei. Ter wille van die begeerte na **lofbetuigings**, sal hy sy woorde versigtig kies ter wille van die guns van hulle wat luister, eerder as dit wat nuttig is.

2:456: Soos die wat nie deur **lofbetuigings** beïnvloed word, of welsprekend in **prediking** is nie, nie deur die plesier van die menigte oorheers word, nie in staat is om van enige noemenswaardige hulp te wees nie omdat hy niks het om te sê nie; so ook is hy wat deur die begeerte van **lofbetuigings** meegesleep word. Alhoewel hy die vermoë besit om die menigte van beter diens te wees, voorsien hy eerder in die plek hiervan dit wat ooreenstem met die plesier van die menigte. Hierdeur skaf hy vir homself die oproerigheid van **applous** aan.

3:457: Dit is noodsaaklik dat 'n uitnemende **leier** in beide die sake moet vas staan, sodat hy nie die een in die plek van die ander stel nie. Wanneer hy tussen hulle staan en woorde spreek wat in staat is om hul ligsinnige lewe te **bestraf**, dan oor sy woorde struikel en stotter en weens die mislukking geforseer word om te bloos, word die nut van sy woorde onmiddelik vermors. Want die wat **bestraf** word (hulle wat lyding verduur deur dit wat vir hulle gesê word en hulle nie in staat is om op 'n ander manier hul teen hom te verweer

Kontras: Aan die eenkant, as die prediker lof minag, maar nie die bekoorlike leer bring nie, sal die skare hom verag. Aan die ander kant, as hy luister na die lof sal hy sy boodskap afwater.

Beide (die wat lof minag en nie welsprekend is nie en die wat lof begeer) is van geen nut.

Dis noodsaaklik dat 'n leraar / prediker / opsiener tot beide sake (veragting van lof en die vermoë van welsprekendheid) in staat sal wees, anders sal sy bestrafings op dowe ore val.

nie) sal aanmerkings oor sy onkunde hom toesnou. Sodoende dink hul dat hul 'n skadu oor hul skande werp.

3:458: Daarom is hy veronderstel om, soos enige bekwame strydwa-ruiter, op 'n akkurate beoordeling van beide hierdie goeie sake af te jaag, sodat beide vir hom tot hul reg kom om te hanteer soos hy dit nodig vind. Want wanneer hy in alles onskuldig mag wees, sal hy in staat wees om almal wat aan hom onderwerp is met soveel mag as wat hy wil, beide te korrigeer en te help. Maar sonder hierdie dinge sal hy dit nie maklik kan doen nie.

Die prediker moet bekwaam wees om beide sake (veragting van lof en die vermoë van welsprekendheid) reg te hanteer.

3:459: Dit is noodsaaklik dat hierdie verhewenheid van denke nie alleen sigbaar word in die **veragting van lofbetuigings** nie, maar dit is ook noodsaaklik om verder te gaan, sodat dit wat nuttig is, nie op sy beurt vrugtelos is nie.

Die prediker moet nie net lof verag nie, maar ook lasteringe en jaloesie.

4:459: Wat anders dan is noodsaaklik om te verwerp? **Lasteringe en jaloesie.**

Oorgangsparagraaf: Koppel terug na wat oor lof gesê is, en kondig volgende tema van lasteringe aan.

4:460: Die onvanpaste **aanklagtes**, want die voorganger verduur onredelike sensuur. Hy moet nie onbeheers vrees en bewe; of totaal die goeie oorsien nie; maar al blyk dit om vals te wees, en al bring die mense dit teen ons in, moet ons die **aanklagtes** vinnig probeer uit te blus.

Aanklagtes moet dadelik hanteer word.

4:461: Want niks versterk 'n slegte of goeie berig soos 'n ongedissiplineerde skare nie. Hulle vertel alles oor wat oor hul pad kom, sonder om die waarheid in ag te neem, want dit is hul gewoonte om sonder bewyse te luister en te praat.

Aanklagtes wat gelaat word, versprei.

4:462: Daarom is dit noodsaaklik vir die goeie **leier** om nie die skare gering te ag nie, maar om die slegte verdenkinge af te sny (terwyl hy die **aanklaers**, oortuig al sou hulle almal onredelik wees), en om heeltemal niks weg te laat van dit wat in staat is om 'n slegte reputasie te af te weer

nie. Maar as ons alles gedoen het, en die **aanklaers** hulle nie wil laat oorreed nie, moet ons hulle nie ag slaan nie. As hy vinnig is om hom te laat verneder deur enige van hierdie dinge wat hom oorval, sal hy nie in staat wees om ooit iets wat eerbaar en wonderlik is na vore te bring nie, want lafhartigheid en voortdurende sorg is in staat om die krag van die denke te vernietig en om dit tot die uiterste toe te verswak.

Die voorganger moenie die skare se aanklagtes ag slaan as hulle nie na rede wil luister nie. As hy ag gee, sal hy benadeel word.

4:463: Daarom dan is dit nodig vir die **priester** om soos 'n vader teenoor jong kinders vriendelik op te tree, teenoor die oor wie hy regeer. Soos ons ons nie laat omkeer nie, nóg deur hul **beledigings**, nóg deur hul hou, nóg deur hul **klagtes** nie; maar ons dit nie in ag neem wanneer hulle saam met ons lag en bly is nie, so moet ons nie deur **lofbetuigings** hoogmoedig word nie of deur hul **sensuur** (wanneer dit onredelik is) neergewerp word daardeur nie.

Die priester moet soos 'n vader optree: nie laat oortuig deur beledings en klagtes nie; maar ook nie hoogmoedig word weens lof nie.

4:464: Dit is moeilik, my vriend, en ek dink, dalk selfs onmoontlik.

Moeilik om dit te doen (*persoonlike mededeling*)

4:465: Want ek weet nie van enige man wat suksesvol was om nie bly te wees **om geprys te word** nie. En die een wat hieroor bly is, wens ook om te begeer om dit te geniet. En die een wat begeer om dit te geniet, sal altyd verdrietig en gegrief wees was hy hierdie dinge mis.

Want almal wil geprys word, dit geniet; en dié wat dit begeer sal daardeur die afwesigheid van lof vernietig en verdrietig word.

4:466: Want soos diegene wat bly is om ryk te wees, hartseer is wanneer hulle in armoede verval en hulle wat gewoond was om weelderig te lewe, nie kan voortgaan om eenvoudig te lewe nie; so is diegene ook wat **lofbetuigings** begeer, nie net wanneer hulle sonder rede blameer word nie, maar ook wanneer hulle nie voortdurend geprys word nie. Hul siel verswak soos deur 'n hongersnood, veral wanneer hulle gewoond was om geprys te word of wanneer hulle hoor dat 'n ander een **geprys word**.

Die wat lof begeer ervaar hongersnood in die aanwesigheid van klagtes en die afwesigheid van lof.

4:467: Hoeveel twiste en hoeveel pyne dink jy sal die een wat die stryd van **leringe** met hierdie begeertes ingaan, hê? Dit is meer waarskynlik vir die see om sonder golwe te wees, as vir daardie man om sonder sorg en hartseer te wees.

Die begeerte na lof ten koste van leer bring sorg en hartseer.

5:468: Want alhoewel hy groot krag in **prediking** mag hê (en hierdie vermoë sal jy by min vind), sal hy nie vrygestel word om homself voortdurend **in te span** nie, aangesien **prediking** nie natuurlik is nie, maar deur studie. Selfs al sou hy 'n sekere hoogte bereik, sal hy dit verloor as hy nie hierdie krag behou deur dit **ywerig** en deur **oefening** versterk nie.

Daar kan net krag in die prediking wees deur inspanning, ywer en oefening.

Oorgangsparagraaf: Kondig die volgende tema aan, nl. die harde werk van preek voorbereiding.

5:469: Sodat die **werk harder** is vir geleerdes as vir onkundiges. Want die verlies wat hierdie en daardie een ly is nie dieselfde nie, maar volgens die verskil in grootte tussen die twee.

Harde werk is meer noodsaaklik vir geleerdes as vir onkundiges.

5:470: Vir die laasgenoemdes sal niemand blameer as hulle nie 'n waardige **preek** na vore bring nie. Maar as eersgenoemdes nie altyd (preke) na vore bring groter as hulle vermoë wat hulle besit nie, sal hulle altyd met baie **aanklagtes** besig gehou word. Daarby sal hierdie laasgenoemdes groter lof ontvang, terwyl die eersgenoemdes se lof nie net weg geneem word nie, maar ook baie kry wat fout vind as sy **preke** nie wonderlik en verstommend is nie.

Niemand blameer 'n onkundige vir 'n slegte preek nie, maar almal verwag altyd 'n goeie preek van die geleerde. As die geleerde nie altyd goed preek nie, kom die skare met baie aanklagtes en soek fout.

5:471: Die luisteraars kom as beoordeelaars, nie vir wat **gepreek** word nie, maar eerder vir die reputasie van die **predikers**; sodat wanneer ook al hy mag uitstyg bo ander in die **prediking**, dit die mees noodsaaklikste is **om harder te werk**. Hierdie een kan nie altyd suksesvol in alles te wees nie, wat die gewoonte van die menslike natuur is. Maar as hy nie deurgaans (preke) na vore bring in ooreenstemming met die grootheid wat hulle van hom verwag nie, sal daardie een

Die hoorder is nie daar vir die inhoud van die preek nie, maar oor die reputasie van die prediker. Daarom moet hy altyd hard werk om goeie preke na vore te bring.

weggaan om baie vernedering en blaam wat hy van die menigte ontvang, te verduur.

5:472: Niemand hou rekening dat die hou van ywerloosheid, pyn, bekommernis en dikwels ook woede oor sy helderheid van sy gedagtes 'n skadu gooi en wat na vore gebring word nie toegelaat word om suiwer na vore te kom nie, en in die geheel gesien, hy slegs 'n man is wat nie altyd dieselfde kan wees nie, en ook nie om in alles suksesvol te wees nie; maar redelik is om te kort te skiet en die krag wat in hom woon minder te openbaar. Niks hiervan, soos ek gesê het, is hulle bereid om in ag te neem nie; maar hulle bring **aanklagtes** in asof hulle 'n engel veroordeel.

5:473: In ander gevalle ook, gebeur dit dat 'n man die goeie dade van sy naaste oorsien, terwyl hulle baie en groot is; en as 'n klein mislukking blyk, selfs al is dit per ongeluk, of na lang tydperke uit mekaar, word dadelik waargeneem, geredelik beslag daarop gelê en altyd onthou. Hierdie klein en onbelangrike dinge verminder dikwels heerlijkheid van baie en groot dinge.

6:474: Jy sien, o eerbare vriend, die groter noodsaak van studie vir die een wat groot krag in **prediking** besit; en by die studie ook lankmoedigheid, groter as wat (nodig is) by alles wat ek reeds van tevore genoem het.

6:475: Want baie spring aanhoudend teen hom op, valslik en sonder rede. Hulle haat hom, terwyl hulle geen rede besit om hom te verdink nie, behalwe dat hy in alles eerbaar is. En dit is noodsaaklik vir hom om hierdie bittere **laster** eerbaar te dra.

6:476: Aangesien hulle nie in staat is om hierdie vervloekte haat wat hulle onredelik versamel, te verberg nie; skel hulle en soek hulle fout, hulle

Niemand hou in gedagte dat die geleerde prediker nie altyd suksesvol kan wees nie. Al wat die hoorders doen is om aanklagtes te bring.

Dit is deur die klein dingetjies wat die eer van die prediker verminder word.

Harde werk is noodsaaklik, maar ook lankmoedigheid.

Oorgangsparagraaf. Verskuif fokus terug na lasteringe.

Hy moet lasteringe kan hanteer.

Lastering kan nie geheim gehou word nie.

laster in die geheim en hulle tree openlik boosaardig op. Die siel met wie begin was om (hom) op elke geleentheid te grieve en uit te tart, sal nie die korrupsie deur pyn ontsnap nie.

6:477: Want nie alleen sal hulself wraak neem op hom nie, maar hulle probeer ook om dit op ander maniere te doen. Dikwels, nadat hulle iemand gekies het wat nie in staat is om te praat nie, verhoog hulle hom deur **lofbetuigings** en **prys** hulle hom asof hy waardig is. Sommige doen dit alleen uit **onkunde**, terwyl ander dit uit **onkunde** én **jaloesie** doen, sodat hulle die aansien van hierdie een kan veroordeel, nie sodat hulle kan bewys hoe wonderlik hy is terwyl hy dit nie is nie.

6:478: Nie alleen teen hierdie dinge het daardie eerbare man 'n stryd nie, maar ook teen die **onkunde** van die groot skare. Aangesien dit nie moontlik is vir almal wat saam kom om saam te kom as geleerdes nie, maar dit gebeur dat die grootste deel van die gemeente vanuit **onkunde** saamkom, en die res, wat intelligenter is as daardie, en wat in staat is om **preke** te onderskei, meer as die res van daardie wat oorbly, sodat net een of twee van die wat die vermoë besit; dit noodwendig volg dat hy wat beter **preek** met minder **applous** weggaan, en soms sonder **applous** weggaan.

6:479: Dit is noodsaaklik om teen hierdie onreëlmatighede eerbaar voor te berei; en om hierdie lyding deur hulle **onkunde** te vergewe, en om oor hierdie wat volhard in hulle **jaloesie** te treur soos oor hulle wat armsalig en ellendig is; en nie te dink dat dit gebeur het dat sy kragte verminder het op grond van enige van hierdie sake nie.

6:480: Want dit is nie nodig, as 'n vaardige skilder, die beste van almal in die kuns, die skildery wat hy met groot akkuraatheid geskilder

Die doel van lastering is om wraak te neem. Soms prys hulle die prediker bo sy waardigheid. Motief is soms onkunde en soms ook jaloesie.

Nie alleen 'n stryd teen laster nie, maar ook teen onkunde, omdat die grootste deel van die gemeente onkundig is. Die gevolg is dat goeie preke minder applous ontvang as slegter preke.

Prediker moet gereed wees om onreëlmatige eer, onkunde en jaloesie te hanteer en nie moedeloos word hieroor nie.

het sien terwyl daaroor grappe gemaak word, om neer te val en om te dink dat die skildery minderwaardig is as gevolg van die oordeel van iemand wat **onkundig** is nie; net soos hy nie 'n minderwaardige (skildery) as wonderlik en mooi beskou op grond van die verbasende reaksie van 'n onkunstige nie.

Die vaardige skilder moet aan die een kant nie moedeloos word oor spot en aan die ander kant nie te vinnig bly word oor die lof van onkundiges nie.

7:481: Die beste kunstenaar moet self 'n beoordelaar van sy kunswerke wees, hy moet vasstel of dit goed of sleg is, in soverre die verstand wat hulle ontwerp het uitspraak oor hulle lewer; en daarom moet hy nie die mening van buitestaanders, wat misleidend en onkunstig is, met die verstand oorweeg nie.

Die kunstenaar moet self sy kuns beoordeel.

7:482: Dus, laat die een wat die stryd van **prediking** opneem nie aandag gee aan die **lofbetuigings** van die buitestaanders nie, en ook nie as gevolg van hierdie mense sy siel neerwerp nie; maar die een wat aan sy **preke** werk, asof hy vir God (daardeur) verheerlik [want laat hierdie vir hom alleen die maatstaf en standaard wees van daardie beste kunswerke, nie vir **applous** nie, en ook nie vir **lofbetuigings** nie], as hy wel deur mense **geprys** mag word, moet hy nie die **lofbetuigings** vermy nie, en as die hoorders dit nie gee nie, moet hy nie dit soek nie, en moet hy ook nie gegrief wees nie.

Die prediker moenie ag gee op lof of moedeloos word nie. Hy moet sy preke voorberei om so God te verheerlik, nie om die applous of lof van mense te ontvang nie.

Oorgangsparagraaf: "Dus" maak 'n gevolgtrekking na aanleiding van wat oor lasteringe gesê is. Fokus verskuif terug na harde werk in preek voorbereiding.

7:483: Want daar is genoegsame bemoediging ten opsigte van sy werke en die grootste is wanneer hy in staat is om te weet hoe om wat hy versamel het te orden tot welbehag van God.

Sy bemoediging is om te weet dat sy werk vir God aanneemlik is.

8:484: Want as hy by voorbaat deur die begeerte van onlogiese **lofbetuigings** oorweldig word, sal hy geen voordeel op sy **harde werk** trek nie, en ook nie van die krag in sy **prediking** nie; want die siel wat nie in staat is om die ongunstige opinie

Die begeerte na lof sal harde werk nutteloos maak, want as hy ongunstige menings hoor, sal hy hou sy ywer in sy voorbereiding verloor.

Oorgangsparagraaf: Begin met die samevatting

van die **onintelligente** skare te dra nie, gee in en hy gooi sy ywer aangaande die **prediking** een kant toe. As gevolg hiervan is dit veral noodsaaklik om geoefen te wees om gee ag te slaan op alle **lofbetuigings**; want om te weet hoe om te **preek** is nie genoeg tot die bewaring van hierdie krag nie, as dit nie bygevoeg word nie.

8:485: As iemand bereid is om noukeurig te ondersoek en dit gebeur dat hy in hierdie deug te kort skiet, sal hy vind om **lofbetuigings** gering te skat nie minder noodsaaklik is as die ander een nie.

8:486: Want hy sal geforseer word om baie verkeerde dinge te doen, nadat hy hom onder die minderwaardige **lofbetuigings** van die skare gestel het; want as hul goeie reputasie (na mate van die kwaliteit van hul prediking) ontoereikend is, sal hy nie homself weerhou daarvan om planne teen hulle te smee, om **jaloers** op hulle te wees, om hulle sonder rede te blameer en baie soortgelyke skandes nie, maar hy sal in alles onderneem om hulle eer neer te bring tot die lae vlak van sy eie onwaardigheid, al is dit nodig dat sy siel te gronde gaan.

8:487: En bykomend tot die sal hy die **moeite** om te werk nalaat, 'n soort verdowing wat sy siel oorstroom. Want **harde werk** sonder die vrug van **lofbetuiging** is genoegsaam om die een wat nie in staat is om **lofbetuigings** te verwerp nie, neer te werp en 'n diepe slaap oor hom te bring. Selfs 'n boer sal vinnig van die werk afsien, as hy werk aan 'n armsalige stuk grond en geforseer word om rotse om te werk, behalwe as hy óf oor baie ywer vir die saak, óf vrees dat hongersnood naby is, beskik.

8:488: Want as dit vir die wat in staat is om met groot krag te **preek** nodig is om te oefen tot die bewaring van hulle talent; watter moeite, watter

Dit is noodsaaklik om lof gering te skat.

Die prediker wat lof begeer sal uit jaloerie oorgaan tot verkeerde dade.

Hy sal ook sy ywer in sy werk nalaat, omdat iemand wat lof begeer verlam word deur die afwesigheid van lof.

verwardheid, watter probleme sal hy ervaar (hy wat niks versamel nie, maar wat geforseer word om te midde die stryd na te dink) sodat hy net in staat is om min gedagte uit **baie werk** te versamel?

As die prediker nie geoefen bly in sy harde werk nie, sal sy harde werk min vrug lewer.

8:489: En as dit aan die lig kom dat iemand wat onder hom gestel is, en wat 'n laer posisie beklee, in daardie posisie meer bekwaam is, wat 'n uitsonderlike siel is hier nodig sodat hy nie gevange geneem word **jaloesie**, en ook nie onder mismoedigheid neergewerp word nie. Want dit is nie 'n gewone siel, en ook nie myne, maar wat onvernietigbaar is, wat dit eerbaar kan dra as die een wat van laer posisie is hom wat in 'n hoër en eerbare posisie aangestel is, verbysteek.

As die prediker verbygesteek word deur 'n ander wat minder eervol is, loop hy gevaar om jaloers en mismoedig te word.

8:490: En as die man van groter aansien redelik en baie matig mag wees, sal die lyding op watter manier ook al draagliker wees; maar as hy arrogant en grootpraterig en ydel is, 'n daaglikse dood vir daardie een (is begeerliker), (eerder as wat) hy hierdie lewe vir hom bitter maak, hom in die gesig beledig, hom agter sy rug kritiseer, die gesag van daardie een dikwels ondergrawe, terwyl hy wens om alles self te wees. Maar hy verkry groot sekuriteit in al hierdie dinge, hy wat vrymoedig in die **prediking** is, en die ywer van die menigte aangaande hom en die liefde van almal oor wie hy gestel is, besit.

Kontras: As hy matig is, sal hy dit kan verduur; maar as hy arrogant is sal hy die lewe vir ander bitter maak, hy sal beledig en kritiseer en hul gesag ondermyn.

8:491: Of weet jy nie watter liefde vir redevoerings die denke van Christene deesdae ingedring het nie; en dat die wat hierdie dinge beoefen die meeste van almal in eer is, nie alleen deur buitestaanders nie, maar ook deur die huisgesin van die geloof?

Dis nie net skares wat lief is vir redevoerings nie, ook Christene.

8:492: Hoe dan sal hy so 'n groot skande dra, wanneer almal stilbly terwyl hy praat en glo dat hulle geïrriteerd is en hulle die einde van die **preek** verwag soos rus na werk; maar wanneer

Kontras: Skande wat ervaar word as daar vir die beter prediker gewag word om klaar te maak, terwyl die skare ontevrede is as die minder bekwame een ophou.

die ander een lank **preek** hulle gewillig luister, en hulle ontevrede is wanneer hy op die punt is om op te hou, en wanneer hy begeer om te stil te bly, geïrriteerd raak?

8:493: Want as hierdie sake vir jou voorkom om klein en **minagtend** te wees, (is dit) vanweë (jou) onervarenheid; maar dit is genoegsaam om gewilligheid te blus, en die krag van die siel te verlam as hy homself nie van alle menslike lyding onttrek, om sy studie te orden gelyk aan die nigeliggaamlike kragte, wat nóg deur **jaloesie**, nóg deur eersug, nóg deur enige ander gelyke siekte gejag word nie.

8:494: As daar dan so iemand onder mense is, sodat hy in staat is om hierdie onoorwinlike en wrede dier, die eer van die menigte, wat moeilik is om te vang, te vermorsel en haar koppe af te kap en byvoorraat van die begin af nie toelaat om te groei nie, sal hy in staat wees om hierdie baie uitbarstings maklik af te weer en om die kalm hawe te geniet; maar as hy nie hierdie afweer nie, sal 'n uiteenlopende en onrustige oorlog, moedeloosheid en 'n massa van allerhande lydings deur sy siel versprei.

8:495: Waarom is dit noodsaaklik om verdere voorbeelde te kies uit die oorblewe **moeities**? Behalwe deur hulle prakties te ervaar, sal niemand in staat wees om dit te beskryf of te begryp nie.

Die prediker moet hom onttrek aan die begeerte van lof wat lei tot jaloesie en eersug en hom toespits op sy studie.

Kontras: As iemand dit (onttrekking aan lof en toespitsing op studie) kan regkry, sal hy kalmte geniet. Indien nie, sal hy 'n onrustige lewe hê.

Verdere voorbeelde sou onnodig wees.

Die eerste vlak van analise toon dat daar 'n aantal oorgangsparagrawe is wat *De Sac*. V saamweef. Hierdie oorgangsparagrawe maak keer op keer 'n samevattende stelling / terug verwysing na wat in die voorafgaande paragrawe bespreek is en kondig die volgende tema van bespreking aan. Hierdie oorgange kan soos volg aangetoon word:

1:449-1:453 – Inleidende opmerkings oor die begeertes van die skare.

1:454: *Oorgang*: Verwys terug na die begeertes van die skare; maar kondig ook aan hoe die prediker die skares se begeertes moet hanteer. Hier word die temas van die minagting van lof en harde werk in die prediking aangekondig.

2:455-3:458: Bespreek die gevare en hantering van lof.

3:459: *Oorgang*: Verwys terug na die lofbetuigings, maar kondig ook die teenpool, nl. lasteringe, aan.

4:460-467: Verdere bespreking van lofbetuigings in wisselwerking met lasteringe.

5:468: *Oorgang*: Kondig die volgende tema wat in 1:454 genoem is aan, nl. die harde werk in prediking.

5:469-5:473: Bespreek die noodsaaklikheid van harde werk in preek voorbereiding en preek lewering.

6:474: *Oorgang*: Wissel onderwerp terug na die hantering van lasteringe

6:475-7:481: Bespreek die stryd teen lof, lastering en onkunde.

7:482: *Oorgang*: Keer terug na die tema van harde werk in preek voorbereiding.

7:483: Bespreek harde werk in prediking verder.

8:484: *Oorgang*: Begin met samevattende opmerkings.

8:485-8:494: Samevatting en gevolgtrekkings

8:495: Slot opmerkings.

In die volgende vlak van analise sal die struktuur van die gedagte-opbou van die *De Sac. V* begin aangedui word.

3. VLAKE 2 VAN ANALISE: AANTOON VAN GEDAGTE-EENHEDE

In die eerste vlak van analise is daar opsommings gemaak van elke paragraaf. In hierdie tweede vlak van die analise word die gedagte-eenhede aangetoon deur die groepering van hierdie opsommings. Die struktuur van die *De Sac. V* begin ook in hierdie vlak van analise sigbaar word.

1:449: Noodsaak vir prediker om nie net vaardig te wees in die prediking nie, maar ook om hard te werk ten opsigte van sy voorbereiding.

1:450: Die wat luister, ag nie die predikers as leraars nie.

1:451: Skares veroordeel maklik 'n prediker as hy gebruik maak van iemand anders se werk, of hulle hom slegs daarvan verdink.

Kontras: Die houding van die skare teenoor die prediker en die prediker se hanteer daarvan.

1:452: Skares beskou predikers as redenaars.
 1:453: Dit is noodsaaklik dat die prediker hom nie ingee vir die begeertes van die skare nie.
 1:454: *Oorgang*: Hoe doen hy dit? Deur lofbetuigings te minag en hard te werk ten opsigte van die prediking.

2:455: *Kontras*: Aan die eenkant, as die prediker lof minag, maar nie die bekoorlike leer bring nie, sal die skare hom verag. Aan die ander kant, as hy luister na die lof sal hy sy boodskap afwater.

2:456: Beide (die wat lof minag en nie welsprekend is nie en die wat lof begeer) is van geen nut.

3:457: Dis noodsaaklik dat 'n leraar / prediker / opsiener tot beide sake (veragting van lof en die vermoë van welsprekendheid) in staat sal wees, anders sal sy bestrafings op dowe ore val.

3:458: Die prediker moet bekwaam wees om beide sake (veragting van lof en die vermoë van welsprekendheid) reg te hanteer.

3:459: } *Oorgang*: Die prediker moet nie net lof
 4:459: } verag nie, maar ook lasteringe en jaloesie.

4:460: Aanklagtes moet dadelik hanteer word.

4:461: Aanklagtes wat gelaat word, versprei.

4:462: Die voorganger moenie die skare se aanklagtes ag slaan as hulle nie na rede wil luister nie. As hy ag gee, sal hy benadeel word.

4:463: Die priester moet soos 'n vader optree: nie laat oortuig deur beledings en klagtes nie; maar ook nie hoogmoedig word weens lof nie.

Die gevare en hantering van lofbetuigings

Die hantering van lof en aanklagtes

4:464: Moeilik om dit te doen	}	Die gevolge van lofbetuigings.
4:465: Want almal wil geprys word, dit geniet; en dié wat dit begeer sal daardeur die afwesigheid van lof vernietig en verdrietig word.		
4:466: Die wat lof begeer ervaar hongersnood in die aanwesigheid van klagtes en die afwesigheid van lof.		
4:467: Die begeerte na lof ten koste van leer bring sorg en hartseer.		
5:468: <i>Oorgang</i> : Daar kan net krag in die prediking wees deur inspanning, ywer en oefening.	}	Harde werk is noodsaaklik omdat almal van 'n geleerde prediker altyd goeie preke verwag.
5:469: Harde werk is meer noodsaaklik vir geleerdes as vir onkundiges.		
5:470: Niemand blameer 'n onkundige vir 'n slegte preek nie, maar almal verwag altyd 'n goeie preek van die geleerde. As die geleerde nie altyd goed preek nie, kom die skare met baie aanklagtes en soek fout.		
5:471: Die hoorder is nie daar vir die inhoud van die preek nie, maar oor die reputasie van die prediker. Daarom moet hy altyd hard werk om goeie preke na vore te bring.	}	Die houding van die skare is dat die prediker 'n goeie redenaar moet wees wat altyd goeie praatjies lewer. Indien nie, word hy gekritiseer en verloor hy sy eer.
5:472: Niemand hou in gedagte dat die geleerde prediker nie altyd suksesvol kan wees nie. Al wat die hoorders doen is om aanklagtes te bring.		
5:473: Dit is deur die klein dingetjies wat die eer van die prediker verminder word.		
6:474: <i>Oorgang</i> : Harde werk is noodsaaklik, maar ook lankmoedigheid.	}	Stryd teen lastering
6:475: Hy moet lasteringe kan hanteer.		
6:476: Lastering kan nie geheim gehou word nie.		
6:477: Die doel van lastering is om wraak te neem. Soms prys hulle die prediker bo sy		

waardigheid. Motief is soms onkunde en soms ook jaloesie.	
6:478: Nie alleen 'n stryd teen laster nie, maar ook teen onkunde, omdat die grootste deel van gemeente onkundig is. Gevolg is dat goeie preke minder applous ontvang as slegter preke.	Stryd teen onkunde
6:479: Prediker moet gereed wees om onreëlmatige eer, onkunde en jaloesie te hanteer en nie moedeloos word hieroor nie.	
6:480: Die vaardige skilder moet aan die een kant nie moedeloos word oor spot en aan die ander kant nie te vinnig bly word oor die lof van onkundiges nie.	Kontras: Die prediker moenie moedeloos word oor kritiek nie, maar ook nie te vinnig bly word oor die lof nie.
7:481: Die kunstenaar moet self sy kuns beoordeel.	
7:482: <i>Oorgang</i> : Die prediker moenie ag gee op lof of moedeloos word nie. Hy moet sy preke voorberei om so God te verheerlik, nie om die applous of lof van mense te ontvang nie.	Hoofmotief in die voorbereiding en lewering van preke is om God te verheerlik.
7:483: Sy bemoediging is om te weet dat sy werk vir God aanneemlik is.	
8:484: <i>Oorgang</i> : Die begeerte na lof sal harde werk nutteloos maak, want as hy ongunstige menings hoor, sal hy hou sy ywer in sy voorbereiding verloor.	Die begeerte na lof, sal die krag in die prediking verminder.
8:485: Dit is noodsaaklik om lof gering te skat.	
8:486: Die prediker wat lof begeer sal hy uit jaloesie oorgaan tot verkeerde dade.	Die gevolge van die begeerte na lofprysing is jaloesie, verlamming in prediking, laster en mismoedigheid.
8:487: Hy sal ook sy ywer in sy werk nalaat, omdat iemand wat lof begeer verlam word deur die afwesigheid van lof.	
8:488: As die prediker nie geoefen bly in sy harde werk nie, sal sy harde werk min vrug lewer.	

8:489: As die prediker verbygesteek word deur 'n ander wat minder eervol is, loop hy gevaar om jaloers en mismoedig te word.

8:490: *Kontras*: As hy matig is, sal hy dit kan verduur; maar as hy arrogant is sal hy die lewe vir ander bitter maak, hy sal beledig en kritiseer en hul gesag ondermyn.

8:491: Dis nie net skares wat lief is vir redevoerings nie, ook Christene.

8:492: *Kontras*: Skande wat ervaar word as daar vir die beter prediker gewag word om klaar te maak, terwyl die skare ontevrede is as die minder bekwame een ophou.

8:493: Die prediker moet hom onttrek aan die begeerte van lof wat lei tot jaloesie en eersug en hom toespits op sy studie.

8:494: *Kontras*: As iemand dit (onttrekking aan lof en toespitsing op studie) kan regkry, sal hy kalmte geniet. Indien nie, sal hy 'n onrustige lewe hê.

8:495: Verdere voorbeelde sou onnodig wees.

Skare se verkeerde houding ten opsigte van prediker en prediking.

Gevolgtrekking: Die prediker wat hard bly werk, sal in staat wees om lof en aanklagtes reg te hanteer.

Vanuit hierdie tweede vlak van analise is daar getoon dat daar groeperinge van gedagte-eenhede is. Hierdie gedagte-eenhede sentreer rondom die temas van lofbetuigings, lasteringe / aanklagtes en harder werk in die prediking.

Hierdie gedagte-eenhede sal in die volgende vlak van analise (vlak 3) verder gegroepeer word om die uiteindelijke struktuur van die *De Sac. V* bloot te lê.

4. VLAK 3 VAN ANALISE: GEDAGTE-OPBOU STRUKTUUR

In hierdie laaste vlak van analise gaan 'n finale struktuur analise van die gedagte-opbou van die *De Sac. V* gemaak word.

1:449: Noodsaak vir prediker om nie net vaardig te wees in die prediking nie, maar ook om hard te werk ten opsigte van sy voorbereiding.

1:450-1:453:	<i>Kontras:</i> Die houding van die skare teenoor die prediker en die prediker se hanteer daarvan.	}	Inleiding: Kondig tema van <i>De Sac</i> . V aan: die prediker moet vaardig wees in die minagting van lof en die vermoë om te preek.
1:454:	Hoe doen hy dit? Deur lofbetuigings te minag en hard te werk ten opsigte van die prediking.		
2:455-3:458:	Die gevare en hantering van lofbetuigings.	}	Die gevare, gevolge en hantering van lofbetuigings en aanklagtes.
3:459-4:459:	Die prediker moet nie net lof verag nie, maar ook lasteringe en jaloesie.		
4:460-4:463:	Die hantering van lof en aanklagtes		
4:464-4:467:	Die gevolge van lofbetuigings		
5:468:	Daar kan net krag in die prediking wees deur inspanning, ywer en oefening.	}	Die noodsaak van harde werk in die prediking.
5:469-5:470:	Harde werk is noodsaaklik omdat almal van 'n geleerde prediker altyd goeie preke verwag.		
5:471-5:473:	Die houding van die skare is dat die prediker 'n goeie redenaar moet wees wat altyd goeie praatjies lewer. Indien nie, word hy gekritiseer en verloor hy sy eer.		
6:474:	Harde werk is noodsaaklik, maar ook lankmoedigheid.	}	Stryd teen lasteringe, lof en onkunde.
6:475-6:477:	Stryd teen laster		
6:478:	Stryd teen onkunde		
6:479-7:481:	<i>Kontras:</i> Die prediker moenie moedeloos word oor kritiek nie, maar ook nie te vinnig bly word oor die lof nie.		
7:482-7:483:	Hoofmotief in die voorbereiding en lewering van preke is om God te verheerlik.	}	Samevatting
8:484-8:485:	Die begeerte na lof, sal die krag in die prediking verminder.		
8:486-8:490:	Die gevolge van die begeerte na		


	lofprijsing is jaloesie, verlamming in prediking, laster en mismoedigheid.	
8:491-8:492:	Skare se verkeerde houding ten opsigte van prediker en prediking.	
8:493-8:494:	<i>Gevolgtrekking</i> : Die prediker wat hard bly werk, sal in staat wees om lof en aanklagtes reg te hanteer.	Gevolgtrekking
8:495:	Verdere voorbeelde sou onnodig wees.	Slot

Na aanleiding van die laaste vlak van analise, blyk dit dat die *De Sac. V* se gedagte-opbou uit sewe hoofdele bestaan:

- Deel 1: Inleiding (par. 449-454).
- Deel 2: Handel oor die gevare, gevolge en hantering van lofbetuigings en aanklagtes (par. 455-467).
- Deel 3: Handel oor die noodsaaklikheid van harde werk in die voorbereiding van preke (par. 468-473).
- Deel 4: Hervat die tema van lofbetuigings en aanklagtes deur die stryd met betrekking tot hierdie sake te bespreek, asook 'n bespreking van onkunde waarmee die prediker te make kry. (par. 474-481).
- Deel 5: Hervat die tema van harde werk in die voorbereiding van preke deur die motief vir die harde werk te bespreek (par. 482-483).
- Deel 6: 'n Samevatting en gevolgtrekking word gemaak na aanleiding van voorafgaande besprekings (par. 484-494).
- Deel 7: Slot wat bespreking afsluit (par. 495).

5. VLAK 4 VAN ANALISE: SAMEVATTENDE GEDAGTE-OPBOU STRUKTUUR VAN DIE *DE SAC. V*

Die finale struktuur van die gedagte-opbou van die *De Sac. V* kan dus soos volg weergegee saamgevat word:



6. INDENTIFISERING VAN WOORDE EN TEMAS

Vanuit die gedagte-opbou analise van die *De Sac. V* is daar 'n aantal woorde en temas wat op grond van die frekwensie en konsentrasie daarvan geïdentifiseer kan word. Hierdie woorde sal in hoofstuk 2 verdere ondersoek geniet deur middel van 'n woordstudie waar daar die verskillende vertalingsmoontlikhede asook semantiese velde ondersoek word.

Na aanleiding van die gedagte-opbou struktuur van die *De Sac. V* handel deel 2 en 4 hoofsaaklik oor die hantering van lof en aanklagtes. Deel 3 en 5 handel hoofsaaklik oor harde werk in die voorbereiding en lewering van preke. Dus kan daar temas vanuit hierdie gedagte-opbou geïdentifiseer word, nl.:

- Die hantering van lof en aanklagtes
- Die harde werk in die voorbereiding en lewering van preke.

Vanuit hierdie tema is daar 'n aantal kernwoorde wat gebruik word wat verdere ondersoek noodsaak:

- Titels wat vir die prediker gebruik word: ἄρχων (leier), διδάσκαλος (leermeester) en ἱερεὺς (priester), προΐστημι (voorganger).
- Woorde wat vertaal kan word met "aankla": αἰτία (aanklag), βάσκανος (laster), βασκαίνω (om te laster), ἐγκαλέω (om aan te kla), κακήγορος (kwaadprater / aanklaer), κακηγορέω (om kwaad te spreek), μέμφομαι (om te kla), μέμρις (aankla), ὀδύρομαι (bekla).
- Woorde wat vertaal kan word met "lof" / "prys": verband hou met lof en aanklagtes: ἐγκωμιάζω (prys), ἐντρέπω (eer), ἐπαινετός (lofbetuiging), ἐπαινέω (om te prys), εὐφημία (lofwaardig), δόξα (lof / eer).
- Woorde wat verband hou met die harde werk en die taak van die prediker: διδασκαλία (leer), διδάσκω (om te leer), λόγος (woord), λέγω (om te praat), πονέω (hard werk).

Hierdie woorde en tema sal verder ondersoek word in hoofstuk 2.

BYLAE C: GEDAGTE-OPBOU VAN DIE PASTORALE BRIEWE

1. INLEIDING

Die doel van hierdie bylaag is om 'n analise van die gedagte-opbou van die Pastorale briewe te maak sodat daar spesifieke woorde en temas geïdentifiseer kan word met betrekking tot die taak van die prediking en die amp van die prediker.

Vir die doeleindes van identifisering van die gedagte-opbou word daar in hierdie bylaag nie 'n nuwe vertaling van die Griekse teks gemaak nie. Die 1953 Vertaling word as vertaling vir die ondersoek gebruik, aangesien dit 'n meer letterlike vertaling.⁷⁹ Elke paragraaf sal in 'n sin of twee opgesom word (vlak 1). Opsommings sal dan onder hoofde gegroepeer word na gelang van gedagte-eenhede (vlak 2 en 3). Uiteindelik sal 'n oorkoepelende gedagte-opbou struktuur gemaak word (vlak 4). Hierdie oorkoelende gedagte-opbou struktuur sal in hoofstuk 3 gebruik word onder stap 1 van die ondersoek.

Ter wille van eenvoud en logiese vloei sal bogenoemde stappe op 'n boek eers voltooi word, voordat daar na die volgende boek aan beweeg word.

2. GEDAGTE-OPBOU VAN 1 TIMOTEUS

2.1. Vlak 1 van analise: opsomming van paragrawe

1 Paulus, 'n apostel van Jesus Christus, volgens die bevel van God, ons Verlosser, en van die Here Jesus Christus, ons Hoop, ²aan Timótheüs, *my* ware kind in die geloof: Genade, barmhartigheid, vrede van God onse Vader en Christus Jesus, onse Here!

Aanhef van die brief: stel skrywer en geadresseerde bekend.

³Soos ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie, ⁴en hulle nie besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae

Die doel waarom Timoteus in Efese moes agter bly is om die dwaalleer te bestry.

⁷⁹ Aangesien daar van die 1953 Vertaling gebruik gemaak word, is daar spelling van name wat sal verskil met dié van die hoofteks, soos byvoorbeeld Timotheus in plaas van Timoteus.

bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is. ⁵Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof, ⁶waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; ⁷hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweet, nie verstaan nie.

⁸Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik ⁹en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondears, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars, ¹⁰hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is, ¹¹volgens die evangelie van die heerlikheid van die salige God wat aan my toevertrou is.

¹²En ek dank Hom wat my krag gegee het, Christus Jesus, onse Here, dat Hy my getrou geag en in die bediening gestel het.

¹³my wat vroeër 'n lasteraar en 'n vervolger en 'n geweldenaar was. Maar aan my is barmhartigheid bewys, omdat ek dit onwetend gedoen het in ongeloof. ¹⁴En die genade van onse Here was baie oorfloedig met geloof en liefde wat in Christus Jesus is. ¹⁵Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondears te red, van wie ek die vernaamste is. ¹⁶Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus

Oorgang: "die wet" as brug begrip.

Die wet is nie gegee vir die regverdige nie, met ander woorde dit kan nie regverdig maak nie, soos die evangelie van verlossing dit ook duidelik stel.

Oorgange:

A. Die evangelie is aan Paulus toevertrou omdat Christus hom getrou geag het.

B. Dieselfde evangelie vertrou Paulus nou aan Timoteus toe.

Paulus se persoonlike mededeling met betrekking tot sy bediening.

in my as die vernaamste al sy
lankmoedigheid sou betoon, om 'n
voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal
glo tot die ewige lewe. ¹⁷Aan die Koning
van die eeue, die onverderflike, onsienlike,
alleenwyse God, kom toe die eer en die
heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen.

¹⁸Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe
my kind Timótheüs, ooreenkomstig die
profesieë wat vroeër aangaande jou
uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie
stryd kan stry ¹⁹en aan die geloof en 'n
goeie gewete vashou. Sommige het dit van
hulle weggestoot en aan die geloof
skipbreuk gely, ²⁰onder wie daar is
Himenéüs en Alexander, wat ek aan die
Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer
om nie te laster nie.

Herbevestiging om die stryd
teen die dwaalleer te stry deur
aan die evangelie vas te hou.

2 In die eerste plek vermaan ek dan dat
smeking, gebede, voorbedes,
danksegginge gedoen moet word vir alle
mense; ²vir konings en almal wat
hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil
lewe kan lei in alle godsvrug en
waardigheid. ³Want dit is goed en
aangenaam voor God, ons Verlosser, ⁴wat
wil hê dat alle mense gered word en tot
kennis van die waarheid kom. ⁵Want daar
is een God en een Middelaar tussen God
en die mense, die mens Christus Jesus,
⁶wat Homself gegee het as 'n losprys vir
almal, as die getuie op die regte tyd,
⁷waartoe ek aangestel is as 'n prediker en
apostel—ek sê die waarheid in Christus, ek
lieg nie—'n leraar van die heidene in geloof
en waarheid. ⁸Ek wil dan hê dat die manne

Dui die begin van 'n nuwe
afdeling aan

Opdragte met betrekking tot
gebed in die samekomste.

op elke plek moet bid en heilige hande
ophef sonder toorn en twis.

⁹So ook moet die vrou hulle versier met
behoorlike kleding, gepaard met
bescheidenheid en ingetoënheid, nie met
vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere
nie, ¹⁰maar, soos dit vrou betaam wat die
godsvrug bely, met goeie werke. ¹¹Die vrou
moet haar in stilte laat leer in alle
onderdanigheid. ¹²Ek laat die vrou egter nie
toe om onderrig te gee of oor die man te
heers nie, maar sy moet haar stil hou.
¹³Want Adam is eerste gemaak, daarna
Eva. ¹⁴En Adam is nie verlei nie, maar die
vrou het haar laat verlei en het in
oortreding gekom. ¹⁵Maar sy sal gered
word deur kinders te baar, as hulle bly in
geloof en liefde en heiligmaking, met
ingetoënheid.

*Oorgang: Van die mans en
vroue word dieselfde verwag
ten opsigte van gebed, nl. dat
hulle "heilige hande sonder
toorn en twis" moet ophef.*

Opdragte met betrekking tot
die vrou se betrokkenheid in
die samekomste van die
gemeente.

3 Dit is 'n betroubare woord: as iemand na
'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n
voortreflike werk. ²'n Opsiener dan moet
onberispelik wees, die man van een vrou,
nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry,
bekwaam om te onderrig; ³geen drinker,
geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie,
maar vriendelik; geen strydlustige, geen
geldgierige nie; ⁴een wat sy eie huis goed
regeer en sy kinders met alle waardigheid
in onderdanigheid hou. ⁵Maar as iemand
nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe
sal hy vir die gemeente van God sorg dra?
⁶Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat
hy nie verwaand word en in dieselfde
oordeel as die duiwel val nie. ⁷Maar hy
moet ook goeie getuienis hê van die

Subjekwisseling: dui op 'n
nuwe afdeling.

Vereistes vir 'n opsiener
(ouderling)

buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie.

⁸Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie, ⁹manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou. ¹⁰En hulle moet ook eers 'n proeftyd deurmaak; daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien. ¹¹Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles. ¹²Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huise goed regeer. ¹³Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle 'n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.

¹⁴Ek skryf jou hierdie dinge in die hoop om gou na jou te kom. ¹⁵Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid. ¹⁶En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.

4 Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang ²deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete, ³wat

Subjekwisseling: dui op 'n nuwe afdeling.

Vereistes vir 'n diaken.

Doel van die brief.

Dwalinge in die laaste tye.



verbied om te trou en *gebied* dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken. ⁴Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; ⁵want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.

⁶As jy hierdie dinge aan die broeders voorhou, sal jy 'n goeie dienaar van Jesus Christus wees terwyl jy jouself voed met die woorde van die geloof en van die goeie leer waarvan jy 'n navolger geword het. ⁷Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid. ⁸Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomende lewe het. ⁹Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word; ¹⁰want hiervoor arbei ons ook en word ons gesmaad, omdat ons gehoop het op die lewende God wat 'n behouder is van alle mense, insonderheid van die gelowiges. ¹¹Beveel en leer hierdie dinge. ¹²Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. ¹³Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering. ¹⁴Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge. ¹⁵Wees vlytig in hierdie dinge, leef daarin, sodat jou vooruitgang vir almal

Opdragte met betrekking tot
Timoteus as bedienaar van die
gemeente.

duidelik kan wees. ¹⁶Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor.

⁵'n Bejaarde man moet jy nie hard bestraf nie, maar vermaan hom soos 'n vader, jongeres soos broers, ²bejaarde vroue soos moeders, jongeres soos susters in alle reinheid.

³Eer die weduwees wat waarlik weduwees is. ⁴Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, laat hulle eers leer om teenoor hulle eie huis eerbied te betoon en vergelding te doen aan hulle ouers; want dit is goed en aangenaam voor God. ⁵En sy wat waarlik weduwee is en alleen gelaat is, hoop op God en bly in smeking en gebede nag en dag. ⁶Maar sy wat losbandig is, is lewendig dood. ⁷Beveel ook hierdie dinge, sodat hulle onberispelik kan wees. ⁸Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige. ⁹Laat 'n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het ¹⁰en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het. ¹¹Maar jy moet die jong weduwees afwys; want wanneer hulle tot oneer van Christus wellustig word, wil hulle trou ¹²en kom onder 'n oordeel, omdat hulle hul eerste geloof verwerp het. ¹³En tegelykertyd leer hulle ook om ledig by die

Subjekwisseling: Weg van Timoteus as persoon, na bejaardes

Hantering van mans en vroue in die gemeente.

Subjekwisseling: Weduwees

Hantering van weduwees in die gemeente.

huise rond te gaan; en nie alleen is hulle ledig nie, maar ook praatsiek en bemoeisiek, want hulle praat wat nie behoorlik is nie. ¹⁴Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle huise regeer en die teëparty geen aanleiding gee om kwaad te spreek nie. ¹⁵Want sommige het al afgewyk agter die Satan aan. ¹⁶As 'n gelowige man of 'n gelowige vrou weduwees *by hulle* het, moet dié aan hulle hulp verleen; en laat die gemeente nie beswaar word nie, sodat dit die wat waarlik weduwees is, kan help.

¹⁷Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer. ¹⁸Want die Skrif sê: Jy mag 'n os wat graan dors, nie muilband nie; en: Die arbeider is sy loon werd. ¹⁹Moenie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aanneem nie, behalwe op die getuienis van twee of drie.

²⁰Bestraf die wat sondig, in die teenwoordigheid van almal, sodat ook die ander kan vrees. ²¹Ek besweer jou voor God en die Here Jesus Christus en die uitverkore engele dat jy hierdie dinge sonder vooroordeel in ag neem en niks uit partydigheid doen nie. ²²Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. Hou jou rein. ²³Moenie langer water alleen drink nie, maar gebruik 'n bietjie wyn ter wille van jou maag en jou herhaalde ongesteldhede. ²⁴Die sondes van sommige mense is baie duidelik en gaan voor hulle uit tot die oordeel, maar volg ander eers

Subjekwisseling: ouderlinge

Opdragte ten opsigte van ouderlinge in die gemeente.

Oorgang: bespreking oor ouderlinge is afgesluit, nou volg verskeie algemene opdragte.

Verskeie opdragte ten opsigte van die gemeente en persoonlik.

agterna. ²⁵Net so is ook die goeie werke baie duidelik, en ook die wat anders is, kan nie weggesteek word nie.

6 ALMAL wat **diensknegte** is onder 'n juk, moet hulle eie here alle eer waardig ag, sodat die Naam van God en die leer nie belaster mag word nie. ²En die wat gelowige here het, moet hulle nie verag omdat hulle broeders is nie, maar moet hulle des te meer dien, omdat hulle wat die weldade ontvang, gelowiges en geliefdes is. Leer hierdie dinge en wek daartoe op.

³As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens **die godsaligheid** is nie, ⁴dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het 'n sieklike sug na twisvrae en woordstryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog, ⁵nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense.

⁶Maar **die godsaligheid** saam met vergenoegdheid is 'n groot wins. ⁷Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. ⁸Maar as ons voedsel en kleren het, moet ons daarmee vergenoeg wees.

⁹Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang.

¹⁰Want die geldgierigheid is 'n wortel van


Nuwe subjek: diensknegte.

Opdragte ten opsigte van diensknegte.

Hantering van dwaalleraars

Oorgang: die "godsaligheid" as kontras punt

Waarskuwing om vergenoegd te wees en nie begeer om ryk te word nie.



²⁰o Timótheüs, bewaar jou pand en vermy die onheilige, onsinnige praatjies en teëwerpinge van die valslik sogenaamde kennis, ²¹waarvan sommige belydenis gedoen het en, wat die geloof betref, op 'n dwaalweg geraak het. Mag die genade met jou wees! Amen.

Subjekwisseling: Timoteus

Samevattend slot opmerkings.

2.2. Vlak 2 van analise: aantoon van gedagte eenhede

Waar die eerste vlak van analise slegs paragrawe saamgevat het, word daar in hierdie tweede vlak begin om die samevattinge van vlak 1 hierbo in gedagte eenhede te groepeer om sodoende die struktuur van die 1 Timoteus bloot te lê.

1 Timoteus 1:1-2: Aanhef van die brief: stel skrywer en geadresseerde bekend.

1 Timoteus 1:3-7: Die doel waarom Timoteus in Efese moes agter bly is om die dwaalleer te bestry.

Oorgang: "die wet" as brug begrip.

1 Timoteus 1:8-11: Die wet is nie gegee vir die regverdige nie, met ander woorde dit kan nie regverdig maak nie, soos die evangelie van verlossing dit ook duidelik stel.

Oorgange:

A. Die evangelie is aan Paulus toevertrou omdat Christus hom getrou geag het.

B. Dieselfde evangelie vertrou Paulus nou aan Timoteus toe.

1 Timoteus 1:12-17: Paulus se persoonlike mededeling m.b.t. sy bediening.

1 Timoteus 1:18-20: Herbevestiging om die stryd teen die dwaalleer te stry deur aan die evangelie vas te hou.

Paulus laat Timoteus in Efese agter sodat hy die dwaling van die dwaalleraars (mense wat verkondig het dat verlossing deur middel van wetsonderhouding kom) kan bestry deur die verkondiging van die evangelie van verlossing. Hierdie evangelie het Paulus van Christus ontvang en nou ook oorgedra aan Timoteus.

1 Timoteus 2:1-8: Opdragte met betrekking tot gebed in die samekomste.

Oorgang: Van die mans en vroue word dieselfde verwag ten opsigte van gebed, nl. dat hulle "heilige hande sonder toorn en twis" moet ophef.

1 Timoteus 2:9-15: Opdragte met betrekking tot die vrou se betrokkenheid in die samekomste van die gemeente.

Opdragte word gegee met betrekking tot die inrigting van die gemeente se samekoms. Hier word op twee sake klem gelê: gebede en wie voor mag gaan in die gemeente.

1 Timoteus 3:1-7: Vereistes vir 'n opsiener (ouderling)

1 Timoteus 3:8-13: Vereistes vir 'n diaken.

Vereistes met betrekking tot die leiers van die gemeente.

1 Timoteus 3:14-16: Doel van die brief.

1 Timoteus 4:1-5: Dwalinge in die laaste tye.

1 Timoteus 4:6-16: Opdragte met betrekking tot Timoteus as bedienaar van die gemeente.

Opdragte aan Timoteus as bedienaar van die gemeente in tye van afvalligheid.

1 Timoteus 5:1-2: Hantering van mans en vrou in die gemeente.

1 Timoteus 5:3-16: Hantering van weduwees in die gemeente.

1 Timoteus 5:17-19: Opdragte ten opsigte van ouderlinge in die gemeente.

Hantering van verskillende groepe mense in die gemeente (deel 1)

Oorgang: bespreking oor ouderlinge is afgesluit, nou volg verskeie algemene opdragte.

1 Timoteus 5:20-25: Verskeie opdragte ten opsigte van die gemeente en persoonlik.

1 Timoteus 6:1-2: Opdragte ten opsigte van dienskenge.

Hantering van verskillende groepe mense in die gemeente (deel 2)

1 Timoteus 6:3-5: Hantering van dwaalleraars

Oorgang: die "godsalligheid" as kontras punt

1 Timoteus 6:6-10: Waarskuwing om vergenoegd te wees en nie begeer om ryk te word nie.

1 Timoteus 6:11-14: Opdrag dat Timoteus se lewe in ooreenstemming met sy belydenis sal wees

Opdragte aan Timoteus persoonlik met betrekking tot dwaalleraars en sy eie persoonlike geestelik lewe.

1 Timoteus 6:13-16: Doksologie

1 Timoteus 6:17-19: Opdragte ten opsigte van rykes in die gemeente.

Hantering van verskillende groepe mense in die gemeente (deel 3)

1 Timoteus 6:20-21: Samevattende slot opmerkings.

Vlak 2 van die analise toon aan dat Paulus vir Timoteus met 'n spesifieke doel in Efese gelaat het. Hierdie doel is om dwaalleer te bestry deur die verkondiging van die evangelie en om die gemeente reg in te rig. As bedienaar van die Woord sal Timoteus ook verskillende groepe mense in die gemeente moet hanteer. Hieroor gee Paulus sekere opdragte en raad.

2.3. Vlak 3 van analise: gedagte-opbou struktuur

Waar daar in vlak 2 na die gedagte eenhede gekyk is, stel vlak 3 die gedagte-opbou struktuur vas. Dit word gedoen deur die gedagte eenhede verder te groepeer onder samevattende opskrifte.

1 Timoteus 1:1-2: Aanhef van die brief: stel skrywer en geadresseerde bekend.

1 Timoteus 1:3-20: Paulus laat Timoteus in Efese agter sodat hy die dwaling van die dwaalleraars (mense wat verkondig het dat verlossing deur middel van wetsonderhouding kom) kan bestry deur die verkondiging van die evangelie van verlossing. Hierdie evangelie het Paulus van Christus ontvang en nou ook oorgedra aan Timoteus.

Fokus van Paulus en Timoteus se bediening as bedienaar van die Woord.

1 Timoteus 2:1-15: Opdragte word gegee met betrekking tot die inrigting van die gemeente se samekoms. Hier word op twee sake klem gelê: gebede en wie voor mag gaan in die gemeente.

Inrigting van die gemeente ten opsigte van die erediens en leiers van die gemeente.

1 Timoteus 3:1-13: Vereistes met betrekking tot die leiers van die gemeente.

1 Timoteus 3:14-16: Doel van die brief.

1 Timoteus 4:1-16: Opdragte aan Timoteus as bedienaar van die gemeente in tye van afvalligheid.

1 Timoteus 5:1-19: Hantering van verskillende groepe mense in die gemeente (deel 1)

1 Timoteus 5:20-25: Verskeie opdragte ten opsigte van die gemeente en persoonlik.

1 Timoteus 6:1-2: Hantering van verskillende groepe mense in die gemeente (deel 2)

Timoteus se optrede as bedienaar van die Woord teenoor verskillende mense.

1 Timoteus 6:3-14: Opdragte aan Timoteus persoonlik met betrekking tot dwaalleraars en sy eie persoonlike geestelik lewe.

1 Timoteus 6:13-16: Doksologie

1 Timoteus 6:17-19: Hantering van verskillende groepe mense in die gemeente (deel 3)

1 Timoteus 6:20-21: Samevattende slotopmerkings.

2.4. Vlak 4: samevattende gedagte-opbou struktuur van 1 Timoteus

Na aanleiding van bogemelde vlakke van analise kan die samevattende gedagte-opbou struktuur van 1 Timoteus soos volg weergegee word:


1 Timoteus 1:1-2: Aanhef van brief (Inleiding)

1 Timoteus 1:3-20: Paulus en Timoteus se fokus as bedienaars van die Woord.

1 Timoteus 2:1-3:16: Die inrigting van die gemeente se eredienste en leiers.

1 Timoteus 4:1-6:19: Timoteus se optrede as bedienaar van die Woord teenoor verskillende mense.

1 Timoteus 6:20-21: Samevattende slotopmerkings (Slot)



Vanuit hierdie analise is daar hoofstukke wat spesifiek fokus op die pligte van die bedienaar van die Woord. Dit is hoofstukke waarin die apostel Paulus na sy eie bediening verwys, of waar hy aan Timoteus spesifieke opdragte gee met betrekking tot sy bediening. Verwysing en opdragte hierna kom hoofsaaklik voor in:

- 1 Timoteus 1:3-20 waar Paulus na sy eie bediening verwys, asook verduidelik wat Timoteus se bediening behels. Hierby moet 1 Timoteus 4:1-5 ook in ag geneem word.
- In 1 Timoteus 3:1-13 waar daar spesifiek verwys word na die vereistes vir die leiers van die gemeente. Hierby moet 1 Timoteus 5:17-19 ook in ag geneem word.
- 1 Timoteus 4:6-16 waar Paulus spesifiek op Timoteus se lewe as bedienaar konsentreer. Hierby moet 1 Timoteus 6:3-14 ook in ag geneem word, asook 1 Timoteus 6:20-21 wat as 'n samevatting dien.

2.5. Identifisering van woorde en temas in 1 Timoteus

Wanneer hierdie bogemelde passasies ondersoek word blyk die volgende temas en hul meegaande woorde word:

- In 1 Timoteus 1:2-20 en 4:1-5 kom die tema van die stryd teen die dwaalleer deur middel van die gesonde leer voor. Woorde wat hierdie tema ondersteun is: δαιμόνιον (bose gees) as beskrywing van διδασκαλία (leer), ἐτεροδιδασκαλέω (valse leer), εὐαγγέλιον (goeie nuus / evangelie), νομοδιδάσκαλος (leraar van die wet), παραγγελία (beveel), πιστεύω (om

te glo), πίστις (geloof), ὑγιαίνω (om gesond te wees) as beskrywing van διδασκαλία (leer), ψευδολόγος (leuenaar).

- In 1 Timoteus 3:1-13 en 5:17-19 kom die tema van ouderlinge as leraars voor. Woorde wat hierdie tema ondersteun is: διδακτικός (bekwaam om te onderrig), διδασκαλία (leer), ἐπισκοπή (ouderling), ἐπίσκοπος (ouderling), λόγος (woord), πρεσβύτερος (ouderling), προϊστάμαι (beheer / regeer).
- In 1 Timoteus 4:6-16; 6:3-14 en 6:20-21 kom die tema die lewe van die bedienaar as leiding vir die gelowiges voor. Woorde wat hierdie tema ondersteun is: ἀνάγνωσις (voorlees), γνῶσις (kennis), διάκονος (dienaar), διδασκαλία (leer), διδάσκω (om te onderrig), εὐσέβεια (godsdienst), καλός (goeie) as beskrywing van διδασκαλία (leer), παραγγέλλω (om te beveel), παρακαλέω (om te onderrig), παράκλησις (onderrig), ὑγιαίνω (gesond) as beskrywing van λόγος (woord).

3. GEDAGTE-OPBOU VAN 2 TIMOTHEUS

3.1. Vlak 1 van analise: opsomming van paragrawe

¹ Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, ooreenkomstig die belofte van die lewe wat in Christus Jesus is, ²aan Timótheüs, *my* geliefde kind: Genade, barmhartigheid, vrede van God die Vader en Christus Jesus, onse Here!

Aanhef: Stel skrywer en geadresseerde bekend.

³Ek dank God, wat ek van my voorouers af in 'n rein gewete dien, wanneer ek onophoudelik nag en dag aan jou in my gebede dink, ⁴terwyl ek verlang om jou te sien as ek aan jou tranes dink, sodat ek met blydschap vervul kan word, ⁵en as ek my herinner die ongeveinsde geloof wat in jou is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunice, en wat—daarvan is ek oortuig—ook in jou is.

Paulus se dankbaarheid oor Timoteus se geloof.

⁶Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande. ⁷Want God het ons nie 'n gees van

Omdat Paulus weet wat Timoteus glo, roep hy hom op om vir die geloof te ly.

vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. ⁸Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here of oor my, sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God ⁹wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is, ¹⁰maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie, ¹¹waarvoor ek aangestel is as prediker en apostel en leraar van die heidene.

¹²Om hierdie rede ly ek ook hierdie dinge; maar ek skaam my nie, want ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe.

¹³Hou as voorbeeld van gesonde woorde dié wat jy van my gehoor het, in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is. ¹⁴Bewaar jou goeie pand deur die Heilige Gees wat in ons woon.

¹⁵Jy weet dit dat almal wat in Asië is, hulle van my afgekeer het, onder wie Figéllus en Hermógenes is. ¹⁶Mag die Here aan die huis van Onesíforus barmhartigheid bewys, want hy het my dikwels verkwik en hom oor my kettings nie geskaam nie; ¹⁷maar toe hy in Rome gekom het, het hy my baie ywerig gesoek en gevind. ¹⁸Mag die Here hom skenk dat hy barmhartigheid mag verkry

Timoteus moet hom nie vir Paulus of die evangelie waarvoor Paulus ly en Timoteus self glo, skaam nie, maar eerder ook sy deel van die lyding verduur.

Paulus verduur lyding omdat hy weet wat en waarom hy glo.

Oproep van Paulus aan Timoteus om vas te hou aan die geloof.

Mense wat hulle vir Paulus geskaam het, maar ook mense wat hom gehelp het.

van die Here in dié dag! En jy weet baie goed hoeveel dienste hy in Éfese bewys het.

2 Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat in Christus Jesus is; ²en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer.

³Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus. ⁴Niemand wat 'n krygsman is, wikkel hom in die werksaamhede van die lewensonderhoud nie, sodat hy die een kan behaag wat hom vir die diens gewerf het. ⁵En verder, as iemand aan 'n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls gewedywer het nie. ⁶Die landbouer wat swaar werk, behoort eerste van die vrugte te geniet. ⁷Dink na oor wat ek sê; en mag die Here jou insig gee in alles!

⁸Onthou dat Jesus Christus, uit die geslag van Dawid, uit die dode opgewek is volgens my evangelie, ⁹waarin ek verdrukking ly tot die boeie toe soos 'n kwaaddoener; maar die woord van God is nie gebonde nie. ¹⁰Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met die ewige heerlikheid.

¹¹Dit is 'n betroubare woord; want as ons met *Hom* gesterf het, sal ons ook met *Hom* lewe. ¹²As ons verdra, sal ons met *Hom* regeer. As ons *Hom* verloën, sal Hy ons ook verloën. ¹³As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.

Oproep aan Timoteus om vir die evangelie te ly, maar ook aan ander oor te dra, soos wat Paulus dit aan Timoteus oor gedra het.

Die inhoud van die evangelie waarvoor Paulus ly.

God se getrouheid te midde van lyding (deel 1)

¹⁴Herinner aan hierdie dinge en betuig voor die Here dat hulle geen woordstryd moet voer wat tot geen nut is nie, maar net tot ondergang van die hoorders. ¹⁵Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny. ¹⁶Maar die onheilige, onsinnige praatjies moet jy vermy; want hulle sal al verder voortgaan in goddeloosheid, ¹⁷en hulle woord sal voortwoeker soos 'n kanker, onder wie daar Himenéüs en Filétus is, ¹⁸wat van die waarheid afgedwaal het, omdat hulle sê dat die opstanding al plaasgevind het; en hulle keer die geloof van sommige om. ¹⁹Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid. ²⁰Maar in 'n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en erdewerk; en sommige tot eer, maar ander tot oneer. ²¹As iemand hom dus hiervan deeglik reinig, sal hy 'n voorwerp tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk. ²²Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag ná geregtigheid, geloof, liefde, vrede, saam met die wat die Here uit 'n rein hart aanroep. ²³En die dwase en onverstandige strydvrage moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek; ²⁴en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra. ²⁵Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid tereg wys, of God hulle nie miskien bekering

Opdragte aan Timoteus met betrekking tot sy bediening as leraar: hoe hy homself moet gedra, asook hoe hy moet optree teenoor die wat nie by die waarheid van die evangelie bly nie.

sal gee tot die kennis van die waarheid nie,
²⁶en hulle weer nugter kan word, vry van die
strik van die duiwel, nadat hulle deur hom
gevang was om sy wil te doen.

3 Maar weet dit, dat daar in die laaste dae
swaar tye sal kom. ²Want die mense sal
liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges,
grootpraters, trotsaards, lasteraars,
ongehoorsaam aan hulle ouers,
ondankbaar, onheilig, ³sonder natuurlike
liefde, onversoenlik, kwaadsprekers,
bandeloos, wreed, sonder liefde vir die
goeie, ⁴verraaiers, roekeloos, verwaand,
meer liefhebbers van genot as liefhebbers
van God; ⁵mense wat 'n gedaante van
godsaligheid het, maar die krag daarvan
verloën het. Keer jou ook van hierdie mense
af. ⁶Want uit hulle is die wat in die huise
inluip en arme vroue gevange neem wat
met sondes belaaï is en deur allerhande
begeerlikhede gedryf word, ⁷wat altyd leer
en nooit tot die kennis van die waarheid kan
kom nie. ⁸En net soos Jannes en Jambres
Moses teëgestaan het, so staan ook hierdie
mense die waarheid teë, mense verdorwe in
die verstand, onbetroubaar ten opsigte van
die geloof. ⁹Maar hulle sal nie verder
voortgaan nie, want hulle dwaasheid sal vir
almal duidelik wees, soos ook dié van
daardie manne geword het.

¹⁰Maar jy het my navolger geword in leer,
lewenswandel, planne, geloof,
lankmoedigheid, liefde, lydsaamheid,
¹¹vervolginge, lyding, soos my te beurt geval
het in Antiochië, in Ikónium, in Listre. Watter
vervolginge het ek nie al verdra nie! En die

Die "laaste dae" sal gekenmerk
word deur mense wat uiterlik
godsdienstig lyk, maar nooit die
waarheid geglo het nie. Hierdie
mense se lewe sal gekenmerk
word deur sonde. Timoteus moet
nie soos hierdie mense word nie.

Here het my uit almal verlos. ¹²En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word. ¹³Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word. ¹⁴Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, ¹⁵en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. ¹⁶Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, ¹⁷sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

4 Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: ²verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; ³want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, ⁴en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. ⁵Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening.

⁶Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en die tyd van my heengaan is naby. ⁷Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. ⁸Verder is vir my weggelê die kroon

Timoteus het Paulus se navolger geword, nie net in sy geloof nie, maar ook wat sy lewe betref. Nou roep Paulus vir Timoteus op om hierin te volhard omdat hy weet wat die ware evangelie is.

Opdragte in verband met Timoteus as bedienaar van die Woord in die tye van afvalligheid.

van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.

Paulus se lyding ter wille van die evangelie wat hy verkondig het.

⁹Beywer jou om gou na my te kom. ¹⁰Want Demas het my verlaat, omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het, en het na Thessaloníka vertrek, Crescens na Galásië, Titus na Dalmásië. ¹¹Lukas is alleen by my. Markus moet jy gaan haal en saam met jou bring, want hy kan my baie tot diens wees. ¹²Tíchikus het ek na Éfese gestuur. ¹³As jy kom, moet jy die reismantel bring wat ek by Carpus in Troas laat bly het, en die boeke, veral die perkamente.

Opdragte aan Timoteus (deel 1)

¹⁴Alexander, die kopersmid, het my baie kwaad aangedoen. Mag die Here hom vergeld na sy werke! ¹⁵Jy moet ook vir hom oppas, want hy het ons woorde sterk teëgestaan.

Waarskuwing teen Alexander, die kopersmid.

¹⁶In my eerste verdediging het niemand my bygestaan nie, maar almal het my verlaat. Mag dit hulle nie toegereken word nie! ¹⁷Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking heeltemal volbring kan word en al die heidene dit kan hoor; en ek is uit die bek van die leeu verlos. ¹⁸En die Here sal my verlos van elke bose werk en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan. Aan Hom die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

God se getrouheid te midde van lyding (deel 2)

¹⁹Groet Prisca en Áquila en die huis van Onesíforus. ²⁰Erástus het in Korinthe gebly. Trófimus het ek siek in Miléte agtergelaat.

Opdragte aan Timoteus (deel 2) en seën as slot.

²¹Beywer jou om voor die winter te kom.
Eubúlus en Pudens en Linus en Claudia en
al die broeders groet jou. ²²Mag die Here
Jesus Christus met jou gees wees! Die
genade sy met julle! Amen.

3.2. Vlak 2 van analise: aantoon van gedagte eenhede

Na aanleiding van vlak 1 van die analise, kan die gedagte-eenhede soos volg gegroepeer word:

2 Timoteus 1:1-2: Aanhef van brief

2 Timoteus 1:3-5: Paulus se dankbaarheid
oor Timoteus se geloof.

2 Timoteus 1:6-11: Timoteus moet hom nie
vir Paulus of die evangelie waarvoor Paulus
ly en Timoteus self glo, skaam nie, maar
eerder ook sy deel van die lyding verduur.

2 Timoteus 1:12: Paulus verduur lyding
omdat hy weet wat en waarom hy glo.

2 Timoteus 1:13-14: Oproep van Paulus
aan Timoteus om vas te hou aan die geloof.

2 Timoteus 1:15-18: Mense wat hulle vir
Paulus geskaam het, maar ook mense wat
hom gehelp het.

2 Timoteus 2:1-7: Oproep aan Timoteus om
vir die evangelie te ly, maar ook aan ander
oor te dra, soos wat Paulus dit aan
Timoteus oor gedra het.

2 Timoteus 2:8-10: Die inhoud van die
evangelie waarvoor Paulus ly.

2 Timoteus 2:11-13: God se getrouheid te
midde van lyding (deel 1)

2 Timoteus 2:14-26: Opdragte aan
Timoteus met betrekking tot sy bediening as
leraar: hoe hy homself moet gedra, asook

Paulus is dankbaar oor Timoteus
se geloof en roep hom op om
hom nie vir Paulus of vir die
evangelie te skaam soos wat
ander mense doen nie.

Timoteus moet eerder getrou bly
aan die evangelie wat hy van
Paulus ontvang het, en dit op sy
beurt oordra aan ander. As
aansporing wys Paulus op God
se getrouheid te midde van
lyding.

hoe hy moet optree teenoor die wat nie by die waarheid van die evangelie bly nie.

2 Timoteus 3:1-9: Die “laaste dae” sal gekenmerk word deur mense wat uiterlik godsdienstig lyk, maar nooit die waarheid geglo het nie. Hierdie mense se lewe sal gekenmerk word deur sonde. Timoteus moet nie soos hierdie mense word nie.

2 Timoteus 3:10-17: Timoteus het Paulus se navolger geword, nie net in sy geloof nie, maar ook wat sy lewe betref. Nou roep Paulus vir Timoteus op om hierin te volhard omdat hy weet wat die ware evangelie is.

2 Timoteus 4:1-5: Opdragte in verband met Timoteus as bedienaar van die Woord in die tye van afvalligheid.

2 Timoteus 4:6-8: Paulus se lyding ter wille van die evangelie wat hy verkondig het.

2 Timoteus 4:9-13: Opdragte aan Timoteus (deel 1)

2 Timoteus 4:14-15: Waarskuwing teen Alexander, die kopersmid.

2 Timoteus 4:16-18: God se getrouheid te midde van lyding (deel 2)

2 Timoteus 4:19-21: Opdragte aan Timoteus (deel 2)

2 Timoteus 4:22: Seën

Opdragte en waarskuwings aan Timoteus as bedienaar van die Woord.

Paulus se lyding as apostel en laaste algemene opdragte en waarskuwings aan Timoteus.

Vanuit vlak 2 van die analise word die tema van lyding ter wille van die verkondiging van die evangelie sigbaar. In vlak 3 word die gedagte-opbou struktuur blootgelê

3.3. Vlak 3 van analise: gedagte-opbou struktuur

2 Timoteus 1:1-2: Aanhef van die brief

2 Timoteus 1:3-18: Paulus is dankbaar oor Timoteus se geloof en roep hom op om hom nie vir Paulus of vir die evangelie te skaam soos wat ander mense doen nie.

2 Timoteus 2:1-13: Timoteus moet eerder getrou bly aan die evangelie wat hy van Paulus ontvang het, en dit op sy beurt oordra aan ander. As aansporing wys Paulus op God se getrouheid te midde van lyding.

2 Timoteus 2:14-4:5: Opdragte en waarskuwings aan Timoteus as bedienaar van die Woord.

2 Timoteus 4:6-21: Paulus se lyding as apostel en laaste algemene opdragte en waarskuwings aan Timoteus.

2 Timoteus 4:22: Seën



Paulus het aan Timoteus die evangelie verkondig. Nou moet Timoteus die evangelie aan ander verkondig as bedienaar van die Woord.

3.4. Vlak 4: samevattende gedagte-opbou struktuur van 2 Timoteus

Na aanleiding bogemelde stappe van analise, kan die gedagte-opbou struktuur van 2 Timoteus soos volg saamgevat word:

2 Timoteus 1:1-2: Aanhef (Inleiding)

2 Timoteus 1:3-18: Paulus se dankbaarheid oor Timoteus en Paulus se lyding ter wille van die evangelie.

2 Timoteus 2:1-4:5: Paulus het aan Timoteus die evangelie oorgedra, nou volg opdragte ten opsigte van Timoteus se bediening as bedienaar van die Woord.

2 Timoteus 4:6-21: Paulus se lyding as apostel, sy laaste opdragte en waarskuwings.

2 Timoteus 4:22: Seën (Slot)

Vanuit hierdie analise blyk dit dat 2 Timoteus 'n chiastiese struktuur het met Paulus se hantering van sy eie lyding in hoofsaaklik 2 Timoteus 1:3-18 en 2 Timoteus 4:4-21. Die spiespunt van sy bespreking sentreer rondom Timoteus as die opvolger van Paulus en wat sy

bediening behels. Daarom word daar hoofsaaklik in 2 Timoteus 2:1-4:5 opdragte aan Timoteus gegee met betrekking tot sy bedieing.

3.5. Identifisering van woorde en temas in 2 Timoteus

Wanneer 2 Timoteus 1:19-4:5 ondersoek word, blyk die volgende temas en hul meegaande woorde:

- Bedienaar as leraar. Hierdie tema kom veral in 2 Timoteus 2:1-7 voor en word ondersteun deur die volgende woorde: διδάσκω (om te onderrig), παρατίθεμαι (toevertrou).
- Stryd teen dwaalleer. Hierdie tema kom veral in 2 Timoteus 3:1-9 en 4:1-5 voor en word ondersteun deur die volgende woorde: ἀλήθεια (waarheid), διδασκαλία (leer), διδάσκαλος (leermeester), διδαχή (onderrig), ἐλέγχω (weerlê), ἐπιτιμάω (bestraf), εὐαγγελιστής (evangelis), ἐφίσταμαι (hou aan), κηρύσσω (verkondig), λόγος (woord), μανθάνω (om te leer), μῦθος (mite), παρακαλέω (om aan te spoor), ὑγιαίνω (gesond) as beskrywing van διδασκαλία (leer).

4. GEDAGTE-OPBOU VAN TITUS

4.1. Vlak 1 van analise: opsomming van paragrawe

Soos in die geval van 1 en 2 Timoteus word die paragrawe in 'n sin of twee opgesom.

1 Paulus, 'n dienskneg van God en 'n apostel van Jesus Christus, volgens die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is, ²in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het, ³en op die regte tyd sy woord bekend gemaak het deur die prediking wat aan my toevertrou is, ooreenkomstig die gebod van God, ons Verlosser—aan Titus, *my* ware kind volgens die gemeenskaplike geloof: ⁴Genade, barmhartigheid, vrede van God die Vader en die Here Jesus Christus, ons Verlosser!

Aanhef van die brief: stel skrywer en geadresseerde bekend.

⁵Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het —

Die doel waarom Titus op Kreta is, is om ouderlinge aan te stel.

⁶as iemand onberispelik is, die man van een vrou, gelowige kinders het wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugteloos is nie.

⁷Want 'n opsiener moet as 'n rentmeester van God onberispelik wees, nie eiesinnig, nie oplopend, geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie; ⁸maar gasvry, een wat die goeie liefhet, ingetoë, regverdig, heilig, een wat homself beheers; ⁹een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.

Die vereistes en pligte van die ouderling / opsiener.

¹⁰Want daar is baie wat tugteloos is, wat onsin praat en verleiers is, veral die wat uit die besnydenis is; ¹¹hulle mond moet gestop word. Hulle keer hele huise onderstebo deur te leer wat nie betaam nie, ter wille van vuil wins. ¹²Een uit hulle, hul eie profeet, het gesê: Die Kretense is altyd leuenaars, ongediertes, lui buike. ¹³Hierdie getuienis is waar.

Beskrywing van die mense van Kreta

Daarom moet jy hulle skerp bestraf, sodat hulle gesond in die geloof kan wees, ¹⁴en hulle nie besig hou met Joodse fabels en gebooie van mense wat van die waarheid afwyk nie. ¹⁵Alle dinge is rein vir die reines; vir die besoedeldes en ongelowiges egter is niks rein nie, maar hulle verstand sowel as hulle gewete is besoedel. ¹⁶Hulle bely dat

Opdragte aan Titus oor die hantering van die Kretensers.

hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk.

2 Maar spreek jy wat by die gesonde leer pas.

²Die ou manne moet nugter wees, waardig, ingetoë, gesond in die geloof, in die liefde, in die lydsaamheid. ³Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is, ⁴sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê, ⁵ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie. ⁶Vermaan die jong manne net so om ingetoë te wees. ⁷Betoon jou in alles 'n voorbeeld van goeie werke, met onvervalstheid in die leer, waardigheid, opregtheid. ⁸Laat die woord gesond en onweerspreeklik wees, sodat die teëstanders beskaam kan word en niks slegs kan hê om van julle te sê nie. ⁹Die diensknegte moet onderdanig wees aan hul eie here, hulle in alles behaag en nie teëpraat nie; ¹⁰hulle moet niks ontvreemd nie, maar alle goeie trou betoon, sodat hulle die leer van God, ons Verlosser, in alles kan versier.

¹¹Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn ¹²en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en

Oorgang: Kontras wat gestel word tussen Titus as bedienaar en die dwaalleraars.

Wat Titus die mense as bedienaar van die Woord moet leer (deel 1)

regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, ¹³terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlijkheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, ¹⁴wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.

Die rede waarom die gelowiges moet lewe soos wat Titus hulle leer (deel 1)

¹⁵Spreek hierdie dinge en vermaan en bestraf in alle erns. Laat niemand jou verag nie.

Vorm 'n *inclusio* met Titus 2:1

3 Herinner hulle daaraan om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees, bereid tot elke goeie werk; ²om niemand te belaster nie, nie strydlustig te wees nie, vriendelik te wees en aan alle mense alle sagmoedigheid te bewys. ³Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op 'n dwaalweg, verslaaf aan allerlei begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.

Wat Titus die mense as bedienaar van die Woord moet leer (deel 2)

⁴Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het — ⁵nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees ⁶wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser; ⁷sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe. ⁸Dit is 'n betroubare woord, en

Die rede waarom die gelowiges moet lewe soos wat Titus hulle leer (deel 2)

ek wil hê dat jy hierdie dinge beslis bevestig, sodat die wat in God glo, sorg kan dra om goeie werke voor te staan; dít is wat goed en nuttig is vir die mense.

⁹Maar vermy dwase strydvrage en geslagsregisters en twis en stryery oor die wet, want dit is nutteloos en doelloos. ¹⁰Aan 'n man wat partyskap verwek, moet jy jou onttrek ná die eerste en tweede vermaning, ¹¹wetende dat so iemand op 'n verkeerde pad is en sonde doen en selfveroordeeld staan.

¹²Wanneer ek Ártemas of Tíchikus na jou stuur, doen dan jou bes om na my te kom in Nikópolis, want ek het besluit om daar te oorwinter. ¹³Jy moet Senas, die wetgeleerde, en Apollos ywerig voorthelp, sodat dit hulle aan niks ontbreek nie. ¹⁴Ons mense moet ook leer om vir die noodsaaklike behoeftes goeie werke voor te staan, sodat hulle nie onvrugbaar mag wees nie.

¹⁵Almal wat saam met my is, groet jou. Groet die wat vir ons liefhet in die geloof. Die genade sy met julle almal! Amen.

Opdragte met betrekking tot strydvrage en partyskappe.

Opdragte met betrekking tot Titus en sy hulp van ander gelowiges.

Groete en seën.

4.2. Vlak 2 van analise: aantoon van gedagte eenhede

Na aanleiding van vlak 1 van die analise, kan die gedagte-eenhede soos volg gegroepeer word:

Titus 1:1-4: Aanhef van die brief

Titus 1:5: Die doel waarom Titus op Kreta is, is om ouderlinge aan te stel.

Die nood en vereistes vir ouderlinge.

Titus 1:6-9: Die vereistes en pligte van die ouderling / opsiener.

Titus 1:10-13^a: Beskrywing van die mense van Kreta

Titus 1:13^b-16: Opdragte aan Titus oor die hantering van die Kretensers.

Opdragte aan Titus oor die hantering van die Kretensers (apologetiese roeping)

Titus 2:1: Oorgang: Kontras wat gestel word tussen Titus as bedienaar en die dwaalleraars.

Titus 2:2-10: Wat Titus die mense as bedienaar van die Woord moet leer (deel 1)

Titus 2:11-14: Die rede waarom die gelowiges moet lewe soos wat Titus hulle leer (deel 1)

Titus 2:15: *Inclusio* met Titus 2:1

Titus se roeping as bedienaar van Woord in die gemeente (pastorale roeping).

Titus 3:1-3: Wat Titus die mense as bedienaar van die Woord moet leer (deel 2)

Titus 3:4-8: Die rede waarom die gelowiges moet lewe soos wat Titus hulle leer (deel 2)

Titus 3:9-11: Opdragte met betrekking tot strydvrage en partyskappe (apologetiese roeping).

Titus 3:12-14: Opdragte met betrekking tot Titus en sy hulp van ander gelowiges.

Titus 3:15: Groete en seën.

Vanuit hierdie analise blyk dit dat die deel van die brief wat hoofsaaklik handel oor Titus se roeping as bedienaar in die gemeente in Titus 2:1-3:8 sentreer.

In vlak 3 word daar na die stuktuur van die gedagte-opbou van Titus gekyk.

4.3. Vlak 3 van analise: gedagte-opbou struktuur

Titus 1:1-4: Aanhef van die brief.

Titus 1:5-9: Die nood en vereistes van ouderlinge.

Titus 1:10-16: Opdragte aan Titus oor die hantering van die Kretensers (apologetiese roeping).

Titus 2:1-3:8: Titus se roeping as bedienaar van Woord in die gemeente (pastorale roeping).

Titus 3:9-11: Opdragte met betrekking tot strydvrage en partyskappe (apologetiese roeping).

Titus 3:12-14: Opdragte met betrekking tot Titus en sy hulp van ander gelowiges.

Titus 3:15: Groete en seën.



In hierdie vlak word blyk dit dat die gedeelte wat oor Titus se bediening handel, uitgebrei word om ook Titus 1:10-16 en Titus 3:9-11 in te sluit. Titus 1:10-3:11 handel volgens bogenoemde analise oor Titus se pastorale roeping (sy werk binne die gemeente) asook sy apologetiese roeping (sy werk in die bestryding van die dwaalleer).

In vlak 4 word daar 'n samevattende gedagte-opbou struktuur van Titus gegee.

4.4. Vlak 4: samevattende gedagte-opbou struktuur van Titus

Titus 1:1-4: Aanhef (Inleiding)

Titus 1:5-9: Nood en vereistes van ouderlinge.

Titus 1:10-3:11: Titus se apologetiese en pastorale roeping.

Titus 3:12-14: Algemene opdragte aan Titus.

Titus 3:15: Groete en seën (Slot)

4.5. Identifisering van woorde en temas in Titus

Na aanleiding van bogemelde analise blyk daar twee dele van belang is vir die studie: aan die een kant die deel wat handel oor die ouderlinge (Titus 1:5-9) en die deel wat handel oor Titus se

roeping as bedienaar van die Woord (Titus 1:10-3:11). In hierdie twee dele kom die volgende temas en hulle meegaande woorde voor:

- Die tema van die ouderlinge as leraars in Titus 1:5-9 met die volgende ondersteunende woorde: διδασκαλία (leer), διδαχή (leer), ἐλέγχω (weerlê), ἐπίσκοπος (ouderling), λόγος (prediking / woord), παρακαλέω (om aan te moedig / om te vermaan), πιστός (betroubaar), πρεσβύτερος (ouderling), ὑγιαίνω (gesond) as beskrywing van διδασκαλία (leer).
- Die tema van die bedienaar van die woord as leraar in Titus 2:1-3:8 met die volgende ondersteunende woorde: διαβεβαιόομαι (om te oortuig), ἐλέγχω (weerlê), λαλέω (spreek), λόγος (prediking / woord), παρακαλέω (om aan te moedig / om te vermaan), πιστός (betroubaar) as beskrywing van λόγος (prediking / woord), ὑγιαίνω (gesond) as beskrywing van διδασκαλία (leer), ὑπομνήσκω (herinner).
- Die tema van stryd teen dwaalleer in Titus 1:10-16 en Titus 3:9-11 met die volgende ondersteunende woorde: ἀλήθεια (waarheid), ἄπιστος (ongelowig), ἀνυπότακτος (opstandig), ἀνωφελής (nutteloos), ἐλέγχω (weerlê), ἐπιστομίζω (om stil te maak), ματαιολόγος (onsin), μάταιος (sinloos), μαίνω (om besoodeld te wees), μῦθος (mite), μωρός (dwaas), νουθεσία (vermaan), πίστις (geloof), φρεναπάτης (verlei).

5. VERGELYKING VAN TEMAS EN WOORDE VAN 1 EN 2 TIMOTEUS EN TITUS

Nou dat die temas en woordeskat vir die Pastorale briewe (1 en 2 Timoteus en Titus) geïdentifiseer is, word daar na die temas en woorde gekyk wat in al drie die briewe voorkom (tabel 6), asook die woorde en temas wat tussen boeke verskil. Woordeskat lysie word dan alfabeties opgestel.

Tabel 6: Voorkoms van temas in die Pastorale briewe

Tema	1 Timoteus	2 Timoteus	Titus
Stryd teen die dwaalleer	X	X	X
Ouderlinge as leraars	X		X
Die lewe van die leraar as leiding vir die gelowiges	X		
Die bedienaar as leraar		X	X

Vanuit bogemelde analyses van 1 en 2 Timoteus en Titus is daar vier temas geïdentifiseer, nl:

- Die stryd teen die dwaalleer.
- Ouderlinge as leraars.
- Die lewe van die leraar as leiding vir die gelowiges.
- Die bedienaar as leraar.

Die fokus van hierdie studie is die taak van die prediker, in besonder in prediking. Om hierdie rede gaan daar nie op die lewe van die leraar as leiding vir die gelowiges gekonsentreer word nie, aangesien dit nie binne die veld van prediking / lering val nie.

Verder, aangesien die woorde *πρεσβύτερος* (ouderling) en *ἐπίσκοπος* (ouderling) ook deur Chrysostomus gebruik was om na die prediker / leraar te verwys, word die tema van ouderlinge as leraars ook verder aan aangedag gegee. Daar word dus voortaan net gekonsentreer op die temas:

- Die stryd teen die dwaalleer
- Ouderlinge as leraars
- Die bedienaar as leraar

5.1. Geïdentifiseerde woord vir die tema “die stryd teen die dwaalleer”

Die woordeskat wat in 1 Timoteus 1:2-20, 4:1-5; 2 Timoteus 3:1-9, 4:1-5; Titus 1:10-16 en 3:9-11 geïdentifiseer is vir die tema “die stryd teen die dwaalleer” is:

- ἀλήθεια (waarheid),
- ἀνυπότακτος (opstandig),
- ἀνωφελής (nutteloos),
- ἄπιστος (ongelowig),
- δαιμόνιον (bose gees) as beskrywing van διδασκαλία (leer),
- διδασκαλία (leer),
- διδάσκαλος (leermeester),
- διδαχή (onderrig),
- ἐλέγχω (weerlê),
- ἐπιστομίζω (om stil te maak),
- ἐπιτιμάω (bestraf),
- ἐτεροδιδασκαλέω (valse leer),
- εὐαγγέλιον (goeie nuus / evangelie),
- εὐαγγελιστής (evangelis),
- ἐφίσταμαι (hou aan),
- κηρύσσω (verkondig),
- λόγος (woord),
- μανθάνω (om te leer),
- ματαιολόγος (onsin),
- μάταιος (sinloos),
- μαίνω (om besoedeld te wees),

- μῦθος (mite),
- μωρός (dwaas),
- νομοδιδάσκαλος (leraar van die wet),
- νουθεσία (vermaan),
- παραγγελία (beveel),
- παρακαλέω (om aan te spoor),
- πιστεύω (om te glo),
- πίστις (geloof),
- ὑγιαίνω (om gesond te wees) as beskrywing van διδασκαλία (leer),
- φρεναπάτης (verlei).
- ψευδολόγος (leuenaar).

5.2. Geïdentifiseerde woorde vir die tema “die ouderling as leraar”

Woordeskat wat in 1 Timoteus 3:1-13, 5:17-19 en Titus 1:5-9 geïdentifiseer is vir die tema “die ouderling as leraar” is:

- διδακτικός (bekwaam om te onderrig),
- διδασκαλία (leer),
- διδαχή (leer),
- ἐλέγχω (weerlê),
- ἐπισκοπή (ouderling),
- ἐπίσκοπος (ouderling),
- λόγος (woord),
- παρακαλέω (om aan te moedig / om te vermaan),
- πιστός (betroubaar),
- πρεσβύτερος (ouderling),
- προϊστάμαι (beheer / regeer),
- ὑγιαίνω (gesond) as beskrywing van διδασκαλία (leer).

5.3. Geïdentifiseerde woorde vir die tema “die bedienaar as leraar”

Woordeskat wat in 1 Timoteus 4:6-16, 6:3-14, 20-21; 2 Timoteus 2:1-7 en Titus 2:1-3:8 geïdentifiseer is vir die tema “die bedienaar as leraar” is:

- ἀνάγνωσις (voorlees),
- γνῶσις (kennis),
- διαβεβαιόομαι (om te oortuig),
- διάκονος (dienaar),
- διδασκαλία (leer),

- διδάσκω (om te onderrig),
- ἐλέγχω (weerlê),
- εὐσέβεια (godsdiens),
- καλός (goeie) as beskrywing van διδασκαλία (leer),
- λαλέω (spreek),
- λόγος (prediking / woord),
- παραγγέλλω (om te beveel),
- παρακαλέω (om te onderrig),
- παράκλησις (onderrig),
- παρατίθεμαι (toevertrou),
- πιστός (betroubaar) as beskrywing van λόγος (prediking / woord),
- ὑγιαίνω (gesond) as beskrywing van λόγος (woord),
- ὑπομνήσκω (herinner),

5.4. Saamgestelde lys van woorde vir woordstudie ondersoek

Ter wille van die woordstudie is dit nodig om die bogenoemde drie lyste te harmoniseer. Alfabeties is die woorde wat in die woordstudie ondersoek word, die volgende:

- ἀλήθεια (waarheid),
- ἀνάγνωσις (voorlees),
- ἀνυπότακτος (opstandig),
- ἀνωφελής (nutteloos),
- ἄπιστος (ongelowig),
- γνῶσις (kennis),
- δαιμόνιον (bose gees) as beskrywing van διδασκαλία (leer),
- διαβεβαιόομαι (om te oortuig),
- διάκονος (dienaar),
- διδακτικός (bekwaam om te onderrig)
- διδασκαλία (leer),
- διδάσκαλος (leermeester),
- διδαχή (onderrig),
- διδάσκω (om te onderrig),
- ἐλέγχω (weerlê),
- ἐπισκοπή (ouderling),
- ἐπίσκοπος (ouderling),
- ἐπιστομίζω (om stil te maak),
- ἐπιτιμάω (bestraf),

- ἑτεροδιδασκαλέω (valse leer),
- εὐαγγέλιον (goeie nuus / evangelie),
- εὐαγγελιστής (evangelis),
- εὐσέβεια (godsdiens),
- ἐφίσταμαι (hou aan),
- καλός (goeie) as beskrywing van διδασκαλία (leer),
- κηρύσσω (verkondig),
- λαλέω (spreek),
- λόγος (woord),
- μανθάνω (om te leer),
- ματαιολόγος (onsin),
- μάταιος (sinloos),
- μαίνω (om besoedeld te wees),
- μῦθος (mite),
- μωρός (dwaas),
- νομοδιδάσκαλος (leraar van die wet),
- νουθεσία (vermaan),
- παραγγέλλω (om te beveel),
- παραγγελία (beveel),
- παρακαλέω (om aan te spoor),
- παράκλησις (onderrig),
- παρατίθεμαι (toevertrou),
- πιστεύω (om te glo),
- πίστις (geloof),
- πιστός (betroubaar),
- πρεσβύτερος (ouderling),
- προΐσταμαι (beheer / regeer),
- ὑγιαίνω (om gesond te wees) as beskrywing van διδασκαλία (leer),
- ὑπομνήσκω (herinner),
- φρεναπάτης (verlei).
- ψευδολόγος (leuenaar),

Aangesien die studie op die prediker se taak van prediking konsentreer, is dit nie nodig om al die bogenoemde woorde te ondersoek nie. Daarom word die bogenoemde lys gesuiwer om slegs woorde te bevat wat:

- as titels gebruik word vir die een wat preek

- διάκονος (dienaar),
 - διδάσκαλος (leermeester),
 - ἐπισκοπή (ouderling),
 - ἐπίσκοπος (ouderling),
 - εὐαγγελιστής (evangelis),
 - πρεσβύτερος (ouderling).
- die aksie van prediking beskryf
 - ἀνάγνωσις (voorlees),
 - διδακτικός (bekwaam om te onderrig)
 - διδάσκω (om te onderrig),
 - διδαχή (onderrig),
 - κηρύσσω (verkondig),
 - λαλέω (spreek),
 - μανθάνω (om te leer),
 - παράκλησις (onderrig).
- die resultaat van prediking omskryf
 - διαβεβαιόομαι (om te oortuig),
 - ἐλέγχω (weerlê),
 - ἐπιστομίζω (om stil te maak),
 - ἐπιτιμάω (bestraf),
 - νουθεσία (vermaan),
 - παραγγέλλω (om te beveel),
 - παραγγελία (beveel),
 - παρακαλέω (om aan te spoor),
 - ὑπομνήσκω (herinner).
- die inhoud van die prediking, dit wil sê die leer, beskryf
 - ἀλήθεια (waarheid),
 - διδασκαλία (leer),
 - εὐαγγέλιον (goeie nuus / evangelie),
 - εὐσέβεια (godsdiens),
 - λόγος (woord),
 - πίστις (geloof).

- dit wat in stryd is met die inhoud van die prediking, met ander woorde die dwaalleer, beskryf
 - ἑτεροδιδασκαλέω (valse leer),
 - μῦθος (mite),
- die dwaalleraars beskryf
 - ἄπιστος (ongelowig),
 - μαίνω (om besoesdeld te wees),
 - νομοδιδάσκαλος (leraar van die wet),
 - ψευδολόγος (leuenaar).

Hierdie indeling en woorde word in hoofstuk 3 gebruik vir die woordstudie.

BRONNELYS

Aland, K; Black, M; Martini, C.M.; Metzger, B.M.; Robinson, M.A. & Wikgren, A. 2006. *The Greek New Testament, Fourth Revised Edition (with Morphology)*. Stuttgart:Deutsche Bibelgesellschaft.

Bauer, W., Arndt, F., Gingrich, W., Danker, F. W. 2000. *A Greek lexicon of the New Testament and other early Christian literature*. 3^{de} ed. Illinois: The university of Chicago Press. (BDAG)

Beyer, H.W. 1966a. διακονέω, διακονία, διάκονος. (In Kittel, G. ed. 1966. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 2. 2^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 81-93.)

Beyer, H.W. 1966b. ἐπισκέπτομαι, ἐπισκοπέω, ἐπισκοπή, ἐπίσκοπος, ἄλλοτρίεπίσκοπος. (In Kittel, G. ed. 1966. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 2. 2^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 599-622.)

Blackburn, E.M. 2012. *John Chrysostom*. Engeland: EP Books.

Bornkamm, G. 1968. πρέσβυς, πρεσβύτερος, πρεσβύτης, συμπρεσβύτερος, πρεσβυτέριον, πρεσβεύω. (In Kittel, G. & Friedrich, G. eds. 1968. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 6. 2^{de} Druk. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 651-683)

Bultmann, R. 1968. ἀναγινώσκω, ἀνάγνωσις. (In Kittel, G. ed. 1968. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 1. 3^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 343-344)

Bultmann, R., Kittel, G. & Quell, G. 1968. ἀλήθεια, ἀληθής, ἀληθινός, ἀληθεύω. (In Kittel, G. ed. 1968. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 1. 3^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 232-251)

Bultmann, R. & Weiser, A. 1969. πιστεύω, πίστις, πιστός, πιστόω, ἄπιστος, ἀπιστέω, ἀπιστία, ὀλιγόπιστος, ὀλιγοπιστία. (In Kittel, G. & Friedrich, G. eds. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 6. 2^{de} Druk. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 174-228)

Büchsel, F. 1966. ἐλέγχω, ἔλεγξις, ἔλεγχος, ἐλεγκμός. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 2. 2^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 473-476)

Bybelgenootskap van Suid-Afrika. eds. 1953. *1953 Afrikaanse Ou Vertaling*. Elektroniese weergawe. Suid-Afrika: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Callahan, A.D. 1993. Paul's epistle to Philemon: towards an alternative *argumentum*. *The Harvard Theological Review*, vol. 86:357-376.

Calvyn, J. 1993. *Calvin's Commentaries*, vol. 21. Vertaal deur W. Pringle. Michigan: Baker Book House.

Calvyn, J. 1998. *1 & 2 Timothy*. Illinois: Crossway Books. (The Crossway Classic Commentaries)

Carson, D.A. & Moo, D.J. 2005. *An Introduction to the New Testament*. 2^{de} uitgawe. Engeland: Apollos.

Carter, R.E. 1958. Saint John Chrysostom's rhetorical use of the Socratic distinction between kinship and tyranny. *Traditio*, vol. 14:367-371.

Carter, R.E. 1962. The chronology of saint John Chrysostom's early life. *Traditio*, vol. 18:357-364.

Chrysostomus, J. 1980. Homiliae XV in Epistolam ad Philippenses. (In Minge, J.P. ed. 1980. *Patrologiae cursus completus, Patrologiae Graecae*, vol. 62. België: Brepols.)

Chrysostomus, J. 2004. *On the Priesthood*. Vertaal deur W.R.W. Stephens. Massachusetts: Hendrickson Publishers. (Nicene and Post-Nicene Fathers, vol. 9)

Clark, E.A. 1977. John Chrysostom and the "Subintroductae". *Church History*, vol. 46(2):171-185.

Coleman-Norton, P.R. 1930. St. Chrysostom and the Greek philosophers. *Classical Philology*, vol. 25(4):305-317.

Coleman-Norton, P.R. 1931. St. Chrysostom's use of Josephus. *Classical Philology*, vol. 26(1):85-89.

Coleman-Norton, P.R. 1932. St. Chrysostom's use of the Greek poets. *Classical Philology*, vol. 27(3):213-221.

Davis, H.G. 1975. *Design for preaching*. VSA: Fortress Press.

Debrunner, A., Kittel, G., Kleinknecht, H. & Schrenk, G. 1967. λέγω, λόγος, ῥῆμα, λαλέω, λόγιος, λόγιον, ἄλογος, λογικός, λογομαχέω, λογομαχία, ἐκλέγομαι, ἐκλογή, ἐκλεκτός. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 4. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 69-192)

Delling, G. 1968a. ἄρχω, ἀρχή, ἀπαρχή, ἀρχαῖος, ἀρχηγός, ἄρχων. (In Kittel, G. ed. Theological Dictionary of the New Testament, vol. 1. 3^{de} Druk. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 478-489)

Delling, G. 1968b. βασιλεύω. (In Kittel, G. ed. Theological Dictionary of the New Testament, vol. 1. 3^{de} Druk. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 594-595)

DeSilva, D.A. 2004. *An Introduction to the New Testament, Context, Methods & Ministry Formation*. Illinois: IVP Academic.

De Wet, C.L. 2010. John Chrysostom and hermeneutics of resuscitation: a critical glimpse into the reading and preaching of Pauline texts in the fourth century A.D. and its implications for Biblical studies today. *Ekklesiastikos Pharos*, vol. 92:393-407.

De Wet, C.L. & Stander, H.F. 2007. John Chrysostom's exegesis of the anointing at Bethany (John 12:1-8). *Ekklesiastikos Pharos*, 89:134-147.

De Klerk, J.J. 1977. *Prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De Villiers, J.L. 1997. Politieke omstandighede in die Grieks-Romeinse wêreld in die tydperk 322 v.C. – 138 n.C. (In Du Toit, A.B. ed. 1997. *Die leefwêreld van die Nuwe Testament*. Johannesburg: Perskor Drukkery.)

Du Plessis, M.J. 1983. Die betekenis van episkopos, presbiteros en diakonos in die geskrifte van Ignatius van Antiochië. Potchefstroom: Potchefstroom Universiteit. (Proefskrif - Phd).

Du Toit, A.B. ed. 1997. *Die leefwêreld van die Nuwe Testament*. Johannesburg: Perskor Drukkery.

Dicks, C.D. 1948. The Matthean text of Chrysostom in his homilies on Matthew. *Journal of Biblical Literature*, vol. 67(4):365-376.

Eusebius 1984a. *Historia ecclesiastica* (In Migne, J.P. ed. 1984. *Patrologiae cursus completus, Patrologiae Graecae*, vol. 20. België: Brepols.)

Eusebius 1984b. *De vita Constantini imperatoris libri quator*. (In Migne, J.P. ed. 1984. *Patrologiae cursus completus, Patrologiae Graecae*, vol. 20. België: Brepols.)

Fedele, G. 2003. *Heroes of the Faith*. VSA: Bridge-Logos Publishers.

Foerster, W. 1971. σέβομαι, σεβάζομαι, σέβασμα, Σεβαστός, εὐσεβής, εὐσέβεια, εὐσεβέω, ἀσεβής, ἀσέβεια, ἀσεβέω, σεμνός, σεμνότης. (In Kittel, G. & Friedrich, G. eds. Theological Dictionary of the New Testament, vol. 7. Michigan: Eerdmans. p. 168-196)

- Friedrich, G. 1966. εὐαγγελίζομαι, εὐαγγέλιον, προεὐαγγελίζομαι, εὐαγγελιστής. (*In Kittel, G. ed. Theological Dictionary of the New Testament, vol. 2. 2^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 707-737*)
- Friedrich, G. 1967. κήρυξ (ἱεροκήρυξ), κηρύσσω, κήρυγμα, προκηρύσσω. (*In Kittel, G. ed. 1967. Theological Dictionary of the New Testament, vol. 3. 2^{de} Druk. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 683-718*)
- Gorman, M.J. 2006. *Elements of Biblical Exegesis*. 6^{de} Druk. Massachusetts: Hendrickson Publishers.
- Greidanus, S. 1988. *The Modern Preacher and the Ancient Text*. Michigan: Eerdmans.
- Grundmann, W. 1967. μέφομαι, μεμψίμοιρος, ἄμεμπτος, μομφή. (*In Kittel, G. ed. 1967. Theological Dictionary of the New Testament, vol. 4. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 571-574*)
- Hauck, F. 1967a. μαίνω, μίασμα, μiasμός, ἀμίαντος. (*In Kittel, G. ed. 1967. Theological Dictionary of the New Testament, vol. 4. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 644-647*)
- Hauck, F. 1967b. (ὀδύρουμαι,) ὀδυρμός. (*In Kittel, G. ed. 1967. Theological Dictionary of the New Testament, vol. 5. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 116*)
- Hefer, B.J. 2010. Die werk van die Heilige Gees soos vanuit die Pauliniese geskrifte verstaan. Pretoria: Afrikaanse Protestantse Akademie. (Skripsie – BTh).
- Hendriksen, W. 1972. *1 & 2 Timothy and Titus*. Londen: Banner of Truth.
- Hill, A.E. 2006. *Baker's Handbook of Bible Lists*. Michigan: Baker Books.
- Holmes, M.W. ed. 2007. *The Apostolic Fathers, Greek texts and English translations*. 3^{de} uitgawe. Michigan: Baker Academic.
- Hubbell, H.M. 1924. Chrysostom and Rhetoric. *Classical Philology*, vol. 19(3):261-276.
- Johnson, D.E. 2007. *Him We Proclaim*. New Jersey: P&R Publishing.
- Jordaan, G.J.C., Van Rensburg, F. & Breed, D.G. 2011. Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegesi. *In die Skriflig*, 45(2-3):225-258, Jun./Sep.
- Jurgens, W.A. 1979. *The Faith of the Early Fathers*, vol. 2. Minnesota: The Liturgical Press.

Kaizer, W.C. (Jr.) & Silva, M. 2007. *Introduction tot Biblical Hermeneutics*. Hersiene uitgawe. Michigan: Zondervan.

Kittel, G. ed. 1966. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 2. 2^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans.

Kittel, G. ed. 1967. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 3. 2^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans.

Kittel, G. ed. 1967. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 4. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans.

Kittel, G. ed. 1967. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 5. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans.

Kittel, G. ed. 1968. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 1. 3^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans.

Kittel, G. & Friedrich, G. eds. 1969. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 6. 2^{de} Druk. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans.

Kittel, G. & Friedrich, G. eds. 1971. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 7. Michigan: Eerdmans.

Kittel, G. & von Rad, G. 1966. δοκέω, δόξα, δοξάζω, συνδοξάζω, ἑνδοξος, ἐνδοξάζω, παράδοξος. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 2. 2^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 232-255)

Koehler, L. & Baumgartner, W. eds. 1958. *Lexicon in Veteris Testamenti Libros*. Leiden: E.J. Brill.

Kösterberger, A. 2006. *Ephesians – Philemon*, vol. 12. Hersiene uitgawe. T. Longman III & D.E. Garland eds. Michigan: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary)

Lampe, G.W.H. ed. 1961. *A Patristic Greek Lexicon*. Oxford: Clarendon Press.

Lane, T. 2006. *A concise history of Christian thought*. Hersiene uitgawe. Michigan: Baker Academic.

Latourette, K.S. 2007. *A History of Christianity, Beginnings to 1500*. Hersiene uitgawe. VSA: Prince Press.

- Lea, T.D., Griffin & H.P. (Jr.) 2006. *1, 2 Timothy Titus*, vol. 34. D.S. Dockery ed. Tennessee: B&H Publishing Group. (The New American Commentary)
- Liddell, H.G. & Scott, R. 1958. *A Greek-English Lexicon*. 9^{de} uitgawe. Hersien. Oxford: The Clarendon Press.
- Litfin, B.M. 2007. *Getting to know the Church Fathers, An evangelical introduction*. Michigan: Brazos Press.
- Louw, J.P. & Nida, E.A. 1988. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*, vol. 1. New York: United Bible Societies.
- Lössl, J. 2010. *The early church, History and memory*. Engeland: T&T Clark International.
- Maynard, J. 1904. John of Antioch, Saint Chrysostom. *The Sewanee Review*, vol. 12(4):481-494.
- Minge, J.P. ed. 1980. *Patrologiae cursus completus, Patrologiae Graecae*, vol. 62. België: Brepols.
- Migne, J.P. ed. 1984. *Patrologiae cursus completus, Patrologiae Graecae*, vol. 20. België: Brepols.
- Mitchell, M.M. 1995. John Chrysostom on Philemon: a second look. *The Harvard Theological Review*, vol. 88(1):135-148.
- Murray, D. 2011. *How sermons work*. Engeland: EP Books
- Nairn, J.A. 1906. *De Sacerdotio of St. John Chrysostom*. Cambridge: University Press.
- Olyott, S. 2007. *Preaching pure and simple*. Wales: Bryntirion Press.
- Preisker, H. 1966. ἑπαινος. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 2. 2^{de} Druk. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 586-588.)
- Reicke, B. 1969. προίστημι. (In Kittel, G & Friedrich, G. eds. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 6. 2^{de} Druk. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 700-703)
- Rengstorff, K.H. 1966. διδάσκω, διδάσκαλος, νομοδιδάσκαλος, καλοδιδάσκαλος, ψευδοδιδάσκαλος, διδασκαλία, ἑτεροδιδασκαλέω, διδαχή, διδακτός, διδακτικός. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 2. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 135-165.)

- Rengstorf, K.H. 1967. μανθάνω, καταμανθάνω, μαθητής, συμμαθητής, μαθήτρια, μαθητεύω. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 4. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 390-461)
- Robinson, H.W. 2008. *Biblical Preaching*. Michigan: Baker Academic.
- Rogers, C.L. (Jr.) & Rogers, C.L. (III) 1998. *The new linguistic and exegetical key to the Greek New Testament*. Michigan: Zondervan.
- Ryken, P.G. 2007. *1 Timothy*. New Jersey: P&R Publishing. (Reformed Expository Commentary)
- Schaff, P. 2006a. *History of the Christian Church*, vol. 1. Massachusetts: Hendrickson Publishers.
- Schaff, P. 2006b. *History of the Christian Church*, vol. 2. Massachusetts: Hendrickson Publishers.
- Schaff, P. 2006c. *History of the Christian Church*, vol. 3. Massachusetts: Hendrickson Publishers.
- Schmitz, O. 1967. παραγγέλλω, παραγγελία. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 5. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 761-765)
- Schmitz, O. & Stählin, G. 1967. παρακαλέω, παράκλησις. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 5. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 773-823)
- Schrenk, G. 1967. ιερός, τὸ ιερόν, ιερωσύνη, ιερατεύω, ιεράτευμα, ιερατεία, (-ία), ιερουργέω, ιερόθυτος, ιεροπρεπής, ιεροσυλέω, ιερόσυλος, ιερεύς, ἀρχιερεύς. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 3. 2^{de} Druk. Vertaal deur G.W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 221-283)
- Simmons, W.A. 2008. *People of the New Testament World*. Singapore: Hendrickson Publishers.
- Smyth, H.W. 2010. *Greek Grammar*. 2^{de} Druk. Oxford: Benediction Classics.
- Stählin, G. 1967. μῦθος. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 4. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 762-795)
- Stauffer, E. 1966. ἐπιτιμάω, ἐπιτιμία. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 2. 2^{de} Druk. Vertaal deur G. W. Bromiley. Michigan: Eerdmans. p. 623-627)

Stott, J. 1973. *Guard the Gospel, The message of 2 Timothy*. London: Inter-Varsity Press.

Stott, J. 1982. *Between two worlds*. Michigan: Eerdmans.

Van Bruggen, J. 2005. *Paul, Pioneer for Israel's Messiah*. New Jersey: P&R Publishing.

Van Houwelingen, P.H.R. 2009. *Timoteüs en Titus, Pastorale instructiebrieven*. Kampen: Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament).

Youngblood, R.F. ed. 1995. *Nelson's New Illustrated Bible Dictionary*. Hersiene uitgawe. Tennessee: Thomas Nelson.